# LEWE NA DIE DOOD
# IN DIE JOODS-CHRISTELIKE TRADISIE
# TEEN DIE AGTERGROND VAN WÊRELDGODSDIENSTE

deur

BERNABÉ (BERRIE) JEAN GERHARD  DE VOS

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die vak
SISTEMATIESE TEOLOGIE

aan die
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF ADRIO KÖNIG

25 OKTOBER 2006

Opgedra aan:

Carmen en Jean-Marie

Paasfees - Opstandingsfees 2006

*******

Hennie Symington het gesê: "As jy 'n visie van die hemel in jou siel ronddra, ontvang jou kind 'n kykie op die ewigheid" (Smit 2005:483).

*******

Jesus Christus bring lewe, selfs ná die dood!
Christus ís die Opstanding en die Lewe!
(Joh. 11:25-26)
Marana ta
Kom asseblief, Here, kom gou!
(1 Kor. 16:22).
“Ja, Ek kom gou!”
(Openb. 22:20)

*********************

Kopiereg Copyright © 2006 UNISA en B.J.G. de Vos

**VERKORTE INHOUDSOPGAWE**


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| FOTO'S EN GRAFIKA | | 10 |
| HOOFSTUK 1. | AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING | 17 |
| HOOFSTUK 2. | PRIMALE RELIGIEË | 24 |
| HOOFSTUK 3. | DIE TRADISIONELE GODSDIENSTE VAN AFRIKA | 31 |
| HOOFSTUK 4. | DIE INDIANE VAN NOORD-AMERIKA | 40 |
| HOOFSTUK 5. | DIE HINDOEÏSME VAN INDIË | 42 |
| HOOFSTUK 6. | DIE BOEDDHISME | 62 |
| HOOFSTUK 7. | EGIPTE | 71 |
| HOOFSTUK 8. | BABILONIË | 81 |
| HOOFSTUK 9. | DIE ZOROASTRISME VAN PERSIË | 93 |
| HOOFSTUK 10. | DIE HELLENISME | 128 |
| HOOFSTUK 11. | DIE OU TESTAMENT | 148 |
| HOOFSTUK 12. | DIE INTERTESTAMENTÊRE LITERATUUR | 170 |
| HOOFSTUK 13. | DIE NUWE TESTAMENT | 196 |
| HOOFSTUK 14. | GEVOLGTREKKING | 287 |
| BIBLIOGRAFIE | | 303 |

## VOLLEDIGE INHOUDSOPGAWE


BLADSY

**FOTO'S EN GRAFIKA** 10

**DANKWOORD** 11

**VOORWOORD** 14

**HOOFSTUK 1. AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING**

1.1 Opsomming / Summary 17
1.2 Sleutelbegrippe / Key Terms 18
1.3 Tydtabel van wêreldgodsdienste 19
1.4 Begrip vir Einstein en Bybelse uitgangspunt 20

**HOOFSTUK 2. PRIMALE RELIGIEË**

2.1 Inleiding 24
2.2 Van die Ystye deur die Steentye tot die Ystertye 24
2.3 Die Peking-mens en sy skedels 25
2.4 Die Neanderdal-mens en homo sapiens 26
2.5 Gevolgtrekking 30

**HOOFSTUK 3. DIE TRADISIONELE GODSDIENSTE VAN AFRIKA**

3.1 Inleiding 31
3.2 Akkedis en Verkleurmannetjie 31
3.3 Die siel 32
3.4 “Ons gaan huis toe” 33
3.5 Die reis in ‘n veerboot 33
3.6 Verantwoording doen voor die genadige God 34

3.7 ‘n Onderskeid in die hiernamaals 35
3.8 Skeiding in die hiernamaals 36
3.9 Terug na die mitologiese poel van die verlede 37
3.10 Geen annihilisme ? 37
3.11 Aantreklike universalisme 37
3.12 Gevolgtrekking 38

**HOOFSTUK 4. DIE INDIANE VAN NOORD-AMERIKA**

4.1 Die spookdans 40
4.2 Die gelukkige jagveld 40
4.3 Gevolgtrekking 41

**HOOFSTUK 5. DIE HINDOEÏSME VAN INDIË: HEMEL EN HEL VOOR REÏNKARNASIE**

5.1 Inleiding 42
5.2 Aries-Indiese en Drawidiese groepe 42
5.3 Heilige geskrifte 43
5.4 Moedergodin en heilige bul 44
5.5 Veelgodedom 45
5.6 Die verrassing : hemel en hel by vroeë-Hindoeïsme 49
5.7 Latere Hindoeïsme: die Oepanisjads 53
5.7.1 Karma : doen-en-vergeldingsdogma 53
5.7.2 Sansara : die wiel van hergeboortes 55
5.7.3 Moksja: die geloof in verlossing uit Sansara 56
5.8 Gevolgtrekking 58

**HOOFSTUK 6 DIE BOEDDHISME EN DIE LEEGHEID**

6.1 Inleiding 62
6.2 Hemele en helle sedert die keiseraanbidding 63
6.3 Ooreenkomste met die Hindoeïsme 64

6.4 Nirwana : bevryding en leegheid 65
6.5 Agt tydelike hemele en helle 68
6.6 Gevolgtrekking 69

**HOOFSTUK 7 EGIPTE EN DIE REIS NA DIE LEWE HIERNA**

7.1 Inleiding 71
7.2 Die groot beskawings 72
7.3 Die Nyl en die reis na die lewe hierna 73
7.4 Die Boek van die Dood 75
7.5 Mummifisering en die oopmaak van die mond 77
7.6 Die oordeel en skeiding tussen ewige lewe en dood 77
7.7 Gevolgtrekking 79

**HOOFSTUK 8 BABILONIË EN DIE "LAND VAN DIE DOOIES"**

8.1 Inleiding 81
8.2 Die Gilgamesj-epos en die soeke na ewige lewe 84
8.3 Slegs skimme hierna 85
8.4 Dooies en die onderwêreld 86
8.5 Duiwels is vroeg reeds op die toneel 87
8.6 Verdere ooreenkomste en moontlik een oorsprong 88
8.7 Gevolgtrekking 89

**HOOFSTUK 9 DIE ZOROASTRISME VAN PERSIË**
**DIE HUIS VAN DIE LEUEN OF DIE PARADYS**

9.1 Inleiding 93
9.2 Zoroaster : "Vroeë profeet in wêreldreligie" 94
9.3 Bronne van die Zoroastrisme 97
9.4 Belangrike leerstellings van die Zoroastrisme 99
9.4.1 Dualisme en oorlog tussen die waarheid en die leuen 99
9.4.2 Skeiding hierna: ewige helse straf of hemelse beloning 101

9.4.3 Die hel: Huis van die leuen en die poel van vuur 107
9.4.4 Die hemel: Huis van die lied en die sonverligte paradys 112
9.4.5 Die Chinvat-brug van skeiding 115
9.6 Die herlewing van Mithra-aanbidding 118
9.7 Gevolgtrekking 121

**HOOFSTUK 10 DIE HELLENISME EN DIE LEWE NA DIE DOOD**

10.1 Inleiding 128
10.2 Die wese van die Hellenisme 128
10.3 Verhale van helde 129
10.4 Vergelding of geluk in die hiernamaals 130
10.5 Hades - die god van die doderyk 131
10.6 Hades word verdeel in Erebus en Tartarus 133
10.7 Sokrates en Plato oor die lewe na die dood 134
10.8 Die Romeine se doderyk en hel 138
10.9 Die invloed op die Joods-Christelike tradisie 142
10.10 Gevolgtrekking 145

**HOOFSTUK 11 LEWE NA DIE DOOD VOLGENS DIE OU TESTAMENT**

11.1 Inleiding 148
11.2 Sjeool 148
11.3 Opgeneem 152
11.4 Opwek 156
11.5 Opstaan 157
11.5.1 Jesaja 157
11.5.2 Daniël 165
11.6 Gevolgtrekking 167

**HOOFSTUK 12 DIE LEWE NA DIE DOOD VOLGENS DIE INTERTESTAMENTÊRE LITERATUUR**


| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | Inleiding | 170 |
| 12.2 | Die bronne uit hierdie tydperk | 171 |
| 12.3 | Apokaliptiek | 173 |
| 12.4. | Uitstaande boeke oor die lewe na die dood | 175 |
| 12.4.1 | Die Wysheid van Salomo | 175 |
| 12.4.2 | Esdras | 177 |
| 12.4.3 | Makkabeërs | 179 |
| 12.4.4 | Judit | 181 |
| 12.4.5 | Die Apokalips van Sefanja | 182 |
| 12.4.6 | Henog | 183 |
| 12.5 | Opstanding en oordeel | 185 |
| 12.6 | Ooreenkomste en invloed | 191 |
| 12.7 | Gevolgtrekking | 195 |


**HOOFSTUK 13 LEWE NA DIE DOOD VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT**


| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | Inleiding | 196 |
| 13.2 | Nuwe Testamentiese profesieë van redding en straf | 197 |
| 13.3 | Oordeel en skeiding as deel van die evangelie | 203 |
| 13.3.1 | God se toorn | 203 |
| 13.3.2 | Dringende waarskuwings | 207 |
| 13.3.3 | Die laaste oordeel | 209 |
| 13.3.4 | God oordeel vanaf die hoogste troon | 213 |
| 13.3.5 | Die verskriklike aard van die hel | 215 |
| 13.3.6 | Die wonderlike hemel óp aarde | 221 |
| 13.3.7 | Die ewige hemel en die ewige hel | 225 |
| 13.3.8 | Van eksegese na hermeneutiek | 228 |
| 13.3.9 | Kerugma en ruimte vir 'n heilige vrees | 232 |
| 13.3.10 | Gevolgtrekking | 235 |

13.4 Die annihilisme : Ophou om te bestaan ? 235
13.5 Die universalisme : Alles nuut én almal salig ? 244
13.6 Jesus Christus se opstanding as waarborg 257
13.6.1 'n Voorbereiding vir die opstanding 258
13.6.2 'n Teologie van godsdienste 261
13.6.3 Die opstanding gee die deurslag 263
13.6.4 Die opstanding as basis en rigting van die evangelie 267
13.6.5 Jesus se opstanding was 'n nuwe werklikheid 271
13.7 Realiteit in beeldspraak 273
13.7.1 Die aard en boodskap van die beeldspraak 280
13.8 Gevolgtrekking 285

**HOOFSTUK 14. GEVOLGTREKKING** 287

**BIBLIOGRAFIE** 303

**FOTO'S EN GRAFIKA**


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Tydtabel van wêreldgodsdienste | 19 |
| 2. | Die Hindoe-god Ganesj met 'n olifantkop | 43 |
| 3. | Jong osse word deur die Hindoes voor die beeld van Sjiva geoffer | 46 |
| 4. | Hindoes en 'n heilige koei voor 'n tempel | 47 |
| 5. | Die Hindoe god Sjiva, uitgebeeld waar hy 'n demoon doodmaak | 48 |
| 6. | 'n Beeld van die wiel van Sansara | 55 |
| 7. | Dit is soms moeilik om by die Boeddhisme tussen eerbetoon en aanbidding te onderskei | 62 |
| 8. | Die Egiptiese voorstelling van Die Oordeel oor die Dooies | 78 |
| 9. | Een van die oudste klipafbeeldings van 'n mens | 81 |
| 10. | 'n Voorstelling van Ahura Mazdah van die Zoroastrisme Die Alwyse Here van Persië, die songod met vlerke | 93 |
| 11. | 'n Voorstelling van Zoroaster, "die wêreld se eerste profeet" | 95 |
| 12. | Die Silinder van Kores - Persië se oorwinning oor Babilon | 97 |
| 13. | Die Behistun Rots met Kores die Grote | 97 |
| 14. | 'n Beeld van 'n bul met vlerke en die kop van 'n mens | 98 |
| 15. | 'n Voorstelling van engele | 100 |
| 16. | 'n Voorstelling van 'n demoon | 100 |
| 17. | Yasna 30 | 105 |
| 18. | Yasna 32 | 106 |
| 19. | 'n Toring van Stilte vir die dooies | 115 |
| 20. | Mithra voorgestel as die god van lig met sy lewe-gewende buloffer | 120 |
| 21. | 'n Priester met heilige vuur as simbool van die god Ahura Mazda | 122 |
| 22. | Hades - die god van die doderyk | 131 |
| 23. | Vergilius se kaart van die doderyk | 140 |
| 24. | Die Joodse drieverdieping-wêreldbeeld | 149 |
| 25. | Nongqawuse (Nonkwasi), ‘n Xhosa meisie van Suid-Afrika | 174 |
| 26. | Hy is nie hier nie Hy (Jesus Christus) het opgestaan (vgl. Lukas 24:1-7) | 268 |
| 27. | Die leë tuingraf | 269 |

# DANKWOORD

Dankie eerstens aan die Here vir liefde, genade, leiding, wysheid, krag en getrouheid, veral in die donker fases van hierdie studietyd toe ek met sekere feite gekonfronteer is en die lig ook deurgebreek het. Die afgelope jare was ek gereeld laag op my knieë en naby aan Hom, in krisisse soos wanneer moeilike vrae oorweldigend wou raak, werksomstandighede of toe die rekenaar twee keer ingegee het, maar ook in hoogtepunte soos wanneer party antwoorde kom en alles weer reg loop. Ons sien uit na ‘n ewige lewe saam met Hom en ons geliefdes. Ons is bly dat Christus se gebed verhoor word en dat ons geloof oorwin (Luk. 22:31–32; Rom. 16:20).

Prof Adrio König, Baie Dankie vir die liefde en waagmoed, die entoesiasme vir God en die teologie, u ywer, spoed en deeglikheid. Dankie vir die positiewe gesindheid terwyl ons die moeilike vrae in die oë gekyk het - “You smiled in the face of danger!” Dankie vir u profetiese stem in ons land, vir al die wyshede wat uit u boeke straal en wat ek ook in ons persoonlike gesprekke kon beleef. In die Hindoeïsme, die oudste lewende godsdiens, verwys hulle hierna as Oepanisjads wat beteken “om naby die leermeester te sit”. Paulus sê ook dat hy by die voete van Gamaliël gesit het (Hand 22:3). Dankie vir die klankbord, maar ook die rigting en leiding. Hierdie gesprekke was ‘n belewenis, die studies was die moeite werd nét daarvoor, en natuurlik die lekker koffie van tannie Hermien.

Prof. Johan Heyns het ons as studente destyds bekendgestel aan Dogmatiek (Sistematiese Teologie) as die koningin van die teologiese vakke, en na al die jare en hierdie navorsing, sien ek steeds waarom dit wél so is! Dit was 'n voorreg om by hom 'n M.Div.- verhandeling te kon skryf en om oor hierdie onderwerp van die lewe na die dood te kon begin praat. Hy het ons reeds hierin voorgegaan en in herinnering aan hom gebruik ek sy volgende woorde: "Ons is dankbaar vir al die reuse op wie se skouers ons kan staan, om ver terug en ver vorentoe te kyk" - dankie aan al die skrywers wat ek in my bronnelys vermeld. Dankie ook vir die insette en advies van elke ander dosent by UP en UNISA.

Aan my ouers, Wouter en Aletta, baie dankie vir al julle liefde, belangstelling en voorbidding. Dit is by julle waar ek my liefde vir God en sy Woord, die teologie en ook vir ander mense gekry het. Dankie vir julle ondersteuning, leiding en julle voorbeeld van geloof, hoop en liefde, asook volharding. Baie geluk, julle het dit gemaak - in die voltydse bediening en 50 jaar saam! Dankie

ook aan al my ander familie vir julle wonderlike liefde, gebede en belangstelling: my skoonouers, Hannes en Carmen, my susters Elna en Irene, my swaers en skoonsusters en al die kinders, asook al ons goeie vriende.

Ria, my liewe vrou, baie dankie vir jou spesiale liefde, geduld, hulp en aanmoediging. Dankie vir al die baie gesprekke oor 24 jaar, dankie dat jy na die moeilike vrae en ontdekkings geluister het en saam met my daardeur gewerk het, dankie ook vir jou vrae en skerp gedagtes wat jy met my gedeel het. Om oor die hemel en hel te skryf lei uit die aard van die saak dikwels tot uiterste belewenisse, dankie dat jy die donker dae altyd met stukkies hemel opgehelder het!

Carmen en Jean-Marie, my liewe kinders, dankie vir julle spesiale liefde en gereelde vriendelike “kom hallo sê ” in my studeerkamer, vir julle belangstelling in die rekenaar se herstel en die vordering met die studies, asook julle volgehoue gebede. Julle is saam met Mamma drie helder ligstraaltjies in my lewe! Een van die redes waarom ons getroos is, selfs oor die dood, is omdat ons mekaar ook in die hemel sal sien, "no matter what!"  Sonder julle drie sou ek dit nie kon doen nie!

Aan UNISA, spesiaal dankie vir die David Bosch–beurs! Dit was ‘n baie groot eer en aanmoediging! Dankie aan almal by UNISA se Biblioteek vir die vriendelike en goeie diens, veral aan Natalie Thirion vir die hulp met die versameling van bronne, asook al die Admin.personeel, spesiaal vir Juanita du Plessis. Dankie aan Norman Lees en Pieter vir die fotostate en bindwerk.

Aan NG Gemeente Rooihuiskraal, kerkraad, kollegas (ook in die ring) en in besonder die kantoorpersoneel Runéll Boshoff en Retha Molier vir die drukwerk en fotostate, asook die ander lidmate vir die gereelde belangstelling, voorbidding en ondersteuning. Manie Steyn (van MSE) vir die video-opname van onderhoude. Aan Sarah ons huishulp, dankie ook vir al die verversings, telefoon antwoord en voortdurende belangstelling. Saartjie van den Bergh, baie dankie vir die tik van sekere gedeeltes en jou entoesiasme en gebede. Jaap Willemse en EPD baie dankie vir jou ondersteuning met die rekenaar, vir elke oplossing en uitkoms op die regte tyd!

Aan dr. Johan Dirk Heyns en Thys de Jager dankie vir julle vriendskap en taalversorging. Aan almal wat op een of ander manier ‘n bydrae gelewer het deur belangstelling, stimulerende gesprekke, bemoediging en voorbidding, ‘n groot DANKIE!

## VOORWOORD

Vóór Jesus het die Grieke gesê dat nét helde paradys toe gaan... Toe ek dit vir die eerste keer lees, het dit onmiddellik my belangstelling geprikkel. Dit was April 1985 en in die sesde jaar van my teologiese studies. In die boeke afdeling van 'n groot Kaapstadse winkel, het ek bietjie rondgeblaai in Hinnells se *Dictionary of Religions* wat pas die vorige jaar verskyn het. Sedertdien het ek nog ‘n paar dinge geleer, byvoorbeeld oor Zoroaster en die vroeëre Hindoeïsme! Ek het destyds vir die eerste keer besef dat ánder wêreldgodsdienste wat reeds vóór die Jode en voor Jesus Christus van 'n lewe na die dood gepraat het, ook spesifiek van ‘n skéíding in die hiernamaals tussen hemel en hel, gepraat het.

Die implikasies hiervan is geweldig. Veral omdat die saak waaroor dit gaan, nie net tydelike dinge raak nie, maar die moontlike ewige bestemming van die mens positief of negatief raak. Later jare het ek gesien hoe gelowiges ook worstel met twyfel, en trane stort oor hierdie en soortgelyke inligting. Sommige teologiestudente het selfs hulle geloof in God laat vaar, of ten minste hulle studies gestaak en leraars is al oor hierdie sake uit die bediening. Daarom probeer ek hierdie studie met teologiese verantwoordelikheid en sensitiwiteit aanpak.

As gedink word aan die moontlike konsekwensies van bogenoemde inligting, dan kom kritiese vrae by mens op: Was die Bybel dan regtig nie die eerste om oor ‘n hemel en hel te praat nie? Waar kom die “heidene” aan hierdie boodskap? Het God dan nie net met Israel en deur Christus gepraat nie? Is Jesus se openbaring oor die toekoms dan nie outentiek nie? As die sogenaamde heidene eerste kom sê het dat daar lewe na die dood is, asook dat sommige hemel toe gaan, maar ander na ‘n hel toe gaan, kan ons dit dan glo? Watter bronne is beskikbaar van hierdie ander godsdienste? Watter inligting is geloofwaardig ?

Dit is inligting en vrae wat jy onmiddellik uit jou gedagtes kan skuif, of jy kan diep daaroor begin nadink. Ek het vir laasgenoemde gekies en wou baie graag meer uitvind en lees. Om die inligting weg te wens of te ignoreer is nutteloos, dit stel die probleem net uit, want soos my pa dikwels sê: "Die waarheid is soos 'n kurkprop in water, een of ander tyd kom dit uit." Daarom het ek begin antwoorde en oplossings soek. Ek wou sien of dit moontlik is om, nadat hierdie inligting beskikbaar geword het, steeds verantwoording te kan doen van ons Christelike teologie en geloof. Dit was ‘n uiters moeilike pad wat oor jare geloop het, maar ook baie opwindend en beslis die moeite werd! Min het ek toe geweet van die avontuur wat voorgelê het en van wat ek

alles sou ontdek onder die persoonlike leiding van veral Proff Johan Heyns en Adrio König, asook ander werke van veral proff. Hinnells, Russel en G.C. Oosthuizen. Jakobus het dit mooi gestel dat as jy jou geloof deur allerlei beproewings behou, jy ander kant uitkom met 'n sterker geloof! (Jak. 1:1-8).

Genadiglik is die vreugde ook daar wanneer jy 'n bestemming bereik. Ek noem dit net ‘n bestemming, omdat ons steeds op reis is en soos Paulus sê, aan hiérdie kant ken ons maar ten dele, eers ééndag sal ons alles sien! (1 Kor. 13). Deur die liefde en genade van die Here het ek baie antwoorde gekry en geestelike verryking beleef. Dit was bevredigend om tog sekere spesifieke antwoorde te kon kry, veral nadat iemand destyds vir my gesê het dit gaan nie help om hierdie ondersoek te doen nie. Die persoon was eerlik oortuig die antwoorde bestaan nie! Verrassend genoeg - baie antwoorde bestaan wel - dit is opgeteken en deur die genade kon ek dit ook opspoor.

Iemand anders het ook gevra: “Wat kan mens nóg skryf oor die lewe na die dood, daar is dan al so baie hieroor geskryf ?” Na ‘n kort verduideliking waaroor die studie gaan, was die belangstelling gou geprikkel! Ek sal graag hiermee ‘n bydrae wil maak aan elkeen wat met hierdie vrae worstel en eerlik oplossings soek, spesiaal aan die baie mense wat my die afgelope jare aangemoedig het en uitgevra het, nadat hulle besef het waaroor die studie gaan. Vir baie was dit die eerste keer dat hulle byvoorbeeld van die invloedryke Zoroastrisme van Persië gehoor het. Min is hieroor geskryf en bitter min in Afrikaans. Min mense is bewus van hierdie ou godsdiens en die ooreenkomste met ons latere Christelike geloof oor die lewe hierna. ‘n Verdere verrassing kry ons by die vroeëre Hindoeïsme. Min navorsers soek hier antwoorde, ek het ook amper nie hier gesoek nie, omdat ons so bewus is van die látere Hindoeïsme se leer oor reïnkarnasie.

Wat ek in 1985 in 'n boekwinkel in Kaapstad beleef het, beleef mense vandag agter die rekenaar op die internet. Mense wat in hulle lewe nooit in 'n agt-verdieping biblioteek by ‘n universiteit kom nie, kan nou speel-speel op die web die interessantste goed raaksien. Hulle raak nuuskierig en wil meer verstaan van byvoorbeeld: Osiris in Egipte, die ou Grieke, Kores en Zoroaster van Persië, die apokaliptiek van die apokriewe, Henog, Jesus van Nasaret en mense wat vertel van ervaringe wat hulle gehad het toe hulle amper dood was. Een of ander tyd tref die diep vraag omtrent elke mens: "Waarheen is ons regtig op pad?" Wat hier volg is eintlik ‘n verslag van ‘n avontuurlike reis. ‘n Reis waar gesien word wát God deur die eeue op verskillende stadiums vir

die mens in verband met die lewe hierna, laat besef het (vgl. 13.6.1 en 13.6.2). Dit gaan oor God se pad met Israel en sy bure. ‘n Pad wat loop tot vandag en tot in ewigheid.

# HOOFSTUK 1 AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 OPSOMMING / SUMMARY

Hier word ondersoek waar die eerste getuienis gevind kan word dat die mens in die lewe na die dood begin glo het. Daarna word ondersoek waar ons die eerste getuienis vind dat mense begin glo het in 'n skeiding na die dood. Hier word antwoorde gevind by die primale religieë, die tradisionele godsdienste van Afrika en Amerika, die vroeë-Hindoeïsme van Indië; die Boeddhisme; Egipte; Babilonië (Irak); die Zoroastrisme van Persië (Iran); die Hellenisme van die Grieks-Romeinse wêreld; die Ou Testament; die apokaliptiek in die apokriewe - die Intertestamentêre literatuur en die Nuwe Testament. Daar was 'n voorbereiding vir die koms van Jesus Christus. As gevolg van sy kruisdood en opstanding staan Jesus uit as historiese figuur in die wêreldgeskiedenis. Hy is uniek. Na sy opstanding het Hy nooit weer gesterf nie. Jesus Christus is die waarborg dat mense ook sal lewe na die dood. In sy prediking het Hy by sekere elemente van die bestaande gedagtes oor die lewe na die dood aangesluit. Hy het verkondig dat daar 'n hemel én 'n hel sal wees as ewige seën of ewige straf. Die Evangelie bied die realiteite van die hemel en die hel in beeldspraak aan, om daardeur die dringende boodskap tuis te bring. Christus word verkondig as die Verlosser van sondeskuld en die ewige straf, tot die ewige lewe. Die gegewens in die Nuwe Testament oor die hemel en die hel het dus nie net steeds kerugmatiese waarde nie, maar dit bevat ook inligting (informasie) en het ook transformasie ten doel.

**SUMMARY**

Where do we find the first evidence of a belief in life after death, and a divide or separation in the afterlife? We find answers in the primal and traditional religions in Africa and America, Hinduism, Buddhism, Egypt, Babylonia, Persia, Hellenism, the Bible and the apocrypha. There had been a preparation for the work and words of Jesus. He is unique. After His death and resurrection as historical figure, He never died again. He is our guarantee for life after death. His Gospel includes eternal heaven as well as eternal hell. He is proclaimed as Saviour. The New Testament uses metaphors to convey the reality of heaven and hell. Not only do we find kerugma about the afterlife, but also information. The message has also transformation as a goal.

## 1.2 Sleutelbegrippe / Key Terms

Afrika

Annihilisme

Babilonië

Egipte

Hel

Hellenisme

Hemel

Hindoeïsme

Opstanding

Universalisme

Zoroastrisme

**Key Terms**

Africa

Annihilation

Babylonia

Egypt

Hell

Hellenism

Heaven

Hinduism


Resurrection

Universalism

Zoroastrianism

## 1.3 Tydtabel van wêreldgodsdienste

Sien volgende bladsy (Struik:46). Blaai om


Die Historiese Ontwikkeling van die Wêreld se Religieë en Beskawings
2 500v.C.
2 000v.C.
1 500v.C.
1 000v.C.
500v.C.
0
500n.C.
1 500n.C.
Vedantisme
Hindoeïsme
Confucianisme
Taoïsme
Sjintoïsme
Boeddhisme
Djainisme
Sikhs
Parse
Zoroastrisme
Bahaïsme
Islam
Antieke Israel
Judaïsme
Christendom
Politeïsme/etniese religieë
Chinese vorstehuise:
Shang
Chou
Han
Tang
Sung
Ming
Manchu
Volksrepubliek
Hetities
Assiriës
Assiriës
Soemeriës
Akkadies
Babiloniës
Persies
Kanaänities
Egiptiese Vorstehuise:
Ou Koninkryk
Middel
Hyksos
Nuwe Koninkryk
Egipte
Minoïes
Miceens
Griekse stadstate
Bisantynse
Romeinse Republiek
Noord-Europa
Olmek
Maja
Asteek
Inka

## 1. 4 Begrip vir Einstein en Bybelse uitgangspunt

Alberts (1997:LLS) skryf as Christen en natuurwetenskaplike in sy gewilde boek *Geloof versus Wetenskap* oor "EINSTEIN SE DILEMMA" en sê: "Einstein was verbyster deur die paradoks van God se alwetendheid en almag en die mens se vermoë om keuses te maak... As Hy dan straf en beloning sou uitdeel, sal Hy tot ’n sekere mate ’n oordeel oor Homself uitspreek. Hoe kan dit versoen word met die goedheid en geregtigheid wat aan Hom toegeken word? Plaas daarvan dat hy ’n antwoord gesoek het of kon vind by een van die godsdienstige leiers van sy dag, het die groot wetenskaplike ’n ontvlugtingsroete gekies. God is syns insiens onpersoonlik en so kan die vraagstuk ontwyk word. Einstein se wetenskaplike hipotese van ’n skepper is nie iemand wat persoonlike belang by planeet aarde en sy mense het nie. Dis ’n treurige stukkie geskiedenis in die lewe van ’n groot man."

Watter godsdiens, filosofie of wetenskaplike teorie kon al presies en finaal antwoord waarom daar kwaad en lyding in ons wêreld is? Wie of wat het die duiwel verlei? In hierdie navorsing probeer ons ook nie om al die finale antwoorde op al die vrae te gee nie. "In die Christelike dogmatiek vind ons twee gedagterigtings wat geassosieer word met die terme Calvinisme en Arminianisme. In die eerste geval val die klem op die soewereiniteit van God. Op een of ander wyse is die mens nie maar net ’n robot nie en sal hy verantwoordelik gehou word deur die Here vir sy slegte dade maar tog word sy ewigheidsbestemming deur God bepaal. In die tweede denkrigting, waar die klem gelê word op die mens se vermoë om te kies en sodoende self sy ewigheidsbestemming te bepaal, word die Bybelverse wat dit onomwonde stel dat ’n mens slegs vir Christus kan kies omdat God hom/haar daartoe in staat stel, eenvoudig só gelees: God het vooruit geweet wie reg sal kies en sy instaatstelling daartoe is die resultaat van die mens se eie inisiële besluit" (Alberts 1997:LLS). Oor die uitverkiesing en verwerping het ek afsonderlik navorsing gedoen (De Vos 1987). In die huidige navorsing word egter gehandel met die twee ewige eindbestemmings, naamlik hemel en hel.

Die vraag is al dikwels gevra, hóé mens die ewige lewe kan bekom, of hoe mens in die hemel kan kom en die veroordeling en hel vryspring (vgl. Luk. 18:18; Matt. 19:25; Rom. 5; Rom. 8; Judas :4; 1 Tess. 1:10). In hierdie navorsing gaan ons egter 'n stap verder en vra: Waar kom die oortuigings in verband met die lewe na die dood, en die hemel en hel vandaan? Hierdie vraag

word veral gevra, omdat ons sien dat daar nie in die Bybel of selfs in die apokriewe, vir die eerste keer oor hierdie konsepte geskryf is nie.

Watter eerste aanduidings uit die argeologie en geskrifte kry ons dat mense begin glo het in 'n lewe na die dood en 'n skeiding in die hiernamaals? Wat sê die Joods-Christelike tradisie en die ander wêreldgodsdienste oor die lewe na die dood? Hoe moet ons dan die Bybelse boodskap oor die hemel en hel vandag verstaan? Dit is die vrae waarop ons in hierdie navorsing fokus.

Uitgangspunt: Ek vertrou dat my respek en waardering vir gelowiges van ander godsdienste en oortuigings in hierdie studie duidelik word, al is die Bybel en geloof in Jesus Christus vir my die hoogste norm en beslissend.

Die lewe na die dood bly ‘n fassinerende onderwerp in die teologie en in die samelewing. Gereeld verskyn nuwe publikasies oor die hiernamaals, veral nou weer met die aanbreek van die nuwe millenium. Populêre films en TV-programme fokus hierop, byvoorbeeld in die kontroversiële program Crossing over with John Edward, waar die aanbieder probeer om kontak te maak met dooies en dan as medium op te tree. Die artikels en programme soos Life after Life, oor mense wat getuig van hulle ervaringe toe hulle ‘n rukkie dood was, of so te sê dood was, die sogenaamde NDE of “Near -Death- Experience” (Masumian 1996:121), is ook baie gewild.

Dit is egter die klassieke verhale uit die Grieks-Romeinse wêreld, byvoorbeeld Hercules en Odyssey wat nou weer nuut vertoon word, wat vir diegene wat uit ‘n teologiese hoek daarna kyk, dieper laat nadink oor die herkoms van die Christelike geloof oor die hiernamaals. Christus het sy boodskap oor die toekoms immers in hierdie Grieks-Romeinse tyd verkondig.

Vandag het mense steeds 'n behoefte aan verlossing en gaan daar steeds 'n versugting op na God om die hemel te laat aanbreek. Dit kom nie net voor in die teologie of geestelike musiek nie, maar ook in ons popmusiek. Kuns en musiek weerspieël ook ons samelewing se gedagtes. In popmusiek word hemel en hel heel dikwels met die erotiese of liefdeslewe in verband gebring, maar daar is ook voorbeelde waar dit oor die lewe na die dood gaan, byvoorbeeld *Tell me there's a heaven* (Chris Rea); *How far is heaven?* (Los Lonely Boys); *Spirit in the Sky* (Gareth Gates) en *Feel* asook *Intensive Care* van Robbie Williams wat tydens sy 2006 wêreldtoer propvol stadions in Suid-Afrika getrek het. Die wêreldbekende Kanadese sanger, Bryan Adams, wat Suid-Afrika

ook 'n paar keer besoek het, sing in sy popliedjie *This Side of Paradise* op sy album *Room Service*: "There's no streets of gold this side of paradise…"

*Tell Me There's A Heaven* - Chris Rea

The little girl she said to me
"What are these things that I can see
Each night when I come home from school
When mama calls me in for tea?"
Oh every night a baby dies
And every night a mama cries
What makes those me do what they do
To make that person black and blue
Grandpa says they're happy now
They sit with God in paradise
With angel's wings and still somehow
It makes me feel
Like Ice
Tell me there's heaven
Tell me that it's true
Tell me there's a reason
Why I'm seeing what I do
Tell me there's heaven
Where all those people go
Tell me that they're happy now
Papa tell me that it's so
So do I tell here that it's true
That there's place for me and you
Where hungry children smile and say
"We wouldn't have no other way"
That every painful crack of bones is a step along the way
Every wrong done is a game plan
To that great and joyful day

And I'm looking at the father and the son
And I'm looking at the mother and the daughter
And I'm watching them in tears of pain
And I'm watching them suffer

Don't tell that little girl
Tell me
Tell me there's heaven
Tell me that it's true
Tell me there's a reason
Why I'm seeing what I do
Tell me there's heaven
Where all those people go
Tell me that they're happy now
Papa tell me that it's so

"Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet
dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo"
(1 Joh. 5:13).

*************************************

# HOOFSTUK 2. PRIMALE RELIGIEË EN DIE LEWE NA DIE DOOD

## 2.1 INLEIDING

Die vroeë mense se geloof in die lewe na die dood word nou ondersoek. Hoe ver terug kry ons tekens daarvan dat die mens ‘n begrip van ‘n voortgaan van lewe na die dood gehad het?

Wat is dan die heel eerste getuienis aan die mensdom bekend wat aandui dat mense hoegenaamd van 'n lewe na die dood gepraat het? Om hierdie vraag te antwoord moet ons gaan kyk na ‘n paar beskikbare tekens uit die sogenaamde voorgeskiedenis van die mens, die tyd voordat skrif in ongeveer 3 000 v.C. ontwikkel is en geskiedenis neergeskryf kon word (Struik 1989:22). Die skryfkuns is in die antieke beskawings van Mesopotamië, die Nabye Ooste, China en Sentraal-Amerika ontwikkel.

Bronne vir die oplossing van bogenoemde vraag is argeologiese ontdekkings. Voorwerpe word ondersoek wat vermoedelik verband hou met religie, bv begrafnisplekke en begrafnisvondste, getuienis van offerandes en voorstellings van godhede en geeste, asook bouwerk soos tempels. Alhoewel die metodes van argeologiese rekonstruksie verfyn is, bly ons afleidings ten opsigte van hierdie vroeë tydperk hipoteties (Hultkrantz :22). Tog kry mens wat die uitstaande sake betref, goeie aanduidings vir die doel van hierdie studie.

Saam met Radin verkies ons die term primale religieë bo die term “primitief” (vgl. Kato 1975:23; Hultkrantz 1989:31; Bavinck ea. vgl. Meiring 1996:1-2). In aansluiting by Crafford (:2) verkies ons om verder van hierdie religieë, vanaf 3 000 v.C. en verder, te praat as die “tradisionele godsdienste”.

## 2.2 VAN DIE YSTYE DEUR DIE STEENTYE TOT DIE YSTERTYE

Die tydperke word onderskei met breë indelings wat ook oorvleuel. Ek stem nie noodwendig met die geweldige aantal miljoene jare waarna verwys word saam nie, maar gee dit weer ter wille van die plasings van latere inligting binne hierdie skema. Dit word vandag egter algemeen aanvaar (Microsoft Encarta: 2002). Ystydperke kom vanaf die vroegste tye periodiek voor en oorvleuel met die ander tydperke. Ons tref die vroegste tekens van lewe op aarde ongeveer 3.6

biljoen jaar gelede aan (Encarta: 2002). Noemenswaardige ystye wat voorgekom het was 600 miljoen jaar gelede en 435 miljoen jaar gelede, asook die langste, naamlik 300 miljoen jaar gelede. Die laaste ystyd strek van 1.6 miljoen jaar tot 10 000 jaar gelede.

Die Steentydperk is die voorhistoriese tydperk waarin die mens klipwerktuie gebruik het en word in fases onderskei. Daar is ses steentye in totaal. Drie hooftydperke word onderskei, naamlik die Paleolitiese-, Mesolitiese- en Neolitiese-tydperk, ook genoem die Ou-, Middel- en Nuwe-Steentydperke. Eersgenoemde word verder onderskei in die Laer-, Middel- en Hoër-Paleolitiese-tydperk. Die jonger fase staan dus bekend as die Neolitiese-tydperk, die tyd net voordat metale begin gebruik is (VAWB 1972).

Die Neolitiese tydperk strek ongeveer vanaf 8 000 v.C. tot 2 000 v.C. en word veral verbind met warmer temperature en die groot ontwikkeling van boerdery. Dit is ook die tyd van groot steen monumente, byvoorbeeld by Stonehenge. Die Bronstydperk is die tydperk van metale, toe koper en brons ontdek is en dit begin ongeveer 2 000 jaar v.C.. Later in hierdie studie blyk die belangrikheid van hierdie tyd duidelik, as gevolg van die groot rol wat Persië en Zoroastrisme gespeel het. Die Ystertydperk het begin toe die sterker yster voorwerpe begin maak is, in die plek van koper en brons. Dit strek ongeveer van 700 v.C. tot 68 n.C.

Hier kyk ons na geweldig interessante inligting oor die mens se geloof in ‘n lewe na die dood, vanaf die Peking-mens, skedels, horings, offers, blomme, krale, skulpe, kos en wapens, tot by bere, beeldjies en indrukwekkende klipstapels!

## 2.3 DIE PEKING-MENS EN SY SKEDELS

Prehistorici aanvaar dat die Peking-mens, wat ongeveer ‘n halfmiljoen jaar gelede in die Laer-Paleolitiese tydperk geleef het, ‘n soort begrip van religie of towery gehad het.

In die grot by Tchjou Kou Tien het die Peking-mens ander menslike skedels vergader wat by die foramen magnum gebreek is. Dit gee maklike toegang tot die brein. Hultkrantz (:24 ev) toon aan dat navorsers sterk vermoed dat die Peking-mens die brein uitgetrek en geëet het. As dit wel die geval was, was die motief waarskynlik meer religieus of magies van aard as wat dit agter voedsel aan was, want daar was baie diere om te jag. Waar sulke kannibalisme in hedendaagse

primitiewe gemeenskappe beoefen word, simboliseer dit gewoonlik die inname van die dooie se vitaliteit en krag. Daar was dus steeds iets geestelik-waardevol daarin, al was die persoon reeds dood. Hinnells (:257) sluit hierby aan en verwys na die "cult of skulls".

## 2.4. DIE NEANDERDAL-MENS EN HOMO SAPIENS

Volgens Hultkrantz (:24 ev) word bykans al die vroeë oorblyfsels wat religieuse betekenis kan hê, met die Neanderdal-mens geassosieer. Die tydperk ter sprake strek vanaf die laaste 50 000 jaar van die Laer-Paleolitiese tydperk, tot by die Middel Paleolitiese- of die sogenaamde Moustérien-tydperk. Hy toon aan dat "die Neanderdal-mens sy dooies met behoorlike seremonies begrawe het en klaarblyklik in een of ander soort lewe na die dood geglo het."

Hinnells (:257) sluit hierby aan as hy verwys na oorblyfsels wat reg oor Europa en Afrika - van Algerië tot Zimbabwe, gevind is. Die posisie en postuur van die skedels en skelette, die voorwerpe wat as voorsiening vir die oorledene daar geplaas is, asook die rooi oker op die lyke, dui duidelik op rituele begrafnisse en 'n geloof aan 'n bewustelike bestaan na die dood.

In 'n grot van Shanidar in Noord-Irak, is 'n dooie mens onder 'n hoop klippe wat op 'n bed van blomme rus, begrawe. By Techik Tach in Turkestan is 'n kind begrawe, omring deur vyf pare horings van bergbokke, wat oënskynlik in 'n kring gerangskik is. 'n Grot in Monte Circeo in Italië bevat 'n menslike skedel binne in 'n klein kringetjie klippe; dit is een van die sogenaamde "skedelbegrawings" wat dwarsdeur die Paleolitiese tydperk voorgekom het. Grafgeskenke was baie algemeen, byvoorbeeld by La Chapelle-aux-Saints in Frankryk. Teen die einde van die Moustérien-tydperk is die dooies met rooi oker geverf en saam in 'n spesifieke posisie begrawe, die sogenaamde "geboë begrawings" (Hinnells:257).

"Albei hierdie handelinge kan dui op 'n geloof in 'n toekomstige lewe, 'n terugkeer na die skoot van Moeder Aarde, 'n voortbestaan in 'n ander wêreld deur die rooi 'bloed'. Die bestudering van sekere hedendaagse volke steun hierdie vertolkings, maar ander is natuurlik ook moontlik" (:257).

Beeraanbidding werp ook vir ons lig op hierdie onderwerp. Daar is Arktiese volke wat selfs tot onlangs nog bere aanbid het. Hultkrantz en ander (:24) meen dat dit heeltemal moontlik is dat

soortgelyke religieuse oortuigings in Moustérien-tye in Sentraal-Europa (Frankryk, Switserland en Italië) gehuldig is. Bruin bere is in Dordogne (Frankryk) en Weimar (Wes-Duitsland) opsetlik begrawe.

Hultkrantz (:24) toon op grond van die navorsing en onlangse beeraanbidding deur die Arktiese volke die volgende aan: "Die hoofgedagte agter die beerseremonie is dat die dooie dier na die lewe sal terugkeer, of miskien as 'lewende dooie' sy familielede sal oorreed om hulleself tot die beskikking van jagters te stel, mits hy 'n behoorlike begrafnis gekry het. Die patroon van die begrafnisse is van menslike begrafnisse verkry." Die sterk moontlikheid het dus bestaan dat hierdie mense geglo het dat die bere en die mense op een of ander manier sou voortlewe na hulle dood.

Vervolgens kyk ons na die aanduidings van religie by die Hoër-Paleolitiese-tydperk. Diegene wat hierdie skema aanvaar beskryf die mens tot net voor 30 000 jaar gelede, as die Neanderdal-mens. Hierna word die mens as Homo sapiens beskryf, dit is die sogenaamde moderne mens. Pyle wys daarop dat die tweede groot fase begin het teen 40 000 tot 35 000 jaar gelede, in die laaste Ystydperk, toe die mens meer gespesialiseerde jagwapens en vuurklippe begin gebruik het (vgl. Hinnells:257). Die begrafnisseremonies uit hierdie tydperk bevat getuienis van 'n duidelike geloof in die lewe na die dood.

Hultkrantz wys op die besondere grotte naby Menton in suid-oostelike Frankryk, waar byvoorbeeld 'geboë' skelette gevind is, rooi gekleur en met rye deurboorde skulpe en armbande versier, met kwartsiet-gereedskap en klipmesse toegerus. Skelette in die gebied tussen Italië en Rusland bevestig dat die dooies met hulle waardevolste besittings begrawe is. Hultkrantz (:25) is oortuig dat "hulle ongetwyfeld geglo het dit kan met hulle saamgeneem word na 'n ander wêreld."

Nou volg die treffende Neolitiese tydperk en religie. 'n Tydperk van ontwikkeling, van ongeveer 8 000 v.C., toe warmer temperature die ys gesmelt het en nuwe uitvindsels te voorskyn gekom het (Hinnells:257). Klipvoorwerpe is begin slyp en poleer. Die mens het nou nie meer nét gejag nie, maar begin boer deur te ploeg en te plant en dus self begin om voedsel te produseer. Mense het nou in dorpies begin woon en buite hierdie nedersettings is nou regte begraafplase daargestel.

Grafte is voorsien van geskenke en offerandes, soos krale, skulpe, gebruiksartikels soos ivoorkamme, en vroulike beeldjies - moontlik om bediendes vir die volgende lewe of beskermende godinne te simboliseer. ‘Teraardebestellings’ was nou algemeen en volgens Hultkrantz (:27) is die mens sodoende in die grond geplant soos ‘n graankorrel om weer in ‘n ander wêreld te verrys (vgl. die veel latere Joh. 12:24). Doodskiste is met die verloop van tyd ook meer algemeen gebruik. Teen die einde van die Neolitiese tyd is verassing ook hier en daar beoefen volgens Hultkrantz (:27) en dit is moontlik verwant aan ‘n meer geestelike siening van die hiernamaals.

Wanneer ons nou kyk na die tyd vanaf ongeveer 5 000 v.C., binne hierdie Neolitiese-tydperk, sien ons watter belangrike rol veral vroulike beelde in religie begin speel het. Vroulike beelde - die sogenaamde “Venus-beeldjies”, viool-vormig in been, klei en terracotta, bevestig die belangrikheid van vrugbaarheidskultusse (Hultkrantz :27; Hinnells:257). Nou begin ons al meer bekende dinge raaksien.

Beeldjies uit Roemenië toon byvoorbeeld ‘n moeder met haar kind, iets wat later ‘n gewilde motief in die Egiptiese en Christelike godsdienste geword het. Gode is ook voorgestel as diere soos slange en bulle, wat albei simbole van vrugbaarheid was. In die Balkan-gebied tref ons die kultus van die bul aan met voorstellings van bulle met menslike maskers.

Hierdie kultus het oor die hele Mediterreense gebied en die Midde-Ooste versprei. In historiese tye is dit geassosieer met gode soos Baäl en Dionysus, met die bonatuurlike meester van die bulbeelde in Zoroastristiese religie, en Mithra wat voorgestel word as die een wat die bul doodmaak om die wêreld te vernuwe (Struik:88). Stiergevegte in Europa is heel waarskynlik oorblyfsels van antieke rituele uit die bulkultus (Oosthuizen:225, 237; Struik:27,28).

Sedert die vroegste tye vind ons dat mense gebruiksartikels vir oorledenes in die graf geplaas het. In ons moderne tyd is die nuutste om 'n selfoon saam te gee. 'n Selfoon in die graf! "More and more people are requesting that they be buried with their cellphones, just in case they need to make one last call in the afterlife, according to a report on the BBC. The report says the trend began in South Africa and has spread to a number of countries, including Ireland, Australia, Ghana, and the US. Martin Raymond, director of The Future Laboratory, told the BBC that this had started off "in the realm of the urban myth", but was fast becoming fact. BBC.co.ufc"

(Davids 2006:33). Die motivering is nie om 'n oproep te kan maak as jy dalk nie doodgegaan het nie. Vir toekomstige argeoloë kan dit tereg 'n bevestiging wees dat mense van hierdie eeu ook geglo het in lewe na die dood.

Indrukwekkende klipstapels en Megaliet-grafstene is kenmerkend van die einde van die Neolitiese era wat begin oorvleuel met die Bronstydperk. Reuse strukture van klippe, of megaliete, is in Europa opgerig. Stonehenge op die Salisbury-vlakte in Engeland wat uit die Bronstydperk dateer, het byvoorbeeld ‘n kring saraseenklippe wat in lyn met die sonsopkoms in die middel van die somer opgestel is. Dit was heel waarskynlik ook ‘n plek van aanbidding. Moontlik was die meeste van hierdie strukture indrukwekkende grafstene (dolmens). Dit het tipies bestaan uit groot plat klippe wat deur regop klippe gesteun is.

Hultkrantz (:28) en ander is dit eens dat die Egiptiese piramides en die Maja-piramides in Yucatan besliste ooreenkomste hiermee toon en dat albei ‘n rol gespeel het in astronomie en religie en as grafkelders gedien het. Dit beklemtoon die groter rol wat geloof in die lewe na die dood by die mens begin inneem het.

Hierdie megalietmonumente is van die uitstaande stappe op die pad na die era van die groot beskawings. Dit het ongeveer 3 000 v.C.. in die riviervlaktes van Egipte, Mesopotamië en ander Nabye Oosterse gebiede ontstaan. So is die era van geskiedenis en die skryfkuns ingelui. Groot ontwikkeling het op vele vlakke soos die kultuur en politiek plaasgevind. Ook op religieuse gebied.

Nou begin ons heilige konings aantref, asook ‘n priesterlike rangorde, ontwikkelde rituele, bloedoffers en indrukwekkende tempelgeboue. ‘n Hele klomp gode word aangetref en gewoonlik ook een oppergod. Verder is dit belangrik vir die doel van hierdie studie, om ook saam met Hultkrantz (:28) en ander daarop te wys dat hulle meer detail begin aantoon ten opsigte van die lewe na die dood. Die doderyk word nou in lae verdeel. Later meer hieroor, byvoorbeeld in die hoofstukke oor die Hindoeïsme, Zoroastrisme en Hellenisme.

## 2.5 GEVOLGTREKKING

Die boodskap van die Bybel vanaf Genesis is baie duidelik dat God geskep het en dat Hy ordelik en goed geskep het. Hy het verskillende spesies geskep en uiteindelik ook die mens. Presiese tye en tydperke is nie altyd so duidelik nie en ‘n mens huiwer soms voor die gemak waarmee sommige wetenskaplikes hulle bevindings met miljoene jare verander. Aan die ander kant het 'n mens ook groot waardering vir die ontdekking en bestudering van argeologiese vondste.

Daaruit word dit baie helder dat daar ‘n geweldige ontwikkeling was, sedert die prehistoriese skedelrangskikkings, asook die eenvoudige kliprangskikkings van die Paleolitiese volke. Tog, al was daar die sogenaamde ‘Neolitiese omwenteling’ sien ons steeds ‘n duidelike ontwikkelingslyn loop deur al die eeue van die mens se religie en sy geloof aan die lewe na die dood. Soos Hultkrantz (:28) dit stel: “Daar is ‘n ononderbroke pad, wat van die eenvoudige geloof van die Paleolitiese jaggroepe, na die politeïsme van die groot antieke koninkryke gelei het.”

Sedert die vroegste tye vind ons dat mense gebruiksartikels vir oorledenes in die graf geplaas het. In ons moderne tyd is die nuutste om 'n selfoon saam in die graf te hê, omdat sommige glo hulle kan daarmee dalk nog 'n laaste oproep in die hiernamaals maak.

Ons aandag skuif nou na die tradisionele godsdienste en die geloof in die lewe na die dood.

## HOOFSTUK 3. DIE TRADISIONELE GODSDIENSTE VAN AFRIKA

### 3.1 INLEIDING

Wanneer ‘n mens verdwaal in ‘n doolhof van paaie, is dit ‘n goue reël om eers terug te beweeg na ‘n punt wat bekend is. Wanneer teruggekyk word oor die pad van godsdienste is dit ook goed om by ‘n punt te begin wat in ons tye nog bekend is en wat al die aanduidings toon dat dit so ver teruggaan as wat die mens kan waarneem.

Ons volg hier twee paaie of lyne na die verlede. Dit loop terug tot in die voorgeskiedenis, maar word hier uitgelig, aangesien hierdie godsdienste nog steeds vandag selfstandig voorkom en ook teruggevolg kan word tot by die punt toe die mens die geskiedenis kon begin opgeteken het. Die twee lyne wat ons hier na kyk, is eerstens die tradisionele etniese godsdienste wat ook ‘n politeïsme behels, byvoorbeeld in Afrika en Noord-Amerika, asook tweedens die sogenaamde Vedantisme wat later as die Hindoeïsme ontwikkel het. Daarom ondersoek ons nou eers die tradisionele godsdienste van Afrika en Amerika en daarna die Hindoeïsme, die wêreld se sogenaamde oudste lewende godsdiens.

Van die oudste en beste voorbeelde van ‘n geloof in die voortbestaan na die dood is by die Baloeba volk in die suidelike Zaïre. Hierdie volk se tradisionele godsdiens is tipies van sentraal- en suidelike Afrika. Geringe aanpassings is deur die eeue gemaak, maar die vroegste kern van hulle geloof ten opsigte van ‘n hiernamaals het behoue gebly soos blyk uit die Luba-epos en ander ou verhale (Struik 1989:157).

### 3.2 AKKEDIS EN VERKLEURMANNETJIE

Die verhaal van die akkedis en die verkleurmannetjie vertel dat God eintlik wou hê dat die mens vir ewig lewe (Kriel 1996:100; Struik:158). Volgens een van die bekendste mites op die vasteland het die Skepper die verkleurmannetjie gestuur om aan die mens die boodskap te bring dat hy vir ewig sou lewe. Daarna het die Skepper die akkedis gestuur met die boodskap dat die mens sou sterf. Die verkleurmannetjie, wat maar stadig loop, het die akkedis toegelaat om hom verby te steek. Die boodskap van die mens se sterflikheid het hom dus eerste bereik. Dit kon nie later verander word nie, al het die verkleurmannetjie uiteindelik met die goeie nuus opgedaag.

Tot vandag toe word die verkleurmannetjie gehaat omdat hy die mens se dood met sy traagheid veroorsaak het.

Vir die tradisionele mense van Afrika is daar ‘n mate van vervulling in die dood, want deur die dood word sommige “voorvaders” of “voorouers” wat in die doderyk woon. Gewoonlik word geglo dat die doderyk onder die grond, of aan die ander kant van die wêreld is. Volgens Oosthuizen (1978:273-274) ken Afrika geen reïnkarnasie in die Hindoe-sin van die woord nie.

## 3.3 DIE SIEL

In baie dele van Afrika bestaan die gedagte dat die mens uit meer as een substansie bestaan. Gewoonlik vind ‘n mens ‘n verdeling in drie dele, volgens Oosthuizen (:273 ev.) naamlik die liggaam, vitaliteit en die siel. In Wes-Afrika kan ‘n persoon ‘n hele paar siele besit. Vir die Zoeloe bestaan die mens uit vier dele: 1) die liggaam (umzimba); 2) die asem / lewe /siel, die beginsel van die lewe, die liggaam-siel (umphefummulo); 3) die vitale krag, wat ‘n persoon konstitueer en krag gee, die vrye siel (umoya); 4) die skaduwee van die persoon, (sy dubbel) wat eintlik die voorvadergees word (isithunzi). Oosthuizen wys verder daarop dat die begrafnis daarom hoogs belangrik is, veral waar dit ‘n persoon van gesag in die familie of gemeenskap is. Na ‘n paar maande word die “persoon”, die voorvadergees, teruggeroep deur die ukubuyisa ekhaya (terugkeer huis toe)-seremonie en in sy amp gestel as beskermgees van die familie indien hy die hoof van die gesin was. Dwarsdeur Afrika vind die seremonie plaas.

Die voorvadergeeste is nog steeds deel van hul families en is die naaste skakel wat die mens het met die geestewêreld. Die geestewêreld word ‘n persoonlike wêreld vir die mens deur die geeste wat by hul naam geken word maar met groot eerbied behandel word. Hulle word gewoonlik tot die vyfde geslag onthou. Albei die lewende mense en die voorouergeeste woon in die hier en nou, maar die voorvadergeeste verdwyn stadig in die agtergrond.

Oosthuizen wys verder saam met ander daarop dat die voorouergeeste verskyn in drome en visioene, gewoonlik aan die oudste lede van die gesin wat sy naam ken. Hulle vra uit na familiesake en waarsku diegene wat afdwaal. Hulle is beskermhere van inisiasieseremonies, die tradisie, etiek en aktiwiteite van die gesin of indien dit kapteins se geeste is, van die volk. Wanneer die voorvadergees nog ‘n persoon het wat hom ken, leef hy voort in die ander wêreld,

so nie verdwyn hy dan in die vergetelheid. Hy is dan ‘n “dit” en nie meer lewend nie. Diegene wat nie deur ‘n spesiale seremonie in hul amp as voorvadergeeste gestel word nie, soos kinders en vroue (alhoewel ou vroue dit kan word), lewe volgens sekere stamme naamloos en gelukkig in die ander wêreld voort (solank as wat iemand hulle onthou). Die voorouergeeste ken die behoeftes van hul mense; hulle neem ook wraak as hulle sleg behandel word. Drie tipes voorvadergeeste word onderskei: 1) dié van die gesin; 2) dié van die “clan” of groter familie en 3) dié van die volk.

## 3.4 “ONS GAAN HUIS TOE”

Wie kan dit nou verder beter beskryf as iemand soos Mbiti? Dit is baie insiggewend dat alhoewel Mbiti (1979:253) en ander kenners van Afrika godsdienste, kleiner verskille aantoon oor hulle beskouings van die lewe na die dood, daar tog uitstaande ooreenkomste is.

In hulle eie woorde beskryf elkeen dieselfde geloof, naamlik dat God jou siel roep en kom haal wanneer jy doodgaan (vgl. Mbiti:255 ev; Oosthuizen :273 ev.). Baie van die ou mense van Afrika (Mbiti:255) beskryf dit in terme wat vir ons as Christene baie bekend is (Joh. 14), hulle sien uit daarna om dood te gaan want, soos hulle sê: “Ons gaan huis toe!”

Hierna volg ‘n reis na die doderyk en Mbiti toon die onderskeidings tussen volke se verwagtinge (:255 ev) aan. Die Bambuti glo die siel word na God gedra deur bye of vlieë. Die Chagga beskryf die reis as ‘n lang warm en droë woestyntog.

## 3.5 DIE REIS IN ‘N VEERBOOT

Wat geweldig treffend is, is dat volke soos die Lodagaa en die Ga, die reis beskryf op dieselfde manier as die antieke volke in die Midde-Ooste waarby ons later stilstaan. Alhoewel dit nie deel is van Mbiti se fokus nie en hy nie ooreenkomste met die antieke godsdienste aantoon nie, het dit my opgeval dat die oorgaan na die doderyk ook beskryf word as ‘n reis in ‘n veerboot oor die Rivier van die Dood. “On the way, the ‘One–Breasted Woman’, known also as ‘the child of God’, meets the soul in order to help it. At the river of death, it is ferried across, at a fee of twenty cowries…” (Mbiti:256; vgl. Oosthuizen :273 ev.). By jou begrafnis moet jou vriende hierdie prys vir die reis betaal aan die “older spirits” (:259 ev.).

Nou is dit belangrik vir hierdie studie se fokus om te let daarop dat etiek, moraliteit en nadoodse gevolge by hierdie groepe wel ‘n rol speel (Mbiti:256). Indien ‘n mens goed geleef het op aarde, reis jy veilig oor, maar as jy sleg gedoen het, val jy deur die veerboot en moet jy drie jaar oor die Rivier van die Dood swem sonder kos (Mbiti:256-7; Oosthuizen :273 ev.). Almal wat ander mense geld of iets skuld, of iemand erg te na gekom het, wag by die oewer tot hulle ook eendag doodgaan en daar opdaag. Dan moet jy eers jou skuld betaal. Hekse het dit die swaarste, hulle moet die helfte van hulle eie ledemate eet terwyl hulle deur peperwater swem. Baie tradisionele mense van Afrika begrawe kos, water, gereedskap en wapens saam met die dooie om hom te help op sy reis na die ander wêreld.

In die tradisionele godsdienste van Afrika word baie verskillende plekke aangedui waar die doderyk is (Mbiti:257) naamlik: in die onderwêreld, in die bos, rondom die lewendes se huise, sekere berge of riviere, of aan die anderkant van die ‘rivier van die dood’. Vir ander is dit in die lug, op die son of maan. Vir die Zoeloes is sterre die oë van oorlede geliefdes.

Baie ander soos byvoorbeeld die Basotho's en Tswanas glo nie soseer in ‘n lokaliteit nie, maar wel dat die dooies bo by God is. Op die ou end glo almal min of meer dat die lewe voortgaan soos op aarde, tussen jou geliefdes. Mense trou, kry kinders, is gelukkig, maar baklei ook soms. Die leefwêreld is baie dieselfde as ons s’n op aarde, waar ook berge en riviere en landerye is om te bewerk en lekker wye jagvelde met volop wild!

## 3.6 VERANTWOORDING DOEN VOOR DIE GENADIGE GOD

Oordeel en langtermyn beloning en straf in die hiernamaals is egter baie skaars in die tradisionele Afrika-godsdienste. Mbiti se intensiewe navorsing (:259 ev), toon twee duidelike voorbeelde, naamlik by die Yoruba en Lodagaa: “The Yoruba believe that, following death, a person appears before God to render account of his earthly life. The people say : ‘All that we do on earth, we shall account for, kneeling in heaven . . . We shall state our case at the feet of God’. What follows after that depends on the kind of life the individual leads on earth. The Lodagaa say that when the spirit of departed arrives in the next world, older spirits pass judgement upon it according to the person’s earthly life.”

"God does not seem to take a direct part in this judgement though he steps into the picture when the wicked plead for mercy and he then puts an end to their suffering… The majority of peoples do not expect the next life to reward the departed in any way. In a few cases, the life after death is being pictured as better than this" (:259 ev.).

'n Voorbeeld hiervan is die Bachwa, maar dit is nie beloning vir 'n goeie aardse lewe nie, dit is bloot die aard van die lewe hierna. Die Ladagaa glo wel in straf hier en hierna. Hier op aarde straf ouers, die lewende dooies en ander geeste straf ook, maar ouer geeste van die voorvaders straf sondaars selfs in die hiernamaals sodat hulle uit die boot val en moet swem, soos hierbo beskryf is.

"Concerning retribution and punishment, nearly all the evidence points to the fact that African peoples consider punishment to come in this life and not in the next" (Mbiti:260). Die Bachwa en Abaluyia glo dat God in hierdie lewe straf deur siekte en dood, deur weerlig en bome wat op jou val, veral wanneer reëls vir gebruike rakende die huwelik en stamreëls gebreek is.

### 3.7 'N ONDERSKEID IN DIE HIERNAMAALS

Booth (Struik:158) wys verder op 'n belangrike feit vir die doel van hierdie studie wat vir my laat besef dat ons reeds in hierdie tradisionele godsdiens 'n onderskeid in die hiernamaals tussen mense aantref: "Nie alle dooies word voorvaders nie; slegs diegene wat kinders het, op 'n gepaste wyse gesterf het en korrek begrawe is. Die geeste van die kinderlose dooies, of diegene wat deur sekere soorte siektes of ongelukke, of ver van die huis af, dood is, en dié van hekse, kan swerwende, ontevrede geeste word wat die lewendes op verskillende maniere pla en skade doen." Harold Turner (Struik:131) sluit hierby aan.

Dit wat 'n mens hier en nou doen of met jou gebeur, bepaal dus hoe jou hiernamaals gaan wees, almal gaan dus nie dieselfde lewe na die dood hê nie! Min westerlinge is bewus daarvan dat hier geglo word dat alle mense nie noodwendig "voorouers" word nie en dat alle "voorouers" nie noodwendig 'n gelukkige lewe hierna het nie.

Diegene wat wel "voorouers" geword het en gelukkig is, is die sogenaamde vriendelike dooies. Hulle bly nie net afgesonder in die onderwêreld nie, hulle het ook kontak met hulle nakomelinge.

Hulle kan gekontak word op sekere plekke byvoorbeeld buite die huis waar jy woon, maar veral ook by hulle grafte. Hier maak jy kontak, so word geglo, deur offers van kos en drank. Slange en ander diere kan die voorouer beliggaam.

Oosthuizen (1978:273-4 ) stel dit dat die voorouergeeste ‘n ontologiese posisie tussen geeste en mense inneem, en ook tussen die Opperwese en mense inneem. Hulle vorm dus ‘n ry tussengangers. Geen diere of onbeliggaamde dinge kan as tussengangers of middelaars tussen die Opperwese en die mens dien nie.

## 3.8 SKEIDING IN DIE HIERNAMAALS

Ons moet die skeiding in die hiernamaals wat wel by sommige groepe voorkom, duidelik raaksien. Die Lozi glo dat as jy nie die stammerke dra nie, jy nie welkom is in die hiernamaals nie, daarom moet slegte mense vlieë eet en op ‘n nou paadjie stap om uiteindelik in ‘n woestyn te sterf (Mbiti:261).

God plaas mense op ‘n goeie of ‘n slegte plek. Vir die slegtes uit die Yoruba en Lodagaa is dit rampspoedig. God plaas hulle uiteindelik op ‘n slegte plek waar hulle straf en lyding amper nooit ophou nie. Daar word metafories na verwys as die land van houtkap (:264). Hulle vra God later: ‘Waarom kry ons so swaar?’ en uiteindelik antwoord hy: ‘Want julle het op aarde gesondig!’ Eers na ‘n baie lang tyd laat God hulle swaarkry ophou (:262). Goeie mense gaan na ‘n gelukkige plek waar hulle saam met hulle mense kan voortleef soos op aarde (:261 ev.). Vir alle praktiese doeleindes is dit die verwagting van almal in Afrika: ‘Ons sterf, om weer te ontmoet’ (:264).

“Hemel, paradys en hel” is egter "skaars" in tradisionele Afrika: “A few societies hold the notion that after death a person goes to heaven. This needs to be understood in a technical sense, as it probably means 'sky.'" Die Tswanas en baie ander glo tradisioneel dat die hemel by God, bo die wolke is. “Other than these references, we have no clear picture of this concept. Our sources do not mention any concepts of what would be the equivalent of either paradise or hell in the hereafter” (Mbiti:262).

## 3.9 TERUG NA DIE MITOLOGIESE POEL VAN DIE VERLEDE

Mbiti (vgl. Meiring:13) verduidelik dat volgens die tradisionele toekomsbegrip van Afrika, ‘n mens eintlik teruggaan na die verlede wanneer jy doodgaan. Hierdie toekomsbegrip van Afrika verskil wesenlik van die westerse. “Volgens die tradisionele beskouing beweeg tyd nie vorentoe na ’n bepaalde eindpunt nie, maar terug die verlede in. Die verlede is die motivering en die ondersteuning van die hede. Die stroom van die tyd mond uit in die mitologiese poel van die verlede. Die mens wat sterf, word ’n voorvadergees vir ’n paar geslagte lank en raak dan ook weg in die vergetelheid. Die mens beweeg dus nie met hoop en verwagting en idealisme die toekoms in nie, maar val steeds terug op die sekerhede van die verlede.”

## 3.10 GEEN ANNIHILISME ?

Die lewe gaan aan. “Without exception, African peoples believe that death does not annihilate life and that the departed continue to exist in the hereafter. I have not found evidence in any of our sources where this belief is not held” (:264). Die lengte van lewe hierna verskil bietjie, maar meeste glo dat jy bly voortleef solank jou nageslag jou onthou.

Daar is ook sommige wat glo dat party besondere mense solank voortleef dat hulle aansluit by die geeste van spesiale mense en selfs ander wesens. “Perhaps we could describe these concepts as indicating a belief in some form of immortality. This is possibly the peak of human existence…” (Mbiti:265).

Dit blyk tog bietjie teenstrydig te wees, want een of ander tyd vergeet jou nageslag jou moontlik. Dit lyk of die tradisionele godsdienste van Afrika dalk nie so diep of ver vorentoe wil dink nie, moontlik omdat die gedagte van ‘n ewige toekoms nie aanvanklik deel vorm van die godsdiens nie en die terugkeer na die verlede belangrik is.

## 3.11 AANTREKLIKE UNIVERSALISME

Dit sal baie westerlinge verras hoe ‘modern’ Afrika se geloof vandag is! Selfs diegene wat besef dat daar ‘n sinkretisme ontstaan het tussen die tradisionele godsdienste en die Christelike geloof, besef nie dat daar stil-stil ‘n magtige en uiters gevaarlike geloof ontwikkel het nie. Dit is naamlik

die aantreklike geloof van universalisme - dat alle mense eendag gered sal word, of hulle glo in Christus of nie. Byang H Kato beskryf uit eie bodem tien oorsake waarom hierdie geloof posgevat het en waarom dit een van die gevaarlikste slaggate vir Afrika is (Kato 1975:11 ev.). Die waarheid van sy woorde het sedertdien deur die jare duidelik aan die lig gekom (vgl. die universalisme in die hoofstuk oor die Nuwe Testament 13.5).

## 3.12 GEVOLGTREKKING

Ons kan sê dat voorouergeeste in Afrika tradisioneel geëer word as ‘n ry tussengangers vanaf die mens tot by die Opperwese. Vandag bid baie mense uit die tradisionele godsdienste van Afrika egter direk tot God. Die voorouergeeste word tradisioneel gesien as boodskappers wat gebede kan aanstuur na hoër geestelike magte. Soms gaan die verering oor in aanbidding ter wille van sekuriteit en voorspoed, maar die eintlike waarde lê vir die mense in ‘n gevoel van geborgenheid en gemeenskap, ‘n teenvoeter vir eensaamheid, ‘n gevoel van voortgaande teenwoordigheid van die voorouers. Hulle word gekontak vir bewaring en leiding. Hulle word meestal nie as gode aanbid nie, maar ten minste vir ‘n paar geslagte as mense onthou. Om terug te keer na ‘n mitologiese poel van die verlede, is nie dieselfde as die Bybelse verwagting om ewig te lewe by God en jou medegelowiges nie.

Die punt wat ‘n mens egter hier moet raaksien, is dat sommige volke wat hierdie ou religie deel, vroeg reeds begin glo het in ‘n lewe na die dood en wel as “voorouergeeste”. Daar word ook reeds by sommige volke onderskei tussen hulle wat gelukkig sal voortleef en ander wat tydelik gestraf word. Laasgenoemde moet voortleef as swerwende ontevrede geeste wat mense op aarde kan benadeel, of ook as mense wat hard moet werk en ly sonder goeie kos of water. Min westerlinge is bewus hiervan.

Nie alle dooies word dus "voorouers" nie, slegs diegene wat kinders het, op ‘n gepaste wyse gesterf het, en korrek begrawe is. Die geeste van die kinderlose dooies, of diegene wat deur sekere soorte siektes of ongelukke, of ver van die huis af dood is, en dié van hekse, kan swerwende, ontevrede geeste word wat die lewendes op verskillende maniere pla en skade doen.

Alhoewel stamgebonde kultiese reinigingsrites en magiese middele meer belangrik en algemeen is, speel moraliteit en etiek ook ‘n groot rol by sommige tradisionele groepe in Afrika. As ‘n

mens volgens hulle goed geleef het, reis jy veilig oor na die anderkant, maar as jy sleg gedoen het, val jy deur die veerboot en moet jy jare oor die Rivier van die Dood swem sonder kos (3.5; Mbiti:256-7; Oosthuizen :273 ev.). Senior voorouergeeste deel straf in die hiernamaals uit en God tree, volgens hierdie oortuiging, eers in wanneer die sondaar om genade pleit, dan help Hy hom of haar en bring 'n einde aan die lyding (Mbiti :259).

Ons kan hier by die tradisionele geloof van Afrika dus reeds praat van ‘n skeiding in die hiernamaals as gevolg van dit wat ‘n mens hier en nou gedoen het. Dit is egter nog nie naastenby die helse straf waarvan ons later lees nie.

## HOOFSTUK 4. DIE INDIANE VAN NOORD-AMERIKA

In Noord-Amerika tref ons by die Indiane ‘n besondere eksponent van die tradisionele godsdienste aan. Alhoewel die geloof oor die lewe na die dood hier minder omvattend omskryf is as by die godsdienste van Afrika, sien ons tog raak watter rol die “gelukkige jagveld” by hierdie mense gespeel het.

### 4.1 DIE SPOOKDANS

“During a period extending over 25 000 years from the time of the eariliest migration across the Bering land bridge to the present day, the religions of the aboriginal inhabitants of North America have displayed a vast variety of forms. These have ranged from simple hunting rituals, through more elaborate calendric rites… to more recent manifestations including the ghost dance” (Hinnells, 1984:34).

Die meeste stamme het geglo dat mens meer as een siel besit: ‘n ‘vrye’ siel en ‘n ‘lewens’ of ‘asem’- siel (:25 ev.). Eersgenoemde verlaat die mens se liggaam wanneer hy sterf en hang ‘n tydlank by die lyk rond. By die Cherokee, Algonquian en Iroquois moet die siel soms eers ‘n toets deurkom, voordat toegang tot die land van die dooies verleen word. ‘n Shaman tree gewoonlik as gids vir die siel op. Gewoonlik het die meeste stamme ‘n heilige vrees vir die dooies en hulle het daarom uitgebreide begrafnisrituele om ‘n goeie oorgang na die ander lewe te verseker. Dit is waar die sogenaamde spookdans inpas.

### 4.2 DIE GELUKKIGE JAGVELD

Die meeste groepe glo egter die mens kan hier en nou volmaak word, deur goeie gedrag en verhoudings, asook dat daar een of ander vorm van bestaan na die dood is (:35). Oor die algemeen het die stamme hierdie lewe nie gesien as ‘n toetsterrein of selfs ‘n voorbereiding vir die lewe hierna nie. Die presiese aard van die lewe na die dood is vaag en word beskryf as ‘n skimme of skadu bestaan, met ‘n paar ooreenkomste met hierdie lewe.

Onder die nomadiese stamme van die prêries was die "happy hunting ground" ‘n algemene voorstelling van die lewe na die dood (:25).

### 4.3 GEVOLGTREKKING

By die tradisionele godsdienste van die Indiane van Noord-Amerika tref ons kortliks die volgende oor die lewe na die dood aan: Geliefdes voer rituele soos die spookdans uit om sodoende te verseker dat die oorledene se siel veilig in die hiernamaals aankom.

Die Indiane streef eerder volmaaktheid in hierdie lewe na en beskrywings van die lewe na die dood is baie vaag. Die bekendste beskrywing van die hiernamaals is die gelukkige jagveld.

In die volgende hoofstukke ondersoek ons die godsdienste wat die eerste begin skryf het oor die lewe na die dood!

# HOOFSTUK 5 DIE HINDOEÏSME: HEMEL EN HEL VOOR REÏNKARNASIE

## 5.1 INLEIDING

"What can be more interesting than the Veda, if once we know that it is the first word spoken by the Aryan man?" (Griffith 1973:1) Hindoeïsme is gebore uit die primale Vedantisme en is saam met die etniese religieë van byvoorbeeld Afrika en Amerika, een van die twee heel oudste religieë. Hulle val in dieselfde klas as die ou godsdiens van Egipte. Wat die Hindoeïsme so besonders maak is dat dit die oudste lewende godsdiens is en van die eerste godsdienste is waar geloofsoortuigings op skrif gestel is.


Die Hindoeïsme se vroegste spore is reeds meer as 4 000 jaar oud! Hulle geskrifte bied aan ons ‘n koppeling en toegang na die geloof van mense in prehistoriese tye, dus vóór 3 000 v.C. Daarom is dit so belangrik om navorsing te doen oor wat hulle geglo en geskryf het oor die lewe na die dood.

“Hinduism is arguably the most complex of living religions” (Masumian 1996:1). Die ingewikkelde Hindoeïsme kan onmoontlik begryp word sonder om iets van die agtergrond te verstaan. Dit is ‘n religie met ‘n etniese karakter heel anders as die Boeddhisme, Christendom en Islam, ten spyte van die multi-etniese agtergrond. Dit is die godsdiens van ‘n enkele kulturele eenheid, naamlik van die Indiërs en selfs hervormingsbewegings kan hierdie beperking nie oorkom nie. Vandag slaag die Hari-Hari Krisjna-beweging bietjie daarin (Oosthuizen:170 ev ).

## 5.2 ARIES-INDIESE EN DRAWIDIESE GROEPE

Oosthuizen (:170) wys daarop dat etnografies en taalkundig veral die Aries-Indiese en Drawidiese groepe hier van belang is.  Die Ariërs, afkomstig vanaf die oostelike deel van die Kaspiese see, het Indië aan die noordweste, moontlik tussen 2 000 en 1 500 v.C. binnegedring. Parrinder (:32) gee die datum van hierdie inval in Indië van die Indo-Europeërs aan as tussen 1800 en 1 200 v.C. Hy wys daarop dat dit ongeveer dieselfde tyd is wat die Israeliete uit Egipte getrek het.

Hier kom hulle in aanraking met die hoogsontwikkelde Drawidiese beskawing van die Indiese subkontinent in die Indusvallei wat reeds tweeverdiepinghuise van rooi baksteen met badkamers en sanitêre geriewe geken het. Daar was sakemanne, juweliers, kunstenaars en boere wat ‘n eeue-oue beskawing verteenwoordig het. Indië sou later ook veel te doen kry met invallers, onder andere Alexander die Grote in 326 v.C.




"Hindoe-gelowiges dra 'n beeld van die god Ganesj met 'n olifantkop, in Moembai Indië" (Beeld 2003.10.09).

### 5.3 HEILIGE GESKRIFTE

Wat is ons bronne? Dit is een van die kritiese vrae wat in hierdie navorsing gestel word. Daarom is dit belangrik om nou meer te sê oor die eerste godsdienstige geskrifte aan ons bekend, veral omdat dit ook praat van 'n lewe na die dood. Argeologiese ontdekkings van die afgelope eeu, veral by Mohenjodaro - “die plek van die dood”, het baie lig op die onderwerp gewerp (Parrinder:33).

Van die Aries-Indiese tale is Sanskrit die belangrikste. Vedies is die oudste vorm van Sanskrit. Hierin is die klassieke godsdienstige tekste, die sogenaamde “Vediese Literatuur” of Shruti, geskrywe. Hierdie literatuur het die lig begin sien moontlik vanaf 1 500 v.C. tot die eerste eeue n.C. (Oosthuizen:170; Masumian:3). Die heilige Indiese geskrifte word in die volgende groepe verdeel: Die Rig-Veda, die Brahmanas, die Upanishads ("sitting near a teacher") en die Smriti. Die Mahabharata is een van laasgenoemde. Dit is die langste geskrif in die wêreld. Hierdie epog bevat die Bhagavad Gita, (250 v.C.) die gewildste boek vir stiltetyd onder die Hindoes.

Dit is belangrik om hier te noem dat daar groot ooreenkomste tussen die Rig-Veda van Indië en die heilige Gatha boeke van Zoroastrisme is. Laasgenoemde het bietjie later in Persië verskyn (Parrinder :35) en word in die volgende hoofstuk behandel.

**5.4 MOEDERGODIN EN HEILIGE BUL**

Hindoeïsme is beïnvloed deur die volke van Sentraal-Europa (Oosthuizen:170). Die Indusbeskawing het rondom 1 500 v.C. verdwyn en is vervang deur dié van die Ariërs (wat beteken van edel bloed). Van die Indo-Germane het die Grieke, Romeine, die Kelte en ander westerse volkere, asook die Ariërs, gespruit. Horn (2002:7) toon aan dat hulle in Brittanje Kelte genoem is, in Frankryk Galliërs en in Klein-Asië is hulle Galasiërs genoem. Die godsdiens van die Indusvallei het nietemin merke gelaat op die Hindoeïsme, soos byvoorbeeld die moedergodin wat ‘n prominente plek in die Indiese stede van die tyd ingeneem het. Hulle het ook ‘n manlike god gehad, falliese embleme, heilige diere soos byvoorbeeld die bul, asook sekere bome soos die pipal wat nog steeds as heilig in Hindoeïsme en Boeddhisme beskou word (Oosthuizen:171).

Hinnells (1989:88, 185) beskryf die god Mithra as baie besonders, aangesien hy in vier verskillende godsdienste aanbid is, naamlik 1) Die Indo-Iraanse godsdiens, waaruit Hindoeïsme en Zoroastrisme afgestam het; 2) die Hindoeïsme, vgl. Varoena as hoof van die Vedantiese gode en 3) die Zoroastrisme; asook 4)die Manicheïsme. Die kultus van die bul speel ook by elkeen ‘n rol (:88, 186).

## 5.5 VEELGODEDOM

Uit hierdie eerste geskrifte van die ou wêreldgodsdiens word dit duidelik dat Hindoeïsme ’n politeïsme behels. Elke dorpie het sy eie godheid of godhede. Die Hindoes self sien egter nie die veelvoud as 'n probleem nie. Die gode is eenvoudig wyses waarop die hoogste "een", naamlik Brahmaan, benader word (Hammer:185). In die Veda is Brahmaan egter nie 'n persoonlike god nie, maar die onpersoonlike, onbeskryflike, onkenbare en absolute. Hy is neutraal en die oorsprong, oorsaak en basis van alle bestaan, die oerbeginsel. Brahmaan (vgl. Hammer:185) word ook verbind met suiwer wese (sat), suiwer intelligensie (cit) en suiwer genot (ananda).

De Beer (1996:29 ev) wat sy lewe lank onder Hindoes werk, skryf dat die Hindoes van die vroegste tye glo dat "God alles is en alles God is (panteïsme)." Panteïsme en politeïsme is bloedbroers. In die ontwikkeling van Hindoeïsme het dit eintlik om meer as net baie gode gegaan. Alles om die mens en die mens self is vergoddelik. ’n Bydraende faktor tot hierdie siening was die filosofie dat daar slegs een al-gees, of Opperwese naamlik Brahman is, wat in alles en in almal is.

Die Hindoes versorg hulle gode en beelde om voorspoed te verseker. Mantras (heilige spreuke) speel 'n groot rol en AUM is die bekendste. AUM is vandag vir baie Hindoes die bekendste woord vir god. "AUM in verskillende vorme kan na die heelal verwys en ook die gode Vishnoe, Sjiwa en Brahma beteken" (Oosthuizen:207).

Hindoeïsme het as ‘n tipiese natuurgodsdiens ontstaan (Meiring, 1996:29 ev.). Hindoes vrees vandag nog verskriklik baie gode soos byvoorbeeld ‘n slang, olifant en die manlike en vroulike gode wat voorgestel word met baie arms. Hulle gode moet met verskillende offers tevrede gehou word, wat wissel van blomme en vrugte, tot offers van diere waar die bloed 'n prominente rol speel. Heilige riviere word ook aanbid en pelgrims moet hulleself daarin gaan reinig.

Hindoeïsme is nie bloot ‘n gebou met verskillende kamers of denkrigtings nie, dit word eerder met ‘n oerwoud van uiteenlopende ingewikkelde geloofsoortuigings vergelyk (Parrinder :31).

De Beer (:29; vgl. Oosthuizen :176) beskryf dit soos volg: "Afgesien van die hoofgode wat hieronder genoem word, stel beramings van populêre Hindoeïsme die totaal op meer as 330

miljoen gode… ‘n hele supermark van godhede om uit te kies…”, maar ook om tevrede te probeer stel!




Jong osse word deur die Hindoes voor die beeld van *Sjiva* geoffer (Hammer:186).

Binne die Hindoeïsme kom uiteenlopende gelowe en gewoontes voor. Dit bevat selfmoord en orgies, vereis menseoffers, maar verbied die eet van vleis of die doodtrap van ‘n insek... Al verwerp hulle alle uiterlike vorme, besit hulle meer gode en priesters as Egipte en Rome saam... (Parrinder :31).

Kundiges wat die Hindoeïsme intens bestudeer het soos Eliot, wys daarop dat dit steeds geweldig moeilik is om die komplekse godsdiens te beskryf. Dit sluit geweldig uiteenlopende kontraste in.

In die Hindoeïsme (De Beer :29 ev.) manifesteer god volgens hulle oortuiging in sigbare vorms aan die mens om hom in sy nood by te staan. Alhoewel diere soos die koei, bome en plante, die see, riviere, berge en rotse, voorvadergeeste, en selfs demone aanbid word, aanbid Hindoes ook hulle leermeesters of Brahmane en jogi’s en ander heilige persone. Die koei staan egter uit. Sy word nie soos bulle geoffer nie. Daar bestaan volgens Oosthuizen (:193) 'n totale koei-kultus waarin sy vereer word vir alles van haar melk en kalwers tot haar mis en urine. Vir die Hindoes is sy heilig en een van die beste "gode" en alle mense en die ander gode is van haar afhanklik. 'n Sterwende wat selfs net aan die koei se stert raak, is volgens hulle geloof verseker van 'n hoër reïnkarnasie.

Hindoes en heilige koei voor tempel




"India has more (and larger) people groups with no Christians or workers than any other part of the world - Operation World" (Veritas, 2006:2).

Volgens die Rig-Veda (X 90) was die gode wat van die vroegste tye aanbid is, die magte van die natuur en hulle name bevestig die Indo-Ariese afkoms. Varoena  (of Varuna) byvoorbeeld, stem ooreen met die Griekse Ouranos, hemel (die lug waar die wolke voorkom) en is die Vediese ekwivalent van Zeus of Jupiter (Oosthuizen:172). Varoena, die hemelgod (Hinnells, 1984:345) word later bekend as Vishnoe, die onderhouer. Hammer (1989:184) beskryf Indira as nog 'n hemelgod en god van oorlog, maar beskryf Varoena ook soos Oosthuizen as die instandhouer van die kosmiese orde, met die mag om te straf en te beloon. Varoena beheer die natuurlike orde van die heelal en motiveer mense om morele wette te gehoorsaam. Varoena word dikwels geassosieer met Mithra, 'n god van die vroeë Persiese religie (Hammer, 1989:185) asook met

Ahura Mazda van die latere Persiese godsdiens nl. Zoroastrisme (Hinnells, 1989:82, 88). Soos reeds hierbo genoem, deel antieke Hindoes ook die god Mithra met ander godsdienste. Sien ook hieronder watter belangrike rol Yama as begeleier van die dooies gespeel het.

Die storm- en oorlogsgod Indra word later bekend as Sjiwa (of Shiva) die vernietiger. Saam met die onpersoonlike veraf skeppergod, Brahma, is Sjiwa en Vishnoe die drie belangrikste gode. Saam vorm hulle in Hindoeïsme die sogenaamde Trimurti of “drie-eenheid” (Meiring:41).



Die Hindoe god *Sjiva*, uitgebeeld waar hy 'n demoon doodmaak (Hammer:175).

Sjiwa is volgens Hindoes die magtige verwoester-god wat oorlog, ongeluk, siekte en die dood kan bring. Hy is egter ook die een wat vernuwing bring en nuwe wêrelde voortbring, en is die god van vrugbaarheid en voortplanting (Hammer:184, 186 -7). Ganesj (of Ganesha) die god met 'n olifantkop, is die verwyderaar van struikelblokke. Sakti-aanbidding word weer teruggevoer na die oeroue godin met die lotus in haar hare. Sy is die ewige moeder, die vrugbaarheid self en as sodanig die aarde met haar water. Kali (die vroulike metgesel van Sjiwa) is die vreesaanjaende aspek van Sakti. Versier met slange, messe, skedels en afgekapte hande, dans Kali op die dodeakker terwyl sy mense se koppe afkap, hulle bloed drink en haar man Sjiwa vertrap. In haar manifestasie as Durga ontvang sy diereoffers en menseoffers (Hammer:187; Meiring:41; Oosthuizen:190 ev.).

Alhoewel Hindoeïsme 'n "doolhof van godsdienstige opvattings is" (Oosthuizen:215) word 'n paar lyne opgemerk waarvan die volgende een is. Dit loop vanaf die baie ou geloof in Varoena tot by die verlosser wat nog moet kom (:176 ev. 215; vgl. Hammer:184-186): Varoena was een van die gode uit die ou Vedantiese tydperk (en word verbind met Mithra, Ahura Mazda, Zeus en Jupiter). Later word Varoena in die Hindoeïsme bekend as Vishnoe wat die mens se lot bepaal.

Hy het volgens Hindoeïsme nader aan die mens gekom deur tien inkarnasies, naamlik 'n vis, skilpad, wildevark (hierdie eerste drie het 'n positiewe rol gespeel na die groot vloed) man-leeu, dwerg, "Rama met 'n byl", die held Rama-Chandra, die gewilde held Krisjna (wat telkens kom help), Boeddha en Kalki wat nog moet kom (vgl. Hammer:184).

Hindoes glo Vishnoe (Varoena) kom telkens wanneer vernietigende chaos dreig. Vir meer as 2000 jaar, sedert 250 v.C. (Meiring:35-36) bestaan die geloof dat hy eendag as ‘n held (verlosser) sal kom in die vorm van Krisjna (die agste avatar of inkarnasie) of Kalki (die tiende avatar vgl. Hammer:184). In die Bhagavad Gita (een van die Smriti) word hy besing as Krisjna en in die Ramayana as Rama. Krisjna sal as vegter op ’n wit perd en met ’n swaard in die hand die bose uitwis en die goue eeu inlui! (Masumian:10; Meiring:1996: 41) Die ooreenkomste met die boek Openbaring is merkwaardig!

**5.6 DIE VERRASSING : HEMEL EN HEL BY VROEË HINDOEÏSME**

“We drank Soma, we became immortal, we found the gods”
- so lees ons in die Vedas (Parrinder :37).

Een van die mees verrassende bevindings van hierdie studie is dat Hindoeïsme wél praat van ‘n ewige lewe hierna, van ‘n hemel en ‘n hel. Aangesien reïnkarnasie so prominent en algemeen bekend is en in die meeste boeke oor Hindoeïsme beskryf word, kan mens maklik by die Hindoeïsme verbygaan in die soeke na vroeë verwysings by die mens oor die hemel en hel. Sodoende kan ons van die eerste en belangrikste plekke in die mens se geskiedenis mis waar oor die lewe hierna geskryf is! ‘n Mens moet wyd en fyn lees, maar die ontdekking maak dit die moeite werd.

Masumian (:5) stel dit ook goed: “Interestingly, there is no reference to either the transmigration or karma doctrines in any of the four Vedas which are the most ancient and sacred of Hindu scriptures. These doctrines first appear in the Upanishads. In fact, the Vedas contain a number of references to a single earthly life, to be followed by an everlasting existence for the human soul on a different, non-material plane of existence.” Sy wys ook op die volgende aanhalings uit die Rig-Veda as voorbeelde:

Dit is baie besonders, omdat ons hier te doen het met die mens se eerste geskrewe woorde oor die hemel en hel. Dit dateer uit ongeveer 1 500 v.C. “The following passage in the Rig-Veda alludes to the existence of a single heaven as a kingdom where believers will enjoy eternal life: The kingdom of inexhaustible light, whence is derived the radiance of the sun, to this kingdom transport me, Eternal, undying (IX. 113:7).”

By die Hindoeïsme tref ons die geloof in Yama as die mens-god van die dooies aan. Die Rig-Veda X 14 (1 500 v.C. vgl. ook ander aanhalings hieronder) wys dat die pad na die hemel moeilik is. Daar is byvoorbeeld demone wat jou verslind as jy van die regte pad afdwaal! Gelukkig is die kleurvolle Yama daar om jou op die pad by te staan. Hy is volgens die Hindoes se geloof die eerste man van alle mense op aarde wat sedert die skepping gesterf het. Vir die Hindoes het hy die eerste voorvader geword en hulle glo dat alhoewel hy doodgegaan het, hy tog weer lewe as die regter en god van die dooies (Griffith:538; Masumian:6).

Hierdie lied is tot eer van Yama, die god van die dooies en gedeeltelik ook tot eer van die een wat gesterf het en van wie se siel hier afskeid geneem word terwyl sy liggaam op die houtstapel verbrand word (Griffith:538).

“Honor with thine oblations the King, Yama, who gathers men together. Who traveled to the lofty heights above us, who searches out and shows the path to many.” (X. 14:1-2). In gebed word daar ook in dieselfde verse vir Yama gevra: “…first found for us a place to dwell in: this pasture [in the lofty heights] never can be taken from us. Men born on earth tread their own paths that lead them wither our ancient Fathers have departed. Matali prospers there with Kavyas, Yama with Angiras' sons, Brhaspati with Rkvans: Exalters of the Gods, by Gods exalted, some joy in praise and some in our oblation.” (X. 14: 1-3) “To prevent the faithful from falling prey to the demons, Yama's broad-nosed, four-eyed watchdogs are instructed to guard the path to heaven” (Griffith:538; Hinnells 1984:345; Masumian:4).

Andere bevestig ook bogenoemde: "Yama presides over the fate of those in the hells" (Ling, Cousins en Unterman, 1984:85-86). "Yama is the guardian of hell (:345).

Volgens die Rig-Veda is hemel ‘n beloning en hel ‘n verdiende straf (Masumian:6). “Heaven is the reward for such virtues as austerity, making offerings and gifts to the priests, following the

holy law, and for death in battle. The joys and pleasures of heaven are described in very tangible forms; for instance, spirits are portrayed as enjoying a blissful life in a world of perpetual light, spending their time drinking soma (a stimulating, exotic juice), milk, honey, and ghee and listening to the sound of singing and flutes. There are also wish-cows that grant all the wishes of these spirits. The companions of the inhabitants of heaven are the forefathers of the deceased and various Hindu gods, including Yama, humanity's first ancestor who, as mentioned above, is now the king and judge of all the dead.” Yama begelei nie net nie, hy oordeel en heers ook oor dooies en hy beheer die toegang na die hel.

“Go forth, go forth upon the ancient pathways whereon our sires of old have gone before us. There shalt thou look on both the Kings enjoying their sacred food, God Varuna and Yama. Meet Yama, meet the Fathers [dead ancestors], meet the merit of free or ordered acts, in highest heaven. Leave sin and evil, seek anew thy dwelling, and bright with glory meet another body” (X. 14: 7-8). “The above passage not only mentions heaven but also states that the departed will wear "another body" - an explicit reference to a different frame for the soul” (:7).

Antieke Hindoes het reeds tot Yama as god en regter van die dooies gebid vir die voorspoed van die siele van hulle afgestorwe geliefdes, terwyl hulle op brandstapels veras word (Rig-Veda X 14:1-16; Masumian:5; Griffith:538). Daar word ook tot Pavamana gebid: "Place me in that deathless, undecaying world wherein the light of heaven is set, and everlasting lustre shines… make me immortal in that realm where dwells the King… where is the secret shrine of heaven…" (Rig-Veda C 12:7-8; vgl. Griffith:528).

Hulle het egter ook gebid tot Indra en Soma dat hulle vyande, die bose geeste en die goddeloses in die diepste diepte en duisternis gegooi word, waarvandaan hulle nooit terugkeer nie en waar hulle getref word deur ewige vuur uit die hemel vir al hulle verkeerde dade, leuens en valsheid en waar hulle oorgegee word aan die slang (Rig-Veda C 4:1-25; vgl. Griffith:383-387).

Masumian lig ook duidelik die eerste verwysings na die hel uit (:7; Rig-Veda VII. 104:3 /CIV:3): “While later Hindu scriptures identify many hells, the Vedas mention only one, a deep, dark, bottomless pit where the gods Indra (god of storms and the monsoon) and Soma (god of libation) throw the wicked, including demons, sorcerers, and conspirators: “Indra and Soma, plunge the

wicked in the depth, yea, cast them into darkness that hath no support. So that not one of them may ever thence return. So may your wrathful might prevail and conquer them."

Let wel, hierdie is duidelik nie die Sjeool of doderyk waarheen almal gaan nie, dit is 'n plek van oordeel vir die goddeloses. Opvallend is ook die oorspronklike bedoeling met die hel: Dit is 'n finale straf vir boosheid vir hulle wat ander benadeel het (bv. Rig-Veda C 4:1-25; Griffith:385-387). Dit is regverdig, die gode word gevra om die vyande so te straf, die gode word nie bevraagteken nie en in hierdie gedeeltes word geen simpatie getoon vir die wat sulke vreeslike goed aan ander gedoen het nie. Inteendeel word byvoorbeeld gebid teen bose geeste, rowers, egbrekers en bedrieërs: "burn, destroy the demon foe, … send downward … those who add gloom to gloom… annihilate the fools… slay them and burn them up: chase them away from us, pierce the voracious ones… plunge the wicked in the depth… cast them into darkness… hurl your crushing bolt down on the wicked…" (Rig-Veda C 4:1-5; vgl. IV 5:5; Griswold 1971:308-317; 318-319 en Hillebrandt 1981:14, 21, 221 ev.).

Masumian (:13 ) vat dit goed saam: "The later eschatology of this religion evolves into one of the most complex in the world. The Rig-Veda, one of the oldest surviving religious documents, contains references to a simple afterlife system of retribution based on an eternal heaven and an eternal hell. But with the gradual introduction of more complex notions in the Upanishads, such as the unity of existence (existential monism) and transmigration, the face of Hindu eschatology began to change. Changes also came about in Hindu perspectives on earthly life and on what happens to us when we die. While in early Hindu works a clear line separated our earthly existence from our afterlife, in later Hindu literature this line has gradually been erased. The authors of the Upanishads played a major role in this change by transforming the eternal heaven and hell of early Hinduism into an elaborate system of temporary heavens and hells where the dead received due recompense between rebirths. As a result, for most Hindus today, existence has come to mean entanglement in a seemingly never-ending cycle of births and deaths."

Aanvanklik was die onderskeid dus radikaal, finaal en ewig. Volgens die vroeëre Hindoeïsme het die mense wat goed gedoen het vir ewig na die hemelse land van melk en heuning gegaan en hulle wat sleg gedoen het is onder heerskappy van die eerste voorvader Yama, vir ewig na die hel.

Daar is besondere ooreenkomste tussen bogenoemde aanhalings uit die Rig-Veda en sekere tekste in die Bybel. Die pastorale beskrywing van die hemel deur die Hindoes (bv. Rig-Veda X 14:1-9 en CX 3:7; vgl Masumian:6) as 'n helder verligte land van melk en heuning, water en grasvelde, vergelyk byvoorbeeld goed met die groen weivelde en waters van rus by die huis van die Here, waar die digter oorlaai word met goedheid by 'n feesmaal en waar hy tuis is tot in lengte van dae (Ps.23). Van hierdie beskrywings pas ook by die latere Bybelse beelde van die hemel in die Nuwe Testament as 'n Vaderhuis waar versorging, lig en liefde vir ewig sal wees (Joh. 14; 1 Kor. 13; Openb. 19-22).

By bostaande gedeeltes is opvallende ooreenkomste met die Nuwe Testament en Jesus wat as God-en-Mens die Weg is na die hemel, maar ook die finale Regter is wat sondaars tot die hel veroordeel (vgl. bv. Openb. 19-20). Jesus was volgens die Nuwe Testament egter van ewigheid af God en is ook 'n bekende historiese figuur. Daar was ook ooggetuies dat Hy liggaamlik uit die dood opgestaan het voor sy hemelvaart waar Hy sy plek op die troon en regterstoel ingeneem het (vgl. 13.6).

## 5.7 LATERE HINDOEÏSME : DIE OEPANISJADS

Oepanisjads (of Upanishads) is kommentare wat latere wysgere geskrywe het, tussen 700 v.C. en 300 v.C. en dit beteken “om naby ‘n leermeester te sit” (Masumian:3). Dit gaan in die Oepanisjads veral oor die Karma en Sansara. Dit is ‘n duidelike poging om weg te breek van die oorspronklike leer van één lewe wat uitloop in ‘n finale ewige hemel of hel. Dit bring die gedagte van ‘n tweede kans, en nog baie meer as twee kanse mee. Dit poog dus om 'n versagting in die plek van ‘n ewige hel te bied.

### 5.7.1 KARMA: DOEN-EN-VERGELDINGSDOGMA

In klassieke Hindoeïsme was dade (karma) en pligte (dharma) die oorheersende begrippe en karma sou 'n mens se bestemming beïnvloed. Die woorde "Karma" en "Dharma" vat die Hindoe-etiek dus goed saam (Hammer:190).

“Automatic justice” beskryf die leer oor karma kort en kragtig en dit herinner aan die uitdrukking: Wat jy saai sal jy maai! (Masumian:4; Oosthuizen:175, 181). Dit is die Hindoe

geloof in die wet van oorsaak en gevolg (Meiring : 44). Die Sanskrit-woord beteken “doen” en “vergelding”. Volgens die wet van karma (lewenslot) word elke goeie daad outomaties beloon en elke slegte daad outomaties gewreek. Karma dui op die versameling van goeie en slegte dade. Die meerderheid wat die swaarste weeg oorheers en hierdie goeie of slegte karma bepaal dan jou bestemming (Hammer:190).


Die Veda toon baie verskillende maniere aan om goeie karma te verkry. Dit word voorgehou deur die oorheersende morele wet (rita) wat deur Mithra en Varoena beskerm word. Hierdie pligte ("dharma") sluit in om die goddelike wet te erken, asook gebede en offers. Dit alles sou die mens in die regte verhouding met die goddelike bring. Die goeie dade word in verskeie eposse beskryf en wys byvoorbeeld op 'n kind se plig teenoor sy ouers, die liefde wat ouers vir kinders moet hê, die liefde in die huwelik, asook die liefde en harmonie in ander verhoudings. Later is die dade en 'n mens se status en klas direk met mekaar verbind binne die kaste-stelsel. Dharma was nie meer 'n absolute plig nie, dit was nou meer belangrik aan watter klas jy behoort, alhoewel Karma en Dharma in verskeie vorme vandag steeds baie belangrik is vir die Hindoes (Hammer:190-195).

De Beer (1996:44) toon aan dat die “onpersoonlike Brahman met sy verborge, magiese, werkende krag die wetsorde van die natuur bepaal. Karma is die kosmiese beginsel wat outomaties as regsnorm die lewe en natuur uitbalanseer. Hier is dus geen behoefte aan ’n godheid, of ruimte vir berou of vergiffenis nie. Sonde is eintlik geen morele begrip in hierdie vorm van Hindoeïsme nie. Die mens is dus op homself aangewys. Hy is vasgevang in die onverbiddelike lewenswet van oorsaak en gevolg. Alle mense lewe onder die omstandighede wat hulle verdien het volgens hulle dade. Die mens is die argitek van sy eie bestemming en kan deur sy dade vir hom ’n gunstige of ongunstige karma opbou. Hierdie leer is die antitese van die leer van die genade van God.”

Die wet van karma of werke akkumuleer en bepaal by die dood die vorm van die siel se volgende bestaan.

### 5.7.2 SANSARA : DIE WIEL VAN HERGEBOORTES

Hier gaan dit oor die latere Hindoes se geloof in reïnkarnasie of sielsverhuising. Reïnkarnasie is die bekendste kenmerk van die latere Hindoegeloof en behels die transmigrasiesirkel of wiel van hergeboortes. (Dit word ook grafies met 'n wiel voorgestel). Dit is die geloof dat wanneer ’n persoon sterf, sy siel weer gebore word in ’n ander aardse bestaan. Die wiel van Sansara draai volgens die wet van karma! Hulle wie se gedrag goed was, sal gou weer gebore word as byvoorbeeld 'n Brahmana ('n priester) maar hulle wat sleg gedoen het word byvoorbeeld weer gebore as 'n veragte kind (Oosthuizen:181).



'n Beeld van die wiel van *Sansara* wat volgens Hindoes die aanhoudende weergeboortes van die siel in nuwe liggame voorstel (Hammer:182).

De Beer (:44) stel dit baie duidelik: “Hemel en hel is glad nie in die prentjie nie. As iemand byvoorbeeld ’n priester sou doodmaak, sou hy in ’n volgende lewe in die vorm van ’n hond terugkom, dan ’n vark, ’n donkie, ’n kameel, ensovoorts en uiteindelik in die laagste vorm van lewe. Die wiel van hergeboortes draai onverbiddelik en ken geen begin of einde nie.” Hierdie stelling beskryf baie goed wat "sansara" beteken, maar die gedeelte oor hemel en hel kan ongelukkig lei tot misverstand, want hemel en hel kom wél voor in die antieke geskrifte van die Hindoes.

Selfs Turner (1993:3 ev) mis die Hindoes se eerste skriftelike verwysings na die hemel en hel. Sonder om afbreuk te doen aan haar werk *The History of Hell*, noem ek die werk as nog ‘n

voorbeeld van die misverstand wat algemeen voorkom. Die boek handel oor die geskíédenis van die hiernamaals en nóém selfs die miljoene helle van die Hindoes (:3) maar toon niks van die oorspronklike geloof van die Hindoes oor die een hemel en hel nie. 'n Mens het begrip daarvoor, dit kan maklik misgekyk word, omdat almal so bewus is van die uitstaande reïnkarnasie-dogma van die Hindoes. Daarom word die éérste woorde oor die één ewige hemel en hel gewoonlik nie eers by die Hindoes gesoek nie. Die verrassing om dit wél by die Hindoes te kry is dus inderdaad groot!

In die Rig-Veda beskryf die vroegste Hindoeïsme een hemel en een hel, maar eeue later van sewe tot selfs miljoene verskillende vlakke en soorte hemele en helle. Wat wel waar is, is dat hulle later begin glo het dat jy oor die algemeen net tydelik op een van hierdie vlakke is, voordat jy weer gebore word op aarde in 'n ander vorm. Johnson en McGee (1991:326 ev.) ondersteun hierdie standpunt en gee meer detail oor wat Hindoes vandag glo oor wat met jou gebeur op elkeen van hierdie vlakke van hemel of hel. Die latere Boeddhisme sien dit ook so (vgl. Hoofstuk 6).

Hemel en hel soos ons dit vanuit die Nuwe Testament verstaan, bestaan nie net so by hedendaagse Hindoes nie, daar is meer as een vorm van tydelike hemele en helle. As 'n mens egter verder terug kyk sien jy dat die Hindoes vroeër (c. 1 500 v.C.) geglo het dat daar een ewige hemel en hel is in die lewe na die dood.

### 5.7.3 MOKSJA: DIE GELOOF IN VERLOSSING UIT SANSARA

'n Mens kan wegbreek uit die sirkel van Sansara! Moksja is die woord wat hierdie vrywording uit die ketting van die opeenvolgende hergeboortes beskryf. Die Hindoes glo dat alles wat sigbaar is, eintlik tydelik en 'n illusie is en die mens se aardse bestaan (maya) is dus ook net 'n illusie (de Beer 1995:44-45). Dit sluit dus elkeen van hierdie vorme waarin die mens hergebore word in. "Alles wat bestaan gaan oor in dit wat nog nie is nie. Dit is die niebestaan wat die wesenlike is"(:44). Moksja is dan ook die bevryding uit hierdie bedrieglike skyn van die verganklike, 'n bevryding uit illusie (:45). Dit is die strewe van elke Hindoe. So word die mens dan één met Brahman, die goddelike oerbeginsel of geestelike wese van alles, die "Absolute Realiteit" (De Beer:45; Oosthuizen:175, 182-183, 216).

Die moontlikheid bestaan dus wel volgens die latere Hindoeïsme om die hoogste hemel-vlak te bereik, maar selfs om nog verder as die hoogste hemel te gaan en totaal bevry te word en een te word met die onpersoonlike goddelike wese (Johnson en McGee:327).

De Beer (:45) en ander lig dit uit dat Brahman (die Opperwese) soos die oseaan is en die mens soos ’n druppel water is, wat alleen sy bestemming bereik die dag wat hy een word met die oseaan. Dan is alle lyding en ellende ook op ’n einde. Dit beteken bevryding uit die wiel van hergeboortes, wat kan bepaal of jy dalk hergebore gaan word as ‘n arm mens, siek mens of ‘n dier. Alhoewel vrywording normaalweg nie in die Hindoe se lewe ’n werklikheid word nie, word hy gedra deur die feit dat dit ‘n moontlikheid is. Die Hindoe glo dat hy of sy nooit van hierdie geboortereg , van moksja, ontneem sal word nie.

Het ons hier met verlossing of self-vernietiging te make? Moksja is die bevryding uit hergeboortes, uit tydelike voorspoed en hemele, maar ook uit aardse lyding en tydelike helle. Maar kan mens by hierdie latere Hindoeïsme regtig praat van verlossing in die sin van die Christelike ewige lewe en lewe na die dood? Dit laat mens eerder dink aan die hóóp om oor te gaan van illusie na die "Absolute Realiteit" deur middel van dissipline en uiteindelik self-toegediende vernietiging. Hierdie sogenaamde joga, sluit geestelike en fisiese dissiplines in om spesifiek vry te word van begeertes en onkunde (:45). Om niks te begeer nie, dit lei egter ook tot die groot passiewe houding van baie Hindoes teenoor die wêreld en mense in nood (saam gesien met die geloof van karma en sansara dat hulle wat ly hulle verdiende loon kry, vgl. :216).

Die dissiplines om moksja te bereik sluit in selfpyniging, die loop oor vurige kole of spykers, afsondering en om jouself dood te maak, of om ander mense en diere te offer (Oosthuizen:183, 217). Dus eerder jouself wegsmelt, as ly, want deur slegs 'n normale lewe te leef kan dit boonop miljoene jare neem voordat die siel uiteindelik verlos word (moksja) en een word met die "Absolute Realiteit" (:216). Die mens, wie se lewe net 'n illusie is, word dan eintlik "niks" omdat nét Brahman (in onderskeid met die skeppergod Brahma) werklik bestaan (De Beer 1995:29, 42-43; Oosthuizen:175 ev.).

Aan die een kant hou die mens dan op om te bestaan, maar jou bestaan was in elk geval net 'n illusie… Aan die ander kant begin jy dan eers bestaan, maar jy bestaan nie eintlik nie, want net die onpersoonlike oerbeginsel Brahman bestaan as "Alheid" en daar is nie so iets soos bestaan en

nie-bestaan van die self nie… (Oosthuizen:175 ev.). Die Hindoes glo dus dat jy bevry kan word uit die illusie van jou lewe en oorgaan tot niks, want net die onpersoonlike Brahman bestaan en tog beteken dit op 'n manier nie altyd totale uitwissing nie (:139-140; vgl. Boeddhisme 6.4). Bogenoemde bevestig die bevinding van ander navorsers dat die Hindoeïsme ingewikkeld is.

Alhoewel 'n siel vir miljoene jare herhaaldelik in verskillende liggame gebore word, glo Hindoes dat almal egter uiteindelik verlos sal word (in bogenoemde sin) en dat niemand verlore sal gaan nie (Oosthuizen:216). ‘n Ewige “hemel” bestaan dus wel vandag in ‘n sekere sin in die Hindoegeloof, maar nie (soos by die vroeëre Hindoeïsme) ‘n ewige hel nie.

## 5.8 GEVOLGTREKKING

Die besondere waarde van die Hindoeïsme vir hierdie studie, is dat dit ons ‘n duidelike beeld gee van wat baie mense op aarde 4 000 jaar gelede reeds geglo het. Die verskil met die meeste ander religieë is dat Hindoeïsme vroeë duidelike geskrifte daargestel het. Nog ‘n rede waarom ons die inligting met sekerheid kan bekom, is omdat dit ‘n godsdiens is wat vandag nog beoefen word en die spore kan dus teruggevolg word.

Dit is moeilik om te verstaan hóé Hindoes kan praat van baie hemele en helle, maar in dieselfde asem vertel dat hulle in voortdurende hergeboortes of reïnkarnasie glo, maar net daarna weer praat van ‘n ewige verlossing vir sommige. ‘n Mens verstaan dit in 'n mate beter as jy raaksien dat hulle sekere standpunte oor die eeue verander het. Vroeër was daar een ewige hemel en een ewige hel (vgl. Rig-Veda c. 1 500 v.C.) maar later het hulle begin glo aan tydelike hemele en helle wat deel vorm van hulle latere geloof in vele hergeboortes.

Hindoes glo dat 'n mens se aardse sigbare lewensvorme eintlik illusies is waarin jy voortdurend gebore word. Hierdie lewens of fases van toestande kan enige een van die volgende wees: ‘n lewe op aarde as mens, 'n lewe in een van die baie hemele of helle, of ‘n volgende lewe op aarde as dier, en so kan dit aangaan deur duisende jare.

Die wet van Karma bepaal outomaties jou volgende lewe. Vir sommige wat streng godsdienstige reëls gevolg het is daar moksja, 'n bevryding of verlossing uit die kringloop van hergeboortes (sansara) en illusie. Dit is egter nie dieselfde lewe na die dood by God in sy hemel soos

Christene dit verstaan nie. Deur moksja kan 'n mens egter volgens hulle geloof wegsmelt in die "Absolute Realiteit" (Brahman) soos ‘n druppel in die oseaan. Soos 'n kers se vlam wat weer kan brand, al is dit in 'n onsigbare vorm, so word 'n mens nie totaal uitgewis om heeltemal op te hou om te bestaan nie, al is daar volgens Hindoeïsme nie iets soos bestaan of nie-bestaan van die self nie… (Oosthuizen:175 ev. vgl. nirwana by Boeddhisme 6.3).

Wat belangrik is om raak te sien, is dat die Hindoes met hulle geskrifte vir die eerste keer duidelike getuienis bied dat die mens vroeg reeds begin glo het in ‘n lewe na die dood. Dit is nou nie meer net waardevolle skedelrangskikkings en voorwerpe wat in die graf by oorledenes geplaas is nie. Hier is nou skriftelike getuienis. Ons het reeds by die vorige hoofstuk gesien wat byvoorbeeld Afrika se tradisionele geloof is, maar daar is nie sulke ou geskrifte nagelaat nie. Die Vedas van die Hindoeïsme, veral die Rig-Veda wat ongeveer 1 500 v.C. ontstaan het, lewer getuienis van ‘n hele aantal van die mens se eerste gedagtes oor die lewe na die dood sedert die jare 4 000 tot 3 000 v.C.!

Vir die eerste keer tussen al die lewende godsdienste wat geskrifte nagelaat het, lees ons van die volgende: ‘n ewige lewe na die dood; gewone mense wat na die hemel gaan waar die gode woon; ‘n skeiding in die hiernamaals tussen ‘n hemel en ‘n hel; demone wat mense wil weghou uit die hemel; ‘n mens-god Yama, wat jou help om in die hemel ín te kom en 1 250 jaar later, van ‘n held Krisjna, wat eendag gaan kom en oorwinning bring.

Bogenoemde toon ooreenkomste met ander godsdienste wat uitgelig word in die hoofstukke oor die geloof van Egipte, Mesopotamië en Persië. Die voorwerpe in ou grafte in Egipte dui aan dat hulle moontlik ook nog altyd geglo het in die siel se lewe hierna. Hiërogliewe-skrif is egter eers gebruik vanaf ongeveer 3 000 v.C. en baie later as Indiese skrif ontsyfer. Die eerste besliste aanduidings kom uit die Ou Koninkryk van Egipte (sedert ongeveer 2 600 v.C.) ‘n tyd van uitsondering, aangesien hulle toe geglo het dat net koninklikes, die farao's wat as gode beskou is, die kans sou kry om na die dood te herleef (Hinnells:25; Encarta:Egypt). Gewone mense sou ophou bestaan, maar dit was nog nie die hel soos by die Hindoes nie. Eers eeue later (c. 1 900 v.C.) sou gewone Egiptenare ook volgens hulle geloof die moontlikheid begin kry om te herleef na die dood.

Dit is ‘n misverstand en oorsig dat daar deur al die eeue en in geen een van die geskrifte van die Hindoes êrens iets aangetref word van ‘n finale oordeel en ewige straf in ‘n hel nie. Die rede is die uitstaande klem wat die Hindoes self die afgelope 2 700 jaar, sedert die Oepanisjads (Masumian:3) op sansara of reïnkarnasie plaas. Die verrassing is dat hulle oorspronklik wel ‘n finale hemel en hel beskryf het (Rig-Veda c. 1 500 v.C.).

Die Christelike geloof dat elke persoon finaal sterf en eenmaal finaal geoordeel gaan word saam met alle mense en dan oorgaan na ‘n wonderlike hemel of aaklige hel, is by hulle tans afwesig. Hulle glo in die outomatiese wet van karma wat behels dat 'n mens se optrede eties beoordeel word en jy streng daarvolgens beloon word of gestraf word in jou volgende lewe. Mense wat dus nou ly aan byvoorbeeld siekte en armoede word onsimpatiek behandel, want hulle kry volgens hierdie denkrigting maar net hulle verdiende loon uit hulle vorige lewe.

Moksja is die Hindoe se uiteindelike doel (Oosthuizen:182). Dit is ‘n bevryding van hierdie voortdurende reïnkarnasie-siklus. Dit is ‘n toestand van bevryding van alle begeerte, van veiligheid en ‘n verlossing van die illusie waarin 'n mens tans leef. Om bevry te word van die wet en straf van karma, probeer hulle om hulleself te verlos deur middel van ‘n klomp dissiplines of vorme van joga. Hulle gaan daarom deur ‘n proses van selfpyniging deur byvoorbeeld meditasie, om oor vuurrooi kole te loop, spykers deur hulle tonge te sit, vrugte aan hulleself te hang met skerp hake deur hulle tonge en vleis, asook selfs deur mense te offer of om selfmoord te pleeg. Die doel van hierdie dissiplines is om tot ware kennis te kom en om niks meer te begeer nie. Sonder selfkennis en die afsterf van al jou begeertes kan niemand oorgaan tot die finale vrywording of moksja nie. Eers dan kan 'n mens as druppel wegsmelt in die oseaan van Brahman, die "Absolute Realiteit" of Opperwese. 'n Mens word dan eers volgens die Hindoeïsme bevry uit die illusie van jou huidige lewe en gaan oor tot niks, want net die onpersoonlike Brahman bestaan eintlik.

Die Hindoes glo dat almal egter uiteindelik verlos sal word en dat niemand verlore sal gaan nie. 'n Mens kan nie anders as om te onthou wat hierdie "verlossing" egter beteken soos dit hierbo uiteengesit is nie. ‘n Ewige “hemel” bestaan dus wel vandag in ‘n sekere sin in die Hindoegeloof, maar nie meer (soos by die vroeëre Hindoeïsme) ‘n ewige hel nie.

Dit is baie interessant om raak te sien dat die kring wat eerste begin skryf het oor ‘n ewige hemel en hel in 1 500 v.C. self ook daaraan begin verander het, om die gedagte van ‘n ewige hel te versag met die gedagte van hergeboortes wat jou ‘n tweede en baie meer kanse bied. Dit het reeds gebeur, 700 jaar voordat Jesus Christus begin praat het oor die oorspronklike eenvoudige eskatologie van ‘n finale oordeel en 'n ewige hemel of hel. ‘n Mens kan dus in ‘n sekere sin sê dat toe die wáre “Yama” werklik 2 000 jaar gelede gekom het, het Hy die mensdom heel moontlik terugverwys na die oorspronklike gedagte van ‘n ewige hemel en hel. Ons het duidelik gesien dat die Hindoes sonder enige twyfel die hemel as ‘n plek van verdiende seën gesien het en die hel as verdiende straf.

Hindoes glo ook sedert  250 v.C. dat Krisjna eendag weer sal kom. Hy word gesien as die agste inkarnasie (avatar) van Vishnoe, maar ook as 'n god in eie reg. Volgens die Hindoes verskyn Vishnoe in een of ander vorm om te help wanneer vernietigende chaos dreig. Hulle glo die gewilde Krisjna sal eendag weer kom as 'n vegter op ’n wit perd met ’n swaard in die hand om die bose uit te wis en die goue eeu in te lui! Volgens die Hindoes moet Kalki, die tiende held en inkarnasie van die god Vishnoe ook nog kom.


Ten spyte van al die belangrike verskille tussen Hindoeïsme en die Christelike geloof, is daar ook bepaalde ooreenkomste. Die voorbeeld hierbo van Krisjna kom duidelik ooreen met die beeldryke voorstellings van die Verlosser in byvoorbeeld Openbaring 19-20. Ander ou Hindoe beskrywings van die lewe na die dood toon ook sekere ooreenkomste met die Bybel (bv. Ps. 23; Joh. 14; 1 Kor. 13 en Openb. 19-22). Die ooreenkomste tussen die geloofsoortuigings van die verskillende godsdienste in God se wêreld is merkwaardig en wonderlik! Ons aandag volg nou die lyn verder na die Boeddhisme wat uit die Hindoeïsme gevloei het.

## HOOFSTUK 6 DIE BOEDDHISME EN DIE LEEGHEID

### 6.1 INLEIDING

Soos wat die Christendom uit die Joodse godsdiens gegroei het, het die Boeddhisme uit die Hindoeïsme ontwikkel sedert 560 v.C. (Oosthuizen:117 ev.).

Boeddhisme is vandag saam met die tradisionele politeïsme en Hindoeïsme, die religie of etiese sisteem van miljoene mense in veral Indië, Sjina, Taiwan en Japan.



Alhoewel hulle religie die bestaan van God ontken, tref mens baie "Boeddhiste as aanbidders voor die beelde van Boeddha aan" (Metz:1, 224 - 232, 240).

"Boeddhiste aanbid beslis nie die standbeelde van die Boeddha nie. Hulle bewys slegs eer aan die groot leermeester en keer in tot die Boeddha, beskou as die ware bestemming van die mens" (Krüger:95).

"Die wiel draai - in die latere *Mahayna* Boeddhisme word Boeddha wat 'n ateïs was, tot 'n god verhef" (Oosthuizen:157).
Dit is dus soms moeilik om tussen eerbetoon en aanbidding te onderskei.

By die latere Mahayana Boeddhisme, spesifiek die Vajrayana Boeddhisme (c 600 n.C.) is die name van Vediese gode gereduseer tot die eenvoudigste fonetiese elemente byvoorbeeld Om en Hym. Die Tibettane het hulle gode in tien klasse verdeel, waarvan die Boeddhas die hoogste en die berggeeste die laer rang beklee. Okkultemagte word sedert 600 n.C. gepersonifieer. Magie het 'n probleem geword en gebede, gebedsrolle wat gedraai word, towerspreuke en towerformules (mantras, soos byvoorbeeld AUM by Hindoeïsme) en magiese ritusse (tantras) kom algemeen voor vir voorspoed en verlossing (:155, 156, 157).

Ons tref vandag ‘n groot sinkretisme tussen Boeddhisme en gode aan, soos blyk uit die volgende onlangse beskrywing onder die titel Ervarings in Taiwan (e-pos, Heyns J.D. 2002) : “Meeste van die inwoners van Taiwan glo in ‘n verskeidenheid gode. Boeddha-beelde word orals aangetref, maar daar is meer as ‘n 1 000 gode wat ‘n rol speel in die oorgrote meerderheid Taiwanese se lewens. As die familie nie meer tevrede is met ‘n bepaalde god nie, word ‘n afbeelding van ‘n ander god maklik in die huis opgesit. Om presies uit te vind in wie iemand glo, is nie altyd ‘n maklike taak nie.

In die vissersdorp waar ek en my vrou skoolhou, speel Boeddha en Matso ‘n belangrike rol. Aanvanklik was Matso se primêre funksie om vissermanne te beskerm, maar mettertyd het sy as beskermer van alle mense wat om haar beskerming vra, begin optree. Onlangs het die god verjaar. In ‘n optog van sewe dae waaraan, na beraming, tussen 100 000 en 200 000 mense deelgeneem het, is sekere “heilige” artikels wat met haar verband hou, op mense se skouers gedra. Mense druk desperaat om voor die “heilige” voorwerpe op die grond te val, of om aan hierdie gedrapeerde artikel te kan vat en is in ekstase as hulle dit regkry.

Die verbranding van sogenaamde “ghost money” is ‘n ontstellende belewenis om te aanskou. ‘n Spesifieke geel papiergeld word gekoop en dan in die openbaar in konkas, wat orals by omtrent elke huis sigbaar is, verbrand. Taiwanese glo dat hierdie “geld” dan deur hulle voorvaders in die onderwêreld gebruik kan word om basiese behoeftes mee te koop.

Taiwanese glo dat klappers die bose geeste weghou. Klappers word dus op troues en religieuse feesdae enige tyd van die dag of die nag afgevuur. Hoe harder die geluid, hoe beter. Hoe meer klappers direk na mekaar geskiet kan word, hoe beter."

## 6.2 HEMELE EN HELLE SEDERT DIE KEISERAANBIDDING

Boeddhisme kan nie totaal los gesien word van die agtergrond waaruit dit kom nie. Behalwe dat dit kom uit die Hindoeïsme met miljoene gode, sluit die agtergrond 'n natuurgodsdiens in, asook die aanbidding van voorouers en die keiser. Drake en duiwels is ook algemeen in hierdie tradisionele godsdiens wat Boeddhisme voorafgegaan het. Die wortels lê nie net in Indië nie maar ook in Sjina. Hier was daar reeds ‘n groot beskawing teen 4 000 v.C. Skrif is ook kort hierna begin gebruik om onder andere hulle geloofsoortuigings neer te pen.

In die godsdiens het keiseraanbidding sedert die vorstehuise (c. 1 500 v.C.) ‘n baie groot rol gespeel. Daar is geglo dat mens in die hemel is as jy by die keiser is! Hulle het geglo dat die keiser ook vir die god Yama (vgl. Hindoeïsme) bystaan om die lewensduur van iemand te bepaal en wat sy of haar lot in die hel sou wees. Hulle het later ook geglo in ‘n hele aantal warm en koue helle waar die bose regeer (Hinnells, 1984 :38, 85, 144, 321).

## 6.3 OOREENKOMSTE MET DIE HINDOEÏSME

Ons het aangetoon dat baie navorsers die Hindoeïsme as besonder ingewikkeld beskryf. Hieronder sien ons nou dat die Boeddhisme wat daaruit gebore is nog meer ingewikkeld is, veral omdat hulle doelbewus soveel teenstrydige standpunte maak. Dit is 'n uitstaande kenmerk van Boeddhisme. So byvoorbeeld is "bestaan" dieselfde as "nie-bestaan" vir die Boeddhiste en volgens hulle "bring selfweersprekende stellings die beste na vore wat waar en werklik is" (Oosthuizen:154).

Ooreenkomste tussen Boeddhisme en Hindoeïsme sluit vandag die volgende in: dissipline (joga) soos onttrekking en meditasie en herhaling van dieselfde magiese woorde (mantras) asook geskrifte soos die Oepanisjads en die waarhede wat Boeddha ontdek het, die Dharma (wet of lering) en baie belangrik ook die vergelding van karma (Hinnells:135; Metz:226) sansara of reïnkarnasie (Masumian:5) asook moksja of nirwana (Oosthuizen:139). Hulle glo ook in die bestaan van die bose, naamlik Mara (Krüger, 1996:71).

Die Boeddhiste glo in die leerstellings van mense en hulle is gekwalifiseerd ateïsties. Krüger (:95) merk op: "Die Boeddhisme is in geen van sy vorme ’n plat, eendimensionele “ateïsme”, in dieselfde asem te noem met die moderne Westerse positivisme nie. Met begrippe soos karma en die afhanklike medetotstandkoming van alle dinge, kom die Boeddhisme soms heel naby aan wat in moderne terminologie “panteïsme” of “panenteïsme” genoem word: die werklikheid het onpeilbaar diepe dimensies, waarvoor die begrip “goddelik” inderdaad gebruik sou kon word."

In die praktyk buig miljoene Boeddhiste ook voor Boeddha se beelde, wat volgens Krüger (:95) slegs eerbetoning is. Dit is moeilik te onderskei van aanbidding en sommige beskryf dit inderdaad so (Metz:226) veral waar Boeddhisme binne sinkretisme voorkom. Die naaste wat

hulle egter amptelik en tradisioneel daaraan kom om in god te glo, is om karma en die salige toestand van nirwana met god te vereenselwig. Oosthuizen (:140) merk ook tereg op dat alhoewel "nirwana lyk na 'n tipe mistiese godheid wat die heelal deurdring, is dit nie God nie." Die mens plaas in Boeddhisme eerder die self en eie vermoëns en prestasies om tot nirwana te kom, in die sentrum. In latere Boeddhisme (bv. Mahayna en Vajrayana) kry ons wel die aanbidding van gode soos byvoorbeeld Om, Hym en Boeddha (155-7).

## 6.4 NIRWANA : BEVRYDING EN LEEGHEID

Vir Boeddhiste is die aanvanklike stap tot bevryding of verlossing om jou tot die leermeester Boeddha te keer. Treffende ooreenkomste is al tussen Boeddha en Christus uitgelig (Krüger:95; Metz:242; Oosthuizen:164, 165).

Krüger (:96; vgl. Metz:231) toon aan dat verlossing by Boeddhisme gekenmerk word deur ‘n uitsig op bevryding uit die allesoorheersende ellende en lyding van die menslike bestaan.

Die oorsprong van lyding moet egter in die mens self gesoek word, naamlik in begeerte. Hieronder word verder beskryf wat Boeddhiste glo van bestaan en substansie, maar ons fokus net eers op die twee standpunte met betrekking tot begeerte (Krüger:75-76). 1) Daar word spesifiek verwys na die smagting na sintuiglike geluk in die huidige vorme van bestaan en 'n begeerte om by een goeie inkarnasie te kan bly, wat dus permanente substansie beteken. Dit is dus 'n begeerte om weg te breek uit die kringloop van hergeboortes waar elke fase van bestaan eintlik maar net 'n illusie is. Verlossing is dan 'n bevryding van hierdie begeerte. 2) Die ander uiterste is 'n bevryding daarvan om selfs te begeer om nie meer te bestaan nie. Om nie meer te bestaan nie word deur sommige beskou as absolute bevryding. Mense is volgens die Boeddhisme die slagoffers van hulle eie onversadigbare begeertes.

Die derde groot waarheid van die Boeddhisme stel dit dan ook dat verlossing van lyding bestaan in die ontsnapping aan al hierdie begeertes (Krüger:75). Hierdie toestand word positief uitgedruk met die Sanskrit-begrip *nirwana* of *nirvana* (*nibbhana* in Pali) wat verwys na ’n lewenskwaliteit wat gedeeltelik in hierdie lewe bereik kan word deur meditasie (Oosthuizen :139; vgl *moksja* by Hindoeïsme 5.7.3). Maar omdat hier nog steeds dharmas aan die werk is, word nirwana eers ten volle na die dood verwag (Metz:235). Die klem val egter nie op "die lewe na die dood" nie.

Oosthuizen (:140) toon aan dat nirwana ook nie volgens die ortodokse Boeddhisme 'n "absolute uitwissing" van die self behels nie. Laasgenoemde is 'n Boeddhistiese dwaalleer (Drummond:231). Nirwana is eerder 'n veranderde wyse van menslike bewussyn en 'n onafhanklike werklikheid met 'n dinamiek van sy eie (Metz:231). Die voorbeeld van die vlam van ‘n kers wat weer onsigbaar kan brand nadat dit doodgegaan het word ook deur Boeddhiste gebruik, maar dit bly onduidelik wat presies bedoel word met hulle selfweersprekende stellings (Oosthuizen:139-140, 154).

"Wat wel uitgewis word is hunkering en begeerte en die misleiding dat 'ek', of die 'self' as individuele hoedanigheid bestaan. As absolute nie-bestaan of totale uitwissing die doel sou wees, sou dit volslae pessimisme wees. Nirwana is egter die hoogste bestemming van die kontinuerende bewustheid. Die grens van die eindige self word uitgeblus. Bewustheid is bo die beperkinge van verstand, gevoel en wil... dit is die finale bestemming, vrede en geluksaligheid." (Oosthuizen:140). Nirwana "is radikaal anders as die materiële wêreld: die ewige ryk, die volkome betroubare, die ware toevlug" (Drummond:231).

Die vierde waarheid dui die weg aan na verlossing uit die kringloop van lyding. Hierdie weg bestaan uit agt onderling samehangende elemente wat onder andere insluit: regte siening (om mee te begin, ’n teoretiese begrip van die Boeddhistiese weg), regte voorneme (om vry te wees van begeerte, om nie leed aan te doen nie, om nie wreed te wees nie) regte optrede: regte spreke en regte handeling, wat sekere eetgewoontes insluit. Saamgevat handel dit oor geestelike dissipline en etiese gedrag (Drummond:231; Metz:232).

Boeddhiste glo dat 'n mens met die regte toewyding en die nakoming van bogenoemde dissipline en etiese gedrag, ook soos Boeddha nirwana kan bereik. "Nirwana is die staat van volmaakte psigologiese integrasie en morele suiwerheid, die bevryding uit die kringloop van lyding en hergeboorte (Krüger:70-77; vgl. bevryding van illusie by die Hindoeïsme 5.7.3 en verdere beskrywing hieronder).

Alle dinge, fisies sowel as psigies, is gedurig aan die verander. Die verandering is volgens die Boeddhisme so ingrypend dat niks op die ou end eintlik werklik bestaan nie. Dit sluit aan by wat die Hindoeïsme verstaan onder illusie en nie-bestaan. Anders gestel, die werklikheid as sodanig, en elke element daarin, is nie-substansieel (anatta). Dit is inderdaad die kernleerstuk van die

Boeddhisme (Krüger:76). Leegheid en "nie-bestaan" lê in die hart van Boeddhisme. Die groot ‘niks’ speel hier ‘n prominente rol. Daar is geen ewige “substansie” nie, niks “agter” of “onder” die nimmereindigende proses van ontstaan en vergaan, waarop die mens kan terugval, of in sy greep kan kry nie.

"Die eenheid van die menslike persoonlikheid is 'n illusie. Die werklikheid is 'n voortdurend veranderende rangskikking van die verskillende elemente waaruit die wêreld bestaan. Geloof in die self word verwerp 'ek' en 'my' is begrippe wat geen verband hou met die waarheid nie... Die Westerse verstand vind dit moeilik om hierdie leerstelling van die nie-self (an-atman) te begryp. An-atman is onskeibaar verbind met die begrip nirwana wat afgelei is van die werkwoord wat beteken 'om weg te dryf' en dit dui die doel van alle religieuse inspanning in Boeddhisme aan. Nirwana word gewoonlik beskryf as 'niks', maar dit is heeltemal ontoereikend" (Metz:234).

Die weg van verlossing of nirwana bestaan daarin dat ’n mens langs die weg van meditasie jouself geleidelik bevry van begeerte en illusie (Krüger:76, 81). Die tipiese voorbeeld wat Boeddhiste gebruik om te bewys dat niks eintlik werklik bestaan nie, is 'n tou wat in die hand van 'n towenaar vir 'n slang aangesien kan word en iemand wel kan laat skrik al is dit tog maar net 'n tou (:81). So is alles maar eintlik net 'n illusie waarvan 'n mens bevry moet word. Oor latere Boeddhisme kan ons sê dat die diepste insig nie beweer dat daar “niks” is nie. Daar is wel volgens die Yogacara, ’n immer veranderende stroom van persepsies van ervaringe wat parinispanna genoem word (Krüger:81). Dit beteken in wese seker eintlik nie meer as dat alles tog maar 'n illusie is nie. (Dit sluit ook direk aan by Hindoeïsme vgl. 5.7.3).

In die gedigte hieronder word "die groot paradoksale Boeddhistiese waarheid geleer: die 'vaste grond' waarna die natuurlike mens smag, word gevind … waar afgesien word van die soeke na ’n vaste grond" (Krüger:88).

856
“Hy is onafhanklik en onverbonde omdat hy die waarheid ken. Hy het geen begeerte om te bestaan of nie te bestaan nie.”

867
“Op grond van die ervaring van sekere dinge as ‘aangenaam’ of ‘onaangenaam’ ontstaan begeerte. Die mens wat vergaan en bestaan in dinge waarneem, vorm ’n teorie oor die wêreld.

1093
“In die middel van ’n stroom word die mense meegesleur. Ek verklaar dat daar vaste grond is in die vloed van wording, in die groot vrees van hulle wat verswelg word deur verval en dood.”

1094
“Niks hoef te wees en niks hoef te hê: juis dit is die laaste vaste grond, is nibbana, is die einde van verval en dood – dit verklaar ek.”

Die latere Mahayna Boeddhisme leer ook: alles is 'n illusie (Oosthuizen:153). Dit sluit letterlik alles in, selfs die Boeddhas en paradyse is fantasie, ook Nirwana, die ware "Realiteit" is soos 'n droom. "Leegheid" is die enigste realiteit. 'Niks' of 'leegheid' is die basis van alles. "Bestaan" is dieselfde as "nie-bestaan." "Selfweersprekende stellings bring die beste na vore wat waar en werklik is" volgens Boeddhiste (:154 - 155).

### 6.5 AGT TYDELIKE HEMELE EN HELLE

Die Bybelse voorstelling van ‘n hemel en hel as ewig en as plekke is strydig met die Boeddhisme se ideale nie-substansie denke. Hemel is vir hulle om vry te wees (vgl. nirwana by 6.4) en hieronder toon ons aan dat 'n hel slegs tydelik is. Tog bestaan daar verskillende strominge hieroor.

Sedert ongeveer 245 v.C. kry ons by sommige Boeddhiste soos deur Mahapar en Dhammapada beskryf (vgl. Oosthuizen:133-134) dat daar vir mense geluksaligheid in hemele (svarga) is, maar ook die hel en sy pyniging. "As hulle nie verligting gevind het nie, bestaan dit vir hulle" (:134). Die moontlikheid bestaan dat die Boeddhisme hier deur die Zoroastrisme van Persië beïnvloed is (Oosthuizen:159-160).

Alhoewel die latere Mahayna Boeddhisme ook leer dat alles 'n illusie is, ook die paradyse, word alles as substansie beskryf om "sake aan die onkundiges te verduidelik - om hulle langs dié weg

na die oorkant te voer. Mahayna is net 'n groot vaartuig (:143) - die vaartuig is aan die anderkant nie meer nodig nie! Selfs Nirwana… is 'n droom. (:153). Deur toewyding verdien die mens die lewe waarin hy leef (volgens  karma). Getroues ontvang 'n "Suiwere land" of "Paradys" (:156).

Sommige moderne Boeddhiste glo in agt hemele en helle, maar in dieselfde tydelike terme as moderne Hindoeïsme (Johnson en McGee :332). Jy moet dink aan hulle wat nou daar ly, sodat jy afgeskrik word om nie ook dieselfde “non-virtuous” (on-deugsame) dade te pleeg nie en dus nie ook daar beland nie. As 'n mens goed gedoen het in jou een lewe kan jy tydelik na een van die agt hemele gaan voor jou volgende hergeboorte. As jy egter sleg gedoen het bly jy baie lank in een van die agt helle, waarna 'n mens weer êrens gebore word in 'n ander vorm.

Hemel in die sin van nirwana, kan ook hier op aarde voor jou dood bereik word. Bekende leerstellings van die Boeddhisme lui soos volg as antwoorde op die vrae van die jong Brahmaan Kappa: “Niks hoef te wees en niks hoef te hê: juis dit is die laaste vaste grond, is nirwana, is die einde van verval en dood – dit verklaar ek.” (vers 1094) en “Wie dit weet en daarvan bewus bly bereik nirwana in hierdie lewe, is nie volgelinge en slawe van die Dood nie” (vers 1095) (Krüger:91).

## 6.6 GEVOLGTREKKING

Boeddhisme het sedert 560 v.C. uit die Hindoeïsme ontwikkel en is net so ingewikkeld. Selfweersprekende of teenstrydige stellings en groot paradoksale formuleringe is tiperend van die Boeddhisme. Tog is daar baie mooi etiese waardes en lewenswaarhede in die Boeddhisme en dit toon ooreenkomste met wat ons in die Bybel kry.

Ons tref egter ‘n groot sinkretisme tussen Boeddhisme en gode aan, alhoewel Boeddhisme tradisioneel gekwalifiseerd ateïsties is. Die verering van Boeddha en sy baie beelde is soms moeilik te onderskei van aanbidding. Baie Boeddhiste byvoorbeeld in Taiwan, aanvaar nie net vir Boeddha as groot leermeester nie, hulle aanbid ook hulle voorouers en 'n menigte van ander gode wat hulle ook met gemak afwissel. Die mense aanbid die beeldjies van hulle gode en verbrand byvoorbeeld papiergeld as offers om die voorvaders in die onderwêreld gelukkig te hou en ekonomiese voorspoed te verseker. Hulle skiet ook voortdurend geweldig baie en harde klappers om die bose geeste weg te hou.

Ons kan sê dat nirwana of verlossing eintlik ‘n misleidende term ten opsigte van Boeddhisme is, aangesien die mens homself of haarself kan bevry van begeertes en die illusie dat iets bestaan (Krüger:81). Volgens die Bybel kom verlossing van God af.

Nirwana kan volgens die Boeddhisme deur die pad van verligting en ‘n mooi lewe verkry word en dit beteken 'n bevryding tot geluksaligheid, tot die groot niks of leegheid en selfs om op te hou om te bestaan. Oosthuizen (:139-140) merk op dat ortodokse Boeddhisme nie heeltemal so pessimisties is as wat dit lyk nie. Hulle glo dat mens op een of ander manier nie totaal uitgewis word nie, maar iets bly op 'n onsigbare manier tog voortbestaan.

In die Indiese denke word die voorbeeld gebruik om soos die vlam van ‘n kers weer onsigbaar te brand nadat dit doodgegaan het. Hoe "voortbestaan" hier egter verband kan hou met die geloof dat "niks bestaan" en "alles 'n illusie is" bly steeds moeilik om te begryp. Dit kom ooreen met die gedagte in Hindoeïsme dat daar nie so iets soos "bestaan" en "nie-bestaan" van die self is nie… (Oosthuizen:175 ev.).

Sedert ongeveer 245 v.C. kry ons by sommige Boeddhiste soos deur Mahapar en Dhammapada beskryf (vgl. Oosthuizen:133-134) dat daar vir mense geluksaligheid in hemele (svarga) is, maar ook die hel en sy pyniging. "As hulle nie verligting gevind het nie, bestaan dit vir hulle" (:134). Die moontlikheid bestaan dat die Boeddhisme hier deur die Zoroastrisme van Persië beïnvloed is (Oosthuizen:159-160).

Tydelike hemele en helle bestaan wel algemeen in Boeddhisme. Hemel in die sin van nirwana, kan ook hier op aarde voor jou dood bereik word. Nirwana word algemeen gesien as die bevryding en verlossing van begeerte, illusie, hergeboortes, nie-bestaan en die dood. 'n Mens kan seker 'n ooreenkoms met die Bybelse ewige lewe en hemel daarin vind, ten spyte van die groot verskille. Die Bybel beskryf egter die nuwe hemel en nuwe aarde as 'n bewustelike werklikheid in teenwoordigheid van ons God van liefde saam met al die ander gelowiges.

In hierdie navorsing oor die geloof aan ‘n lewe na die dood, ondersoek ons vervolgens die kleurryke Egipte.

# HOOFSTUK 7 EGIPTE
# DIE NYL EN DIE REIS NA DIE LEWE HIERNA

## 7.1 INLEIDING

Van al die wêreldgodsdienste het die ou Afrika-beskawing van Egipte aan die mens die pragtigste kultuurskatte oor die hiernamaals nagelaat. Die doel waarom die indrukwekkende graf-piramides tot in die wolke reik, was sodat die een wat dood is makliker vanaf die piramide tot bo in die hemel kon kom. Die oorledene is baie sorgvuldig gemummifiseer en is omring met goud, silwer, veelkleurige edelstene, beelde, meubels, kos en selfs vervoermiddels. Die oudste seiljag aan die mens bekend, is ook hier gevind. Hulle het geglo dat die koning daarmee maklik verder na die hemel kon seil (Casson 1982 : 144).

‘n Mens sou die Egiptenare voor die Hindoes kon behandel, aangesien hulle sover ons kan aflei nog altyd in die lewe hierna geglo het. Die redes waarom ons Egipte nou eers behandel, is omdat daar tog na jare se navorsing deur deskundiges in Egipte, steeds ‘n paar onduidelikhede ten opsigte van die interpretasie van sommige hiërogliewe bestaan (Budge 1990:66) en aangesien daar tans meer duidelike skriftelike bronne by die Hindoes beskikbaar is. Dit raak egter fyner detail, oor die groot sake is duidelikheid ten opsigte van die godsdiens van antieke Egipte. Die belangrikste rede is egter dat Hindoeïsme steeds ‘n lewende godsdiens is en die spore dus duideliker teruggevolg kan word.

Hultkrantz (:50-57) en ander is dit eens dat die Egiptiese piramides en die Maja-piramides van Yucatan in Mexiko ( 200 v.C. – 900 n.C.) besliste ooreenkomste toon. Albei het ‘n rol gespeel in astronomie en religie en het ook as grafkelders gedien. Die oorsprong van formele religieë in Mexiko en Peru kan teruggevoer word tot 1 200 v.C. Hulle tempelstrukture en kultusse getuig hiervan. Hier het menseoffers ‘n groot rol gespeel. Hulle het mense aan die son geoffer, omdat hulle geglo het dat die son op 'n vaste spoor gly en dat hy bloed nodig het om daarop te kan aanhou gly. Daar is verdere merkwaardige ooreenkomste met religieë elders in die wêreld uit dieselfde tyd, byvoorbeeld die “twee gode van dualiteit” onder die Asteke in Suid-Amerika en die dualisme en twee gode van die Zoroastrisme in Persië. Dit beklemtoon die groter rol wat geloof in die lewe na die dood by die mens begin inneem het.

"Religion played an important role, as recorded in Egyptian mythology; in fact, the government had evolved into a theocracy, wherein the pharaohs, as the rulers were called, were both absolute monarchs and, possibly, gods on earth" (Encarta 2002).

## 7.2 DIE GROOT BESKAWINGS

Die sogenaamde Groot Beskawings het sedert 3 000 v.C. begin uitstaan in die wêreld. Dit is veral die prominente piramides wat saam met die besonderse geskrifte en ander kultuurskatte vir Egipte laat uitstaan as een van hierdie Groot Beskawings. "The Egyptians constructed the pyramids between 2 700 b.C. and 1 000 b.C. to serve as royal tombs" (Encarta 2002). Volgens hulle geloof kon die farao die lewe na die dood makliker hiervandaan bereik.

Megalietmonumente soos die piramides in Egipte is van die uitstaande stappe op die pad na die era van die Groot Beskawings. Hierdie beskawings het ongeveer 3 000 v.C. in die riviervlaktes van Egipte, Babilonië en ander gebiede van die Nabye - Ooste en Mesopotamië ontstaan. Saam met die skryfkuns is die era van geskiedenis ingelui en groot ontwikkeling het op vele vlakke soos die kultuur, politiek en veral ook op religieuse gebied plaasgevind.

Hultkrantz (:28) toon aan dat daar 'n " ononderbroke pad is, wat van die eenvoudige geloof van die Paleolitiese jaggroepe na die politeïsme van die groot antieke koninkryke gelei het." Die eerste deel van hierdie pad is beskryf vanaf Hoofstuk 2 in hierdie studie.

Sedert 3 000 v.C. begin ons by verskillende beskawings heilige konings aantref, asook priesterlike rangordes, ontwikkelde rituele, bloedoffers en indrukwekkende tempelgeboue. 'n Hele klomp gode word aangetref en gewoonlik ook een oppergod. Verder is dit belangrik vir die doel van hierdie studie om ook saam met Hultkrantz (:28) en ander daarop te wys dat hulle meer detail begin aantoon het ten opsigte van die lewe na die dood sedert 3 000 v.C. Die doderyk word volgens hierdie beskawings ook sedert hierdie tyd in lae verdeel.

Israel kan nie in isolasie los van sy bure gesien word nie, ook nie ten opsigte van die geloof aan 'n lewe na die dood nie. Iets wat mens nou tref, is die kaart reg aan die begin van die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel (1983:10). Dit is veelseggend dat die wêreld van die Ou Testament kunstig voorgestel word tussen twee baie belangrike bure, naamlik Egipte met sy

piramides en Persië met ‘n gerub (vgl. hoofstuk 9 oor die Zoroastrisme). Israel pas dus reg in die middel van twee van die wêreld se grootste antieke beskawings. Van Genesis af lees ons dan ook deur die Bybel van gereelde kontak tussen Israel en Egipte.

### 7.3 DIE NYL EN DIE REIS NA DIE LEWE HIERNA

Volgens al die tekens wat verder hieronder bespreek word, het die Egiptenare waarskynlik nog altyd in ‘n hiernamaals geglo (vgl. Ruffle:70) al is daar slegs bewyse voor sedert ongeveer 3 000 v.C. Waarom is hierdie geloof so besonder prominent by die Egiptenare met hulle piramide-grafkelders en mummifisering? Waar sou dit vandaan kom? Die antwoord hou verband met ‘n ander geloof, wat gaan oor die hemelse oorsprong van die magtige Nyl.

“Egypt is the offspring of the River Nile, whose waters and rich silts provided the basis for the development of one of the world’s first great civilizations, that of ancient Egypt, with a recorded history dating back to about 3200 b.C.” (Encarta 2002). “The Egyptians were puzzled concerning the source of the Nile, flowing as it does northward from the central part of Africa. Mythology suggested that the river had its origin in heaven and that it fell to the earth far to the south of their land. The Book of the Dead states that the Nile River sprang from four sources at the Twelfth Gate of the netherworld” (Pfeiffer en Vos: Logos LLS 2001).

Die aanskoulike uitstalling oor Egipte in die African Window Museum in Pretoria (Julie 2001) bevestig bogenoemde as een van die redes waarom die Nyl ‘n groot rol gespeel het in die Egiptenare se geloof aan ‘n “afterlife.” Verdere redes is dat dit hulle getref het dat die Nyl elke jaar nuwe lewe bring ná die droë seisoen. Mense het weer water gehad, kon plant en voortleef. Die Nyl was geweldig magtig en dit het absolute uiterstes vir die mense op die oewers beteken. As daar droogte was, omdat die Nyl nie sterk loop nie, het baie doodgegaan van die honger, die ander uiterste was ook waar, as hy afkom in vloed, dan oorstroom die water weer alles en almal. Die geloof het posgevat dat soos wat die Nyl herleef na droogte, die mens ook sal lewe na die dood.

Bogenoemde word verder bevestig: "As they were to most other aspects of life in ancient Egypt, the Nile and the Sun (Ra) were central to Egyptian religion. The Sun was held to have created the river itself, and both are linked to myths of the creation. The Nile was considered a sacred

river: it had no visible source and little or no rain fell in Egypt, yet the river flooded each year and sustained life. It is because of the richness of the royal tombs, notably that of Tutankhamen, that so much is known today about the Egyptians’ funerary rites and their belief in the afterlife. Even in pre-dynastic times, funerary gifts were placed in graves to accompany the deceased in the afterlife. Mummification ensured that the body was preserved (a prerequisite for life after death) and burial rites were performed to ease the passage of the soul into the afterlife" (Encarta 2002: *Religion and the Afterlife*).

Ruffle (:70 ev.) toon ook aan dat die heel vroegste grafkelders voedsel en toerusting bevat het vir die oorledene. Budge (1990:xi) wys ook op die kosbakke, messe en ander wapens wat reeds in die era van die pre-dinastie in grafkelders geplaas is. Later word met die versiering van die grafkelders aangedui hoe die Egiptenare gedink het ‘n lewe na die dood sou wees. Dit is gewoonlik as soortgelyk met hierdie lewe beskou, net baie beter, met suksesvolle jagpogings en oeste, groot bankette en mooi meisies.

Van die vroegste skriftelike getuienis toon dat die god Ptah sedert 3 100 v.C. aanbid is. Die siening oor die lewe hierna het egter deur baie fases van ontwikkeling gegaan. Aanvanklik is gedink dat die koning sy hiernamaals langs die songod, Ra, op sy daaglikse reis deur die hemelruim sou deurbring. Sy toekoms is egter sedert 1 900 v.C. met die god Osiris verbind en elke koning wat gesterf het is met hom verenig. Soos wat hieronder aangetoon word, het hierdie voorreg geleidelik uitgebrei, eers na die adellikes en later na alle klasse, sodat elke mens wat gesterf het op ‘n manier een geword het met Osiris (Ruffle:70).

“During The Middle Kingdom (c. 2 040 - 1 801 b.C.) Egypt was without one centralized government, the bureaucracy was no longer effective and regional concerns were openly championed. Egyptian art became more provincial, and no massive mortuary complexes were built. Religion was also democratized, as commoners claimed prerogatives previously reserved for royalty alone. They could, for instance, use spells derived from the royal Pyramid Texts on the walls of their own coffins or tombs” (Encarta 2002).

Hierbo het ons aangetoon dat die Egiptenare vanaf die vroegste tye in 'n lewe na die dood geglo het. Daar was egter ook 'n tydperk in die Ou Koninkryk (c. 2 600 v.C.) waar dit blyk uit die beskrywings dat die lewe na die dood slegs vir die koninklikes beskore was , maar voor en na

hierdie tyd het elke individu die ewige lewe verwag (David 1984:25; Encarta: Egypt). Sedert Ramses II (1 290 v.C.) is kopieë van Die Boek van die Dood baie wyd versprei waaruit bogenoemde blyk. Ons kan dus met baie sekerheid sê dat teen die tyd van die Nuwe-Koninkryk (1 576 – 1 069 v.C.) alle Egiptenare beslis weer soos van ouds ‘n lewe na die dood verwag het (Casson: 144).

’n Egiptiese mite wat verskillende vorms aangeneem het, maar die beste deur die Griekse skrywer Plutargus in sy geskrif oor Isis en Osiris beskrywe word (c. 100 n.C.) vertel van Isis en haar man Osiris, ’n goddelike koning van ou Egipte, wat deur sy jaloerse broer Set gedood is, in veertien stukke gesny en oor die hele Egipte versprei is. Isis gaan dan uit om die stukke te soek en as sy hulle gevind het, bring sy Osiris weer tot lewe. Omdat een van sy stukke in die Nyl beland het, is geglo dat Osiris ook die onderwêreld ingegaan het. Hy leef dan nou as heerser oor die doderyk. Hierdie mite het uitdrukking gevind in ’n rite wat in die Romeinse Ryk opgevoer is. Met behulp van sy vrou Isis en ander gode, het Osiris dus uiteindelik die koning van die onderwêreld geword en hierna ook die simbool van ‘n voortgesette lewe na die dood. As 'n ingewyde van hierdie kultus op mistieke wyse deur die rite met Osiris verenig word, hou die dood geen vrees meer in nie en is die mens verseker van ’n lewe na die dood (du Toit 1997 : LLS Die Isiskultus).

## 7.4 DIE BOEK VAN DIE DOOD

Volgens die Egiptenare was die reis na die wêreld hierna vol van alle soorte moeilikhede. Demone was om elke draai gereed om die reisiger te gryp. ‘n Suksesvolle reis is verseker deur ‘n papirusrol te besit met ‘n reeks towerspreuke wat opgesê kon word om die reisiger te laat verbygaan wanneer ‘n hindernis of ‘n demoon teëgekom is. Hierdie rol is gewoonlik Die Boek van die Dood genoem, wat uiteindelik vandag bestaan as ‘n hele versameling van towerspreuke. Afskrifte is in die grafkelder by die afgestorwene vir sy of haar gebruik geplaas, of van tyd tot tyd binne-in die kis. Soms is dit ook teen die grafmure geskryf (Ruffle:70 ev; Budge: IX ev.).

Budge (:1, XII ev) wys daarop dat die inhoud van gedeeltes van Die Boek van die Dood reeds 5000 jaar oud was in Jesus se tyd (dus nou ongeveer 7 000 jaar!) al is dit eers met die ontdekking van die skryfkuns in 3 000 v.C. opgeteken. In die tyd van die Vierde Dinastie, ongeveer 3 700

v.C. is dit reeds algemeen gebruik. Gedeeltes was reeds oud in die tyd van koning Semti uit die Eerste Dinastie (:XIII).

Uit bogenoemde word dit duidelik dat die god Thoth vir die songod Ra die ewige lewe gegee het met ‘n towerspreuk om hom te beskerm. Thoth, die god van wysheid, word voorgestel met die kop van ‘n ibis en tree op as sekretaris van die gode. Elke oggend kon Ra met hierdie towerspreuk ‘n verskriklike monster met die naam Aapep oorwin. Aapep wou keer dat die son opkom deur hom op te eet, maar Ra se towerspreuk het hierdie “Groot Duiwel” se ledemate verlam. Die Egiptenare het nou vir hulle eie beskerming en die lewe na die dood van afgestorwenes ook op Thoth begin staatmaak. Hulle het ook towerspreuke gebruik en dit is later versamel in die Boek van die Dood.  Hier volg ‘n paar aanhalings uit die Boek van die Dood:

“Luister nou na die stem van ‘n man wat die vreeslike oordeel deurgekom het: ‘Ek het vir Osiris, my vader, gesien en my moeder, …ek is gelei tot in hemelse streke, ek het dinge laat blom op aarde en blydskap gebring… ek het my boot vasgemaak in die hemelse mere, ek het die voorgeskrewe woorde met my stem uitgespreek en die gode geprys…” (Budge:I) “Hail Unas, not hast thou gone, behold [as] one dead, thou hast gone [as] one living to sit upon the throne of Osiris. O Ra-Tum, cometh to see thy son, cometh to see Unas, thy son is this of thy body for ever” (:66).

Tekste oor die ewige lewe toon aan dat daar konstant ooreenkomste voorkom, byvoorbeeld uit die Vyfde en Agtiende Dinastie. Ons kry nêrens die gedagte dat die verganklike liggaam sal opstaan nie, die liggaam bly op aarde en die siel of gees lewe in die hemel (:68-69).

Tog was daar een of ander element van die liggaam wat weer kon opstaan, indien die mummifisering reg gedoen is en die towerspreuke gebruik word: “Thou shalt exist for millions of millions of years, a period of millions of years…”  “Soul to heaven, body to earth” (Vyfde Dinastie, ongeveer 2 500 v.C.). “Heaven hath thy soul, earth hath thy body” (Agtiende Dinastie, ongeveer 1 500 v.C). “Rise up, O thou Teta,! Thou hast received thy head, thou hast knitted together thy bones, thou hast collected thy members.” “When the Osiris of a man has entered into heaven as a living soul, he is regarded as one of those who have ‘eaten the eye of Horus’, he walks among the living ones, he becomes ‘God, the son of God,’ and all the gods of heaven becomes his brethren. His bones are the gods and goddesses of heaven” (:83-84).

## 7.5 MUMMIFISERING EN DIE OOPMAAK VAN DIE MOND

Die Egiptenare het geglo dat elke persoon saamgestel is uit drie basiese elemente: liggaam, die *ba* en die *ka*. *Ba* kan beskryf word as die persoonlikheid, karakter of siel en *ka* as lewenskrag of gees. In die hiernamaals bereik sommige die status van *Akh*, waar die *ba* en *ka* herenig word. Ander gaan die sogenaamde tweede ewige dood in (Chico 2003 en David 1984:25).

Dit was vir die Egiptenare duidelik dat die fisieke liggaam in hierdie wêreld agterbly en dat die afgestorwene se gees weggegaan het. Hulle het gedink dat die gees die liggaam as ‘n soort basis gebruik en daarom het hulle besonder deeglike pogings aangewend om die liggaam deur mummifisering te bewaar (Ruffle:71). Dit was ‘n krisis as ‘n liggaam in die see verlore gegaan het of deur vuur verwoes is, hoewel ‘n beeld of portret van die afgestorwene as ‘n plaasvervanger kon dien. Budge (:xi) beklemtoon dat die liggaam beskerm moes word teen plunderaars, maar na die dood was daar ook geestelike elemente in die liggaam wat teen ‘n magdom duiwels en skrikwekkende bose magte beskerm moes word.

Die begrafnisdiens het ‘n seremonie, Die Oopmaak van die Mond ingesluit, waarin die mond en ander openinge van die liggaam met towerkuns behandel is. Dit moes verseker dat die mens kon voortgaan om sy liggaam te gebruik om te eet, te sien, te hoor, en dies meer na die dood.

## 7.6 DIE OORDEEL EN SKEIDING TUSSEN EWIGE LEWE EN DOOD

Die “Psychostasia” of “Weeg van die Gewete” voor die troon van Osiris word pragtig uitgebeeld in vele kunswerke, veral teen die mure van grafkelders in die piramides, byvoorbeeld van Ani. Ani se siel word voorgestel as ‘n valk met ‘n mens se kop. Ani en sy vrou word voorgestel in die teenwoordigheid van twaalf gode wat as regbank optree en ander gode en godinne. Die oorledene se hart word op ‘n skaal geweeg teen die wet, in die vorm van ‘n volstruisveer. As iemand goed was, oorleef hy of sy die eerste toets vir die ewige lewe, as hy of sy sleg was, vreet ‘n monster met ‘n krokodilkop 'n mens op. Sodoende word 'n mens vernietig deur ‘n vreeslike, maar tydelike straf. 'n Mens hou sodoende onmiddellik op om te bestaan en dit is dus ‘n vorm van annihilisme.

“All Egyptians in New Kingdom times expected a life beyond the grave. But to gain entree, they believed that every person, after death, had to stand in judgment before Osiris, god of the underworld. Seated on a throne, Osiris would look on, as his assistant Anubis, a jackal-headed deity, operated a set of scales. On one side he placed the deceased's heart, which contained the mind and soul. Occupying the other side was the symbol for ma'at, or truth (or Law) usually an ostrich feather. Apparently the heart and feather were meant to balance for a favorable judgment. Should the soul be found unworthy, a fierce beast (Amemit the Devourer) stood nearby, ready to destroy the mummy's heart.



*The Judgement of the Dead*: Chico, Mummies of Ancient Egypt. Afterlife, http://ww.si.umich.edu/CHICO/mummy/Afterlife/Journey/journey.html

To contend with this and other postmortem trials, the Egyptians devised a complex system of spells, prayers, and liturgies that were recorded on papyrus and placed in the tomb. A key passage in the Book of the Dead—the modern title for any of various versions of these texts - listed thirty-six denials of sin to recite, beginning with "I have not committed evil against men." Another pleaded, "Oh my heart ... speak not against me in the presence of the judges." Such appeals presumably assured a benign verdict when facing Osiris and his assessors” (Casson 1982: 144).

Ons sien dus dat die inhoud van die Boek van die Dood oor die hiernamaals so ver teruggaan as ongeveer 5 000 v.C. Teen c. 3 700 v.C. is die boek reeds algemeen gebruik. Teen 1 900 v.C. het die geloof so ontwikkel dat die Egiptenare geglo het dat hulle met behulp van die towerspreuke in die heerlike lig by Osiris kon lewe na die dood. Hy is beskou as die god-mens en oorwinnaar oor die dood. Hulle kon nou selfs een word met hom hulle het geglo dat hy hulle "wedergeboorte" of ewige lewe skenk (Budge:XIV, 68, Casson :144).

"Some Egyptian ideas find echoes in Christianity. The figure of the heavenly Jesus owes something to Osiris. Not only was 0siris the judge, king and god of the dead, he -unlike nearly all other rulers of the dead - was believed to be wholly benign. Like Jesus, he was himself the sacrificed and resurrected god; His divine son Horus ruled the living. The Egyptian dead had a bodily existence, which is also thought to be true of Christians after the Last Judgment. The idea of judgment after death may come from Egypt, if not from Persia…" (Turner : 13).

Nuwe argeologiese vondste dui daarop dat (anders as wat normaalweg verwag word) die moontlikheid bestaan dat daar ook 'n invloed vanaf die Nabye-Ooste in die rigting van Egipte was. "Archaeological evidence suggests that early dwellers in the Nile Valley were influenced by cultures of the Near East, but the degree of this influence is yet to be determined" (Encarta 2002).

## 7.7 GEVOLGTREKKING

Die voorwerpe in ou grafte in Egipte dui aan dat hulle moontlik ook nog altyd geglo het in die siel se lewe hierna. Hiërogliewe-skrif is egter eers gebruik vanaf ongeveer 3 000 v.C. toe die name van regeerders op monumente begin verskyn het. Die inhoud van die Egiptenare se Boek van die Dood oor die lewe hierna strek verder terug as 5 000 v.C. Die baie ou geloof van die Egiptenare in 'n lewe hierna hou verband met hulle ervaring dat die Nyl elke jaar na die droogte nuwe lewe bring.

Die eerste besliste aanduidings van 'n geloof aan die lewe hierna kom uit die Ou Koninkryk, sedert ongeveer 2 600 v.C. Dit was egter 'n tyd van uitsondering, aangesien hulle toe geglo het dat net koninklikes, die farao's wat as gode beskou is, die kans sou kry om na die dood te herleef Gewone mense sou slegs ophou bestaan en dus die sogenaamde tweede dood ingaan, maar dit

was nie die hel soos by die Hindoes nie. Eeue later het gewone Egiptenare ook die moontlikheid begin kry om, na ‘n oordeel te herleef in 'n lewe na die dood. Dit was tydens die Middel-Koninkryk toe Osiris aanbid is, sedert 1 900 v.C. Daar was egter ‘n risiko aan die oordeel verbonde, indien iemand sleg was, sou hy of sy deur ‘n monster gevreet word en ophou bestaan. Die wat goed was se pad was oop na die hemel by Osiris.

Ons vind dus hier in Afrika van die heel eerste skriftelike bewyse by die mens van ‘n paar kernbelangrike teologiese aspekte. Alhoewel daar wesenlike verskille is, tref ons ook ooglopende ooreenkomste met die Christelike geloof aan. Ons lees hier van gode en duiwels en ‘n oordeel met ‘n skeiding tussen vernietigende tydelike straf vir slegtes en ‘n ewige lewe na die dood slegs vir goeies. Ons lees van Osiris as 'n oorwinnaar oor die dood. Egiptenare het geglo hulle kon selfs een word met hom en dat hy “wedergeboorte” of ewige lewe skenk. In die Nuwe Testament is die klem baie meer op genade en die feit dat die ewige lewe nie byvoorbeeld deur rites en towerspreuke self bekom word nie, maar 'n geskenk is aan gelowiges.

Die vernietigende straf wat ons in ou Egipte se oortuigings oor die hiernamaals kry, is sover bekend die eerste skriftelike getuienis van annihilisme. Dit behels die geloof dat diegene wat onaanvaarbaar is, vinnig tydelik gestraf word (deurdat die monster Amemit hierdie mense verslind) sodat hulle daarna finaal ophou om te bestaan.


Daar is opvallende ooreenkomste tussen die godsdiens van Egipte en die omringende volke. Die ooreenkomste tussen die godsdienste van die Groot Beskawings kom veral uit die jare 1 900 tot 1 200 v.C. Die geloof van Egipte oor die hiernamaals toon veral ooreenkomste met byvoorbeeld die geloofsoortuigings van Mesopotamië, Persië, die Hindoes, die latere Judaïsme en die Christene. In die volgende hoofstuk ondersoek ons die geloofsoortuigings van Babilonië oor die lewe na die dood.

# HOOFSTUK 8 BABILONIË EN DIE "LAND VAN DIE DOOIES"

## 8.1 INLEIDING

Die eerste woorde wat ons spesifiek van die "Land van die Dooies" lees, is meer as 4 000 jaar gelede (ongeveer 2 700 v.C.) geskryf op gebakte kleitablette uit die vallei van die Tigris- en Eufraatriviere, noord van die Persiese Golf in Irak (Turner: 5). Die vroegste naam wat ons vir hierdie gebied het is Sumer. Later het die Semitiese Akkadiërs die gebied beset en dit het as Babilonië bekend geword.

Mesopotamië sluit uiteindelik die hele gebied in, vanaf Sumerië in die suide, Babilonië en Akkad tot by Assirië in die noorde. Dit vorm deel van die groter gebied wat gestrek het tot by Kanaän en bekendgestaan het as die “Vrugbare Halfmaan” en die “Wieg van die Beskawing” (Millard:58; Turner: 5; van Zyl:4).



" 'n Sumeriër.
Een van die
oudste klipafbeeldings
van 'n mens"
(Wegener:17).

Die Sumeriërs het ook 'n dodekultus beoefen, hoewel nie so uitgebreid soos dié van die Egiptiese farao's nie. Die konings in Sumerië was eerder priesters as krygshere. "Die koningsgrafte wat Woolley van 1927 tot 1929 by Ur opgegrawe het, het fantastiese skatte opgelewer. Hoewel net die magtiges van die land in hierdie grafte begrawe is, is selfs aan die armstes geringe gawes na die doderyk saamgegee: die man 'n byl en die vrou 'n spieël" (Wegener:16). Waarom sou hulle

dit saamgee as hulle nie in een of ander vorm van lewe of bestaan na die dood geglo het nie? Hierdie geloof is dus deel van die vroegste mense se oortuigings.

Vroeër was die betekenis van die woorde op bogenoemde kleitablette vir ons duister, maar danksy die navorsing wat gedoen is deur deskundiges in Sumerië, is dit gedurende die twintigste eeu ontsyfer (Turner: 5). ‘n Skatkamer van antieke gedigte, mites en godsdienstige verhale oor die skepping, gode, demone, helde, en die onderwêreld of “plek van dooies” is oopgesluit.

Die eerste geskrifte is deur argeoloë by die stad Uruk gevind en dateer uit ongeveer 3 000 v.C. (Millard:60). Ouer kleitablette wat uit die tyd voor die vloed dateer is by Kish ontdek, dit bevat egter nog net prentjie-skrif en kon nog nie ontsyfer word nie (Tenney:284). Die Sumeriërs het die oudste stede gebou en ook die “cunei”-vorm-skrif ontwikkel (Arendzen: Babylonia 2 000:4). In hierdie spykerskrif is die oppergod Anu en die moedergodin Inanna beskryf, en verder ook die watergode van die skepping - Apsu en Tiamat. Ons kry hier in Babilonië die vroegste skriftelike getuienis van die mens se geloof in gode, demone en geeste van dooies.

“Inanna die godin van vrugbaarheid, liefde en oorlog, was ongetwyfeld die beginsel van lewe wat die mens van die heel vroegste tye af aanbid het. Die godin is in feitlik elke prehistoriese woonplek vertoon : in skilderwerk, uitgekerf in klip of gevorm met klei” (Millard:60).

Arendzen (:23) toon aan dat die groot Babiloniese godsdiens gegroei het uit die samevoeging van lokale godsdienste in Sumer en Akkad. Sumer se godsdiens kom van Mongolië te oordeel aan die gode se name, byvoorbeeld Anu, Bel en Ea. Daar was egter ook ‘n sterk Semitiese invloed.

Die Babiloniërs was van die vroegste mense wat vir hulle gode tempels gebou het. ‘n Ziggoerat was ‘n tipiese antieke Babiloniese tempel in die vorm van ‘n toring wat vanaf ‘n breë basis na ‘n nou punt loop (Tilby en Yule 1989:437; Tenney:89, 270). Dit herinner duidelik aan Genesis11 en die bedoeling sou wees om die gode in die hemel te ontmoet (Vosloo en van Rensburg:29). Hulle het geglo die gode woon ook op bergtoppe, omdat dit aan die hemel raak, daarom is aanbiddingsplekke op bergtoppe gebou. Waar nie berge is nie, is torings gebou (:29).

Hulle het geglo dat die hemelgode aftrek en in die tempels kom woon, maar anders as by Israel, het hulle vas geglo dat die gode letterlik elke stukkie boumateriaal geïnfiltreer het (Mackenzie:60). Hulle was besonder godsdienstig. Daar was gewoonlik in elke stad ‘n groot tempel wat oorheers het, met verskeie kleiner tempels tussen die huise versprei. Millard (:60). noem een voorbeeld: “Verslae van tempelsake van ongeveer 2 300 v.C. toon dat daar in een stad minstens 1 200 mense in diens van ‘n tempel was.”

Babilonië is van besondere belang vir die Joods-Christelike tradisie om drie redes. Die eerste is dat Abraham van Ur af getrek het, ongeveer 2 000 v.C. (Twee weergawes van die aartsvadertyd is: 1 950 – 1 700 v.C. en 1 500 – 1 300 v.C. vgl. Vosloo en van Rensburg 1994:2). Antieke Israel se ontstaanstyd word daarom deur Millard en andere (:46) vanaf 2 000 v.C. bereken. Die tweede rede is dat Babilonië later die Zoroastrisme aangeneem het wat ook vir Israel hier tydens die ballingskap ( 597 en 586 v.C. en verder) beïnvloed het. Hieroor meer in die volgende hoofstuk. Derdens het Babiloniese priesters ook na Israel en Klein-Asië gevlug en hier ‘n bepaalde invloed uitgeoefen. Dit het gebeur in die tyd toe Mesopotamië deur die Perse oorgeneem is. “They erected the Acropolis temples of Pergamum in honor of the Greek Pantheon, but continued to worship the Babylonian mystery god under the name of Saturnus. The Babylonian mysteries were preserved in the temple of Zeus at Pergamum and transferred to Rome in 133 BC. The penetration of the religion of Babylon became so general that Rome was called “The New Babylon” (Ben Abraham, 2 000: 1-2).

Die Assiriërs is vroeër deur die Babiloniërs of Galdeërs verower. Die Babiloniërs, van wie Nebukadnesar die bekendste regeerder was (Dan.1:1) het onder sy leiding Babilon en die groot tempel van Marduk, die beskermgod van die stad, herbou. Marduk het prominensie onder Hammurabi van Babilon in ongeveer 1 750 v.C. verkry en was gewild toe Babilon op sy magtigste was. Dit is tot eer van die god Marduk wat die Babiloniese skeppingsverhaal geskryf is. Die Perse wat Babilonië later verower het, het toegelaat dat die plaaslike godsdiens lewend bly en in sommige plekke het dit bly voortbestaan tot met die eerste eeu n.C. Sommige van die gode en godinne is steeds aanbid tot met die koms van Islam na Irak (:58).

## 8.2 DIE GILGAMESJ-EPOS EN DIE SOEKE NA EWIGE LEWE

Die bekendste verhaal uit Mesopotamië is die Gilgamesj- epos uit 2 700 v.C. Die basiese tema is juis die probleem van die mens se dood en die moontlikheid van onsterflikheid ( :62).

Gilgamesj was die koning van Uruk. Die mense het geglo hy was twee-derde god en een-derde mens (van Zyl 1977:29). Hy en sy vriend het Inanna, die godin van die hemel en aarde, beledig en die vriend Enkidu het gesterf. Koning Gilgamesj het baie groot dade gedoen, maar hy moes erken dat hy ook eendag sal sterf. Gilgamesj het gerou en gevrees, hy wou ten alle koste die stowwerige donker doderyk vermy. Hy het begin met 'n soektog na die ewige lewe (Millard:62; Turner:9; van Zyl:21).

“Na baie avonture het hy op 'n plek gekom waar daar 'n ou man, Utnapisjtim gewoon het. Hy was die Babiloniese ekwivalent van die Bybelse Noag. Utnapisjtim was die enigste sterflike wat onsterflikheid verkry het. Gilgamesj was egter teleurgesteld want die man was baie oud en het net op sy rug gelê en niks gedoen nie. Miskien was onsterflikheid tog nie so 'n goeie ding nie!” (Millard :62).

Hy het aan Gilgamesj vertel waarom mense sterflik geword het. Dit sluit aan by die Babiloniese skeppings-epos, die Enuma elisj, wat dateer uit die tweede millennium v.C. (:62; van Zyl:8). Die gode het die mense gemaak, maar die mense het die gode met hulle lawaai gepla. Toe hulle nie die lawaai kon stilmaak nie, het die gode besluit om die mensdom met 'n groot vloed te vernietig. Enki, wat die mens gemaak het, het die mens wat besonder toegewyd aan hom was, gewaarsku en hom beveel om 'n groot skip te maak waarmee hy sou kon ontsnap. Toe die vloed kom, was Utnapisjtim, sy familie en verskeie diere veilig. Na die vloed het die skip op 'n berg in die noordooste van Mesopotamië tot rus gekom en die gode het Utnapisjtim met onsterflikheid beloon. Maar Gilgamesj kon nie daardie ervaring hê nie.

Gilgamesj reis toe verder volgens Utnapisjtim se aanwysings oor berge tot by ‘n rivier waar ‘n bootsman hom oor die rivier na die eiland Dilmun neem, waar hy ‘n wysgeer ontmoet. Die wysgeer vertel vir hom dat hy die dood eers kan oorwin as hy die slaap oorwin. Nadat hy baie slapelose nagte van rou gehad het, het Gilgamesj nou lekker geslaap vir sewe dae en nagte. Toe

hy wakker word, besef hy sy poging om onsterflik te word het misluk. Utnapisjtim het die bootsman verbied om ooit weer iemand na Dilmun te bring (Genovese: 9-28; Turner:9).

Hy vertel toe vir Gilgamesj van ‘n plant wat jou jonk maak en onsterflikheid kan gee. Gilgamesj het dit gevind en was op pad om dit na Uruk terug te bring om dit op die ou man te toets, maar toe Gilgamesj dit neersit en gaan swem, kom steel ‘n slang die plant en vreet dit op. Die slang gooi toe sy vel af om weer met ‘n splinter nuwe vel te voorskyn te kom! So het die slang die simbool in die antieke wêreld van nuwe lewe en ewige jeugdigheid geword (Millard:62; Turner:9; van Zyl:21). In Elam het die slang ook ‘n negatiewe kant voorgestel (sien hieronder).

In ander weergawes van die verhaal tref ons ook ooreenkomste aan met Genesisverhale, soos die boom in die tuin van Eden, die slang, verskriklike demone, asook Adam en Eva (Arendzen Babylonia:5; Strange:35; Turner:10-11).

“Die mag van die plant is bewys, maar daar was nie nog ‘n plant nie en Gilgamesj kon maar net huis toe gaan met die gedagte dat sy edele dade ten minste nog lank na sy dood sou voortleef” (Millard :63). Hierdie verhaal en ander literatuur van Babilonië en omgewing toon die algemene opvatting aan dat slegs gode onsterflikheid kon bereik.

## 8.3 SLEGS SKIMME HIERNA

Die Gilgamesj-epos weerspieël duidelik die geloof in die antieke Nabye-Ooste dat die mens geen hoop het op ‘n lewe hierna nie, of hoogstens soos by die Sumeriërs (Suid-Babilonië) dat sy gees sou neerdaal na ‘n donker onderwêreld. Dit sal later blyk dat dit groot ooreenkoms vertoon met die Ou Testament. Die onderwêreld sou ‘n flou weerkaatsing van die vreugdes van die lewe hier op aarde wees. Nadat 'n mens se liggaam vergaan het sou die mens in een of ander vorm bly voortbestaan. Oor die algemeen kry mens die indruk van ‘n klomp skimme wat daagliks stil en doelloos daar onder ronddwaal. Partykeer sou hulle in die nag uitkom en daar is geglo dat hulle mense kon kwaad aandoen (David 1984:26, 314; Scurlock :1883-1893).

Vir die Babiloniërs was die lewe op aarde die belangrikste saak. Ook dit kom grootliks ooreen met die oortuigings in die Ou Testament. Lewe na die dood was 'n vae en duistere begrip. Hulle het aan die doderyk gedink as 'n plek vol stof en somberheid. Millard (:62-63) wys egter daarop

dat dit tog nodig was om afgestorwenes behoorlik te begrawe, want anders sou hulle terugkeer om by hul naasbestaandes te spook. Offerandes is ook aan die afgestorwenes gebring, deels om hulle nagedagtenis lewend te hou.

Anders as in die Bybel, is "die dood vir die Babiloniërs nooit die gevolg of straf van sonde nie. Die verdorwenheid van die mensdom word as 'n natuurlike gegewenheid aanvaar en ook grotendeels op hulle gode geprojekteer" (van Zyl:21).

Gode kon vir altyd lewe, alhoewel hulle ook soos mense kon sterf en neerdaal om die doderyk te besoek. Die ander mense op die aarde het hulle dan vir hierdie tyd gemis. Die latere Christelike tegniese term vir die "neerdaal na die doderyk" of "ter helle neerdaal" is die "descensus ad infernos motief " (du Toit 1993:73). Die vroegste voorbeeld kry ons by die godin Inanna van Sumerië. Nog latere voorbeelde is die bekende Griekse verhaal van Herkules en dan natuurlik in die Nuwe Testament in die evangelie van Jesus Christus (Turner:6 ev.).

Die gedagte van 'n persoonlike opstanding uit die dood vir mense, was destyds in Babilonië nog afwesig. 'n Paar verhale vertel slegs van 'n vrugbaarheidsgod wat sterf en dus tydelik sy seën terughou, maar darem later weer kom en die land en sy inwoners oorvloedig seën (David:26). Turner (:7) wys op die ander bekende voorbeelde van gode wat sterf en weer opstaan, naamlik Ishtar (Akkadies), Baäl (Ugarities), en later Osiris en Isis (Egipties), en wys weer hier ook op wat sy meen 'n parallel is met Jesus Christus (vgl. 13.6 by die hoofstuk oor die Nuwe Testament).

## 8.4 DOOIES EN DIE ONDERWÊRELD

Die wêreldbeeld van daardie tyd toon duidelike ooreenkomste met die drieverdieping-wêreldbeeld (West:81-83,105) van antieke-Israel (c. 2 000 v.C.) met die hemelkoepel bo (Jes.51) die plat aarde in die middel op pilare (Ps.18) en die water (Gen.6) en onderwêreld of doderyk onder die aarde ( Job.9; Spr.15).

Mense sou volgens die Babiloniërs hulle gode op bergtoppe en in hoë torings en tempels kon ontmoet, maar in hiérdie aardse lewe. Dit herinner aan die verhaal van die toring van Babel in Genesis 11 en Moses op Sinai in Eksodus 19 (Vosloo en van Rensburg:29). Maar dit is

noodsaaklik om te besef dat hier nog geen sprake van ‘n skeiding in die hiernamaals is nie. Dooies gaan nie op na die hemel nie, maar almal gaan af, verder van die gode of van God af, na dieselfde onderwêreld. Turner (:11) bevestig dit: “There is no division yet into privileged or blessed souls versus sinners or common folk.”

Ons sien hier ‘n geweldige onderskeid met Egipte, waar magtige piramide-grafte gebou is, juis sodat die oorledene se siel tot bo in die hemel kan kom. Volgens Babilonië en vroeë-Israel, sou dooies dus nie óp na die hemel gaan nie, maar almal sou áfgaan na die onderwêreld.

## 8.5 DUIWELS IS VROEG REEDS OP DIE TONEEL

"Die Sumeriërs het orals geeste en demone gesien: wanneer hulle op hulle afgekom het, het hulle gespuug; en wanneer 'n swart kat hul pad gekruis het, het hulle omgedraai… ook dit het die afgelope vyf duisend jaar waarskynlik maar min by die mens verander" (Wegener:16).

Alhoewel ons dus nog geen skeiding tussen ‘n hemel en hel hier aantref nie, is dit tog merkwaardig dat ons hier van die oudste skriftelike verwysings na duiwels aantref (c. 2 700 v.C.). Dit kom uit dieselfde tyd as die verwysings by die Hindoes (3 000 - 1 500 v.C.) en Egiptenare (1 900 v.C.). Dit is egter in Elam (ouer Persië, Iran) waar die Zoroastrisme (1 200 v.C.) later die grootste ontwikkeling van gedagtes rondom die duiwel gebring het. Elam is beskou as die woonplek van hekse en duiwels. Die slang was die bekendste simbool in Elam. Dit het ‘n god verteenwoordig en heel moontlik ook die donker magte van die aarde (David :115).

Dit is noodsaaklik om raak te sien dat dieselfde mense wat begin skryf het oor gode, ook oor duiwels geskryf het. Saam met die gode en demone asook die geeste van afgestorwenes, was daar ook ‘n magdom ander wesens op die toneel soos drake en natuurgeeste soos elwe of feë (Mackenzie:59-60). Daar is geglo dat hierdie hordes geeste in die natuur gewoon het en dat hulle die natuur beheer het. Hulle het byvoorbeeld die son en maan laat opkom en sak, asook reën en sandstorms, somer en winter gebring. Meer nog, die geeste het ook die lewens van mense beheer. Goeie geeste het geluk gebring en bose geeste onheil (Millard:59-60). Voortekens is later gelees, byvoorbeeld in die sterre, om voorbereid te wees op die toekoms. Die Babiloniërs het later baie bekend geraak vir hulle astrologie (:63; David:59). Die sterrekykers uit die ooste in die geboorteverhaal van Jesus Christus, is 'n latere voorbeeld hiervan.

Die skadu- lewe na die dood was vir die Babiloniërs nie totaal passief nie. Die donkerte was vol demone en spoke. Hulle het geglo as die son sak, dan raak demone en die spoke van dooies aktief en kan hulle jou gryp! (:60). Kleibeelde van demone is ontdek, wat deur die Babiloniërs by deuropeninge geplaas is om kwaad af te weer (:63). Mackenzie (:59 ev.) lig ook uit "how children were charmed against Evil Spirits" en hoedat die geeste van dooies opgeroep is.

## 8.6. VERDERE OOREENKOMSTE EN MOONTLIK EEN OORSPRONG

Met betrekking tot bogenoemde inligting oor gode, demone en geeste, asook spesifiek die lewe na die dood, toon Mackenzie (:vi, 59, 203 ev.) verdere merkwaardige ooreenkomste aan tussen Babilonië, Sumer, Assirië en Israel en ook die godsdienste van Egipte, Indië, Griekeland, die Germane, Antieke Brittanje, Skotland, Ierland, asook Mexiko. Hierdeur toon hy saam met ander die baie sterk moontlikheid van 'n gemeenskaplike oorsprong aan. Von Soden (1973:349-358) dui byvoorbeeld op die invloed van Assirië en Babilonië op Israel. Arendzen (:23) dui weer op die agtergrond van Mongolië en die Semitiese invloed op Babilonië. 'n Mens moet dit dus eerder sien as wedersydse invloed, of meer nog, 'n gemeenskaplike oorsprong soos dit hierbo genoem is, aangesien Abraham byvoorbeeld vroeër deel was van hierdie selfde gemeenskap.

Ander sterk ooreenkomste, ten spyte van belangrike teologiese verskille, vind ons tussen Genesis en die Babiloniese skeppingsepos, die Enuma elisj, waarin 'n "wêreldvloed" en die watergode Apsu en Tiamat prominent is. Dit herinner aan Gen.1:2 waar die Gees van God gesweef het op die waters (van Zyl:9). Tenney (:190, 332) dui ook op betroubare bronne en ontsyfering van die skrif op hierdie kleitablette (baie ook in Akkadies, die 'Lingua Franca' geskryf) wat duidelike ooreenkomste toon met die volgende: Die Bybelse vloedverhaal; koning Hammurabi se Wetboek wat hy van die songod Sjamasj sou ontvang het en die Wet van Moses. [Verdere twyfelagtige ooreenkomste word deur sommige getref: Aanbidding van Koning Nimrod asook die aanbidding van sy vrou en seun, wat gesien word as 'n voorbereiding van die aanbidding van die Drie-eenheid (vgl. Gen.10). Nimrod word verbind met die "engel van die lig en waarheid" of Satan, ook Lucifer genoem (Babylonian Paganism becomes Trinitarian Christianity, 2000:1].

Hierdie kleitablette met spykerskrif was deel van Assurbanipal (668-626 v.C.) se biblioteek in Nineve. Dit is in 1853 ontdek en in 1876 gepubliseer en dateer waarskynlik uit die tweede millennium v.C. (:8).

Wat belangrik is om raak te sien, is die feit dat die Babiloniese verhaal oor die lewe na die dood, voortvloei uit die vloedverhaal. Utnapisjtim (ook genoem "Pir-Napishtim") het die Vloed oorleef en nét hy en sy vrou mag in die Ander-Wêreld, die Eiland-Paradys gaan woon het. Duidelike ooreenkomste bestaan met die Griekse "Eiland van die Geseëndes" en die Ierse "Tir nan og" of "Land van die Jeug", asook die Britse "Eiland-vallei van Avilion" (Mackenzie:203).

Volgens die Babiloniërs kon geen ander mense egter hier gaan woon het na hulle dood nie, want die Babiloniërs het nie soos die Grieke in 'n hemel geglo nie. Laasgenoemde het geglo die gode neem helde en gelukkige individue na hierdie vrolike eiland. Die Babiloniërs het geglo dat alle mense gedoem was om die donker Onderwêreld in te gaan (:203). "This gloomy habitation of the dead resembles the Greek Hades, the Teutonic Nifelhel, and the Indian "Put" (:204). Job beskryf hierdie plek ook so: "…die land van donkerte en die skaduwee van die dood, … sonder orde en waar die lig duisternis is…" (Job.10:1-22).

Daar bestaan baie ooreenkomste tussen godsdienste spesifiek oor die onderwêreld of die doderyk (Hebreeus: Sjeool). Die meeste praat van 'n bergreeks wat as versperring dien, 'n rivier, 'n boot en bootsman, brug, poorte met wagte en 'n belangrike boom. Al hierdie fasette kom reeds voor in Mesopotamië, behalwe die brug wat eers later by die bure in Persië te voorskyn gekom het in die Zoroastrisme (Turner: 5 ev; Jeremias:1902). Hierdie opvallende ooreenkomste dui ook sterk op die moontlikheid van 'n gemeenskaplike oorsprong.

## 8.7 GEVOLGTREKKING

Die eerste woorde wat ons van die Land van die Dooies lees, is meer as 4 000 jaar gelede (ongeveer 2 700 v.C.) by die Tigris en Eufraatriviere in die "Vrugbare Halfmaan" en die "Wieg van die Beskawing geskryf. Ons fokuspunt in Mesopotamië is Sumer (Sumerië) later bekend as Babilonië (Irak ).

Hierdie gebied is van besondere belang vir die Joods-Christelike tradisie om drie redes. Die eerste is dat Abraham hiervandaan kom (c. 2 000 v.C.) en die tweede rede is dat Babilonië later die Zoroastrisme aangeneem het, wat ook vir Israel hier beïnvloed het tydens die ballingskap (vanaf 597 en 586 v.C. Hieroor meer in die volgende hoofstuk). Derdens het Babiloniese priesters ook na Israel en omgewing gevlug en hier ‘n invloed uitgeoefen.

‘n Skatkamer van die antieke godsdienstige verhale is oopgesluit. Dit handel onder andere oor die “plek van dooies.” Alhoewel daar belangrike teologiese verskille is, tref ons deurlopend merkwaardige ooreenkomste met Bybelse literatuur aan.

Die spykerskrif-gedeeltes oor die oppergod Anu en die moedergodin Inanna, asook die watergode van die skepping: Apsu en Tiamat, is van die vroegste skriftelike getuienis van die mens se geloof in gode, demone en geeste van dooies.

Die bekendste verhaal uit Mesopotamië is die Gilgamesj- epos uit 2 700 v.C. Die tema is juis die probleem van die mens se dood en die soeke na ewige lewe. Die verhaal en ander literatuur van Babilonië en omgewing, toon die algemene opvatting aan dat slegs gode onsterflikheid kon bereik.

Die Gilgamesj-epos weerspieël duidelik die geloof in die antieke Nabye-Ooste dat die mens geen hoop het op ‘n lewe hierna nie, of hoogstens soos by die Sumeriërs (Suid-Babilonië) dat sy gees sou neerdaal na die doderyk, ‘n donker onderwêreld. Dit staan in Grieks as Hades en in Hebreeuse as Sjeool bekend. Hulle het aan die doderyk gedink as plek vol stof en somberheid. Tog was dit nodig om die afgestorwenes behoorlik te begrawe, want anders sou hulle dan beslis terugkeer om hulle naasbestaandes te kom pla.

Die bestaan in die doderyk sou ‘n flou weerkaatsing van die vreugdes van die lewe hier op aarde wees. Nadat 'n mens se liggaam vergaan het, het die mens volgens hulle op een of ander manier bly voortbestaan. Oor die algemeen kry mens die indruk van ‘n klomp skimme wat stil en doelloos daar onder in die donkerte ronddwaal. Partykeer sou hulle in die nag uitkom en kon hulle mense kwaad aandoen, so het die Babiloniërs geglo. Vir die Babiloniërs was die lewe op die aarde die belangrikste saak (vgl. Hoofstuk 11 oor die Ou Testament). Anders as in die Bybel, is die dood vir die Babiloniërs nooit die gevolg of straf van sonde nie. Die verdorwenheid van

die mensdom word as ‘n natuurlike gegewenheid aanvaar en ook grotendeels op hulle gode geprojekteer. Gode kon vir altyd lewe, alhoewel hulle ook (soos mense) kon sterf en neerdaal om die doderyk te besoek (vgl. 10.6; 13.3.2 en 4; 13.6.3; bv. Herkules, Henog ea). In Babilonië was die gedagte van ‘n persoonlike opstanding vir mense uit die dood, afwesig.

Die wêreldbeeld van daardie tyd is vandag vir ons ook bekend en dit toon duidelike ooreenkomste met die drieverdieping-wêreldbeeld (vgl. West:81-83) van antieke-Israel (c. 2 000 v.C.) met die hemelkoepel bo (Jes.51) die plat aarde in die middel op pilare (Ps.18) en die water (Gen.6) en onderwêreld of doderyk onder die aarde (vgl. Job.9, Job 10:1-22; Spr.15).

Mense sou die gode op bergtoppe en in hoë torings en tempels kon ontmoet in hierdie lewe, (vgl. Die toring van Babel in Gen.11; en Moses op Sinai Eks.19) maar nie in ‘n lewe hierna nie. Dit is noodsaaklik om te besef dat hier nog geen sprake van ‘n skeiding in die hiernamaals is nie. Dooies gaan dus nie op na die hemel nie, maar almal gaan áf, verder van die gode of van God af weg, na dieselfde onderwêreld. Dit is totaal anders as by Egipte waar magtige piramide grafte gebou is, juis sodat die oorledene se siel tot bo in die hemel by die gode kon kom.

Alhoewel ons nog geen skeiding tussen ‘n hemel en hel hier aantref nie, is dit tog merkwaardig dat ons hier van die oudste skriftelike verwysings na duiwels aantref (c. 2 700 v.C.). Dit kom uit dieselfde tyd as die verwysings by die Hindoes (3 000 - 1 500 v.C.) en Egiptenare (1 900 v.C.). Dit is egter in Elam (ouer-Persië, vandag Iran) waar die Zoroastrisme (1 200 v.C.) later die grootste ontwikkeling van gedagtes rondom die duiwel gebring het. Dit is noodsaaklik om raak te sien dat dieselfde mense wat begin skryf het oor gode, ook oor duiwels geskryf het.

Ooreenkomste bestaan dus oor die doderyk, die neerdaal na die onderwêreld, die drieverdieping-wêreldbeeld, asook die opstanding vir gode. Verdere treffende ooreenkomste tussen die geloof van Babilonië en sy bure word ten slotte uitgelig.

Die Babiloniërs het geglo dat koning Gilgamesj twee-derde god en een-derde mens was en hulle het hom bewonder vir sy soeke na die ewige lewe, waarin hulle sou deel. Utnapisjtim, wat herinner aan die Bybelse Noag, was in die verhaal die enigste mens wat onsterflikheid verkry het. Ooreenkomste met Bybelverhale sluit die volgende in: die boom van die tuin, die slang, verskriklike demone, die eerste man en vrou, asook die wet van Hammurabi en Moses.

Die Ander-Wêreld, die Eiland-Paradys waar net Utnapisjtim kon gaan woon het, toon duidelike ooreenkomste met die Griekse “Eiland-van die Geseëndes.” Volgens die Babiloniërs moes alle ander mense egter na die Onderwêreld gaan.

Die volgende hoofstuk is van besondere belang. Daarin word die verdere spore van die Joods-Christelike tradisie van die lewe na die dood gevolg. Dit handel oor die invloedryke Zoroastrisme van die magtige Persiese ryk.

# HOOFSTUK 9 DIE ZOROASTRISME VAN PERSIË
# DIE HUIS VAN DIE LEUEN OF DIE SONVERLIGTE PARADYS

## 9.1. INLEIDING

Voltaire het al in 1772 gesê dat die duiwel en die hel van die Perse af kom en nie van die Jode af nie (vgl. Hoofstuk 1; Turner 1993:158 ev.). Maar is dit heeltemal korrek? In Hoofstuk 5 oor die vroeë Hindoeïsme het ons aangetoon dat die vroegste geskrifte oor 'n hemel en hel eintlik by húlle voorkom. Wanneer 'n mens egter die literatuur van Persië bestudeer word jy wel beïndruk deur die opvallende ooreenkomste met die intertestamentêre Joodse geskrifte en die Nuwe Testament. Voltaire was reg dat die spoor terugloop na die Perse, maar ons sien vandag dat dit nie in Iran stop nie. Hierdie spore loop baie ver terug tot by die vroeë Hindoeïsme in Indië. Hieronder word aangetoon waarom die Persiese profeet Zoroaster, by sommige as die wêreld se eerste profeet bekendstaan. Zoroaster se oortuigings is van kardinale belang vir hierdie studie.



Voorstelling van
Ahura Mazdah
Die Alwyse Here,
die songod
met vlerke
(Iyer :6 en
Hinnells:89,82,85)

'n Belangrike vraag wat ons in hierdie navorsing ondersoek is: Bestaan daar 'n duidelike lyn tussen die geskrifte van die vroeë Hindoeïsme , die Zoroastrisme en die Bybel, met betrekking tot die lewe na die dood?

Die godsdiens van die profeet Zoroaster is dus vir die doel van hierdie studie van besondere belang. In 'n sekere sin vorm dit een van die kernpunte van hierdie navorsing, want in die vorige hoofstukke en die hoofstukke hierna word deurlopend spesifiek na Zoroastrisme verwys. Hiermee saam word die belang van Mithradiens, wat vloei uit Hindoeïsme en Zoroastrisme ook ondersoek.

"Because relatively few scholars outside the field know much of Zoroastrianism it is virtually always necessary to introduce the religion to the community" (Hinnells 2000:1). Dit is ook my belewenis. In Afrikaans bestaan daar bitter min boeke waarin direk na Zoroastrisme verwys word! Die enkele verwysings wat daar wel bestaan, is voorheen hoofsaaklik tot teoloë se voetnotas en opmerkings tussen hakies beperk (vgl. Heyns 1981:173; du Toit 1997:par.1342 LLS en du Toit 2000:21).

Om oor die hel opsigself te dink is al verskriklik moeilik, "waarskynlik die moeilikste onderwerp in die Christelike geloof om oor te skryf," want "dit is sonder meer die grootste probleem in die Christelike geloof" (König 1991:228; 2001:186). Om nou in hierdie studie boonop saam met die hel gekonfronteer te word met die Zoroastrisme wat vir baie van ons tot nou toe 'n onbekende godsdiens was, en om die verband met die Joods-Christelike tradisie te ondersoek, vat geweldig baie van 'n mens. Baie kies 'n vinnige uitweg en maak dit gou-gou af, stoot dit uit hulle gedagtes, of laat vaar hulle geloof. Na al die navorsing skryf ek dus steeds versigtig oor hierdie sake en probeer om dit so sensitief en met groot verantwoordelikheid te hanteer.

## 9.2. ZOROASTER : "VROEË PROFEET IN WÊRELDRELIGIE"

Die Persiese naam van hierdie merkwaardige profeet is Zarathustra, ook gespel Zarathoestra of Saratustra. In die Avesta is sy naam Zarathusthra en in Middel-Persies Zaratusht of Zardusht. (Oosthuizen 1978:220 ev.). Ek was bevoorreg om 'n persoonlike onderhoud oor Zoroaster met D. Luri van Iran te voer (op video beskikbaar, 2003). Hulle vier nog elke jaar kulturele feeste as nakomelinge van Zoroaster! Hy het die hoofsake van wat in hierdie hoofstuk staan tydens ons onderhoud bevestig. Zoroaster het baie klem gelê op god se lig wat skyn, en Luri sê dat die naam Zoroaster juis dui op die helder lig wat vanaf 'n ryp koringland weerkaats.

Zoroaster is ‘n vergriekste vorm van die naam en word algemeen gebruik. Hy het weer in ons vorige eeu 'n mate van algemene bekendheid verwerf met Nietzsche se werk *Thus spoke Zarathustra / Also sag Zarathustra* (1883-92) waarin 'the Ugliest Man' verduidelik dat hy God móés vermoor, omdat God baie stip kyk en alles in detail raaksien wat die mens verkeerd doen (Smit 1985:31).

"Die verhaal van Zoroastrisme begin in die derde millenium v.C. met die Indo-Europeërs" (Hinnells 1989:80).



'n Voorstelling van Zoroaster,
"die wêreld se eerste profeet"
(Images of Zoroaster @
Temple of Zoroaster)

Natuurlike magte het aanvanklik 'n oorheersende groot rol in hierdie mense se godsdiens gespeel. "Die religie van die Indo-Iranese voorsien die agtergrond vir Zoroastrisme soos die antieke Israelse religie dit vir die Christendom doen. Die gewone mense het nie eintlik 'n werklike hoop op die lewe na die dood gehad nie: die sonverligte paradys was slegs vir mense met mag en rykdom, vir priesters en prinse" (:80; vgl. Pfeiffer, Vos 1967).

Boyce (1992:27-45) het uitstaande navorsing gedoen oor Zoroaster en sy lering volgens die Ou- en Nuwe Avesta. Uit die geskrifte en argeologie wys Boyce op sekere aanduidings wat ons help om die leeftyd van Zoroaster met meer sekerheid te bepaal. "The possible chronological limits thus appear to be c.1 500 -c.1 200; and a date at the lower limit, i.e. around 1 200, seems the most reasonable one to postulate, since it is reconcilable with all the known data and does not assume too huge a temporal gap between the Old and the Young Avesta" (Boyce:45).

John Hinnells, 'n kundige wat ook 'n indrukwekkende reeks werke oor Zoroastrisme die lig laat sien het, bevestig bogenoemde en bevind dat Zoroaster selfs nog vroeër, tussen 1 700 - 1 400


v.C. geplaas kan word (Hinnells 1984:361 en 1989:80). 'n Gemiddeld tussen Boyce en Hinnells se daterings vir Zoroaster se geboorte bring ons by ongeveer 1 450 v.C.

“Dit beteken dat Zoroaster gelewe het toe Persië uit die steentydperk verrys het. Dit maak hom dus die eerste van die groot profete van die wêreldreligieë” (Hinnells 1984:361 en 1989:80-81). Sy godsdiens word gevestig en uitgebrei in die vroeë bronstydperk. Hy was 'n priester, Zaotor en word ook 'n profeet genoem, aangesien hy oortuig was dat hy "die roeping ontvang" het van die god Ahura Mazdãh, om as sy "spreekbuis" op te tree (Oosthuizen:224 en bv. Yasna 45:3). (Moses het ongeveer in dieselfde tyd as profeet begin optree, indien die datum vir die uittog uit Egipte op ongeveer 1 250 v.C. aanvaar word, vgl. Vosloo en van Rensburg 1993:i).


Zoroaster het geglo dat hy God gesien het. Hy het bekend gestaan as vriend van God en vriend van die waarheid (Yasna 43.8; Yasna 50:6). Sy boodskap is eers verwerp en hy is fisies aangeval, sy eie stam het hom verdryf, maar later het sy leerstellings deur die hele Persiese ryk (vgl. Ester 1:1; van Zyl, Aharoni en Avi-Yonah 1979:168) en wyer beroemd geword (American H.D:1991). Volgens tradisie het Zoroaster tragies aan sy einde gekom toe hy vermoor is terwyl hy by die altaar aanbid het (Oosthuizen:224 en Hinnells 1984:361-2 ). "This new religion that had been founded by Zoroaster, spread rapidly during his lifetime" (Columbia C.E: 1991). Die leerstellings van Zoroaster is as amptelike godsdiens van sy gebied ingestel (Hinnells 1984:361-2; 1989:81 en Oosthuizen :222-224; vgl. Boyce:27-45; Pfeiffer en Vos:LLS). Zoroastrisme het wyd versprei en is eeue later tot staatsgodsdiens van Persië verhef. Vir 1 000 jaar was die Persiese ryk een van die grootste wêreldryke ooit.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die Zoroastrisme die godsdiens van die bekende Persiese konings was soos Kores en Darius "die Mediër" (Arendzen 2000:17; Hinnells 1989:83 ev; Oosthuizen:221). Dit is algemeen bekend watter groot positiewe rol hierdie wêreldheersers in Israel se geskiedenis gespeel het in die bevryding uit die Babiloniese ballingskap (vgl. 2 Kron.36; Esra 4–6; Jes.45-47; Daniël 6, 9 en 10; vgl. Burden 1989:962 ev; Dreyer 1989:515; Prinsloo 1993:1028 ev; Vosloo en van Rensburg:1224). Uit die navorsing blyk genoeg rede om te aanvaar dat die Zoroastrisme sedert die ballingskap ‘n beduidende invloed op die geloofsoortuigings van Israel gehad het (Hinnells 2000:1, 86; Hooker 1999: www.wsu.edu: 8080; Pfeiffer en Vos 1967: LLS). Dit word ook aanvaar dat die sterrekykers (magiërs; "wyse

manne") uit die Ooste, wat volgens die Matteus-evangelie vir Jesus Christus besoek het, volgelinge van die Zoroastrisme was (Hinnells 1989:83; Pfeiffer en Vos, 1967:LLS).



Die Silinder van Kores waarop die geskiedenis geskryf is van Persië se oorwinning oor Babilon. (Foto Jona Lendering, R.J. van der Spek's Amélie Kuhrt's, London British Museum, http://www. The britishmuseum.ac.uk, en http://www.Livius.org/home.html en Tenney:193)



Die Behistun Rots in "The Stone Tablets of Cyrus and Darius, Cyrus the Great - 2,5OO years ago - Persian Empire" (by http:// www. crystalinks.com/ cyrustablets.html en Tenney:273)

**9.3 BRONNE VAN DIE ZOROASTRISME**

Die Avesta is die nasionale godsdienstige tekste van Zoroastrisme. Zoroaster en later ook sy volgelinge, is aan vervolging blootgestel. Groot dele van die oorspronklike Avesta het daardeur verlore gegaan. Sommige geskrifte is bevooroordeeld en fragmentaries van aard.



"Human-headed winged bull" (http://www-oi.uchicago.edu/OI/MUS/High, Iraq: Khorsabad Palace, Neo-Assyrian Period, 721-705 B.C. en The Metropolitan Museum of Art, http// www. bible-history.com /ancient_art /assyria 2001; http.//www.metmuseum.org; © 2000–2003 The Metropolitan Museum of Art; en vgl.voor in 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel).

Die Avesta tekste is mondelings oorgelewer en sedert die 7de eeu v.C. as 'n geskrewe kanon saamgevoeg en geredigeer (Oosthuizen:222 en Hinnells,1989:85). Die Avesta soos dit bewaar gebly het, bevat vyf verskillende bundels naamlik die Yasna, Yashts, Visprat, Videvdat en Chirda Avesta.

Die Gathas in die Yasna ("offerande") is 'n versameling van liturgiese tekste wat by die hoofdiens gebruik word. "Zoroastriste glo dat hulle profeet die een is wat deur God gekies is as die een aan wie hy sy unieke openbaring bekend wou maak. Dit is vervat in sewentien liedere, naamlik die Gathas. Uit die aard van die saak het die profeet baie meer leringe as dit gehad, maar al wat behoue gebly het, was 'n gedeelte gegiet in versvorm om die memorisering van die woorde te vergemaklik in 'n tyd voor die skryfkuns bekend was. Hierdie liedere is nou die sentrale gedeelte van 'n belangrike handeling van aanbidding (yasna)" (Hinnells 1989:81). Van die 72 liedere word die sogenaamde Gathas deur die navorsers wat ek geraadpleeg het, aan Zoroaster self toegeskryf (Byvoorbeeld Zaehner 1956:13). Dit is die belangrikste bundel liedere in die Yasna en bestaan uit hoofstukke 28-34, 43-51 en 53.

Ander belangrike dele van die Avesta is die Yashts , ‘n versameling van 22 liedere wat elk aan afsonderlike gode gewy is, die Visprat - die aanroeping van “Alle Here” en Videvdat - “die wet teen demone". Die Hadôcht Nask Avestas se laaste twee hoofstukke is belangrik, omdat dit die lotgevalle van die mens na die dood beskryf.

Die Bundahishn, “fondament”, bevat ‘n omvattende beskouing oor die ontstaan van die heelal en kosmologie; en die Brahman Yasht, ‘n apokalips waarin die wêreld en die eeue van die wêreld beskryf word deur ‘n beeld van ‘n boom met vier takke. Die wêreldgeskiedenis verloop hiervolgens in tydperke van 1000 jaar.

Parrinder (:35) Boyce (:58) Masumian (1996:17) en ander wys ook op die baie groot ooreenkomste tussen die Hindoes se Rig-Veda uit Indië en die heilige Gatha- boeke van Zoroastrisme, wat bietjie later in Persië verskyn het (Sien Hoofstuk 5 oor die Hindoeïsme).

## 9.4 BELANGRIKE LEERSTELLINGS VAN DIE ZOROASTRISME

Aangrypende ooreenkomste tree na vore tussen die Hindoeïsme, Zoroastrisme en die Bybel. Dit blyk duidelik uit die geskrifte dat daar ten spyte van baie verskille (Hinnells, 2000:10) tog wat die kernwaarhede betref, belangrike ooreenkomste is. Dit sluit perspektiewe in oor God, die Verlosser en die lewe na die dood. Ahura Mazdãh is “die Alwyse Here” die hemelgod volgens Zoroaster. Hy het eers panteïstiese trekke gehad, maar word in die Avesta die opperskepper. Die oorspronklike pantheon van Iran is min of meer dieselfde as die algemene Indo-Iranese een (vgl. Boyce:59). Ahura Mazdãh, die goeie gees ( spenta mainya ) is later tydens die Middel-Persiese tyd ook Ohrmazd of Ormuzd genoem. Toe daar beelde ingevoer is, is hy voorgestel as ‘n gevleuelde son-diskus (Deist 1998:1; Hinnells 1989:82, 85; Oosthuizen:225).

### 9.4.1 DUALISME EN OORLOG TUSSEN DIE WAARHEID EN DIE LEUEN

Zoroaster was die eerste profeet waarvan ons weet wat die stryd tussen goed en kwaad geïdentifiseer het en dit as 'n voortgaande kosmiese oorlog beskryf het. Ahura Mazdãh en Angra Mainya, god en die duiwel staan teenoor mekaar en is in 'n geweldige stryd gewikkel saam met almal wat aan god of die duiwel se kant is. Zoroaster het god beskryf as die Wyse Heer en die mees Heilige Gees.

Zoroaster trek duidelike lyne: aan sy goeie kant is die Waarheid en Geregtigheid-en-Orde (Asha) en aan die ander kwade-kant, die Leuen en bose magte (Druj). Zoroaster se mense was veeboere wat gedurig wreed aangeval is. Hy en sy mense verteenwoordig volgens hom die Waarheid en Geregtigheid en die misdadigers wat hulle aangeval en sy mense vermoor het, is verteenwoordigers van die Leuen. Die teenstelling en stryd tussen god (Ahura Mazdãh) en die duiwel (Angra Mainya of Ahriman) asook die stryd tussen goed en kwaad is deur Zoroaster vir die eerste keer (sover bekend) in die wêreldgodsdienste tot ‘n hoër kosmiese vlak verhef (Yasna 30:3-5; Oosthuizen:228). Hierdie uiteensetting vorm die onmisbare agtergrond vir Zoroaster se leer oor die mens se lewe na die dood.



'n Voorstelling van engele (Iyer:6 en vgl. Hinnells:89,82,85)



'n Voorstelling van die demoon Pazuzu
(Tenney 1963:213 en Oriental Institute, University of Chicago http://www-oi.uchicago.edu/01/mus/ HIGH/OIM_A25413.html 1997)

“Die mens se eie vrye keuse is deurslaggewend vir sy eindbestemming” (Oosthuizen:229). Vir Zoroaster is die bose gees deur keuse boos en nie so geskape nie. Die skepping is die vangnet waarin die duiwel uiteindelik vasgevang sal word. Die mens is in die voorste linie van die stryd tot die einde. Een van die uitstaande kenmerke van die "godsdiens van Zarathoestra", is dus die ontwikkeling van "die dualistiese teorie" dat God en die Bose albei ewig is en teenoor mekaar staan. Goed en kwaad is in ‘n ewige stryd. Elemente van die teorie is in lyn met die Bybel, maar aan die een kant "gee dit aan die mens se sonde ‘n metafisiese verontskuldiging terwyl ernstig te kort aan Gods heerskappy gedoen word" (Heyns,1981:174).

Die Jode het veral tydens die ballingskap in Babilonië, eerstehands kennisgemaak met hulle "omringende volke se gedagte van 'n groot stryd tussen sekere gode" (König 2001:80, 242 ev; West 1981:81, 479). Na die ballingskap ontwikkel by Israel die gedagte verder dat die duiwel God se groot teenstander is, ...en die "monisme" van die vroeëre Ou Testament word vervang met 'n "dualisme" wat op die voorgrond tree in die Nuwe Testament (vgl. du Toit 2000:22; de Villiers 1987:116 ev; König 1991:224).

“Hierdie buite-Bybelse voorstelling van twee gode, wat ‘n ontologiese en etiese dualisme op alle vlakke van die werklikheid meegebring het, het op die vroeë Christendom en veral die gnostiek, Marcion en ook op die Manicheïsme ‘n groot invloed uitgeoefen. Selfs Augustinus was vir ‘n tydlank van lg. ‘n entoesiastiese aanhanger” (Heyns:173).

### 9.4.2 SKEIDING HIERNA : EWIGE HELSE STRAF OF HEMELSE BELONING

Alhoewel dit uit die vorige paragrawe duidelik blyk dat die oortuigings met betrekking tot die hiernamaals nie losgemaak kan word van die res van Zoroastrisme nie, word dit nou spesiaal uitgelig. Dit vorm alles deel van Zoroaster se kernleerstuk, naamlik sy boodskap oor die lewe na die dood (Oosthuizen:231).

Soos met elke profeet, reflekteer die leringe van Zoroaster die milieu waarin hy gewerk het. Hierbo is reeds aangetoon dat hy werk teen die agtergrond van die tradisionele Indo-Iranese godsdiens en die Hindoeïsme. Sy geskrifte en vertellinge bevat beskrywings wat tiperend is van die vroeë bronstydperk, byvoorbeeld hulle nomadiese boerdery, perde en strydwaens, die onreg van moorddadige plunderbendes, asook 'n eindoordeel waar onregverdiges vir ewig in die hel - 'n

meer of poel van gesmelte metaal - gestraf sal word (Yasna 30, 43, 46, 51 ea; Mills:1908:45-48; vergelyk dit ook met Openb. 20:15).

"Among the proto-Indo-Iranians there seems to have been natural joy in this life and unmitigated regret at departing it, with a general dread of the hereafter. Like other Indo-European peoples, they thought of the spirits of the dead as existing joylessly in a dark underworld... But some time before the Iranians and Indo-Aryans evolved their separate identities a new hope became nurtured that some - probably the great men of the tribe and those offering the most sacrifices - might escape this dreary fate, their spirits ascending instead to the bright realm of the gods. The rite of burial was apparently linked with the old belief in a subterranean fate, those of cremation and exposure with the new hope of bliss on high" (Boyce:58). [Laat in die Ou Testament sien ons dat die eerste tekens van 'n opstanding volgens sommige aanvanklik ook betrekking het op sekere uitstaande lede van God se volk vgl. Redditt :191 oor Dan. 12:2, by 11.5.2. "Hier is egter nog nie van 'n algemene opstanding sprake nie; baie sal opstaan" (König 1991:212)]. “The Vedic evidence shows that with this hope went belief in resurrection of the body...” (Boyce:58). Zoroaster het teen hierdie agtergrond die roeping beleef om god se koninkryk van geregtigheid op aarde te vestig en duidelik te leer dat daar 'n lewe hierna is.

Zoroastrisme bied van die vroegste geskrifte van die mens wat die geloof weerspieël dat daar 'n hel as bose teenpool vir god se hemel is. Van die begin af het die demone in hulle hel regeer en hieruit in opstand teen die god van die hemel en sy engele gekom (Hinnells 1989:82 en Yasna 32 en Yasna 45).

Meer nog, in lyn met die Hindoeïsme tref ons by Zoroaster van die mens se heel vroegste getuienis aan dat mense sal lewe na die dood en self na een van hierdie twee plekke sal gaan, daar waar god is of na waar die demone is. Dit behels 'n permanente skeiding tussen regverdige en onregverdige mense in die hiernamaals (Yasna 30, 32, 46 ea. hieronder).

"The Day of Judgment, or rather "a day of judgment"; for, as this feature occurs in Daniel, it was primarily judgment upon the Beast (see Dan. vii. 9-14) who had persecuted the saints; see it supplemented by Revelations where the same original motive of vengeance is present, but where the act itself is represented as universal upon an assembled and risen mankind. So far as imagery is concerned, the Zoroastrian pales before its sequent, though Zoroastrianism shows a superior

refinement and depth in one supreme particular; for not only does it concern itself more immediately and chiefly with the moral accountability and the future state than other systems of its date, but it offers the first well-certified occurrence of the great and crucial doctrine of Subjective Recompense the idea that "virtue is its own reward, and vice its own punishment"; see below. …Subjective recompense was also not of course the whole of the Zoroastrian Heaven and Hell; but it was the soul of them, - and this might be said to be almost the crowning glory of this entire scheme, curious as such a statement may at first sight of it appear to some of us to be." (Mills:45). Mills toon tereg die eerste tekens aan dat goeie dade en slegte dade sal lei tot onderskeidelik seën en straf in die hiernamaals en dat daar beperkte ooreenkomste is met byvoorbeeld Daniël en Openbaring.

Alhoewel sommige geleerdes in die verlede (vgl. Charles 1963:132) die invloed van Zoroastrisme op byvoorbeeld Jesaja 26 bevraagteken het, sien ons dat daar vroeg reeds groot eenstemmigheid bestaan daaroor dat Zoroastrisme wel bostaande tekste in Daniël beïnvloed het (Charles:133; Hinnells, 2000: 45 ev; vgl. 11.5.1 en 11.5.2).

"There are several points in common between Daniel's doctrine of the resurrection and that in Mazdeism. Thus - (i.) both alike teach a resurrection of the righteous and the wicked; and (ii.) both alike combine it with the final judgment. Since there are some other points of contact between the eschatologies of the two, it is not impossible that we have here traces of the influence of the Mazdean religion. On the other hand, we must recognise that certain differences exist. Thus the resurrection in Daniel is not extended to all Israelites, but is limited to the martyrs and the apostates, whereas in Mazdeism it is absolutely universal. Again in Daniel, Sheol - the intermediate abode of the saints and apostates - preserves its ancient godless character, whereas in Mazdeism the intermediate abode of the souls of the righteous and of the wicked are respectively heaven and hell. Finally, in Daniel the final judgment is at the beginning of the Messianic kingdom, in Mazdeism at its close. Thus even in Daniel's eschatology the influence of Mazdeism was, on the most favourable assumption, but slight. We conclude, therefore, that though Mazdeism may have exerted some influence in shaping the mechanical doctrine of the resurrection in Daniel, the evidence is wholly against the assumption of any such influence on the spiritual doctrine of the resurrection as taught by Is. xxvi." (Charles:139-141).

Dit is van kardinale belang om op te let dat die paar verskille tussen Zoroastrisme en dié Ou Testament tekste wat Charles hierbo uitlig, juis punte van verdere ooreenkomste met die latere Nuwe Testament is, as gevolg van Zoroastrisme se verdere invloed.

Een van Hinnells (2000:79) se waardevolle bydraes tot die debat lê juis hier. Hy toon aan dat soveel Nuwe Testamentici graag klem lê op die dogmatiese kontinuïteit tussen die Hebreeuse Bybel en die Nuwe Testament dat die diskontinuïteit nie tot sy reg kom nie. Die kontinuïteit tussen Zoroastrisme, sekere Ou Testament-tekste en die Nuwe Testament aan die ander kant, kry heeltemal te mín aandag by Nuwe Testamentici. Die voorbeelde wat hy noem om Zoroastrisme se invloed in hierdie verband uit te lig, handel veral oor die geweldige klem wat Markus gee aan die stryd en oorwinning oor die bose met Jesus se koms. Dit dui op 'n reuse sprong tussen Ou- en Nuwe Testament, maar is weer tipies van Zoroastrisme. (Sien ook Hoofstuk 12 oor die intertestamentêre geskrifte).


Zoroaster skryf soos volg oor die skeiding in die hiernamaals in sy Yasnas (Y): "…0 Ahura Mazda, when I beheld Thee as supreme in the generation of life; when as rewarding deeds and words Thou didst establish evil for the evil, blest rewardings for the good by Thy just virtue in the creation's final change" (Y. XLIII, 4). "In another key of rhythm in the Gatha Ahunavaiti we have: "Then those Spirits created as first they two come together life and our death decreeing, and how the world at the last shall be (ordered). For the Evil (as Hell) the worst life, but for the Holy the Best Mental (state)." (Y. XXX, 4) and (8): "Then when Vengeance comes, Vengeance just upon the wretches...." (10) "There on the Host of the Druj the blow of destruction descendeth, but swiftest in the abode of the good Mind gather the righteous; with Mazda and Asha they dwell, advancing in their good fame." And "When long is the wound (pain) of the wicked and blessings the lot of the saint" (hereafter) (Y. XXX, II = 2). "And what debts are paid in justice for the offering of the Holy. What is the wicked's debt, and their portion what in the Judgment?" (Y. XXXI, 17). "He who deceives the saint for him shall at last be destruction - long life in the darkness his lot, vile his food, with revilings loathsome; -These be your world, 0 ye foul. By your deeds your own soul will bring it" (Y. XXXI, 21). "What satisfaction thou shalt give through Thy red flame, O Mazda, give as a sign through the melted bronze [through the lake of fire] for both the worlds, [see verse 6] as an indication [or "implement"] for the wounding of the faithless and the prospering of the saint" (Y.LI). These may suffice as expressions from the old Avesta, the Gathas" (Mills:46-48 en Duchesne-Guillemin, 1952:20 ev.).

"Zoroaster promised a share of the glory of the final victory over evil to all those who fought on the side of the Wise Lord. The final destiny of human beings would be decided in an individual judgment after death, and at the universal judgment after resurrection. The righteous would go to heaven, the evil to hell. "Zoroaster was the first prophet in history to teach belief in two judgments, heaven, hell, and the resurrection of the body" (Masumian, 1996:16).

Die volgende gedagtes is dus absoluut uitstaande in Zoroastrisme: Verdiende loon, persoonlike vergelding , onderwerping aan god en sy twee oordele, god wat regverdig oordeel volgens elke mens se eie goeie en slegte dade en hulle dan na die liggaamlike opstanding ewig in die hemel of hel seën of straf.  Die mens moet onsterflikheid verdien deur goeie werke! (vgl. Iyer,1983:30-31)

So het Zoroaster in Yasna 30:10-11 gesê: "10. Then truly on the (world of) Lie shall come the destruction of delight; but they who get themselves good name shall be partakers in the promised reward in the fair abode of Good Thought, of Mazda, and of Right.  11. If, O ye mortals, ye mark those commandments which Mazda hath ordained  of happiness and pain, the long punishment for the follower of the Druj, and blessings for the followers of the Right - then hereafter shall it be well."

Yasna 30




Die nuwe vertaling van Yasna 30:7-11 (Duchesne-Guillemin:107) lees soos volg: "7 And to him came Devotion, together with Dominion, Good Mind and Righteousness: She gave endurance of body and the breath of life, That he may be thine apart from them, As the first by the retributions through metal. 8 And when their punishment shall come to these sinners, Then, 0 Wise One, shall thy Dominion, with the Good Mind, Be granted to those who have delivered Evil into the hands of  Righteousness, 0 Lord! 9 And may we be those that renew this existence! 0 Wise One, and you other Lords, and Righteousness, bring your alliance, That thoughts may gather where wisdom is faint. 10 Then shall Evil cease to flourish, while those who have acquired good fame Shall reap the promised reward. In the blessed dwelling of the Good Mind, of the Wise One, and

of Righteousness. 11 If you, 0 men, understand the commandments which the Wise One has given, Well-being and suffering - long torment for the wicked and  All shall hereafter be for the best."

Yasna 32: "2. To them Mazda Ahura, who is united with Good Thought, and is in good fellowship with glorious Right, through Dominion, made reply: We make choice of your holy good Piety - may it be ours. 3. (Zarathushtra) - But ye, ye Daevas all, and he that highly honors you, are the seed of Bad Thought – yes , and of the Lie and of Arrogance , likewise your deeds, whereby ye have long been known in the seventh region of the earth."

Yasna 32



En Yasna 46:11 "By their dominion the Karapans (Karps) and the Kavis accustomed mankind to evil actions, so as to destroy Life. Their own soul and their own self shall torment them when they come where the Bridge of the Separator is, to all time dwellers in the House of the Lie. " (Mills:47; Sien verdere bespreking van  Yasna 46 hieronder). Yasna 45:1  Never shall the  false Teacher destroy the Second Life, the Liar, in perversion by his tongue into evil belief…" (:47).

Yasna 32:5 "I will speak of that which (he), the Holiest declared to me as the word that is best for mortals to obey; while he said: "they who for my sake render him obedience, shall all attain unto Welfare and Immortality by the actions of the Good Spirit" - (he) Mazda Ahura. 6. I will speak of him who is the greatest of all, praising him, O Right, who is bounteous to all that live. By the holy spirit let Mazda Ahura hearken, in whose Adoration I have been instructed by Good Thought. By his wisdom let him teach me what is best."

Yasna 45 :7 "Even he whose two awards, whereof he ordains, men shall attain, who so are living or have been or shall be. In immortality shall the soul of the righteous be joyful, in perpetuity shall be the torment of Liars. All this doth Mazda Ahura appoint by his Dominion.  8. Him thou

shouldst seek." Die nuwe vertaling van vers 7 (Duchesne-Guillemin :95) lees soos volg: "He who gives salvation or perdition To those who are living or have been or shall be: The soul of the righteous rewarded with Immortality, Everlasting torments for the wicked (Of these torments also is the Wise Lord the creator, through his Dominion.).

Yasna 32; 45; en 46 is voorbeelde waar ons sekere ooreenkomste sien met die straf op leuens en ander sonde volgens die Nuwe Testament, vergelyk Openbaring 21:8: “Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.” Die goeie sal dus beloon word met heerlike onsterflikheid en die bose en kwade sal vir ewig gestraf word. By die Egiptenare, Hindoes en hier by Zoroaster vind ons van die vroegste geskrifte wat dui op die ewige lewe self. (Sien ook Yasna 33:8, 34:1 en 44:17). Eeue later kry ons dieselfde gedagtes in Joodse geskrifte en Bybelgedeeltes oor byvoorbeeld die volgende belangrike sake: skeiding (Joh.3:19), ewige lewe (Joh.3:16 ev.) en straf wat vir altyd sal duur (Dan. 12:2, Matt. 25 en 2 Tes. 1:9).

### 9.4.3 DIE HEL: HUIS VAN DIE LEUEN EN DIE POEL VAN VUUR

In die bostaande paragrawe is aangetoon hoe ernstig Zoroaster teen leuens gewaarsku het en watter prominente rol dit speel by die oordeel en straf in die lewe hierna (vgl. bv. Openb. 21:8).

Ons lees byvoorbeeld verder in Yasna 32:4-10 nie net van die ewige lewe nie, maar ook van die ewige straf in die vuurpoel van gesmelte metaal: "4. For ye have brought it to pass that men who do the worst things shall be called beloved of the Daevas, separating themselves from Good Thought, departing from the will of Mazda Ahura and from Right. 5. Thereby ye defrauded mankind of happy life and immortality, by the deed which he and the Bad Spirit together with Bad Thought and Bad Word taught you, ye Daevas and the Liars, so as to ruin (mankind). 6. The many sins by which he has succeeded in being famous whether by these it shall be thus, this Thou Knowest by the Best Thought, O Ahura, Thou who art mindful of each person's deserts. In Thy Dominion, O Mazda, and that of Asha, shall your decision thereon be observed. 7. None of these sins will the understanding commit, in eagerness to attain the blessing that shall be proclaimed, we know, through the glowing metal - sins the issue of which, O Ahura Mazda, Thou knowest best. 8. Among these sinners, we know, Yima was included, Vivanghen's son,

who desiring to satisfy men gave our people flesh of the ox to eat. From these shall I be separated by Thee, O Mazda, at last. 9. The teacher of evil destroys the lore, he by his teaching destroys the design of life, he prevents the possession of Good Thought from being prized. These words of my spirit I wail unto you, O Mazda, and to the Right. 10. He it is that destroys, who declares that the Ox and the Sun are the worst things to behold with the eyes, and hath made the pious into liars, and desolates the pastures and lifts his weapon against the righteous man."

En Yasna 46:7: "Whom, O Mazda, can one appoint as protector for one like me, when the Liar sets himself to injure me, other than Thy Fire and Thy Thought, through actions of which twain the Right will come to maturity, O Ahura? In this lore do thou instruct my very self."

Yasna 46:10-11 se harde woorde wys op die onregverdige se ewige verblyf in die Huis van die Leuen as straf: "…Their own soul and their own self shall torment them when they come where the Bridge of the Separator is, to all time dwellers in the House of the Lie."

"Thus, evil souls will dwell in hell forever. …In this place, evil souls will forever suffer "alone" (Yasna 46:10-11, Masumian:19).

Duchesne-Guillemin (1952:79-81) se vertaling van Yasna 46:10-14 bevestig bogenoemde en lees soos volg: "10. Whoever, man or woman, 0 Wise Lord, Shall give me what thou knowest is the best of this existence, - To wit: reward for Righteousness and the Dominion (?) with (?) the Good Mind - And all those whom I shall induce to worship such as you, With all those will I cross the Bridge of the Separator! 11. The sacrificers and the sorcerer princes Have subdued mankind to the yoke of their Dominion, To destroy existence through evil deeds: They shall be tortured by their own soul and their own conscience, When they come to the Bridge of the Separator, For ever to be inmates of the house of Evil. 12 Since among the praiseworthy grandchildren and descendants of Fryana the Turanian Men were born, through Righteousness, who prosper living things by the zeal of Devotion, The Wise Lord shall unite them to the Good Mind, To support them at the time of the fulfilment. 14 (? The Wise Lord:) 'What righteous man, 0 Zarathustra, Is thy sworn friend for the great sacrament ? Who wishes to be heard?' It is the prince Vistaspa, at the time of the decisive test. Those whom thou shalt unite with thee in one house, 0 Wise Lord, I will call them with words of Good Mind."

Bogenoemde sluit aan by die breër konteks van Yasna 45 en 49. Die mense wat aan die leuen vasgehou het sal oor die stinkende duistere afgrond gegooi word en gestraf word met ewige pyniging (Yasna 45:7, 46 ea). Die goddeloses word tot in die hel gesleep (Zaehner:131). Volgens latere Avesta en Pahlavi literatuur is dit die demoon Vizaresha wat die goddeloses hel toe sleep.

Ons lees byvoorbeeld in een vertaling van Yasna 49:11: "But these that are of an evil dominion, of evil deeds, evil words, evil Self, and evil thought, (those believing ill) Liars, the Souls go to meet them with evil food; in the House of the Lie they shall be inhabitants" (Mills 1898:49). Duchesne-Guillemin se vertaling lees kortliks as volg: "But the wicked… truly they shall be inmates of the house of evil…" en sy kommentaar dui ook op die permanensie van hierdie inwoning (Duchesne-Guillemin:78, 118, 126-131).

Die bose Angra Mainya word van die begin af met die leuen verbind en die hel word daarom beskryf as "die huis van die leuen." Die leuen is deur Zoroaster en sy volgelinge tot vandag (die Parse) gesien as die bron van alle sonde. Jesus beskryf die duiwel ook as die "vader van die leuen" (Joh. 8:44).

Zoroaster die Gathas-digter,  preek oor die groot “eindoordeel.” Hy glo dat die dag sal aanbreek waarop die koninkryk van geregtigheid gevestig sal word. Die groot “krisis” in terme van god se oordeel gaan aanbreek deur middel van vuur en gesmelte brons metaal, die sogenaamde "Frash-oker-eti" (Let op die stam 'oker',- rooigeel klei wat as kleursel met die gesmelte brons gemeng is). "For these sinners, of whom. thou well knowest, 0 Wise Lord, What they leave behind them, Let no initiate declare himself, If he desires the reward which, we know, Is assigned at the decision by the molten metal" (Yasna 32:7 en Duchesne-Guillemin:121).

Bogenoemde is voorbeelde van Zoroaster se tekste wat sterk herinner aan die Bybelse "dag van die Here" wat gereeld in die Skrif voorkom (byvoorbeeld in Klaagl. 2:1; Amos 5:18 ev; asook Matt. 25).

Die vuurpoel herinner ook aan byvoorbeeld Openbaring 19:20 ev; asook Openbaring 20: 1-3 en 14-15: "[15]As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi."

Oor Openbaring 20 skryf Hinnells (2000:83-84) oortuigend in sy nuutste boek: "A passage in the New Testament which clearly, in my opinion, owes its ultimate origins to Iran is Revelation 20:1-3, 7-8… Wikenhauser and Farrer argue that the structure of ch. 20 is based on the pattern of events in Ezekiel 35-48. That is (in my opinion) difficult to gainsay. But what this and other Biblical parallels fail to supply is a parallel to the idea of the temporary binding of the devil in the form of a serpent for a thousand years, his release and renewed assault on the creation."

Hinnells (:83-84) lig die volgende uit oor die duiwel en bostaande binding en stryd: "Precisely such a myth does occur in Iranian texts where the dragon, Azi Dahak, is said to have been bound by the ancient hero Fredun (Avestan Thraetaona) since, slaying him would have released multitudes of evil creatures such as frogs and scorpions (evil and ugly animals or reptiles are thought in Zoroastrianism to be the manifestations of the deadly and foul nature of evil). He does, however, break free from his mountain prison as the renovation, or eschaton, approaches as part of the general pattern of the final death throes of evil seeking to destroy the good creation and then he will consume one-third of mankind. R.H. Charles did note the parallels but dismissed them on the grounds that the Iranian texts date from the ninth century. He failed completely to appreciate the nature of these texts as compilations of early materials, that these passages in particular appear to be collections of very ancient myths and that the theme is alluded to in a number of such texts, not merely one. There are numerous details relating to demonology and the concept of hell in the book of Revelation which recall Zoroastrian imagery, not least 26:13 where from the evil dragon, beast and false prophet come forth foul spirits like frogs. It is too simplistic to argue as F.C. Porter does and say that the author of Revelation incorporated 'details from his sources without understanding. If one strong theme has emerged from modern Biblical scholarship it is that the New Testament writers in general structured their works and their thoughts with care and purpose. This is as true of the author of Revelation as of any."

Hinnells (:84) sluit by ander aan, ten opsigte van die parallelle tussen die Zoroastrisme en die Bybel wat hierdie aspekte aanbetref: "What I am suggesting is that in his theology the writer utilised not only Jewish traditions but also elements of the demonology common in the area, to which he was writing, and which Boyce has shown included a substantial presence of Zoroastrianism. He was, thereby, seeking to show Jesus as the conqueror of the forces of evil which both Jews and non-Jews believed to be powerfully present. This article can, obviously, make no pretence at being a complete study of the various dimensions of the subject of

Zoroastrian influence on Jewish and Christian texts. What it has sought to do is to highlight the plausibility of the theory of Zoroastrian influence specifically on Christian demonology (and the influence on some Intertestamental texts if they are not Christian). But it is not sufficient merely to accept that there was influence on beliefs in demons, for this is a crucial theological issue with many ramifications not only for the concept of the powers of evil that the saviour must overcome, but even for the concept of God himself and for the understanding of life in the world. The expansion of demonology cannot be separated from the theme of the changed cosmological dimension of eschatology which it was noted above occurred in the first centuries BCE and CE."

"Met verloop van tyd het die mense besef dat die onderwêreld ook die plek van die Bose is. Lees maar hoe die duiwels smeek dat Jesus hulle nie weer na die "onderaardse diepte" toe terugstuur nie (vgl Luk 8:31). Daarmee saam is dit ook die plek waar die siel en liggaam van almal wat Hom nie dien nie, aan vernietiging en oordeel oorgegee kan word (vgl Matt 10:28; 23:33; 2 Pet 2:4). Dit is dan ook waar die sogenaamde vuurpoel is waarvan Openbaring 19:20 en 20:14 ons vertel. Daar is ook gedink dat hierdie onderaardse diepte met al sy boosheid deur middel van 'n skag met die bowêreld verbind is. Openbaring 9:1-3 vertel juis hoe boos die effek op die wêreld was toe 'n engel die skag oopgemaak het. In die onderwêreld het die gevalle engele met die prins van die onderwêreld die botoon gevoer (vgl Matt 25:41; 2 Kor 12:7; Openb. 12:7, 9). Hierdie bose engele is daar…omdat God hulle in die onderwêreld of hel gestort het, vertel 2 Petrus 2:4 ons. Judas 6 sê dat hulle met kettings gebind is, wat juis hulle magteloosheid voor God beklemtoon" (van der Watt:1998:101).

Ook vir mense wat sondig deur byvoorbeeld "met engele te spot en lasterlike dinge kwyt te raak (2 Petrus 2:10-13 en Judas 8) wag die hel nou op almal van hulle" (Joubert 1998: 64). Die liefdevolle God van die Bybel is ook soos in Zoroastrisme heilig en regverdig. Hy oordeel en vergeld waar in liefdeloosheid volhard word, of waar Hy deur mense in ongeloof verwerp word (de Vos, 1987:165 ev; Dordtse Leerreëls.15).

Verdere ooreenkomste met Zoroastrisme in hierdie verband vind ons in byvoorbeeld Matteus 25: 30 ev: "Gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners” asook Daniël 12:2; Openbaring 14:11 en 20:10 wat die aanhoudende ewige skande, veragting en straf beklemtoon.

Dit is uiters belangrik om daarop te let dat Zoroaster ook soos die Joods-Christelike tradisie, geleer het dat die straf van die goddeloses ewig sou wees. Die gedagte van 'n vaevuur of tydelike korrektiewe straf en uiteindelike universalisme, is nie deel van sy leringe nie. Zoroaster leer hier dieselfde as die oorspronklike Hindoeïsme waaruit sy profesie ontwikkel het (Sien Hindoeïsme 5.3-4 en Zoroastrisme 9.1-2; 9.5-6; 9.6.4; 9.6.9-10; 9.6.18; 9.7 en 9.8.1). Dikwels besef diegene wat oor Zoroastrisme lees en skryf dit nie, aangesien hulle net die latere bekende ontwikkeling raaksien. Die oorspronklike lering vermeld 'n ewige straf en beloning. Oosthuizen (:231) bevestig dit: "Eers latere teologie reken die loutering van die siel deur middel van ‘n stroom van gloeiende metaal, tot gebeurtenisse wat met die laaste “heiland” (Saoshyant) saamgaan" (sien verder hieronder by Verlossers, asook Latere vaevuur en universalisme).

Die ewige straf kom volgens Zoroastrisme ooreen met die misdaad wat gepleeg is. 'n Wrede regeerder wat sy volk gemartel en verhonger het, word self in die hiernamaals gemartel en verhonger (Hinnells 1989:87). Sien ook in die volgende hoofstukke die ooreenkomste met die ewige straf in die latere Joods-Christelike geskrifte.

### 9.4.4 DIE HEMEL : HUIS VAN DIE LIED EN SONVERLIGTE PARADYS

Die boodskap van Zoroaster dat daar vir sy volgelinge van die goeie godsdiens 'n sonverligte paradys wag, straal uit al die volgende tekste:

Yasna 30 :10-11: "10. Then truly on the (world of) Lie shall come the destruction of delight; but they who get themselves good name shall be partakers in the promised reward in the fair abode of Good Thought, of Mazda, and of Right. 11. If, O ye mortals, ye mark those commandments which Mazda hath ordained - of happiness and pain, the long punishment for the follower of the Druj, and blessings for the followers of the Right - then hereafter shall it be well."

Yasna 32:2. "To them Mazda Ahura, who is united with Good Thought, and is in goodly fellowship with glorious Right, through Dominion, made reply: We make choice of your holy good Piety - may it be ours." Die eenheid en geluk in die hiernamaals by god word verder uitgebrei in Yasna 46:10-14 en die ander tekste hieronder.

Yasna 40:2 "O Ahura Mazda! Of this do Thou Thyself bestow upon us for this world and the spiritual; and now as part thereof (do Thou grant) that we may attain to fellowship with Thee, and Thy Righteousness for all duration."

Yasna 45 :7 "Even he whose two awards, whereof he ordains, men shall attain, who so are living or have been or shall be. In immortality shall the soul of the righteous be joyful."

Die regverdige word dus beloon in die hemel met “die beste bestaan vir altyd.” Dit spreek van absolute blydskap, onsterflikheid en geheelheid, verenig met die goeie denke - met god self.

Vervolgens Yasna 28:7-9 : "7. Grant, O thou Asha, the reward, the blessing of Good Thought; O Piety, give our desire to Vishtaspa and to me; O thou Mazda and King, grant that your Prophet may command a hearing. 8. The best I ask of Thee, O Best, Ahura (Lord) of one will with the Best Asha, desiring (it) for the hero Frashaostra and for those (others) to whom thou wilt give (it), (the best gift) of Good Mind through all time. 9. With these bounties, O Ahura, may we never provoke your wrath, O Mazda and Right and Best Thought, we who have been eager in bringing you songs of praise. Ye are they that are the mightiest to advance desire and the Dominion of Blessings." Die nuwe vertaling van Yasna 28:8 lees soos volg: "0 thou, the Best One, who art in accord with Best Righteousness, Of thee, 0 Lord, I beg the best part for the hero Frasaostra, For myself, for all those whom thou wilt for ever Suffer to share in the Good Mind" (Duchesne-Guillemin:89).

"The Gathas describe paradise as "the best existence," the abode of "the best thought," where the sun never ceases to shine. There, the righteous will experience eternal life, happiness, and the blessings of Ahura Mazda, the creator" (Yasna 46:10-11, Masumian:19).

Uit Yasna 46:10 ev (vgl. 9.6.10) kry ons die volgende gedagtes oor die lewe in die paradys of die huis van die wyse Heer: "the best of this existence, … reward, prosper living, unite with thee in one house O Wise Lord." In Yasna 46:12-14 brei Zoroaster uit op wat vir die regverdiges wag in die hemel: "12. When among the laudable descendants and posterity of the Turanian Fryana the Right ariseth, through activity of Piety that blesseth substance; then shall Good Thought admit them, and Mazda Ahura give them protection at the Fulfillment. 13. Who so among mortals has pleased Spitama Zarathushtra by his willingness, a man deserving of good fame, to him shall

Mazda Ahura give Life, to him shall Good Thought increase substance, him we account to be a familiar friend with your Right. 14. O Zarathushtra, what righteous man is thy friend for the great covenant? Who wills to have good fame? It is the Kava Vishtaspa at the consummation. Those whom thou wilt unite in one house with thee, these will I call with words of Good Thought."

Die nuwe vertaling van Yasna 46:12 en 14 (Duchesne-Guillemin:81) lees soos volg: "12 Since among the praiseworthy grandchildren and descendants of Fryana the Turanian Men were born, through Righteousness, who prosper living things by the zeal of Devotion, The Wise Lord shall unite them to the Good Mind, To support them at the time of the fulfilment. 14 (?The Wise Lord:) 'What righteous man, 0 Zarathustra, Is thy sworn friend for the great sacrament? Who wishes to be heard?' It is the prince Vistaspa, at the time of the decisive test. Those whom thou shalt unite with thee in one house, 0 Wise Lord, I will call them with words of Good Mind."

Die goeie gaan die paradys binne, die plek of Huis van die Lied. Die hemel word ook beskryf as die sonverligte paradys. Russel (1960:153) wys daarop dat die woord "paradys" oorspronklik van Persië kom en verwys na 'n ommuurde tuin, park of vrugteboord, wat dien as metafoor vir die hemel hierna (Louw en Nida: 5). Hier sal die regverdiges blydskap vir ewig beleef. (Opvallende parallelle kry ons in Skrifgedeeltes byvoorbeeld: Matt.8:11; Luk.23:43; Openb.2:7; 15:3; 21:11 ev.).

Zoroaster se volgelinge het uitgesien na ‘n opstanding van die liggaam aan die eindtye. Die lewe na die dood sal ‘n verlenging van die aardse lewe wees. Om dit te máák in die lewe hierna, beteken oorlewing van siel en liggaam. Daar staan in Yasht 19:18-19: “wanneer die dode opstaan sal die lewende in onverganklikheid te voorskyn kom ….” In die latere voorstellinge van die Middel-Persiese tydperk het die opstanding (vistachez) ‘n vaste deel geword van die leer oor die eindtyd. Die opstanding is in die laat Jodedom en veral in die Christelike kerk díe kardinale boodskap (Sien bv. Dan.12:2, Matt.22, Matt.27:52 ev.). Paulus beskryf die leer oor die opstanding as deurslaggewend vir ons Christelike geloof (1Kor.15:2 ev.).

### 9.4.5 DIE CHINVAT-BRUG VAN SKEIDING

Zoroaster het geleer dat daar 'n brug in die hiernamaals is waar die goeies en die slegtes van mekaar geskei word, die "brug van die een wat skeiding bring." Yasna 46:10-11 praat van hierdie brug: "By their dominion the Karapans and the Kavis accustomed mankind to evil actions, so as to destroy Life. Their own soul and their own self shall torment them when they come where the Bridge of the Separator is, to all time dwellers (guests) in the House of the Lie."

"The Gathas describe paradise as the best existence, the abode of the best thought, where the sun never ceases to shine. There, the righteous will experience eternal life, happiness, and the blessings of Ahura Mazda, the creator. Evil souls, however, find themselves unable to go beyond the center of the bridge. Their own conscience ('daena') will begin to torment them and eventually will force them to plunge to their doom… Thus, evil souls will dwell in hell forever. …In this place, evil souls will forever suffer alone" (vgl. Yasna 46:10-11; Masumian:19).

In baie godsdienste speel 'n brug, as oorgang na die lewe hierna, 'n prominente rol. Van die eerste aantekeninge kry ons by Zoroastrisme. Die individuele oordeel na die dood is deur Zoroaster self genoem. Dit gebeur by die Chinvat-brug of die Brug van Vergelding. In die latere Avesta-teks (Vendidãd 9:28-32), word die lot van die mens se siel na die dood ook so beskryf.



'n Toring van Stilte
vir die dooies
(Hinnells 1989:220).

Lyke is as onrein gesien en dit word na die begrafnisseremonies na ‘n toring - “die toring van stilte” - geneem, sodat voëls dit kan vreet. Die persoon of siel van die mens, gaan dan oor die Chinvat-brug na sy bestemming (Yasna 46:10-11; 51:13).

Die Brug van Vergelding is ‘n pad vanaf die aarde na die hemel.  Hierdie weg van skeiding is so smal  soos ‘n swaard. (Yasna 46; Masumian:22)  Die volgelinge van Druj (die vroulike demoon van leuens en chaos)  val van die brug af  tot binne in die hel, die Huis van die Leuen. Vir die vromes is die weg net breed genoeg om die hemel te bereik. (Sien ook hierbo by Dualisme en Goed en kwaad, God en die duiwel).

Aan die anderkant ontmoet die regverdige 'n mooi vroulike figuur, sy daenã. Dit is eintlik 'n voorstelling van die goeie persoon se eie “siel” en “gewete.” Sy stel haarself voor as een wat geskep is deur die vrome se goeie werke op aarde. Aan die ander kant het die daenã van die volgelinge van Druj, die gestalte van ‘n heks.

Jesus sê Hy het gekom om die swaard van  skeiding te bring (Matt.10:34-39). Jesus praat ook van die smal weg of die deur wat na die lewe lei, maar ook van die pad wat na die verderf lei (Matt.7:13-14, 21-23 en Luk.13:22-30.)

"Van die hoofleringe van Zoroaster is dié aangaande die opstanding van die liggaam en die ewige lewe. Die leer sentreer rondom die figuur van Saoshyant, 'Heiland' of 'Verlosser', maar beter beskryf as 'hy wat goeie gawes bring'" (Sosyant of ook Astvat-ereta; Oosthuizen:232).

Die verwagte koninkryk van geregtigheid sou volgens Zoroastrisme in die eindtye aanbreek (Yasht 19:89-90). sou dan, soos sy twee voorgangers, Hushetar en Hushetarmah uit Zoroaster en ‘n maagd se saad gebore word. Saoshyant sou egter kom om die finale oorwinning oor die duiwel en die kwaad te bring (Oosthuizen:232; Hinnells 1989:86; Turner:18). Skrifgedeeltes oor die maagd Maria en Jesus se geboorte, byvoorbeeld Luk.1:26 en 2:7 kom hier ook in fokus. Oor die verlosser (of Saoshyant) wat sal kom lees ons byvoorbeeld in Yasna 9:2; 12:7;  26:10; 59:28 en die gedagte kom ook in Yasna 28 en 46 voor.

Saoshyant sou die nuwe hemel en aarde bring. Die gedagte van 'n nuwe hemel en aarde kom ooreen met Jes.65:17, Jes.66, 2Petr.3:13, Openb.3:12, 16:20 en Openb.20, 21 en 22. Saoshyant

sou uiteindelik die dooies opwek en as regter oordeel oor alle mense waarna hulle dan vir ewig hemel of hel toe sou gaan (Yasna 28, 46; Hinnells 1989:86; Oosthuizen:231 ev; Zaehner 1956:139-150).

Hierdie komende oordeel en skeiding is volgens Zoroaster dus ingrypend en ewig. Die komende oordeel sal volgens die Zoroastrisme plaasvind volgens die streng boekhouding van elke goeie en slegte daad van ‘n mens. Mense wat goed geleef het maak dit oor die smal brug tot binne in die paradys of hemel, maar  almal wat nie goed genoeg geleef het nie en die leuen gevolg het, word saam met al wat boos is vanaf die Chinvat-brug tot in die stinkende duistere afgrond van die hel gewerp (Iyer 1983:30-31; Oosthuizen:232; Yasna 32:7; Yasna 45 :7).

Volgens die vroeëre Zoroastrisme sou die skuldiges vir ewig in die helse vuurpoel bly brand. Die látere Zoroastrisme het egter ‘n universalisme begin leer waarvolgens die straf slegs tydelik en reinigend sou wees en dat almal uiteindelik na Ahura Mazda in die hemel sou gaan (Vendidad 9:28-32; Yasht 19:89-90 ea; vgl. Yasna 32:7; Hinnells 1984:127; 1989:86; Norris, 1993:35-36, 39-42, 61-62; Stander 1998:79-82; Oosthuizen:231-233; Zaehner 1956:139-150).

"The Zoroastrian saviour Sosyant is said to defeat the demons, the dead are raised at his coming or by him, and he introduces and administers the eschatological judgement. One might reasonably conclude that the development in the Judaeo-Christian saviour imagery is indebted to Iranian influence" (Hinnells, 2000:65).

“Almost every feature of this picture may be paralleled in Christianity and Islam" (Nigosian, 1993: 95, 131). Sien byvoorbeeld Matt.24:3-31; Openb.14:20, 16:4, 16 ev; Openb.19; 20:12-21:5 en die Qur'an 69.14-35. Daar is egter 'n paar verskille met bogenoemde ook. Soos by die oorspronklike gedagtes van Zoroaster, kry ons in die Bybel ook nie die gedagte van uitwissing nie, maar ewige pynigende straf  (vgl. Dan.12:2; Openb.14:11; Openb.20:10).

In die Gathas word dus herhaaldelik verwys na heilandfigure. Dit herinner baie sterk aan messiasfigure by die Hindoes soos Yama en Krishna en natuurlik die Ou Testament en Jesus Christus self. (Sien Hoofstuk 5 oor die Hindoeïsme en tekste soos byvoorbeeld 1Sam.2:10; Jes.9:5-6; Jes.45:1; Luk.1 en 2:26; Joh.1:41 en Openb.12:10). In die Nuwe Testament lees ons egter dat geloof (en nie genoeg goeie werke nie) die deurslag sal gee om toegang tot die hemel te

verkry, byvoorbeeld: "Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof" (Rom.4:5).

### 9.6 DIE HERLEWING VAN MITHRA-AANBIDDING

Al was Zoroastrisme nou reeds goed gevestig in die destyds bekende wêreld, het Mithra weer prominent geword in die tyd van die vroeë Christelike kerk Hierdie antieke Indiese en Iranese god was so gewild dat hy as die sterkste opposisie van Ahura Mazdãh gesien is. Die Mithradiens het ook die latere Zoroastrisme beïnvloed. Mithra is uniek omdat hy die een god was wat in vier verskillende godsdienste aanbid is, naamlik in die Indo-Iraanse godsdiens, die Hindoeïsme, die Zoroastrisme en in die Manicheïsme. Mithra was die god van lig en word in die godsdienstige kunswerke van die tyd as 'n aantreklike jongman voorgestel wat 'n bul doodsteek (Hinnells 1989:88-89; Oosthuizen:237). Sy aanbidding was 'n belangrike vertakking van die Iranese godsdiens. Dit het vanaf die einde van die eerste eeu tot die einde van die vierde eeu in Europa, Noord-Afrika en ander dele van die Romeinse Ryk baie populêr geword (Masumian :27).

Mackenzie is een van die eerste uitstaande navorsers van die ooreenkomste tussen die godsdienste van Mesopotamië. Sy bevindings word vervat in die boek "Myths of Babylonia and Assyria" (1930). Hy toon ten opsigte van Mitra (Mithra) en Varuna 'n duidelike lyn tussen Babilonië, Indië, Persië, Rome en die res van Europa aan (:54 ev.).

Mithra het meer bekend gestaan as die god wat regsuitsprake maak. Hy het die regsaspekte binne die funksie van koningskap verteenwoordig. Hy ry op ‘n koets getrek deur wit perde. Die kultus ter ere van hom sluit die bulofferande en die drink van bedwelmende haomasap in. Mithra word met 'n wit bul geassosieer waardeur hy vrugbaarheid simboliseer. Die wit bul kom nie net by die Mithradiens voor nie, maar ook in die tempels van Zoroastrisme. Beeste is vandag nog heilige diere by die Hindoes. Daar is 'n baie nou verband tussen die leerstukke oor die skepping, kosmiese stryd en die lewe na die dood by Zoroastrisme en die Mithradiens.


Die duiwel Ahriman het die god Ohrmazd se oorspronklike mens en die oerbul van die begin af aangeval. Ahriman wou keer dat meer mense geskep word en hy het chaos, siekte, lyding, dood en vernietiging in die kosmos gebring. Die wit bul was die eerste geskape lewende wese. Die oermens is later aanbid as die god Mithra. Die oermens en die bul is ook met lyding en die

potensiaal om dood te gaan getref. Dit het gelyk of Ahriman sou triomfeer en die voortgaande skepping vernietig, maar toe gebeur daar ‘n wonderwerk. Die songod het die man Mithra uitgedaag om die bul dood te maak. Hy wou nie, maar het dit gedoen. Toe hy sy mes langs die bul se skof indruk het 'n wonderwerk gebeur. Uit die man en die bul se saad het die verdere skepping van plante en mense gekom (Hinnells 1989:85, 88; Oosthuizen:237). So is die eerste dodelike bedreiging van die skepping afgeweer, maar die oorlog was nog lank nie verby nie.

Die bose Ahriman kon dus nie keer dat nog mense, diere en plante gemaak word nie. Hy wou na sy nederlaag van die wêreld ontsnap, maar hy was vasgekeer daarop. Die profeet Zoroaster en

Mithra sou egter ‘n kardinale rol in die finale oorwinning van goed oor kwaad (Hinnells 1989:85). "Hier word sterk gesimboliseer die gedagte van die ontstaan van die lewe uit die dood, ‘n gedagte wat ook by ander godsdienste na vore tree" (Oosthuizen:237-8). Die offer het die duiwel se plan om alles en almal dood te maak en die verdere skepping te voorkom, vernietig. Die Bybelse skeppingsverhale verskil drasties met bostaande, omdat die gedagte dat God alleen geskep het, in die Bybel uitstaan. Die gedagte dat 'n mens se lewe deur God gespaar word indien 'n offer gebring word, het egter algemeen voorgekom. Dit sluit nou aan by bekende Skrifgedeeltes soos Gen.8:21, Eks.30:12, Lev.1:2 ev; Jes.53, Rom.3:25-26, Ef.5:2, Hebr.7:27 en 9:14-15. Die Bybel beskryf van Genesis tot Openbaring dat daar oorlewing is deur te offer, maar uiteindelik bring Jesus die ewige lewe uit sy eie offerdood as Paaslam (vgl. Hoofstuk 13; Luk.22:7 - 23:49; 1 Kor.5:7; Openb.5).

Die uitbeelding van die toneel waar Mithra die bul slag, neem 'n baie prominente plek in binne die godsdiens, aangesien dit soveel uitbeeld wat hulle geglo het oor die skepping, die hede en die ewige toekoms. Die tema van die hoofreliëf in die tempels en heiligdomme, was letterlik altyd Mithra wat die bul doodmaak (Hinnells:88, sien foto op volgende bladsy).



Mithra voorgestel as die god van lig met sy lewe-gewende offer (Hinnells 1989:89).

Hinnells (:88) toon aan dat die siening wat die meeste kenners deesdae huldig, is dat die toneel in astrologiese terme verstaan moet word, omdat so baie van die simbole in hierdie terme verklaar kan word - die slang (Hydra), hond (Canis), bul (Taurus) en die skerpioen (Scorpio), om maar net ‘n paar te noem..

"Mithra se geboorte is aangeteken as die begin van die goue eeu. Hy is vereer as die regeerder van die wêreld, vegter vir geregtigheid, beskermer van die armes en weerloses. In hom word alle klasse en mense verteenwoordig. Hy dra 'n mantel met sterre en ornamente as simbool van sy kosmiese soewereiniteit" (Oosthuizen:231). Hy lei 'n weermag en ry op 'n koets getrek deur wit perde en tree as regter op. Bybelse ooreenkomste is byvoorbeeld die volgende: Die koninkryk van God, sy heerskappy, 'n geestelike stryd van sy volgelinge teen die bose en God se regspraak: Jes. 9:5-6, Ef. 6; Openb. 1:5, 19:21 en Jesus se kosmiese soewereiniteit: Openb. 1; 4; en 21-22.

Mithra is aanbid as die god van lig en waarheid. Hy is in Zoroastrisme later ook aanbid as die songod wat ondergeskik is aan Ahura Mazda (Masumian:21, 27). Hy is volgens hulle geloof as die lig gebore op 25 Desember om die goeie skepping van God te red van die duiwel se vernietigingsplan. In Zoroastrisme dui hulle heilige vuur in die tempel juis ook op god wat lig is (Hinnells 1989:221). Die Bybel beskryf God ook as Lig en Jesus Christus as die Lig vir die wêreld (1Joh.1:5; Joh.8:12; Stander 1990: LLS).

In meer as een godsdiens word 'n verband aangetref tussen God en lig, kennis en waarheid. Die teenpool of afwesigheid van God word gewoonlik met duisternis geassosieer. Masumian (:24) toon ook die opvallende parallelle  tussen gelowe aan, met betrekking tot mense se naby-doodse ervaringe. Hulle beleef die hemel as by Ahura Mazda in helder lig. Ander beskryf 'n helse ervaring as stik donker, stinkend, weg van god en pyniging deur demone.

Sondae en Kersfees is die godsdienstige feesdae wat wêreldwyd die meeste deur Christene gevier word.  Die Sondag is voor Jesus se koms gevier as die Dag van die Son, die lig, naamlik die god Mithra, die "Sol Invictus" - die "Onoorwinlike Son"! Hierdie nuwe-lig-god Mithra se geboortedag is gevier op die 25 ste Desember met die koms van die nuwe jaar se son. Mithra is dus vroeër net soos Jesus Christus gehuldig as die lig van die wêreld (:238; Joh.1:9, 3:19, 8:12; Masumian:21, 27). Jesus se geboorte was ongeveer tussen 6-4 v.C. (Vgl. Luk. 2:8; du Toit 1997:113 en LLS). Mithra en Jesus se koms, teenwoordigheid en oorwinning oor die duiwel, dood en die duisternis is dus albei weekliks en jaarliks op dieselfde dae gevier (Hinnells 1989:89, 111, 429; Oosthuizen: 238-239; Stander, Louw 1990:LLS en Botha, Deist, Veldsman:1995: LLS).


In Hoofstuk 13 word die Nuwe Testament behandel. Christene getuig sedert Jesus se koms en werk dat Hy die ware Lig en Verlosser is. Sy woorde en werke het hulle oortuig, veral sy opstanding uit die dood, waaroor die Nuwe Testament getuig.

**9.7 GEVOLGTREKKING**

Zoroaster staan as een van die vroegste groot profete van die wêreldreligieë bekend. Moses het waarskynlik net na hom op die toneel verskyn. Zoroaster is beskryf as vriend van God en vriend van die waarheid. Sy herkoms is Persië (Iran) langs Mesopotamië waar Abraham vandaan

gekom het. Wat staat en godsdiens betref, word daar 'n lyn sigbaar wat loop tussen Persië en Babilonië in die Ooste, Egipte in die Weste en Israel in die middel. Zoroaster het op die godsdiens, die staat en elke sfeer van die menslike bestaan, selfs ver buite sy eie omgewing, 'n baie groot invloed gehad. Oorheersend in Zoroaster se teologie was die eer aan god en goeie dade wat 'n mens se lewe na die dood bepaal.

Daar bestaan 'n duidelike lyn tussen die geskrifte van die vroeë Hindoeïsme, die Zoroastrisme en die Bybel met betrekking tot die lewe na die dood. Zoroastrisme se verbintenis tussen die Hindoeïsme en die Bybel word duidelik uit die bestudering van die Hindoes se Rig-Veda, Zoroaster se Gathas in die Yasnas en die Bybel. Die belangrike ooreenkomste sluit die volgende in: die God van die Hemel, Verlosser, 'n duiwel, engele en demone, die doop met vuur en die nagmaal, waarheid en streng etiese reëls, die eindtyd, oordeel, vuurpoel, lewe na die dood, asook die ewige hemel en hel.



'n Priester met heilige vuur as simbool
van die god Ahura Mazda
(Hinnells 1989:220)

Volgens die Zoroastrisme is die teenstander van god, die Wyse Here Ahura Mazdãh, “die Bose” gees Angra Mainya, die vernietiger. Hy is die magtige duiwel wat teenoor God te staan kom en die mens in sy stryd betrek (vgl. Hoofstukke 11 en 13; König 2001:58 ev; 70 ev.). Zoroaster het die roeping beleef om die koninkryk van geregtigheid op aarde te vestig en te beskerm teen die bose. Dit herinner veral sterk aan Jesus se woorde.

Soos by die Hindoeïsme, tref ons by Zoroaster van die mens se heel vroegste getuienis aan dat daar in die hiernamaals 'n permanente skeiding tussen regverdiges en onregverdiges gaan wees. Die goeie sal beloon word met onsterflikheid en die bose en kwade sal ewige straf ontvang. Die mense wat aan die leuen vasgehou het sal gestraf word met ewige pyniging. Eeue later lees ons ook in die Bybel van so 'n skeiding, die ewige lewe aan die een kant, of straf wat vir altyd sal duur aan die ander kant.

Die Gathas-digter het baie oor die groot eindoordeel gepreek. Zoroaster het geglo dat die dag sal aanbreek waarop die koninkryk van geregtigheid gevestig sal word. Die groot “krisis” in terme van god se oordeel gaan aanbreek deur middel van vuur en gesmelte metaal. Dit herinner aan die Bybelse "dag van die Here" wat gereeld in die Skrif voorkom (vgl. Klaagl.2:1; Amos 5:18 ev; asook Matt.25). Die vuurpoel herinner ook aan Skrifgedeeltes (bv. Openb.20:10-15). Die gedagte van vuur wat louter kom in ander kontekste in die Bybel voor. Die God van die Bybel is ook heilig en regverdig, Hy oordeel en vergeld waar nie liefde, waarheid, berou en geloof is nie. In die Skrif speel genade en geloof egter die deurslaggewende rol (bv. Rom.4:5).

Volgens die Zoroastrisme word die regverdige vir ewig beloon in die hemel, verenig met god. Die woord vir "paradys" kom oorspronklik ook van die Perse af. Die goeie gaan hierdie paradys binne, dit is die helderverligte Huis van die Lied. Hier sal alles volmaak wees, alle gedagtes, woorde en dade. Blydskap sal vir ewig wees. Opvallende parallelle kom in die Nuwe Testament voor.

Zoroaster het geleer dat die liggaam weer sal opstaan en dat die lewe na die dood ‘n verlenging van die aardse lewe is. Dit beteken oorlewing van siel en liggaam. Zoroaster se volgelinge het uitgesien na ‘n opstanding van die liggaam in die eindtye. Dit is in die laat Jodedom en Christelike kerk 'n kardinale boodskap.

Zoroaster beskryf 'n weg oor die Chinvat-brug as skeiding tussen hemel en hel. Hierdie weg van skeiding is so smal soos ‘n swaard. By die Zoroastrisme word bogenoemde brug van skeiding letterlik verstaan. Jesus praat ook van die smal weg of die deur wat na die lewe lei, maar ook van die pad wat na die verderf lei.

Boekhouding van goed en kwaad is díé pilaar van Zoroaster se leer. Dit bepaal absoluut of iemand hemel of hel toe gaan. Die gedagte van skeiding op grond van dade het ook reeds in Egipte voorgekom. Saam met die boekhouding tref ons hier by Zoroastrisme soos in Egipte, 'n weegskaal aan waarop die goeie en slegte dade van elke mens geweeg sal word om elkeen se ewige bestemming finaal te bepaal. Hierdie streng boekhouding van elke goeie en slegte daad wat geweeg word, en sonde wat as skuld beskryf word, skuld wat kan vermeerder of weggeneem word, herinner aan 'n hele paar Skrifgedeeltes. Die belangrike verskil met die Christelike geloof, is dat die mens se persoonlike prestasie nie so beklemtoon word (vgl. Rom.4:5) soos by die Zoroastrisme nie. Vir die Christene is Jesus die absolute Verlosser en slegs deur Hom is verlossing moontlik. Dit laat die waarde van Christus se losprys op die bestemde tyd soveel te meer uitstaan as goeie hemelse nuus vir almal wat in Hom glo. Hieruit vloei 'n lewe van dankbaarheid.

In die Gathas word herhaaldelik verwys na heilandfigure en die finale verlosser - Saoshyant, wat in die eindtyd sou kom. Dit herinner baie sterk aan verlossers by die Hindoes, aan die Ou Testament se messiasfigure en aan Jesus Christus self, wat as Messias gekom het en ook belowe het dat Hy weer sal kom. Christene sien ook biddend uit daarna. Saoshyant en die ander twee verlossers sou volgens Zoroastrisme elkeen uit ‘n maagd gebore word. Die Nuwe Testament sê dat dit reeds met Jesus gebeur het! Zoroaster en sy volgelinge het begin glo en uitsien na die vernuwing van die skepping, die nuwe hemel en die nuwe aarde. Saoshyant sou as derde verlosser uiteindelik hierdie nuwe tyd inlei. Hy sou die dode opwek en die finale stryd met die bose sou daarna plaasvind. Die demoniese magte sal finaal oorwin word en hy sal die aarde en selfs die hel herstel (volgens latere Zoroastrisme) want alle kwaad sal volgens latere Zoroastrisme uitgewis word. Latere Zoroastrisme leer dat alle mense wat in die hel beland het deur die vuurpoel gereinig sal word en ook salig sal word (universalisme). Die Nuwe Testament leer nie dat daar 'n algemene reiniging of tweede kans sal wees na die dood en dat alle mense hemel toe sal gaan nie (vgl. Hoofstuk 13). Hemel en aarde sal volgens die Zoroastrisme verenig om letterlik dit wat die beste is in albei wêrelde, voort te bring. Alhoewel sekere verskille bestaan met die Christelike boodskap, is daar ooreenkomste met heelwat Skrifgedeeltes met betrekking tot Jesus se wederkoms, die opstanding van die dooies, die finale oordeel en finale oorwinning oor die bose, die volkome verlossing van God se kinders van die bose, verlossing van die stryd teen die bose en elke dag se probleme, asook die verlossing van alle vorme van lyding en die dood self (bv. 1 Kor.15; Openb.19-22).

‘n Baie nou verband bestaan tussen Zoroastrisme en die aanbidding van Mithra in die era van die vroeë Christelike kerk. Mithra is uniek omdat hy die een god was wat in vier verskillende godsdienste aanbid is, naamlik in die Indo-Iraanse godsdiens, die Hindoeïsme, die Zoroastrisme en in die Manicheïsme. Mithra was die god van lig en word in die godsdienstige kunswerke van daardie tyd as 'n jongman voorgestel waar hy 'n bul doodsteek. Bybelse ooreenkomste is uitstaande en word selfs as "eerie" of huiweringwekkend beskryf.

Mithra se geboorte is beskryf as die begin van die goue eeu. Hy is vereer as God, koning en regter. Hy voer kosmiese heerskappy en lei 'n weermag, ry op 'n koets getrek deur wit perde en tree as regter op. Die Nuwe Testament leer dat as Jesus weer kom, sal dit wees as Regter, die Ruiter op die wit perd met die swaard uit sy mond, wat sy teenstanders sal doodmaak. Verdere ooreenkomste met Mithra is Jesus se omgee en hulp aan armes en weerloses en sy verteenwoordiging van alle mense, asook sy kosmiese soewereiniteit.

Volgens die Mithraïsme is lewe gespaar deur die offer wat Mithra gebring het (Hinnells 1989:85; Masumian :27; Oosthuizen:237). Die offer het die duiwel se plan om alles en almal dood te maak en die verdere skepping te voorkom, vernietig. Die gedagte dat 'n mens se lewe deur God gespaar word indien 'n offer gebring word, het egter algemeen voorgekom. Dit sluit nou aan by bekende Skrifgedeeltes (bv. Gen. 8:21; Hebr. 7:27). Uiteindelik bring Jesus die ewige lewe uit sy eie offerdood as Paaslam (vgl. Hoofstuk 13; Luk.22:7 - 23:49; 1 Kor.5:7; Openb.5). Daar bestaan baie treffende ooreenkomste met die Mithradiens in Skrifgedeeltes oor bloed, verlossing en lewe, asook die doop en nagmaal.

Mithra is aanbid as die god van lig. Hy is as lig gebore om die goeie skepping van God te red van die duiwel se vernietigingsplan. Die Bybel beskryf God as Lig en Jesus Christus as die Lig vir die wêreld. Lig gaan ook in die Bybel en by die Hindoeïsme gewoonlik gepaard met God se verskyning. Dit is besonders dat soveel ander godsdienste ook 'n verband tussen God en lig aanwys. Die teenpool of afwesigheid van God word gewoonlik met duisternis geassosieer.

Sondae en Kersfees is die godsdienstige feesdae wat wêreldwyd die meeste deur Christene gevier word. Die Sondag is voor Jesus se koms gevier as die Dag van die Son, die lig, die god Mithra, die "Sol Invictus" - die "Onoorwinlike Son"! Hierdie nuwe-lig-god Mithra se

geboortedag is gevier op die 25 ste Desember met die koms van die nuwe jaar se son. Verskeie ander kultusse het ook op 25 Desember die koms van die nuwe son gevier. Mithra is dus vroeër net soos Jesus Christus gehuldig as die lig van die wêreld. Sy koms, teenwoordigheid en oorwinning oor die duisternis is dus ook weekliks en jaarliks op dieselfde dae gevier.

Mithra sou eendag kom oordeel en self onsterflikheid bied of vergelding in die hiernamaals bring. Dit was die hoofsake by die Mithra-diens. Geen godsdiens was ooit so naby aan die jong Christendom nie.

Die brandendste vrae wat hierdie studie gemotiveer het is: Waar kry ons by die mens die eerste gedagtes van god en die duiwel, 'n skeiding tussen 'n ewige hemel en hel, en hoe het hierdie gedagtes se pad na die Bybel geloop? Met die ondersoek van die Hindoeïsme en Zoroastrisme het die geweldige belangrike rol van hierdie godsdienste as deel van die antwoord op hierdie vraag begin uitstaan. Dit het ‘n bepaalde invloed op die Joods-Christelike tradisie gehad wat verder in Hoofstuk 14 geëvalueer word (vgl. Nigosian 1993:91, 94 - 97 en 130-131).

Vroeër is die woord "invloed" in hierdie verband huiwerig gebruik, maar na jare se navorsing deur mense soos Carter (1900:84-97) Duchesne-Guillemin (1952:1-2) Zaehner (1956:19-139) Mary Boyce en John R. Hinnells, is dit nou hoofopskrifte (Hinnells 1984:127, 362-363 en 2000:1, 2, 29, 45, 65, 73; Masumian:1996:24-26; Russell 1976:17, 21, 153; Turner :19) en ons lees selfs van 'n radikale invloed (Le Roux 1998:22).

Saam met König, Heyns, Masumian (:24), West (:479) Zaehner (:20, 139-150) en almal wat hier aangehaal is, kan ons sê: "Hierdie buite-Bybelse voorstelling… van dualisme …het op die vroeë Christendom… ‘n groot invloed uitgeoefen" (Heyns :173). Die Jode het veral tydens die ballingskap in Babilonië, eerstehands kennisgemaak met die "omringende volke se gedagte van 'n groot stryd tussen sekere gode" (König 2001:80, 242 ev; West,1981:81). Na die ballingskap ontwikkel by Israel die gedagte verder dat "die duiwel God se groot teenstander is en die 'monisme' van die vroeëre Ou Testament word vervang met 'n 'dualisme' wat op die voorgrond tree in die Nuwe Testament (du Toit 2000:22, 97,102; König 1991:224) al is dit ook so dat die Bybel nooit die duiwel as ongeskape en ewig as 'n gelyke mag teenoor God voorhou nie.

Ons het in hierdie hoofstuk ook die kosbare waarde van Oosthuizen se navorsing as godsdienskundige ontdek. Hy vat die invloed van Zoroaster soos volg saam (1978:220 en 237) : "Hierdie eertydse invloedryke godsdiens het in Persië ontstaan en het vandag nog wêreldwyd aanhangers, waarvan die meeste in Oos-Iran en Indië woonagtig is. Die godsdiens het ‘n merkwaardige invloed in die wêreld uitgeoefen. Dit strek wyd en syd, tot in die Judaïsme van die Babiloniese ballingskap en selfs ook die Christendom en Islam (:220; 237 ev; vgl. Lang 1988: 12-23).

In die hoofstuk oor die Nuwe Testament sien ons dat bogenoemde idees oor die Verlosser en die opstanding, in en deur Jesus Christus op ‘n besondere manier ‘n werklikheid geword het. Anders as byvoorbeeld Mithra en Saoshyant was Jesus 'n historiese figuur.

Ten spyte van al die ooreenkomste het dit in hierdie hoofstuk geblyk dat daar ook punte van ingrypende verskil tussen die Joods-Christelike leer en die Zoroastrisme en Mithradiens is (vgl. Hoofstuk 13 en 14). Die Christene het die Mithradiens ook van vroeg af as heidens verwerp. In vele plekke soos byvoorbeeld in Rome, het die Christendom die direkte opvolger geword van Mithraïsme.

Dit is noodsaaklik om nou eers in die volgende hoofstuk te fokus op die geloof in 'n skeiding in die hiernamaals by die Hellenisme in die Grieks-Romeinse wêreld, omdat die vroeë kerk in hierdie konteks gebore is.

# HOOFSTUK 10 DIE HELLENISME EN DIE LEWE NA DIE DOOD

## 10.1 INLEIDING

Nooit sou die Grieks-Romeinse filosowe, skrywers en krygshelde kon droom dat die Zoroastrisme van die Perse teen wie hulle geveg en oorwin het, saam met die godsdiens van die nietige Joodse volkie, uiteindelik 'n groter invloed op hulle wêreld sou hê as hulle self nie (Turner:20). In hierdie hoofstuk ondersoek ons die lewe na die dood volgens die Hellenisme in die Grieks-Romeinse wêreld.

Ons ondersoek ook die volgende vraag: Speel die aspek oor die lewe na die dood van die Persiese Zoroastrisme 'n beduidende rol binne die Hellenisme? Ons het reeds in die vorige hoofstuk gesien dat Israel in direkte kontak met Zoroastrisme tydens die ballingskap was. Dit gaan uiteindelik ook oor die vraag of die Zoroastrisme in die Hellenisme 'n verdere en deurslaggewende invloed op die Joods-Christelike tradisie gehad het?

## 10.2 DIE WESE VAN DIE HELLENISME

Hellenisme was 'n kultuurverskynsel wat saam met militêre en politieke magsuitbreiding van die Grieke en later die Romeine gekom het. Godsdiens het in die Grieks-Romeinse wêreld ‘n belangrike deel uitgemaak van hierdie kultuurverskynsel. "Aleksander die Grote (356-323vC.) was ’n vurige yweraar vir die Griekse kultuur tydens sy krygstogte (336-323 v.C.) en wou dit graag oor die hele wêreld versprei. Dit was egter baie moeilik om die Oosterse kultuur uit te wis. Gevolglik het ’n vermenging van kulture ontstaan wat ons die Hellenisme noem. Die Griekse kultuur was egter die sterkste element hierin" (Burden 1993:1237).

"Die begrip “Hellenisme” is afkomstig van die woord 'Hellas' wat ’n ander naam vir ou Griekeland is. Die werkwoord “hellenizein” beteken in die eerste plek om Grieks te praat en voorts om soos ’n Helleen of Griek te lewe, dit wil sê om die lewenswyse van die Grieke na te boots ten opsigte van spraak, kleredrag, sport, teaters, kuns en so meer. Die begrip soos ons dit ken en gebruik, is egter vir die eerste keer deur Johann Gustav Droysen in die negentiende eeu geskep met die verskyning van sy Geschichte des Hellenismus om daarmee die tydvak van die

na-klassieke Griekse geskiedenis sedert Aleksander die Grote en tot die opkoms van die Romeinse Ryk aan te dui" Du Toit 1997:LLS).

Hellenisme gaan dus oor baie meer as net die Griekse kultuur. "Die vraag is al gestel of die benaming “Hellenisme” werklik beskrywend van hierdie tydperk is, aangesien daar in daardie tydvak ’n grootskaalse samesmelting van Griekse en Oosterse beskawingselemente plaasgevind het. Aleksander die Grote se verowerings het weliswaar ’n verspreiding van die Griekse kultuur beteken en hierdie vergrieksing van die Ooste is op verskillende maniere deur hom en sy opvolgers deurgevoer, maar wedersydse beïnvloeding het nie uitgebly nie. Kenmerkend van die Hellenisme is dan ook die ontmoeting en vermenging van die Griekse en Oosterse kulture waardeur ’n sintese tussen die twee ontstaan het" (Du Toit 1997:LLS). Nog nooit in die geskiedenis tot op daardie stadium, en nog nooit daarna, tot met die twintigste eeu, was daar in Europa, Asië en Afrika so 'n aangrypende kruisbestuiwing van tale, kulture, gebruike en gelowe nie (Turner:34 ev.). Dit het byvoorbeeld gebeur deurdat soldate met plaaslike meisies getrou het, die jongmense nuwe idees aangegryp het en deurdat die hoër klasse beïndruk is deur die aristokratiese gewoontes van hulle oorwinnaars.

In hierdie tyd voor Christus verskyn amfiteaters, arenas, tempels en beelde oral rondom die Middelandse-See. Die godsdienstige deel van die Hellenisme het ook 'n geweldige ontwikkeling getoon. Alhoewel Hellenisme veral in verband met Aleksander se Ryk gebring word, gaan die spore van die geloofsoortuigings wat ons hier aantref, baie verder terug as 336 v.C. Die ontwikkeling het plaasgevind omdat aspekte van die godsdienste van die volke wat oorwin is, opgeneem is in die Hellenisme se geloofsoortuigings soos wat die Grieke se militêre en politieke mag uitgebrei het. Dit het vinnig ontwikkel tot 'n uitgebreide sinkretisme.

## 10.3 VERHALE VAN HELDE

Die onoortreflike poësie van Homerus en ander verhale uit die laat Bronstydperk, gee saam met die vroeëre getuienis uit die Minoïese- en Miceense tydperke, duidelike aanduidings van die ontwikkeling van die geloof oor die lewe na die dood. Die Miceense tydperk het al reeds geëindig rondom 1 100 v.C. (Smith 1989:93-95) dus voor die tyd van Dawid, Jesaja en Daniël.

Smith (:94 ev.) gee die volgende goeie beskrywing van die godsdiens en die prominensie van helde in hierdie tyd. Zeus en die ander gode is hoofsaaklik in menslike terme beskryf. Hulle was ontsagwekkend en moes deur gebed, offers en daaglikse take tevrede gehou word. Die helde was die soldate en ander mense wat elkeen op hulle eie terrein eer, roem en bekendheid nagestreef het. Hulle het geglo dat om beroemdheid te ontvang van baie groter waarde was as die lewe self. In die verhaal van Troje blyk dit dat die ewige lewe of onsterflikheid volgens sommige helde hoofsaaklik daarin geleë was dat jy so goed presteer tydens jou aardse lewe, dat jy eintlik voortleef in die herinnering van die mense na jou.

Die begrafnis van die afgestorwenes was van groot belang. Daardie laaste eerbewys was 'n vereiste, selfs al het hulle geglo dat die mens 'n siel het en dat hulle siele onmiddellik na die onderwêreld (Hades) gaan nadat hulle gesterf het. Hier is die siele dadelik in Hades gevange gehou, sodat hulle nie die god se vloek oor die lewendes kon word nie. In Homerus word aangedui dat die begrafnis verassing ingesluit het (as dit dié van ‘n soldaat is, in volle wapenuitrusting) en ‘n soort teraardebestelling van die verbrande oorblyfsels wat met groot geweeklaag gepaard gegaan het. ‘n Hoop grond is oor die graf gegooi en ‘n klip met ‘n aanduiding van die persoon se beroep is daarby geplaas.

**10.4 VERGELDING OF GELUK IN DIE HIERNAMAALS**

Daar is geglo dat die verkeerde optrede van die mens, selfs van die helde, die gode woedend gemaak het. Byvoorbeeld die helde se oormaat en aanmatigende trots, asook gewelddadige oortredings. Die gode het vergelding geëis, tot die dood toe. Later het die oordeel en vergelding na die dood voortgeduur. Sonde is gestraf. Die gode het regverdigheid en ordentlikheid bo wreedheid of oordrewe glorie vereis. Om die vrede te bewaar moes versoeningsoffers gebring word en seker gemaak word iemand word ordentlik begrawe.


By Herodotos en die tragedie-skrywers kry ons vir die eerste keer die spesifieke tegniese term ‘die misteries’ en in dieselfde tyd ontwikkel die gesondmaakkultusse ook. Dit was aanvanklik geslote, maar teen die Hellenistiese tyd was die proses van inwyding oop vir alle Griekssprekende mense wat nie ritueel onrein was nie en die inwydingsgeld kon betaal.

Uiteindelik moes die eintlike misteries, naamlik dié wat hoofsaaklik van Eleusis naby Athene gekom het (algemeen bekend as die 'Groter' misteries) toegeskryf word aan die ingewydes aan wie iets werklik geopenbaar is, eerder as aan rituele optrede of uitrustings.  Die openbarings het ingesluit: 'dinge gesê', 'dinge gewys', en 'dinge gedoen'. Openbaring begin dus 'n groter rol speel  soos by Zoroastrisme reeds die geval was.

Inwyding het geluk beloof, soms het dit beteken dat jy 'n wonderlike gesig van die god te sien. "Hoewel daar aanvanklik nie in 'n goeie lewe na die dood geglo is nie, was die misteriegodsdienste hoogs sinkretisties en geneig om oosterse mites, wat aangedui het dat hierdie geluk in 'n hiernamaals voortgesit word, op te neem;  miskien deur 'n vereniging met die gode of 'n vergoddeliking van die mens" (Smith 1989:99 ev.). Hoe sou 'n mens toegang tot die hiernamaals kon verkry? "Geen groepassosiasie of morele vereistes is gestel nie, behalwe kultiese reinheid en ewige swye oor 'die misteries' (Smith 1989:100).

**10.5  HADES - DIE GOD VAN DIE DODERYK**

Die onderwêreld is vernoem na die god Hades. Ons kyk hier na al die belangrike karakters van die doderyk of onderwêreld wat 'n belangrike rol gespeel het in die geloofsoortuigings van die Grieks-Romeinse wêreld.



Hades - die god van die doderyk.
Beeldhouwerk uit c.325 v.C.

(Foto © Maicar Förlag -

GML. UCAR, 2000).

"Following the defeat of the Titans by the Jovian gods, Hades obtained the kingdom of the underworld. One day, while he was riding through the field of battle, the goddess Aphrodite had her companion Eros playfully shoot an arrow into the heart of Hades. Struck by Eros' arrow, Hades fell in love with the first young lady he saw, who happened to be Persephone, Hades promptly carried her off into the underworld to be his bride. Dead souls were escorted to the shores of the River Styx by Hermes, where they were received by the boatman Charon, who rowed them across the River Styx to Hades' kingdom" (UCAR 2000).

So lyk die volledige rolverdeling: "Hades - King of the Underworld ("Dis" = "rich", another name for Hades) Persephone - Queen of the Underworld, Charon - Old Boatman, who must be paid to ferry the soul across the Styx, lest it languish forever on the outer bank; Cerberus - Three-headed Watchdog, Erebus - …section, and Tartarus: place of eternal punishment, This is the eternal punishment of the following persons: Sisyphus - must push a rock up a hill, Tantalus - stands in pool of water; with a bough of fruit above his head; he is always thirsty and hungry. Danaids - 49 of 50 daughters of Danaus, killed their husbands on their wedding night. Punishment - to carry water in leaky jars. Elysian Fields - place similar to "Heaven" - isle of the blessed Rhadamanthus, Minos, Aeacus - judges of the Underworld Rivers: Styx - dead souls crossed; river of unbreakable oaths, Lethe - river of forgetfulness, Acheron - river of woe, Phlegethon - river of fire, Cocytus - river of wailing, Furies, or (Erinyes) - 3 Bird-like women with snakey hair; punish evil doers: Tisiphone, Megaera, Alecto. Thanatos - (Orcus) was the King of the Dead" (UCAR 2000-03).

Turner (:21-22) lewer ook die volgende waardevolle bydrae en toon die verloop aan sedert die agste eeu v.C. "By tradition, Homer and Hesiod, the first poets to take advantage of the new alphabet borrowed and adapted from the Phoenicians, lived in the eighth century B.C. Hesiod is less read than Homer today, but his Theogony, which relates Greek creation myths and legendary history and lists the gods and minor deities, is the essential foundation for an enormous body of literature. Later mythographers, trying to order and institutionalize Greek religious literature, abandoned some of his more fanciful images such as that of the great house of Styx (the river of Hades personified as a goddess) with its silvery pillars reaching to Heaven, but poets, ancient and modern, have always loved and often echoed him."

## 10.6 HADES WORD VERDEEL IN EREBUS EN TARTARUS

Hemel en hel kom op die toneel. "Hesiod tells us that Erebus and Tartarus, the upper and lower realms of Hades, were born, together with Night and Earth... from the primeval Chasm" (Turner :21-22). Die woning van Hades is deur die verskriklike Cerberus, die Hond van die Hel, bewaak. Tartarus was volgens hierdie verhale so ver onder die aarde dat ‘n aambeeld agtien dae deur die hemel onder die aarde geval het, voordat dit Tartarus bereik het. Die “Afgrond” of “Abyss” binne Tartarus was ook geweldig diep. Hierin kon ‘n mens ‘n hele jaar lank val, sonder om die bodem te tref!

“Homer's Odyssey is the earliest well-known story of a visit to the Land of the Dead. It is so well known that most people forget that it never happened. Odysseus and his shipmates, who are told by the witch Circe that they must go to the underworld...” (Turner:21-29). Belangrike aspekte van die destydse geloof oor die hiernamaals kom in hierdie verhaal voor, byvoorbeeld die hond Cerberus, die rivier Styx, Charon die bootsman, asook die helde Orion en Herkules. Sedert die vyfde eeu v.C. het 'n groot muurskildery van Odysseus in die doderyk, by die Delfiese tempel van Apollo, baie pelgrims se geloof oor die lewe na die dood beïnvloed (:29).

Turner (:24-25) wys vervolgens op die aangrypende invloed van die kultus van Orfeus, die Griekse sanger, op die latere Griekse en Christelike godsdienste: "Dionysus, the wine god with whom Orpheus was often worshiped, was also supposed to have gone to the underworld to rescue his mother, the demi-goddess Semele; on the other hand, he is sometimes called Persephone's son by Zeus, the sky god. The Dionysian-Orphic mystery cult, like the Eleusinian, certainly had to do with death and resurrection, though Orpheus, like Gilgamesh, lost his heart's desire. Artists in the Hellenistic period frequently borrowed the attributes of Orpheus for Jesus Christ. For patrons who wanted to hedge their bets with the gods, they also borrowed from Egyptian Horus and from Persian Mithra, but Orpheus-Christos**,** the Good Shepherd and Harrower of Hell, was more popular than either. Theseus was the first popular Greek hero to attempt to harrow Hell; he failed humiliatingly. Peirithoos, his boon companion, persuaded Theseus to help him kidnap the famous Helen, later of Troy but at this point still a child. They consulted an oracle who said mockingly, "Why not carry off Persephone instead?" Peirithoos was foolish (and vain) enough to take this seriously, and off they went down the Taenarus passage. On arrival, their host escorted them to a seat which proved to be the Chair of

Forgetfulness - and they stuck fast to it. For four years, they sat, tormented by serpents, the Furies, Cerberus's teeth, and the sardonic remarks of Hades. Hierna het die gewilde held Herkules twee keer daarin geslaag om die doderyk te besoek en mense daaruit te bevry, eers vir Cerberus en daarna die dame Alcestis (:26).

Monsters en demone het ook in Hades geleef soos byvoorbeeld Medusa en Alastor. Laasgenoemde toon ooreenkomste met die duiwel volgens die Christendom, aangesien hy mense verlei het om sonde te doen sodat hy hulle dan kan straf. Daar was ook ander geeste soos die Furies, hulle was wraakgeeste wat met swepe geslaan het.

Die Grieke het ook teen die vyfde eeu v.C. die mooi dele van die hiernamaals by die Perse geleen. Plato skryf van 'n regverdige oordeel en Pindar skryf aan die een kant dat slegte mense verskriklik sal swaarkry in die hiernamaals, maar dat die goeie siele na die "Elysian Fields" of Elisiese Velde gaan, waar hulle lekker kan perdry en rondhardloop en speel en musiekmaak tussen die blomme. Daar is altyd brandoffers op die altare vir die gode en die lig daarvan kan ver gesien word.

Volgens die kultus van Orfeus moes siele bly leef om na die dood geoordeel te word en sodat die mense dan hulle beloning of straf kon ontvang. Slegtes is uiteindelik na Tartarus en die goeies terug na die velde van Asphodel (:28-29). Laasgenoemde herinner aan die lelies van die velde in die ewige paradys vir die onsterflikes (die 'asphodel' of ewige daglelie; Eksteen 1997: Pharos LLS; vgl. Hoogl. 2:1,16; 4:5 en Mat.6:28-29 volgens Pfeiffer 1975:LLS). Hemel en hel het dus nou ook in die Hellenisme verskyn (vgl. punt 4, 5 en 6 hierbo) en dit is uitgebrei deur Sokrates en Plato.

## 10.7 SOKRATES EN PLATO OOR DIE LEWE NA DIE DOOD

Plato se leermeester was die skerp en gewilde filosoof Sokrates. Sokrates is aangekla en veroordeel en het tragies aan sy einde gekom. Plato vertel die aangrypende verhaal waarin ons baie sien van hulle idees oor die lewe na die dood, wat in sekere opsigte van die idees van die ander Griekse filosowe verskil het. "Die verhaal van sy verweer teen die beskuldigings wat teen hom ingebring is, sy skuldigbevinding, sy laaste dae in die tronk, en sy uiteindelike teregstelling in 399 v.C. deur die gifbeker te drink, word vir ons vertel in drie Dialoë van sy leerling Plato

naamlik die Apologia, die Krito en die Faedo, en word erken as een van die roerendste geskiedenisse in die hele wêreldliteratuur. Hy het gesterwe met die kalm en onwrikbare oortuiging dat die waarheid kosbaarder as die lewe self is, en nie alleen die waarheid nie, maar selfs die onsuksesvolle soeke daarna" (Murray 1997:LLS).

Plato (c. 428 - c.348 v.C.) se werk verdien dus besondere aandag, aangesien dit nie net sy eie gedagtes weergee nie, maar bestaan uit aanhalings of vertellinge van Sokrates self. Hulle invloed as filosowe en leermeesters op mense se denke oor die lewe na die dood, geld nou reeds vir ongeveer 2 500 jaar! (Turner:30).

Die dood is iets verskrikliks en daar is al baie gedink aan moontlike oplossings om die onsekerheid en verskrikking weg te neem. Sommige Griekse filosowe het as oplossing die idee gekoester dat die mens ‘n onsterflike siel het. "Ons kry dit die duidelikste uitgewerk in die geskrifte van Plato, en omdat hierdie siening van die mens en die dood so ‘n belangrike invloed op die Christelike mensbeskouing uitgeoefen het, gaan ons eers daarna kyk" (König 1991:204). Plato gee in een van sy geskrifte ‘n gesprek weer wat Sokrates met sy volgelinge kort voor sy dood sou gevoer het.

"Volens Sokrates verlang die ware wysgeer na die dood wanneer die liggaam en die siel skei, omdat die liggaam die siel hinder in sy bewegings en veral om kennis te verkry. Daarom ag die wysgeer die liggaam waardeloos en sien hy daarna uit om uit die liggaam vry te kom... Vandaar die bekende uitdrukking dat die liggaam die kerker (tronk) van die siel is” (König:204-206).

Omdat die siel volgens Plato die belangrikste deel van die mens is, lê ons bestemming en die sin van ons bestaan in die ander lewe, in die hiernamaals. Dit beteken nie dat die liggaam volgens Plato op sigself sleg is nie. Dit is die siel se eie skuld dat hy in die liggaam sit, want die siel het in ‘n vorige lewe (vgl. opmerking oor reïnkarnasie hieronder) ‘n fout gemaak en as straf moet hy gevangenskap in die liggaam uitdien.

“Hierdie siening van Plato… het ‘n geweldige invloed op die Christelike siening van die mens uitgeoefen… Wat die dood betref, is dit duidelik dat die dood volgens hierdie beskouing sy bedreigende en vernietigende karakter heeltemal verloor. Eintlik is die dood nou die verlossing, want die siel, die deel van die mens, word verlos uit sy gevangenskap in die vreemde liggaam en

kan vry en ongehinderd na die geestelike wêreld sweef. Hierdie beskouing kan egter nie op Bybelse steun aanspraak maak nie, nie wat die tweedeling van die mens betref nie (daaroor later meer), en ook nie wat die onsterflikheid van die siel betref nie" (König:204-206). Heyns (1981:124 en 140) se evaluering van Plato sluit hierby aan.

In Plato se geskrifte word dit duidelik dat hy en Sokrates meer uitgebrei het oor die idee van hemel en hel. Die gesprek hieroor begin by 'n vraag van Cebes oor die broosheid van die siel - sal sy nie totaal verdamp en vernietig word die dag as jy sterf en uit die liggaam vlieg nie? (Turner :30 ev.) Die antwoord sluit aan by bostaande bespreking. Dit kom daarop neer dat die siel die eintlike wese van die mens is, die sterk en ewig volhoubare essensie. Die liggaam en enige ander sigbare vorm soos 'n stoel, is maar net 'n afskaduwing van die siel en ideale stoel. Jy hoef dus nie te vrees dat die siel sommer sal tot niet gaan by jou dood nie. In die Faedrus beskryf Sokrates die siel as 'n gevleuelde wese. Die perfekte siel vlieg op, terwyl die onvolmaakte een afsak grond toe en 'n sterflike liggaam aanneem.

Turner (:31) maak 'n besondere afleiding: "Christians educated in Neoplatonism chose to interpret Jesus in his corporeal form as representing a Platonic ideal of man (those who insisted on his divinity at the expense of his humanity were treated as serious heretics, the Docetists). Later, the Virgin Mary came to represent the ideal in woman. The kingdom of God on earth would be an ideal version of life as early Christians knew it. Leaning on Plato enabled them to escape Persian dualism: they could acknowledge a sinful and corrupt material world, ruled by the "prince of this world," while denying that prince any lasting power."

In die Faedo blyk dit verder dat Sokrates alle kennis beskou het as 'n herinnering aan dit wat jy reeds voorheen geken het. Die siel verhuis dikwels van een na die ander liggaam van mense en diere. Uiteindelik, as jy jou goed gedra het, gaan jou siel terug na God in sy hemel! - "to the place of the true Hades, which, like her [the soul], is invisible, and pure, and noble, and on her way to the good and wise God, whither, if God will, my soul is also soon to go."

Nader aan die Zoroastrisme en latere Hindoeïsme kan mens nie sommer kry nie! Hiervan spreek die verwysings na die hemel by die goeie Wyse Heer, en reïnkarnasie baie duidelik. (Sien die Hoofstukke oor Zoroastrisme en Hindoeïsme). Dit is vir my duidelik dat Hindoeïsme reeds

wegbeweeg het van 'n direkte ewige hemel en hel, na voorafgaande reïnkarnasie, toe die Grieke deur hulle idees begin beïnvloed is.

Maar wat van 'n goddelose siel? Volgens Sokrates bly sulke siele gevange in die een na die ander liggaam, elkeen volgens die lewe wat hulle voorheen geleef het : "a drunkard in a donkey's, a thug in a wolfs. …and Socrates…consigns the conformist burghers of Athens to anthills and wasps' nests" (Turner:31). Hy het geleer dat die 'ware aarde' die woonplek van die gode is en dat dit bokant en rondom ons aarde is, asook dat die hel of Tartarus heel aan die onderkant van 'n diep afgrond is. Siele wat gemiddeld presteer het en nie juis goed of sleg geleef het nie, sou volgens Sokrates na die Meer van Acherusian gaan om gesuiwer te word (die meer van suiwering was toe reeds 'n kernleerstuk by die Zoroastrisme van Persië). Hierna kry hulle weer 'n kans deurdat hulle terugkeer na 'n liggaam van 'n mens of dier.

Sokrates en Plato het geleer dat die hel vir groot sondaars ewig sou wees en vir ander tydelik: "But those who appear to be incurable by reason of the greatness of their crimes - who have committed many and terrible deeds of sacrilege, murders foul and violent, or the like - such are hurled into Tartarus which is their suitable destiny, and they never come out. Those again who have committed crimes, which, although great, are not irremediable - who in a moment of anger, for example, have done some violence to a father or a mother, and have repented for the remainder of their lives, or, who have taken the life of another under the like extenuating circumstances - these are plunged into Tartarus, the pains of which they are compelled to undergo for a year, but at the end of the year the wave casts them forth - mere homicides by way of Cocytus, parricides and matricides by Pyriphlegethon - and they are borne to the Acherusian Lake, and there they lift up their voices and call upon their victims that they have slain or wronged, to have pity on them, and to be kind to them, and let them come out into the lake. And if they prevail, then they come forth and cease from their troubles; but if not, they are carried back again into Tartarus and thence into the rivers unceasingly, until they obtain mercy from those they have wronged: for that is the sentence inflicted upon them by their judges" (Turner:32).

Selfs vóór die klassieke tydperk van die Grieke is daar baie gedink oor 'n lewe na die dood en die behoefte by die mens dat onreg gestraf moet word, soos blyk uit die volgende bespreking van die hemel: "Heaven, in religion, is a place where God, gods, or other spiritual beings dwell, and the

place or condition of perfect supernatural happiness for the redeemed in the afterlife. In simple societies the concept of life after death was substantially that of a shadowy continuation of life on Earth. Even in that concept, however, the principle of the necessity for vindication of divine justice was manifested. This principle is illustrated in the distinction between Elysium (a place of reward for the virtuous dead) and Tartarus (a place of damnation where the wicked were punished) in the Greek and Roman religions and in the various depths of Sheol (abode of the dead) of the Jewish Scriptures. Later Jewish mystics regarded the heavens as contained in the seven spheres of the firmament, and they found in the Persian doctrine of resurrection a hope of release from Sheol to a new life on Earth or in the heavens.

Aristotle declared that all (polytheistic) religions united in placing the abode of the gods in the most elevated place in the universe. Such regions were, in classical times, considered as closed to ordinary mortals. The Islands of the Blessed, sometimes identified with Elysium, were reached only by heroes, demigods, and favourites of the gods. The heaven of later polytheistic religions was conceived of as a place where mortals might continue the pleasures of earthly life, as in the Valhalla of the Germans and Scandinavians and the happy hunting ground of the Native North Americans. The general belief of Christians is that, since the Resurrection of Christ, the souls of the just who are free from sin are admitted immediately after death into heaven, where their chief joy consists in an unclouded vision of God known as the beatific vision. Their bliss is eternal, but at the general resurrection their souls are to be reunited to their perfected, or glorified, bodies. Some Christians believe that, before entering heaven, souls first pass through a state of purification called purgatory" (Microsoft Corporation 2002).

Ons sien dus dat die onderwêreld by die Grieke vernoem is na die god Hades en dat daar later 'n kelderverdieping bygekom het naamlik Tartarus. Die boonste goeie deel is Erebus genoem. Tartarus was 'n plek van straf. "The Greek Tartarus refers to the locality beneath Hades where, according to the Homeric classics, supernatural troublemakers were confined" (Paine 1972:14 ea.). Dit was nie lank nie of Tartarus was ook sekere mense se voorland.

### 10.8 DIE ROMEINE SE DODERYK: HEMEL EN HEL

By die Romeine was Jupiter die god van die hemel, soos Apollo die songod by die Grieke was. Ooreenkomstig met die Griekse god Hades, was Pluto die Romeinse oppergod van die Land van


die Dooies, wat die hel ingesluit het. Die Romeine het dus ekwivalente gode aanbid as die Grieke en hulle indelings van die hiernamaals het ook met die indelings van die Grieke ooreengestem.

Die Romeine beskryf ook uiteindelik dat goeie en slegte mense na die dood geskei gaan word. Hulle het ook die term Tartarus (Grieks - Tartarus) vir die hel gebruik en hierdie dieper plek van straf die Tronk van Tartarus genoem.

Die groot Romeinse skrywer en digter Vergilius gee in sy verhaal van die Trojaanse soldaat Eneas die volledigste beskrywing van die doderyk en hel**.** ('Aeneas' in 'The Aeneid', Turner:38; vgl. sy naamgenoot in Hand.9:33).

Sien die kaart op die volgende bladsy.

**Vergilius se kaart van die Onderwêreld**




(*Turner:38*)

Eneas se gids was Sibille ('The Cumaean Sibyl') en as beskerming op sy gevaarlike reis deur die doderyk het hy 'n magiese goue boog gehad (:36). "Bekend uit die ou wêreld is ook die skriftelike orakelversamelings wat verbind is aan die Sibille. Sy was ’n priesteres van Apollo en het ook as profetes opgetree. Daar word van Sibille op verskillende plekke gepraat, maar die bekendste is die een van Kumae wat eeue lank in ’n grot sou gewoon het en daar haar orakels sou gegee het. Sy sou Eneas na die onderwêreld vergesel het en die Sibillynse boeke saamgestel het waarin Rome se lotgevalle vervat sou gewees het. Daar was verskillende versamelings van hierdie Sibillynse boeke of orakels in omloop, maar van die bekendste is die Libri Sibillini wat te Rome bewaar is en in gevalle van nood deur ’n amptelike kommissie van die staat geraadpleeg is (du Toit 1997, LLS).

Joodse geskrifte wat teen die Hellenistiese invloed gemik is, het self ook 'n vermenging van Joods-Griekse gedagtes bevat wat uit baie jare voor die Christelike era kom. Dit kom duidelik uit in die Joodse geskrif Die Orakels van Sibille (c. 150 v.C.) wat in Alexandrië geskryf is en nabootsings van Vergilius se Griekse Sibillynse boeke bevat. Laasgenoemde het dus toe reeds die Joodse denke oor die lewe na die dood beïnvloed (Russel,1976:16-17). Daniël 12 dateer uit dieselfde tyd.

Vergilius het ook van Plato se inhoud gebruik gemaak. Volgens hom is die hel onder Italië, naby waar Napels vandag is. Hy beskryf dit as 'n vreeslike plek, vol huilende honde, klam grotte, stink gasse, aardbewings en angswekkende gille van die inwoners. Hy is ook die eerste wat 'n sielerus of 'limbo' van honderd jaar beskryf vir die armes. Hy het 'n groot invloed gehad, ook op Christene soos Klemens, Origenes, Tertullianus en Augustinus wat hom gereeld aangehaal het.

Plutargus (c. 50–120 n.C.) - 'n Griek wat in Rome gewoon het, se Visioen van Thespesius beskryf laasgenoemde se vreeslike val en naby-doodse ervaring. Sy gees is verplaas na die sterre tussen die dooies wat in borrels sweef, party op, ander af. Die siele wat opgestyg het, het 'n gesonde voorkoms gehad, die ander was vol vlekke. Die regter genaamd Dis het die siele wat afgesak het deur louterende straf gestuur. Sommige het goed deurgekom, ander nie.

Die slegtes is rondgejaag totdat hulle oor die afgrond gestort het. Daar in die plek van verdoemenis het Thespesius sy eie pa gesien wat mense vir hulle goud vergiftig het. Dit was 'n

verskriklike plek van pyn en lyding. Hier het siele gekrul van die marteling, sommige se ingewande is uitgeskeur. Daar was drie vreesaanjaende mere, een van kokende goud, een van gevriesde lood en een van ysterskerwe. Demone het die siele aanhoudend van die een na die ander poel gegooi. In die laaste deel van sy visioen sien Thespesius die korrektiewe behandeling van siele wat reg geslaan en gevorm word, voordat hulle teruggestuur word na hulle volgende vorm van lewe.

Sekere dele van die beskrywing kom baie ooreen met dié van Zoroastrisme en die latere Nuwe Testament en Joods-Christelike apokriewe, waar ons lees van die poel van vuur en mense wat in verskillende mere gemartel word, byvoorbeeld deurdat folterende engele hulle aan hulle voete, tonge of hare opgehang en in die meer van vlammende slyk onderdompel is (vgl. Die Openbaring van Johannes Hoofstuk 21:8; Die Openbaring van Petrus Hoofstuk 1:21-34 Vaandel 1997:157).

## 10.9 DIE INVLOED OP DIE JOODS-CHRISTELIKE TRADISIE

Die mere van marteling en die geluk van goeie siele soos hierbo by Plutargus bespreek is, bied saam met die werk van Vergilius en die Joodse Orakels van Sibille 'n waardevolle oorgang na die verdere bespreking van die invloed van Hellenisme op die Joods-Christelike tradisie oor die lewe na die dood.

Die volgende aanhalings van Sourvinou-Inwood en Russel is van besondere belang. Dit wys op 'n duidelike ontwikkeling, die oosterse invloed en aspekte oor die lewe na die dood wat ons daarna ook in die Joods-Christelike tradisie vind: "Afterlife (Greek)[XII]: In earliest eschatology all shades (souls) went to Hades, a subterranean, gloomy, dark land of the dead. A rapidly growing belief soon challenged this: select HEROES were thought to inhabit a paradise (Elysion; or Makaron Nesoi, Isles of the Blest). MYSTERIA and later, ORPHISM promised a blissful afterlife close to the gods, to anyone who underwent initiation and followed certain precepts - both ritual and later (in most circles) also ethical. From here the notion of post-mortem rewards and punishments after a general judgement spread into mainstream eschatology. Reincarnation (ETHIKE; ORPHEUS) remained a marginal belief. Celestial / astral immortality, among the stars in the sky, appeared in the 5$^{th}$ century BCE and grew in popularity later, with many variants. All these beliefs, and doubts about the afterlife, coexisted. The Late Hellenistic craving

for assurances of immortality found satisfaction primarily in Mysteria and the belief in astral immortality" (Sourvinou-Inwood, 1984:26 ev.).

Russell sluit hierby aan. Hy het bekendheid verwerf vir sy navorsing oor die apokaliptiek van die apokriewe met sy boek *Between The Testaments*. Hier is sy bevindings in verband met Zoroastrisme, Hellenisme en die Skrif van toepassing. Hy toon baie duidelik aan dat die volgende ooreenkomste daarop dui dat Persië die Jode en Christendom beïnvloed het: Leerstellings oor die bestaan van god en die duiwel, die stryd tussen lig en duisternis, goed en kwaad, engele en duiwels, 'n verlosser wat kom, oordeel, beloning in die paradys en hemel en straf in die hel, asook god wat uiteindelik die duiwel oorwin en alles nuutmaak. (1976:17, 20-23, 95, 107-112, 135, 153 en 171. Sien ook die hoofstuk oor Zoroastrisme). Russel wys daarop dat selfs die woord "paradys" oorspronklik van Persië kom en verwys na 'n tuin of vrugteboord, wat ook dien as metafoor vir die hemel hierna (:153).

'n Verdere besondere bydrae wat Russel (:21 ev) maak, is dat hy die belangrike perspektief uitlig dat die Zoroastrisme van Persië deel vorm van die Hellenisme as sinkretisme. Sy standpunt kom dus ooreen met du Toit en ander hierbo, maar hy noem die Zoroastrisme by die naam.

Zoroastrisme vorm dus 'n belangrike deel van die fondamente van die Hellenisme wat die Jode en Christene ook beïnvloed het.

Russel skroom nie om te praat van heidense invloed nie en hy wys op die duidelike vermenging van Griekse en Joodse gedagtes, lank voor die Christelike era (:17). Hy verwys byvoorbeeld na die Sibillynse Orakels en Wysheid van Salomo. Russel toon die verdere ontwikkeling en invloed aan en kom tot die volgende konklusie: "There thus emerged a Perso-Babylonian syncretism, or 'mixture' of culture, which in course of time coloured deeply Syrian Hellenism" (:21). Ten spyte van die oorweldigende ooreenkomste wat ons hierbo hanteer het, toon hy tog ook enkele verskille aan tussen Hellenisme en die Joodse tradisie, byvoorbeeld dat oorspronklike mitologiese inhoude uit Daniël 7 se weergawe verwyder is (:135).

Paine (1972:36 ev.) wys ook duidelik daarop dat Zoroastrisme voor die Grieke en Romeine reeds 'n Hades gehad het. Dit was 'n donker en vreesaanjaende plek van oordeel, straf en lyding. Angra-Mainya en sy hordes duiwels en demone het hier regeer. Die idee dat die hel 'n plek van

straf was,  is reeds goed gevestig in mense se gedagtes in die tyd van die Persiese Ryk. "Also the eternal dualism, good versus evil - go(o)d versus (d)evil - was equally and as unshakeably fixed…. These ancient theologies borrowed from one another" (Paine:38-42, 52, 59 ev.).

McDannel en Lang (1988:14) sluit hierby aan. Bernstein (1993:3 ev) wys ook op argeologiese en skriftelike getuienis dat Egipte en Persië die Grieke en Romeine beïnvloed het ten opsigte van die skeiding in die hiernamaals.

So het die hel by die Hellenisme ook ontwikkel vanuit 'n neutrale doderyk tot 'n doderyk met 'n bykomende plek van straf. Daar was verskillende groeperinge onder die Jode wat verband gehou het met die Hellenisme waarvan ons nou net die belangrikste bespreek met betrekking tot die geloof aan die opstanding en lewe na die dood.

"Die Hellenistiese assimilasie-groepering spruit voort uit die geslaagde vergrieksingsprogram wat Aleksander die Grote en sy opvolgers in verowerde gebiede van stapel gestuur het. Die Griekse lewenstyl het spoedig ’n groot trekkrag geword. Deur middel van die onderwys, andersoortige filosofiese denkstrominge en maatskappybeskouinge (’n oop samelewing en geen eksklusivisme nie) het dit ’n bedreiging vir Judaïsme geword omdat dit Jode beweeg het om ou standpunte te laat vaar ten gunste van die lewenstyl van die heersende klasse. In die Nuwe-Testamentiese tyd verteenwoordig die Sadduseërs hierdie [Hellenistiese assimilasie] tradisie” (Vosloo en van Rensburg 1993:1357).

Die Sadduseërs gaan terug op die priester orde wat volgens tradisie die nakomelinge van Aäron sou wees. Hulle het al tydens die Persiese oorheersing as party ontstaan. Hulle het met die Fariseërs gebots weens hulle ontkenning van die opstanding. Teen die tyd van Jesus was hulle die konserwatiewe regerende elite. Die hoëpriester het uit hulle geledere gekom. Hulle het die leer van die opstanding en alle bonatuurlike verskynsels (engele en geeste) verwerp. Die Sadduseërs was konserwatief in hulle teologie, maar baie liberaal in hulle leefwyse deurdat hulle Hellenistiese gebruike en opvattings gekoester het (:1357; vgl. Mark. 12:18-27 en Luk. 20 :27-40).

Die tweede was die heersersgesinde groepering. Hulle het reeds begin vorm by die positiewe gesindheid teenoor die Persiese vorste na aanleiding van Kores se vrylating van die Jode en die Persiese vorste se godsdienstige verdraagsaamheid. Met die oorname van die Romeine het hierdie groep oorgegaan in die Herodiaanse party wat in die Nuwe-Testamentiese tyd so aktief was.

Die profeties-messiaanse groepering. Die beweging van die Gasidim (vromes) was deel van hierdie groep en staan bekend vir hulle ywer vir die tora (die wet). “Hulle het ’n vroomheidsleer gehandhaaf met ’n profeties-eskatologiese karakter. Waarskynlik het hulle reeds voor die Makkabese opstand bestaan. Tydens die opstand was hulle die medestryders van die Makkabeërs en het ook met die Helleniseringsproses in botsing gekom. Na die oorlog het daar stryd tussen hulle en die Makkabeërs oor die hoëpriesterskap ontstaan. Uit hierdie party het die latere Fariseërs en Essene ontwikkel" (Vosloo en van Rensburg 1993:1357).

"Die Jode wou byvoorbeeld met Die Boek Jubileë die invloed van Hellenisme teenwerk" (:1356) maar "Die Joodse kultuur het nie die invloed van die Hellenisme vrygespring nie" (:1354). "Antiogus III was ’n vurige ondersteuner van die Hellenisme (dit is die Griekse kultuur) en het besluit dat die Jode meer moes toegee" (Stander en Louw, 1990: LLS).

## 10.10 GEVOLGTREKKING

Die Hellenisme het ontstaan nadat die Grieke begin het met 'n doelbewuste poging om hulle kultuur oor die hele wêreld te versprei. Dit was egter baie moeilik om die Oosterse en veral die Persiese kultuur uit te wis. Gevolglik het ’n vermenging van kulture ontstaan wat ons die Hellenisme noem. Godsdienstige gewoontes en veral geloofsoortuigings oor die lewe na die dood, was deel van hierdie nuwe saamgestelde kultuur.

Die Zoroastrisme van Persië en later ook van Babilonië, het 'n belangrike deel uitgemaak van die sinkretisme van die Hellenisme wat tot stand gekom het in die Grieks-Romeinse wêreld. Dit het 'n invloed uitgeoefen op die latere skrywers van die Ou- en Nuwe Testament en ander geskrifte van die Joods-Christelike tradisie. Vir die doel van hierdie studie is dit uiters belangrik om die volgende ontwikkeling by die Hellenisme raak te sien oor die lewe hierna.

Alle mense se siele sou eers na dieselfde onderwêreld, naamlik Hades gaan, soos wat ons ook by die hele Mesopotamië en grootste deel van die Ou Testament gekry het, waar dit die Sjeool genoem is. Die eerste grootste stap in die ontwikkeling was dat daar 'n skeiding tussen mense in die hiernamaals gekom het - die meeste sou steeds na die gewone deel van die doderyk gaan, maar helde en later ander ingewydes wat ritueel en eties rein was, sou voortaan na die paradys gaan.

Mense sou volgens latere ontwikkeling, na hulle dood geoordeel word en dan beloon of gestraf word. Hulle paaie sou skei. Volgens die Hellenisme het Hades nou ook 'n kelderverdieping bygekry, die boonste deel is Erebus genoem en die onderste deel Tartarus (vergelyk met die hel). Laasgenoemde was 'n duistere tronk van ewige straf onder in 'n onpeilbare diep afgrond. Hier was vreeslike monsters en demone wat mense verlei tot sonde en hulle dan daarvoor straf. In sekere opsigte toon dit ooreenkomste met die Bybel (vgl. 1 Tes.3:5; 1 Petr.5:8; Ef.6:11-17; Op.20:7 ev.).

Na die oordeel kon die goeie siele vanaf Erebus na die Elisiese Velde (vergelyk met die hemel) van geluksaligheid gaan, waar hulle lekker kon perdry, rondhardloop, speel en musiekmaak tussen die blomme. Daar sou altyd brandoffers wees en die lig van die vure sou ver gesien kon word. Daar is verdere beperkte ooreenkomste met die Joods-Christelike tradisie, byvoorbeeld die vergelyking tussen Orfeus en Jesus Christus die Goeie Herder. Jesus herinner 'n mens ook aan die verhale van Herkules en ander wat "ter helle neergedaal het" of afgegaan het na die doderyk om mense daaruit te bevry tot die lewe.

Bogenoemde, en daarmee saam die strewe na die ewige lewe, het vir mense in die Grieks-Romeinse wêreld reeds belangrik geword sedert ongeveer 500 v.C. - dus voordat baie dele van die Ou- en Nuwe Testament ontstaan het.

Sokrates en Plato se beskrywings van die goeie Wyse God, reïnkarnasie, hemel en hel - toon duidelike invloed van die latere Hindoeïsme en die Zoroastrisme. Dit is vir my duidelik dat Hindoeïsme reeds wegbeweeg het van 'n direkte ewige hemel en hel, na voorafgaande reïnkarnasies, toe die Grieke deur hulle idees begin beïnvloed is.

Daar sou volgens Sokrates en Plato verskillende prosesse en bestemmings vir mense wees, wat gewissel het van 'n ewige hemel tot 'n ewige hel: 'n siel kon deur 'n goeie lewe direk na god gaan. Sommige moes eers deur 'n meer gesuiwer word, waarna hulle nog 'n kans gekry het deur middel van reïnkarnasie. Groot sondaars is egter vir 'n jaar hel toe, ander kon eers uitkom as hulle slagoffers hulle vergewe en begenadig het, maar die grootste sondaars is sommer dadelik en vir ewig na die hel of Tartarus gestuur.

Alhoewel Plato en ander Griekse filosowe ook hulle eie bydrae gelewer het, het dit in hierdie hoofstuk baie duidelik geword dat hierdie Oosterse invloed via die Perse deur die Hellenisme in die Grieks-Romeinse wêreld ingekom en gevestig het. Die Grieke wou met hulle Hellenisering die Perse beïnvloed, maar toe gebeur die omgekeerde ook, en die Zoroastrisme word deel van die Hellenisme!

Daar bestaan nou ook geen twyfel dat die Hellenisme op sy beurt die Joods-Christelike tradisie beïnvloed het nie, ten spyte van die teenkanting van sekere Joodse groepe soos die Sadduseërs, wat byvoorbeeld nie in die opstanding van die dooies geglo het nie.

Al was Israel tydens die ballingskap in direkte kontak met die Zoroastrisme, wat elemente van die Hindoeïsme bevat het, vorm die Hellenisme dus 'n verdere belangrike oorgang tussen Zoroastrisme en die Joods-Christelike tradisie oor die lewe na die dood. In die volgende hoofstuk word die Ou Testament met betrekking tot die lewe na die dood ondersoek.

## HOOFSTUK 11 LEWE NA DIE DOOD VOLGENS DIE OU TESTAMENT

### 11.1 INLEIDING

Oor die lewe en die dood is daar baie in die Ou Testament geskryf, maar daar is blykbaar bitter min in die Ou Testament oor die lewe ná die dood geskryf. Laasgenoemde word hoofsaaklik in hierdie afdeling behandel.

### 11.2 SJEOOL


God het 'n unieke pad met die Israeliete geloop: ook deur Egipte waar die mense geweldig gefokus het op die hiernamaals. Tog het die mense van Israel oorspronklik uit Mesopotamië gekom. In Israel het hulle steeds deel gebly van die sogenaamde Vrugbare Halfmaan, waar hulle voortdurende onderlinge kontak met al die bure gehad het (Van Zyl 1977; 1979:13; vgl. Ester 1:1). Hier het die mense 'n drieverdieping-wêreldbeeld gehad (West 1981:81 sien skets hieronder; Van der Watt 1998:95 ev.). Hierdie wêreldbeeld vorm ook die dekor van die geskrifte in die intertestamentêre tyd en van die Nuwe Testament. Volgens bykans almal in hierdie omgewing was dieselfde onderwêreldse doderyk of sjeool aanvanklik alle mense se voorland.

Die Hebreeuse woord sjeool is deur die jare verskillend in die Bybel vertaal, byvoorbeeld: “'Tomb' (eight times). These words are also translated in other ways. 'Qeber' and 'qebura' many times are rendered 'sepulcher' or 'burying place' as are 'mnema' and 'mnemion'. The translation 'tomb' is also used. Heb. sheol is also translated 'hell' (31 times) and 'pit' (three times) in the KJV. The RSV usually transliterates both sheol and 'hades'. The word sheol brings many problems. It is now usually defined as the place of departed spirits… sheol is a place of darkness, silence, and forgetfulness (Job 17:13; Ps 31:17; 88:3, 12)… (A. Heidel, The Gilgamesh Epic and OT Parallels, pp.173 ff.). It may be argued that sheol is a poetic word for 'grave'. It is used in poetic parallelism with 'mawet', 'death,' and 'qeber', 'sepulcher' (R. L. Harris, The Meaning of the Word Sheol, BETS, IV(1961), 129–135) ” (Pfeiffer 1975:LLS).

In die 1983-Vertaling, soos in die paragrawe hieronder aangehaal, word die woord sjeool ook binne konteks vertaal met die toepaslike woorde soos die graf of doderyk. “Die term Doderyk word in die Bybel gebruik as aanduiding van die gebied en die toestand waarin gestorwenes

hulle bevind. (Ps. 6:6; 9:18; 18:6; 30:4; 31:18; 49:15; Matt. 11:23; 16:18; Luk. 10:15; 16:23; Hand. 2:27, 31). Die voorstelling vorm deel van die wêreldbeeld van die oudheid, waarin die doderyk ’n gebied diep onder die aarde (Num. 16:30) of die see (Job. 38:16, 17) was. Daar voer die dooies ’n soort skaduweebestaan, sonder lig, sonder kontak met die mense wat nog lewe, sonder gemeenskap met God (Job. 10:21, 22; Ps. 88:6; 115:17). Die tyd vir keuses en beslissings is dan onherroeplik verby; daarom kan die Here daar ook nie aanbid of geloof word nie (Ps. 6:6). Soms word die doderyk ook voorgestel as ’n vesting met poorte (Jes. 38:10; Matt. 16:18), ’n gevangenis (1 Pet. 3:19) of as ’n verslindende, lewebedreigende mag (Spr. 1:12; Jes. 5:14). Die woord word dikwels gebruik as sinoniem van 'graf' en 'dood' (Ps. 18:6; 30:4; 49:15)” (Die Bybel Nuwe Vertaling Woordelys 1983:354).

Waarheen gaan die dooies dus volgens die Ou Testament? Die drie-verdieping wêreldbeeld van Israel en Mesopotamië kom in baie tekste voor en werp meer lig op die saak: Die onderwêreld en waters onder die aarde (Gen. 1, 6; Gen. 7:11, Eks. 20:4, Deut. 5:8; 2 Sam. 22; Job 9, Job 26:7-11; Spr. 15:11); Die plat aarde op sy pilare en fondamente (Job 9:6 ev; asook Job 38:4; Ps. 18; Ps. 24; Ps. 82; Spr. 8:29 en Jes. 24 en 48); God het ook 'n vaste hemelkoepel soos 'n tentdoek gemaak, waar bokant Hy in sy hemel woon (Gen. 1:1,7; Gen. 11; Jes. 51; Jer. 10; Jer. 31; Job 9 en 38; Eseg. 31; Amos 7 en 9; Jona 1:17–2:10 en Miga 6). West (:81) stel dit voor met die volgende skets:



Wanneer mense van die Ou Testament af beweeg het in die graf en doderyk, is geglo hulle beweeg ook verder van God af weg, want al kan God oral heen beweeg, is Hy hoofsaaklik in sy blyplek bo in die hemel, vanwaar Hy afkyk en soms afkom (Gen. 11). Die doderyk is baie ver van Hom af, ja selfs nog verder as die aarde. Dooies is eintlik beskou as afgesny van God. Hy is soms ook op besoek onder in die doderyk, maar dit is nie sy seënende teenwoordigheid nie, inteendeel (vgl. Ps. 139:7-8 hieronder). Met tye van geweldige lyding, soos byvoorbeeld tydens die ballingskap, het Israel selfs bo op die aarde so vér van God gevoel dat engele opnuut waardeer is, want hulle het hierdie geweldige afstand kom oorbrug (Le Roux ea. 1998:18 ev.).

Nader my God by U is een van die mees gewilde liedere by Christelike begrafnisse. Min mense besef dalk watter groot voorreg dit is om so 'n verwagting te hê. Die tragiese van die grootste deel van die Ou Testament is dat dooies juis verder van God af weg beweeg. Hy is rein en bo in sy hemel. Dooies gaan nie nader na Hom toe as wat hulle op aarde was nie, maar juis verder en verder, omdat hulle onrein is en die blyplek van dooies diep onder die grond in die sjeool of doderyk is.

Ons lees in Psalm 115:17: "Nie die dooies prys die Here nie, nie dié wat die graf in is nie..." Dit kom ooreen met Jesaja 38:18; Psalm 6 en Psalm 88. Op grond van hierdie tekste en nog ander soos Ps.8; Ps.145 en Ps.148 kom Wolff (:160 -161 en 321-330) saam met Von Rad, Barth en Jüngel tot die volgende konklusie: Om dood te wees volgens die grootste deel van die Ou Testament beteken om buite God se magsgebied te wees en om Hom nie meer te kan loof nie. Dooies is van God afgesny. Om dood te wees is om geen verhoudings meer te hê nie, nie met ander lewendes of dooies nie, maar veral ook nie met die lewende Here nie. Uit die aard van die saak beteken lewe presies die teenoorgestelde. Die belangrikste aspek van die lewe, volgens die Ou Testament, is dus die moontlikheid om met God in 'n goeie verhouding te lewe en om Hom te kan loof!

God het die mens nie geskep en bestem om dood te gaan nie, maar Hy het ons vir ten minste die volgende vier hoofredes bestem (Wolff:321-330): om te lewe (Gen. 2) en daarom gee Hy ook leiding aan die mens om ons aan die lewe te hou (Deut. 30:15-20); om lief te hê, om te heers oor die skepping en om Hom te loof.

In die wysheidsliteratuur van die Ou Testament kry ons die volgende twee voorbeelde in Prediker: "Die wyse weet wat hy doen, vir die dwaas is daar net donkerte, maar dit weet ek: een en dieselfde lot tref albei" (Pred. 2:14). "Een en dieselfde lot tref mens en dier, hulle gaan almal dood, die een soos die ander. Almal het net een asem. Die mense is nie beter daaraan toe as die dier nie. Alles kom tot niks. [20]Almal is op pad na dieselfde plek toe, almal is van stof en almal word weer stof. [21]Wie weet of die asem van die mens opstyg boontoe en of die asem van die dier afgaan onder toe?" (Pred. 3:19-21). Laasgenoemde lyk na 'n retoriese vraag (vgl. Job. 14:14 en Ps. 88:11-13).

Botha, Deist en Veldsman (1995:LLS) gee die volgende reaksie op die vraag "Wat gebeur as ‘n mens doodgaan, volgens die Ou Testament? Volgens Prediker 3:18–22 en Job 14:5–12 is daar geen lewe ná die dood nie. ’n Mens en dier sterf op dieselfde manier. Daar is vir ’n boom meer hoop op lewe ná die dood as vir ’n mens. Hier word ’n uiterste siening gestel. Die algemene opvatting in die tyd voor die Babiloniese ballingskap, was dat ’n afgestorwene wel nie so dood soos ’n klip is nie, maar ver van God af bestaan. Aanraking met die dood maak ‘n mens onrein (Num. 19:11-22). Dit was dus ondenkbaar dat die heilige God tussen die dooies aanwesig kan wees."

Die klem val in die gedeeltes uit die wysheidsliteratuur wat ons hierbo bespreek het, op die gedagte dat alles tevergeefs is en dat almal na dieselfde aaklige doderyk gaan (vgl. ook Pred. 6:6; 9:1 ev; 12:5-7; asook Long 1982: 347-353).

In sy werk *The Old Testament View of Life after Death*, behandel Desmond (1986:41-46) die volgende standpunte: “W. Brueggemann holds that the Hebrew term for 'death,' mawet, is used three ways: (1) biologically ('the end of historical life'), (2) mythologically ('as a power, agent or principle'), and (3) symbolically ('as the loss of rich, joyous existence as willed by God')." Desmond voeg ‘n vierde gebruik by, naamlik "(4) 'the place of existence after biological cessation (e.g. Job 38:17; Isa 28:15)'. L.R. Bailey suggests that the OT describes biological death as 'good' or 'bad.' Death may be 'bad' if it is either premature, violent, or if there is no surviving heir."

König (1991:194-237) behandel tereg die dood van die mens, asook siekte, die duiwel en die hel, binne die raamwerk van die mens se sonde en vervreemding van God. "Verder word die dood alreeds in die Ou Testament, en meer nog in die Nuwe Testament, as ons vyand gesien, ‘n bedreiging van ons gemeenskap met God, maar ook ‘n vyand van God wat uiteindelik deur Hom oorwin word" (König:202). Die dood word beskryf as 'n bose mag en 'n monster in ons lewens (:207). Die Ou Testament beskryf lyding, soos erge siekte en Israel se ballingskap, alreeds as dood opsigself (Ps. 88:4-7; Jes. 26:19; vgl. König:207, 211).

König (1991:208 ev.) bespreek die houding van gelowiges teenoor die dood in die Ou Testament: “Ons kry ‘n situasie wat heeltemal van dié in die Nuwe Testament verskil. Van Paulus se verlange en uitsien na die dood is daar in die Ou Testament nog geen sprake nie. Daar is twee verskillende benaderings tot die dood in die Ou Testament. Die dood word deur enkeles as ‘n redelik natuurlike lewenseinde gesien, maar in verreweg die meeste gevalle word die dood bejeën as ‘n skrikwekkende einde, as ‘n breuk en beëindiging van alles wat die moeite werd is. Die eerste, meer positiewe, natuurlike siening van die dood word pragtig uitgedruk in Job 5:26: ‘Op rype leeftyd sal jy na die graf gaan, soos ‘n koringgerf ingebring word op sy tyd.’ Wat ‘n pragtige beeld!"

Die dood het nie beteken dat die mens wat eenmaal ontstaan het, nou ophou bestaan as hy of sy sterwe nie (Heyns 1981:396-399). Laat in die Ou Testament, intertestamentêre literatuur (vgl. 12.5-6) en Nuwe Testament (vgl. 13.6) het die teologie oor die lewe na die dood verder ontwikkel. By laasgenoemde ondersoek ons die ingrypende verskil wat Christus se opstanding ten opsigte van die lewe na die dood en die ewige lewe gemaak het. Met die agtergrond van die Ou Testament en in die onontbeerlike lig van die Nuwe Testament en Jesus Christus, gee Deist (1991:73) die volgende definisie: “'Ewige lewe' is om tot in ewigheid soos in die paradys, in harmonie met God te bly leef, selfs al het jy fisies reeds gesterf.”

## 11.3 OPGENEEM

Ons wat bekend is met die Nuwe Testament vind dit moeilik om ons gedagtes leeg te maak van die moontlikheid vir mense om hemel toe te gaan. Vir eeue en eeue het die mense in Mesopotamië egter sónder so 'n verwysingsraamwerk en verwagting geleef. Dit sluit die tydperk

van die Ou Testament in. Niemand in Israel het aanvanklik eers aan die moontlikheid gedink (of dit ten minste geskryf) dat ‘n nietige mens na Gód se woonplek kon gaan nie.

Toe gebeur ‘n paar dinge in God se wêreld: Israel se bure begin skryf oor mense wat hemel toe gaan en twee mense van Israel vaar ook lewend op na God. In die vorige hoofstukke oor Hindoeïsme, Babilonië en Zoroastrisme sien ons dat hierdie gedagtes reeds eeue voor Israel in byvoorbeeld die Rig Veda en Avesta voorgekom het.  Na Christus wat opgevaar het kry ons dit ook by Islam. “Die Moslems beweer dat Mohammed vanaf die rots in Jerusalem waaroor die Rotskoepel gebou is, na die hemel opgevaar het. Vir hulle is dit die derde heiligste plek op aarde ná Mekka en Medina. Die Rotskoepel is onlangs ten duurste gerestoureer met nuwe goudbeslag op die koepel” (Malan 1997:LLS). Op besoek word die merk op die rots aangetoon waar Mohammed se perd sou vasgetrap het, toe hy lewend opgeneem is in die hemel.

In die Ou Testament lees ons dan die volgende: “Henog se ouderdom was dus 365 jaar. 24Hy het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem” (Gen. 5:23 - 24). Sommer so in ‘n geslagsregister word sonder drama vertel van die wonderlikste ding wat met ‘n mens kan gebeur...!

In 2 Konings 2 gebeur dit ook sommer so “terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het”, maar hier lees ons meer hoe dit gebeur het in Elia se geval. Hier is ook ‘n ander menslike ooggetuie!
“1 Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in ’n stormwind in die hemel sou opneem. ...:9 Net toe
hulle deur is, sê Elia vir Elisa: 'Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af
weggevat word?' Elisa het geantwoord: 'Mag daar tog ’n dubbele deel van u gees op my kom!' 10
Toe sê Elia: 'Dis ’n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat
word, mag dit dan met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie.' 11 Terwyl
hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik ’n wa van vuur met perde van vuur wat
hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in ’n stormwind op, die hemel in. 12 Toe Elisa dit
sien, het hy uitgeroep: 'My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!'”

“In Psalm 73 is die bekende belydenis: ‘U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem’ (v. 24). Dit is ‘n heel uitsonderlike uitspraak wat teruggryp op die twee merkwaardige gevalle waar mense nie gesterf het nie, maar eenvoudig deur God opgeneem is om hulle lewe by Hom voort te sit, Henog en Elia (Gen. 5:24; 2 Kon. 2:1 ev.). Die Psalmdigter

ontvang dus van God die oortuiging dat dit ook met hom sal gebeur. Dit is egter nie lewe na die dood of opstanding uit die dood nie...” (König 1991:211).

Psalm 49:16 spreek dieselfde hoop uit: “Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem.” Die gedagte wat hier ter sprake is, is om voordat ‘n mens sterwe jy opgeneem word om voort te leef by God. Die gedeelte praat dus blykbaar nie van “lewe na die dood” nie. Psalm 73 en Psalm 49 is twee baie uitsonderlike Psalms en dui waarskynlik slegs op Henog, Elia en die digter, maar nog nie op 'n verwagting dat alle gelowiges opgeneem sal word om die dood vry te spring, deur direk na God in sy hemel te gaan nie. Dit is dus ook nog nie die geloof wat ons eers later (bv. Dan. 12:1-2) kry dat sommige sal opstaan na die dood nie (vgl. König 1991:211). Dit word in dieselfde Psalm 49 bevestig, naamlik in vers 11 en 12: “[11]Elkeen sien dit tog: wyse mense sterwe net soos dwase en sotte, en laat hulle besittings aan ander na. [12]Die graf is vir altyd hulle tuiste; van geslag tot geslag is dit hulle woonplek, al het hulle eenmaal grond op hulle naam gehad.”

Dit is dus nog nie lewe na die dood of opstanding uit die dood nie, en die Psalmdigter se verwagting om lewend na God te gaan, word hier ook nog nie uitgebrei na ander gelowiges nie.

Healy vergelyk voorstellings oor die lewe na die dood in Mesopotamië, Ugarit en Bybelse literatuur: "In Mesopotamian thought, as in Greek, the dead are geographically separated from the living, in a remote place, on the other side of a river or lake. Ugaritic texts focus on the mythical geography of the underworld, dark and unpleasant, but there is also mention of something like the Elysian fields where certain heroes reside. According to OT tradition, Enoch and Elijah did not die but were taken up to life with God, much like extra-biblical heroes. Perhaps the process of democratization noticeable in both Greek and Ugaritic cultures also prepared the way for later biblical acceptance of an afterlife for all. Nevertheless, the Hebrew Bible is strangely reticent in describing what happens after death, in spite of a few motifs similar to Greek or Ugaritic thought. We can conclude that Israel's faith in its being especially chosen by the one true God enabled it to maintain a strong religious and ethical consciousness without concern for reward after death. Such a faith has its own beauty, similar to that of the Greek hero indifferent to mortality" (Healy 1997:94-104). Healy bevestig dus dat ons nog nie hier waar ons in die Ou Testament van opneem lees, met lewe na die dood te doen het nie.

Na aanleiding van die navorsing in die ander hoofstukke oor Israel se bure, ondersteun ek ook bostaande standpunt dat alhoewel daar bitter min in die Ou Testament oor die lewe na die dood is, sien ons ooreenkomste met buite–Bybelse bronne en ‘n voorbereiding vir die latere geloof van “an afterlife for all.” Ons kan dus aflei dat die Grieke, Ugariete, Romeine en Perse die saad in Israel water gegee het en die weg help voorberei het vir die latere aanvaarding in die Bybel dat alle mense gaan lewe na die dood (vgl. 13.6.1-2).

Om na God toe te gaan was vir Israel se bure ook aanvanklik net vir helde beskore. Henog en Elia is inderdaad geloofshelde in die Ou Testament. Met Henog, Elia en die Psalmdigter is die perspektief oopgemaak: ‘n mens kan bly lewe en deur God opgeneem word. Min tekste in die Ou Testament getuig egter hiervan, en sommige van hulle is onduidelik of omstrede.

Strange (1985: 35-40) lewer hier ‘n interessante bydrae met sy werk: *The Idea of Afterlife in Ancient Israel: Some Remarks on the Iconography in Solomon's Temple*. “The iconography of the Solomonic temple described in 1 Kgs 6:18, 29, 32 and 35 points to the syncretism of the Jerusalem cultus created by David and Solomon. Cherubim and palmettes are indicative of the motif, Mesopotamian in origin, of the Tree of Life with its antithetical guardians. This appears in the Ancient Near East as early as the fourth millennium, occurs in a variety of forms, and plays a special role in the idea of divine kingship especially in regard to afterlife and resurrection. Calyxes (open flowers) and buds are examples of the Egyptian lotus motif, symbolic of the Creator God, the Sun God or the king, and carrying the abstract nuances of afterlife, resurrection and love. The lotus chain appears through the Syria-Palestine area, in some cases together with the Tree of Life. It can also be traced, though with difficulty, in the OT. The connected ideas of afterlife and resurrection are originally tied to the kingship but are broadened following the fall of the kingdom. The distinctive Israelite element in the Temple is the Debir, a wooden representation of the original tent in which Yahweh dwelt before the building of the Temple.”

Alhoewel mens waardering het vir bogenoemde, wek dit belangrike vrae: Is daar genoegsame teksgedeeltes in die Ou Testament wat die standpunte ondersteun? Hoe kon die gedagte van “resurrection” aan die koningskap verbind wees voor die val van die koninkryk? Daar moet ook gewaak word om nie “afterlife” en “resurrection” met mekaar te verwar nie. Verdere ondersoek na aanleiding van hierdie vrae is dus moontlik.

Wenning sluit by sommige van bogenoemde stellings aan: "Excavations of about 400 tombs in Israel from Iron Age II, the monarchical period, show a surprising uniformity of burial customs which included the placing of certain objects next to the deceased apparently for some kind of use in the afterlife" (Wenning 1997:82-93). Hier kan ‘n mens ook vra waarom daar nie verwysings hiervan in die Ou Testament is nie.

Psalm 16; Psalm 49 en Psalm 73 word in hierdie verband deur Mindling (1991:305-369) bespreek in sy artikel *Hope for a Felicitous Afterlife*: "This suggests that perhaps conflicting views on eschatology and life after death were operative within the Israelite community at a much earlier point than is generally thought."

In die lig van sekere gedeeltes in die Ou Testament, asook argeologiese bevindings, kan die moontlikheid dus bestaan dat die verwagting om lewend, of selfs na die dood, na God te gaan, meer algemeen begin word het as wat aanvanklik aanvaar is. Dit blyk byvoorbeeld uit die Israeliete se gewoontes by begrafnisse. In die praktyk kom dikwels uit wat ‘n mens stil in die hart hoop.

Mens dink vanuit die Nuwe Testament moeilik anders, maar vanuit die beperkte Ou Testament-perspektief besef ons dat om lewend op te vaar eenvoudig nie lewe na die dood is nie. Dit kan egter wel vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief beteken dat hierdie persone vir ewig lewe. Lewend kon die paar geloofshelde soos Henog en Elia nog na God toe gaan, maar beslis nie na hulle dood nie, want dooies was onrein (Num. 19:11-22) en gaan so vér as moontlik wég van God af wat rein en heilig is. Sjeool was dus die wêreld se verste teenpool van God se hemelwoning.

## 11.4 OPWEK

In die Ou Testament kry ons enkele besondere gevalle waar individue uit die dood opgewek word, of waar daarna verwys word (1 Sam. 2:6; 1 Kon. 17:22 en 2 Kon. 4:35; vgl ook die N.T. bv. Joh. 11, m.b.t. Lasarus).

Hanna sluit die volgende in by haar dankgebed vir haar seun Samuel se geboorte in 1 Samuel 2:6: "Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom."

1 Konings 17:22: "Die Here het Elia se gebed verhoor: die lewe het teruggekom, die kind het gelewe." Dit is die seuntjie van die weduwee van Sarfat.

In 2 Konings 4 lees ons: "[32]Toe Elisa in die huis kom, het die seun daar dood gelê net soos hy op die bed neergelê was. [33]Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was. Nadat hy tot die Here gebid het, [34]het Elisa op die bed geklim en bo-op die seun gaan lê. Hy het vol op die seun gelê met sy mond op die seun se mond, sy oë op sý oë, sy hande op sý hande, sodat die seun se liggaam warm geword het. [35]Nadat hy ’n keer heen en weer in die huis geloop het, het hy weer op hom gaan lê. Die seun het sewe keer genies en toe sy oë oopgemaak. [36]Elisa het vir Gehasi geroep en hom beveel om die Sunemmitiese vrou te roep. Hy het dit gedoen en toe sy inkom, sê Elisa vir haar: 'Tel jou seun op.' [37]Sy het ingekom en by sy voete op haar knieë geval en gebuig. Toe tel sy haar kind op en gaan uit."

Wat telkens hier gebeur het was wonderlik. Dit is egter net twee seuns in die hele Ou Testament waarvan ons lees. Dit was ook slegs 'n opwekkings tot 'n tydelike aardse lewe, omdat die twee persone later weer normaalweg sou sterf. Alhoewel dit wonderlik was, het ons hier nog nie lewe ná die dood volgens die perspektief van die Nuwe Testament nie, maar slegs opwekking soos wat Jesus ook vir Lasarus opgewek het.

## 11.5 OPSTAAN

Hier word die boeke van Jesaja en Daniël ondersoek, omdat ons hier lees van "opstanding" en "lewe na die dood." Wat beteken dit hier?

### 11.5.1 Jesaja

In Jesaja 25:8 lees ons hierdie wonderlike profesie van seën: "[8]Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee. Oor die hele aarde sal Hy die smaad verwyder wat sy volk aangedoen is. Die Here het dit gesê."

Jesaja 26:19 bevestig dit: "[9]Dié uit u volk wat gesterf het, sal weer lewe, Here, hulle sal opstaan. Word wakker en juig, julle wat in die doderyk is! Soos die dou lewe gee, gee u krag lewe, Here, die aarde sal hulle wat lankal gesterf het, lewend teruggee."

In hierdie twee tekste kom nuwe gedagtes in die Ou Testament na vore, naamlik dat die dood vernietig sal word, asook die konsep van die opstanding uit die dood. Ons kry dit ook by Esegiël (sien hieronder. Esegiël se optrede; die eerste wegvoering 597 v.C.) Die boek Esegiël kom tot stand na 571 v.C. en dus nét voor Jesaja 40-55 of Deuterojesaja (Swanepoel 1993:1153). Deuterojesaja het rondom die tyd van die verval van die Babiloniese Ryk ontstaan. Dit val saam met die opkoms van die Persiese Ryk onder leiding van Kores wat in 550 v.C. koning geword het. Alhoewel Jesaja 25 en 26 deel vorm van Protojesaja (Jes. 1-39) wat ongeveer honderd jaar voor die ballingskap geskryf is deur die profeet Jesaja (tussen 740/39 en 698/97 v.C.) is daar ook gedeeltes in wat “finale gestalte na die ballingskap gekry het” (vgl. Prinsloo 1993:964 en sien ook die bespreking hieronder van die redaktor se werk en die moontlikheid van glosse).

Die konteks laat baie verklaarders saamstem dat Jesaja 26, soos Esegiël 37 dui op die terugkeer van Israel uit ballingskap (vgl. König 1991:211). Die dood en opstanding is hier dus beeldspraak vir die bevryding en terugkeer uit ballingskap. Maar waar kom hierdie beeldspraak nou skielik vandaan? Die doderyk is tog al van die begin van die Ou Testament deel van Israel se verwysingsraamwerk.

Om vandag in 'n boek ‘n kragtige hoofraam-rekenaar as beeldspraak vir God se besondere vermoë te gebruik, beteken tog dat so ‘n rekenaar vroeër êrens op die toneel in die samelewing verskyn het, en dus goed bekend is by die lesers. Indien dit onbekend is, kan die boodskap wat deur die beeldspraak gedra moet word nie deurkom nie.

Jesaja gebruik hier dus 'n konsep of gedagte wat teen daardie tyd ook in Israel bekend was. Hierdie konsep is dat daar ‘n opstanding uit die dood gaan wees. Jesaja (en die redaktor, vgl bespreking hieronder) gebruik dit as beeldspraak en pas dit (ten minste) toe op Israel se bevryding.

Waar kom hierdie konsep van opstanding vandaan? Die gedagte van 'n "afterlife" wat Israel lank gelede by Egipte van kennisgeneem het, is nie werklik die opstanding en herlewing wat ons hier kry nie. In ongeveer duisend jaar sien ons ook nie in die Ou Testament dat Israel daardie konsep deel van hulle teologie gemaak het nie. 'n Goeie moontlikheid is dat Israel die val van Jerusalem (586 v.C.) en die afbreek van die tempel (God se aardse woonplek by hulle, vgl. Jeremia) en die ballingskap, saam gesien het as die einde of dood van hulle as volk. Sommige kon hoop om terug te keer uit hierdie dood.

Hier is ook 'n verdere realistiese moontlikheid. Alhoewel die grootste gedeelte van Jesaja 1-39 ongeveer honderd jaar voor die ballingskap reeds geskryf is, het ons hier in Jesaja 25 en 26 ook die werk van ‘n latere redaktor (vgl. die bespreking van glosse hieronder). Dit is ‘n baie sterk moontlikheid dat dit ontstaan het na die ballingskap en bevryding deur Persië en dat die skrywer-redaktor van Jesaja 25:8 en Jesaja 26:19 dus hier 'n konsep gebruik uit die geloofstaal van die godsdiens waarmee Israel nou juis meer in aanraking gekom het, naamlik die Zoroastrisme. Hierdie Persiese geloof was toe reeds 'n wêreldgodsdiens en goed gevestig in Babilonië en oor die hele Persiese Ryk - die grootste wêreldryk wat daar ooit in die antieke Nabye-Ooste was en wat gestrek het van Indië (vgl. Hindoeïsme) oor Israel tot by Etiopië (Ester 1:1; vgl. Van Zyl, 1979:107).

Het ons in Jesaja 25 en 26 twee glosse? Whybray (1975:277) meen tereg dat Jes. 25:8 uit 'n later tydperk as byvoorbeeld Jes.65 kom. Clements (:208-209) verskil op hierdie punt van Wildberger en bevestig dat Jes.25:8 wel 'n glos is. Clements (:216) toon aan dat volgens Kaiser en ander, Jesaja 26:19 ook soos Jesaja 25:8 - 'n latere byvoeging deur 'n redaktor is.

Dit maak sin, veral gesien in die lig van die geskiedenis van daardie tyd en Israel se kontak met Zoroastrisme (en dus indirek met Hindoeïsme) en Hellenisme (vgl. :216). Dit verswak nie die sterk boodskap nie. Die ouer gedeelte herinner volgens Clements (:209) aan die lyding van Juda sedert die wegvoering deur Babilon (c. 587 v.C.) en voeg by: "The glossator has discerned a wider and more individual cause of sorrow and suffering in the fact of death itself." Die dood self, sal soos die rou-sluier verwyder word! (:209, vgl. Jes. 25:7)

Jesaja 25 en Jesaja 26 se glosse praat dus die opstandingstaal van die magtige Persië se Zoroastrisme. Persië - wat juis onder leiding van Kores (539 v.C.) gebruik is deur die Here om

sy volk uit die dood van die ballingskap te bevry en te laat opstaan en terugkeer na die Beloofde Land (vgl. Esra 1:1-3, 7; 4:3; 6:14 en 2 Kron. 36:23 - hieronder).

In laasgenoemde teks lees ons die fantastiese woorde: [23]“Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir Hom ’n tempel in Jerusalem in Juda te bou. Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort, kan teruggaan, en mag die Here sy God by hom wees” (Vgl. Ester 1:1 m.b.t. Indië wat deel was van die Persiese Ryk en bekend is vir die baie ou Hindoeïsme).

Daar is 'n Duitse spreekwoord wat ook in Nederlands bekend is: "Wiens brood men eet, wiens woord men spreek." 'n Mens praat maklik die een na die mond van wie jy afhanklik is. Israel het nie al Persië se woorde begin praat nie, maar wel 'n paar belangrikes soos byvoorbeeld oor die opstanding en lewe na die dood! (Vgl. ook oa. "paradys" Lieu 1997:196; Louw en Nida: 5; 13.3.5; 13.6.1-2 en 13.7). "A few tantalizingly brief passages do hint at an eschatological undercurrent in Jewish thought. The first …Is.26:19 in contrast with :14, …another is Dan. 12:2-3. These passages are thought to show a progression of Persian influence. In Isaiah, the unworthy do not wake at all; in Daniel, they wake to "shame and everlasting contempt." Note that both passages accept the resurrection of the physical body, an idea that may even have predated Zoroaster" (Turner:42).

Laasgenoemde vermoede word bevestig. Ons vind dit inderdaad voor Zoroaster reeds by die vroeë - Hindoeïsme! (Vgl. 13.6.1-2).

Die gesprek oor die oorsprong van die konsep in bogenoemde beeldspraak is baie verrykend. Dit help om die lig van die Bybelse boodskap meer te waardeer binne die raamwerk van die wêreldgeskiedenis. Die agtergrond help ons om die boodskap beter te verstaan. Die klem moet dan op die boodskap self val.

Al gebruik die Ou Testament hierdie beeld van opstanding en lewe na die dood in Jes. 25 en Jes. 26 (vgl. Jes. 27:1) is die geloof van mense se werklike opstanding en lewe na die dood nog nie ten volle deel van die hele teologie van die Ou Testament soos in die Nuwe Testament nie.

Wat wel duidelik is, is dat die oorsprong van Israel se opstandingsgeloof, ten minste baie nou verbind word met Israel se geloof in die onbeperkte verlossingsmag van die Here - "even if one holds to the view that some of the stimuli for the development of this notion might have come from sources outside Israel proper (Iranian religion)" (Wildberger:533).

"Jesaja 25:8 is ‘n sterker en duideliker uitspraak, maar dit het nog nie die gelowiges van daardie tyd gehelp om hulle dood anders te beleef nie… Dit is egter ‘n toekomsblik wat uitsien na die groot fees wat God aan die einde vir alle volke voorberei. Verder sê dit slegs dat God sy groot vyand, die magtige monster, ‘dood’, iewers in die toekoms finaal sal oorwin en vernietig. Die teks bring hierdie verwagting egter nie binne die leefwêreld van die gelowiges nie. Presies wat het dit daar en toe vir hulle beteken? Hulle het in elk geval van vroeg af al geglo dat God mag het oor die dood, en van opstanding uit die dood is hier nog nie sprake nie. Eers in Daniël 12:2, wat ‘n baie laat uitspraak is, kry ons die eerste duidelike verwysing na die opstanding" (König 1991:212).

Alhoewel ons dus reeds die moontlike invloed van Persië in Jesaja en by Daniël sien, val die klem meer op die boodskap dat God sy volk sal verlos. Hy is die Oorwinnaar en Hy sal sy volk herstel (vgl. Jes. 24:21-23). God sal nie alle mense uitroei nie, maar uit alle volke sal Hy mense laat saamkom vir sy oorwinningsfees saam met sy volk. Hy sal 'n einde aan swaarkry en trane bring. God se vermoë om te verlos en te seën is absoluut onbeperk!

Soos die dood self, is Nebukadnesar ook al  met 'n monster vergelyk (Jer. 51:34). God sal selfs die dood (vgl. mot in Wildberger:532-3) wat soveel mense in sy mag gevang en ingesluk het, nou "insluk" en Israel se lyding en vernedering sal ook beëindig word (Jes. 25:8). Dit herinner aan Eksodus 15:12 waar verwys word na God wat voorheen ook sy volk wat deur vyande en die dood (wat mens insluk) bedreig is; bevry het, deurdat Hy die aarde gebruik het om juis Israel se vyande in te sluk. Sien ook God se straf in Num.16:32-34 (Ps. 106:17) waar hy mense deur die aarde se mond laat insluk en hulle lewend laat afgaan tot in die doderyk. Om so gered te word deurdat die aarde vyande insluk, word ook ‘n gebed in Psalm 63:10.

'n Sluier of doek (Jes. 25:7) is dikwels gedra as gerou word. "Dood" moenie hier beperk word tot die Engelse of Afrikaanse begrip nie, maar verstaan word in die lig van die Hebreeuse betekenis, wat dui op die mág of reikwydte van die dood.  Dit is soos om in 'n magneetveld te wees of om

deur 'n stroom meegesleur te word, sonder dat jy noodwendig reeds by die afgrond van die waterval aftuimel (vgl. Jes. 25:11). In Hebreeus kan mens dus al "dood wees" en "weer lewe" sonder dat jy die finale stadium van die dood bereik het en afgaan na die sjeool. In sommige gevalle kon iemand wat ervaar dat sy lewe bedreig word, selfs “in die doderyk” wees, sonder dat hy werklik gesterf het (vgl. Jona 2:2).

Wildberger (:533) sê dat alhoewel hier nog nie direk van opstanding gepraat word nie, die boodskap nou reeds duidelik word dat daar geen perke is aan die Here as Hy besluit om te seën en te herstel nie! Almal, mense uit alle volke, wat nou onder die Here se beskerming skuil, sal nooit weer so 'n groot ramp soos die ballingskap deurgaan nie. Al stel die Bybel nie die dood as 'n werklike persoon voor nie gebruik Jesaja hier woordgebruik wat herinner aan die ou geveg in Babilonië se godsdienstige verhaal. Hiervolgens sou Marduk vir Yamm of Mot met blydskap oorwin (vgl. ook Mot se bedreiging om Baal in te sluk, UT 67:I:5; Wildberger:532). Nou, deur sy volk te bevry, staan die Here uiteindelik uit as die magtigste God van al die gode!

Israel se gedagtes oor die eskatologiese toekoms was nooit weer dieselfde na hierdie teks nie! Al gebruik Jesaja beeldspraak in Hoofstuk 25:8 was die invloed van die visie van die eskatologiese feesmaal en die einde van die dood en trane en skaamte, geweldig sterk.

Gedagtes oor die eskatologiese toekoms het ontwikkel soos ons dit later in Daniël 12:2; Die Wysheid van Salomo 3:1-4 (alhoewel onsterflikheid en opstanding onderskei moet word) en by Qumran (1Qsa II, 17-21) asook in die Nuwe Testament kry. Die ooreenkomste met die Christelike geloof van die opstanding (1 Kor. 15) ewige lewe (Joh. 3:16) en hemelse feesmaal (bv. Mat. 8:11; Luk. 22:16, 30 en Openb. 19:5-10) is ooglopend. Dit strek ver terug tot by hierdie geloof dat die Here sy heerskappy oor alles, ook oor die dood, sal uitbrei. (Wildberger 1997:532-535; vgl. Sawyer:1984:214; Clements 1982:209).

Saam met die seën kom daar egter ook volgens Jesaja 25 en Jesaja 26, regverdige oordeel en straf. Jesaja 25:9 ev. skilder ook God se finale straf van al die goddeloses wat simbolies deur Moab voorgestel word. Dit herinner aan die bodemlose put van Openbaring 9 (Sawyer 1984:214-221). Die feit dat die goddeloses nie weer sal lewe na hulle dood nie (Jes. 26:14) dui hier nie op 'n volledige teologie oor die lewe na die dood nie, maar eerder op 'n finale totale

oorwinning van die God van Israel oor almal wat Hom verwerp en goddeloos gelewe het en sy volk amper vernietig het.

God sal hulle ten volle aan Homself onderwerp. Dit dui op 'n slegte vorm van voortbestaan, 'n skadu doodsbestaan wat nie volwaardige lewe is nie (Clements 1982:215). Met sarkasme (Sawyer 1984:220) word die goddelose maghebbers in die land van hierdie skadu-bestaan verwelkom (Jes. 14:9-10). Babel het in 539 v.C. onder die Persiese Kores tot 'n val gekom.

Aan die ander kant sal diegene wat aan die Here behoort opstaan en juig (Jes. 26:19). Sawyer (1984:220-221) meen dat Jesaja tog hier verder gaan as om net te verwys na die volk se bevryding en herstel (538 v.C.). Sawyer sien 'n sprong van geloof, tussen vers 18 en 19. Hy meen die feit dat Jesaja al meer van die individu praat, kan begin dui op 'n geloof van 'n individuele opstanding en lewe na die dood (vgl. Jes. 24:16, 25:1; 26:9,20).

Wildberger (:532 ev. vgl. Eseg. 37:1-14) sien in Jes.26:19 egter net die terugkeer uit ballingskap en die herstel van Israel, en nog nie individuele opstanding of lewe na die dood nie. Dit is ook König (1991:211) se standpunt oor die moeilike apokaliptiese gedeeltes in Jes.24-27: "Jesaja 26:19… kan beswaarlik beteken dat mense uit die dood sal opstaan, want net vyf verse vroeër staan dat dooies nie opstaan nie. Dit is eerder moontlik dat 'dood' in hierdie uitspraak ballingskap beteken, en 'opstaan' terugkeer uit die ballingskap." Vergelyk Jes.26:14: "Hulle is nou dood en sal nie weer lewe nie, hulle gees sal nie weer opstaan nie."

Laasgenoemde verwys egter na die vyandige maghebbers wat Israel benadeel het. Die feit dat een groep nie sal opstaan nie, sluit egter nie die moontlikheid uit dat ander wél kan opstaan nie. God sal daardie groep maghebbers straf en laat ondergaan. Indien slegs vasgehou word aan die gedagte dat bogenoemde beeldspraak nét na ballingskap en bevryding verwys, het ons verdere probleme met hierdie verklaring. Beteken dit dat God al daardie maghebbers ook sal laat wegvoer en in hulle eie ballingskap sal laat bly? Dit bly maar moeilik, maar dit is moontlik dat die geskiedenis van Babilon se val (539 v.C.) onder Persië dit juis bevestig. Wat wel vasstaan, is dat Israel bevry is en teruggekeer het met Kores se hulp (538 v.C.) uit die simboliese dood van die ballingskap.

Esegiël.37:1-14 gebruik ook beeldspraak in hierdie verband. Hy gebruik menslike bene in sy simboliek. Hiermee praat hy ook nog nie van 'n opstanding soos ons dit vanuit die Nuwe Testament verstaan nie, maar van 'n herstel of herlewing van God se volk (Eichrodt 1970:506, 509 ev.).

Dit stem ooreen met Hosea 13 en 14 se boodskap van Israel se bekering en die "nuwe lewe" wat God daarna vir hulle sal skenk (Wolff 1982:54-55; 62-63; 229-240). Dit herinner my aan die verlore seun wat herlééf het en tog nie letterlik dood was nie, al sê sy goeie pa hy was "dood" (Luk. 15:24).

Clements (:216-217) ondersteun tereg hierdie standpunt van Eichrodt en Wildberger oor Jesaja. Hy wys daarop dat 'n latere begrip van opstanding soms hier ingelees word en hy verwys ook na Ps. 49:15 in hierdie verband. Volgens hom is die Hebreeus - "my liggaam" hier beeldspraak en moet ons dit ook kollektief vir die volk verstaan. Ons moet dus versigtig wees vir 'n oorwaardering van Ou Testamentiese gedeeltes ten opsigte van die lewe na die dood (vgl. Elwell 1991:LLS en Jes. 57:1-21 by Prinsloo 1993:1047).

Clements (:217; vgl. Wildberger:570) wys ook tereg op die pragtige beeldspraak van die volk se herlewing uit die stof, nadat die vars dou “wat lewe gee” op hulle geval het (Jes. 26:19).

Jes. 65:20 dui op 'n herstel deur God in die nuwe Jerusalem van die lang tydperk wat die mens nou weer kon lewe, soos voor die sondvloed (Gen. 6:3). Na 'n lang lewe kon mens dan tevrede sterf. Sou iemand vóór honderd sterf, sou dit dui op sonde of 'n vloek (Whybray:277).

Jes. 66 (bv. :19, 22-23) dui ook op God se finale oorwinning, die herstel van alles en sy ewige verbond met Abraham en sy nageslag (Gen. 15:5; Gen. 17; vgl. vers 22 en God se verbond met Noag in Gen. 9:12-16). Soos die besnydenis en die reënboog, is hier in Jesaja 66:19 en 22 nou ook 'n teken, naamlik die nuwe hemel en die nuwe aarde (Sawyer 1986:223). Almal sal nou in hierdie nuwe bedeling aan God die erkenning en eerbied gee wat Hom toekom (Jes. 66:1-2, 23; vgl. Eks. 20:2-3 ev; Deut. 5:1-21).

Saam met die pragtige voorstelling kom ook 'n verskriklike voorstelling van straf vir die goddelose (Jes. 66:24) wat ook as waarskuwing dien. Dit dui op God se deurslaggewende

oorwinning oor sy vyande. Sawyer (:223) sien in Jesaja 66:24, soos by Jesaja 26:19, reeds iets van 'n geloof in die opstanding tot oordeel en straf. Dit kom meer duidelik in Daniël.12:1-2 voor en word later deur die Nuwe Testament oor die hel aangehaal (Mark.9:48). Laasgenoemde dui egter op retrospeksie of moontlike herinterpretasie.

Die uitstaande en finale boodskap van Jesaja is dat God 'n nuwe era gaan bring waar sy finale oorwinning, regverdige straf, genadige seën en sy koningsheerskappy volkome sal aanbreek en voortduur. Die ewige nuwe hemel en nuwe aarde sal hiervan die teken wees.

### 11.5.2 Daniël

In Daniël 12:1-2 kry ons die heel eerste keer die woorde “ewige lewe” in die Ou Testament en dus in die Bybel (Heaton 1964:247). Die boek is die laaste geskrywe van die Ou Testamentiese boeke (vgl. die finale vorm wat dui op gebeure in die tweede eeu v.C. en Antiogus IV Epifanes, c.165 v.C.).

"Eers in Daniël 12:2, wat ‘n baie laat uitspraak is, kry ons die eerste duidelike verwysing na 'n opstanding: 'Baie van die wat ontslaap het, sal uit die graf opstaan.' Ook hier is egter nog nie van 'n algemene opstanding sprake nie; baie sal opstaan” (König 1991:212).

Daniël 12 praat dus wel van 'n individuele liggaamlike opstanding van sommige uit die werklike dood en sjeool of hades (Collins 1981:108). Gardner (1992:1-19) toon in haar werk *The Way to Eternal Life in Dan 12:1e-2 or How to Reverse the Death Curse of Genesis 3*, die volgende aan: “It is the contention of this paper that Dan 12:1-2 evidences reflection upon passages in the Hebrew Bible which suggest that the 'death' pronouncements of Genesis 3 could be overturned." Gardner begrond haar standpunt ook op sekere Psalms, Deutero-Jesaja en Spreuke.

In die vroeëre boeke van die Ou Testament was straf korporatief en dit is voltrek in hierdie bedeling (vgl. die besware van Jer.31 en Eseg.18 en die uitsondering van Job) Die gedagte het bestaan dat as daar nie nou regverdigheid geskied nie, dan moet dit tog sekerlik na die dood gebeur. "Job 14:13-14 considers the possibility that Job would be vindicated in the grave." (Redditt 1999:189) Daniël 12:2 bied egter die beter gedagte dat individue na die dood regverdig

vergeld sal word vir hulle optrede, wanneer baie sal opstaan tot ewige lewe of ewige veragting (Redditt 1999:190).

Daar bestaan slegs 'n kleiner verskil van mening oor wié sal opstaan. Collins (1993:395) meen dit gaan net oor diegene wat nie hulle regverdige deel in hierdie lewe ontvang het nie. Redditt (:190) sê: "Some argue that the word 'many' in Hebrew may mean 'all', and interpret the verse to anticipate a universal resurrection (so Baldwin 1978:204; cf. Miller 1994:318)." Daniël sal self ook opstaan (Dan.12:13) en volgens Péter-Contesse en Ellington (Redditt:190) waarskynlik ook die lede van sy gemeenskap wat almal getrou gebly het, en nie net die uitstaande helde en skurke van die Makkabeër-tyd nie (Dan.11:14, 33 en 39).

Dan.12:2 bring die goeie nuus dat die getroues verlos sal word, maar dat diegene van hulle wat reeds gesterf het, sal opstaan om ook saam met hulle die oorwinning te vier, insluitend hulle held Daniël. Redditt (:191) kies uiteindelik vir die standpunt dat ons hier nog nie 'n opstanding van die hele volk Israel of 'n algemene universele opstanding het nie, maar die opstanding van 'n paar uitgesoekte individue. Dieselfde geld vir Redditt ook by die opstanding van die goddeloses. Dit sal ook net sekere individue wees soos Antiochus IV en sy trawante wat dan ewige veragting sal ontvang. Collins (1981:108-111 en 1984:98-102) wys hier ook op die belangrike historiese agtergrond, asook die ooreenkomste met Makkabeërs I, II; 1 Henog 104 en die latere 1 Korintiërs 15:51.

“Ancient Israel did have a real though unformed idea of an afterlife, as burial customs indicate. Gradually, as it became evident that there was to be no full life in this world for such as the martyrs for their faith, Israel began to form a belief in a general resurrection and a final judgment. Late Hebrew thought knew that reward and punishment begin immediately after death. Thus it adjusted the concept of sheol, dividing it into "paradise" and "gehenna" (Madamana 1985: 5-9).

Die pynlike hartseer teleurstelling van gelowiges moet in bogenoemde woorde van Madamana en ander raakgesien word. Al lewe jy hoe goed volgens God se wil, die praktyk wys dat jy nie altyd in hierdie lewe regverdig behandel word en beloon word nie. As ‘n volk se definisie van lewe ‘n vol lewe in verhouding met God en ander is, maar dit word uiteindelik nooit vervul in hierdie gebroke werklikheid nie, dan verloor die lewe sy lig en lied totaal. Prediker deel dit met

sy lesers. Nie lank nadat Israel hulle diepste laagtepunt met die ballingskap bereik het nie, skryf hulle ook soos die bure, dat vervulling en die werklike lewe gaan kom na die dood. Dit moes eenvoudig kom, dit is God se bedoeling met sy mense, as dit dan nie nou gebeur nie, dan hierna! Saadjies van hierdie gedagtes was moontlik by Israel, maar die bure het dit beslis water gegee, sodat dit juis toé ontkiem en begin groei het.

Die nuwe gedagtes wat ons oor die bestaan en lewe na die dood by skrywers soos Jesaja en Daniël kry, val dus histories saam met die kontak met Kores se Persiese ryk en hulle Zoroastrisme, waar dieselfde hoofgedagtes reeds oor honderde jare goed gevestig was.

Ongelukkig is hier nie net ‘n boodskap van seën nie. Dit is tragies van die mens se geloofsgeskiedenis dat die mens saam met hierdie nuwe oplossing van ‘n vol geseënde verhoudingslewe na die dood, nou gekonfronteer word met nog ‘n groter probleem as ooit! Naas die Sjeool (wat al erg was) verskyn Gehenna (wat onbeskryflik angswekkend is) op die toneel (vgl.13.3; 13.7). Hier gaan die grootste deel van die mensdom nie net ‘n heerlike vol lewensfees mis nie, hulle gaan vir ewig gestraf en uiters ongelukkig wees (vgl. reeds iets daarvan in Jes. 26:11-14 en Dan. 12:2).

Jesaja en Daniël fokus egter meer op die positiewe kant van die straf. Hulle bring troos (bv. Jes. 50:4, Dan. 12:1) naamlik dat God se mense seker kan wees dat Hy al sy vyande en almal wat sy kinders so wreed vervolg het, behoorlik en finaal sal straf. Almal wat die Here dien sal dit met hulle eie oë sien! (bv. Jes. 50:11; Jes. 66:24 en Dan. 12:2). In die Nuwe Testament kom die woorde “ewige lewe” meer algemeen voor en word die betekenis verder uitgebrei (vgl. Joh. 3:36, 5:28 en 10:10).

## 11.6 GEVOLGTREKKING

Daar is besonder min in die Ou Testament oor die lewe ná die dood. Dit is waarskynlik so dat Israel bewus geword het van die konsep van opstanding en lewe na die dood, onder andere as gevolg van hulle kontak met Zoroastrisme, veral tydens die ballingskap (Vgl. 13.6.1-2). 'n Mens praat maklik die een na die mond van wie jy afhanklik is. Israel is bevry deur Kores, en al het God se volk nie al Persië se woorde begin praat nie, het hulle wel 'n paar belangrike woorde begin gebruik, soos byvoorbeeld oor die opstanding en die lewe na die dood! (Vgl. oa. "paradys"

Lieu 1997:196; Louw en Nida: 5; 13.3.5 en 13.7; asook 13.6.1-2 oor God se betrokkenheid by die godsdienste van sy wêreld).

Hierdie konsep kom in die Ou Testament egter hoofsaaklik in beeldspraak voor en in latere byvoegings van 'n redaktor, byvoorbeeld in Jesaja 25:8 en Jesaja 26:19. Sommige verklaarders meen dit dui in Jesaja slegs op Israel se bevryding uit ballingskap en hoe God hulle as sy verbondsvolk sal herstel en sy vyande op hulle plek sal sit. Indien dit as glosse aanvaar word en Daniël 12:2 onthou word, kan dit egter ook reeds meer beteken in lyn met Zoroastrisme. Dan kan die beeldspraak ook begin dui op individuele mense wat werklik sal opstaan uit die dood en lewe, omdat God die dood sal oorwin en alle trane afvee (Jes. 25:7,8 en Jes. 26:19; Dan. 12:1-2). Die boodskap is in elk geval duidelik: God se vermoë om te verlos en te seën is absoluut onbeperk!

Die dood word in die Ou Testament gewoonlik as 'n wrede mag voorgestel wat jou met erge lyding alreeds beetkry, soos in siekte of tydens die ballingskap. Anders as in Afrikaans of Engels kan mens in Hebreeus dus in sekere gevalle reeds as "dood" beskryf word, voordat jy werklik gesterf het.

Oor die algemeen lees ons in die Ou Testament dat alle mense wat sterf, gelowiges en goddeloses, afdaal na dieselfde sjeool of doderyk. Hulle hou nie op om te bestaan nie, maar dit is 'n bestaan sonder gemeenskap met God. Hier voer alle dooies saam, as onreines, 'n aaklige skimme- of skaduweebestaan ver weg van God af. God is heilig en sy woning is ook afgesonder. Volgens hulle aanvanklike drieverdieping- wêreldbeeld het God bo in sy hemel gewoon, bokant die uitspansel of hemelkoepel. Die Christelike gedagte om nader na God te gaan deur die dood was dus hoegenaamd nog nie ter sprake nie, inteendeel!

Ons kry net by 'n paar uitsonderlike gedeeltes iets anders, naamlik oor Henog (Gen.5) en Elia (2 Kon. 2) wat as geloofshelde so bevoorreg was dat hulle direk na God gegaan het. Maar hulle het tog nie eers dóódgegaan nie. Psalm 49 en Psalm 73 word ten nouste met hierdie twee uitsonderlike geloofshelde en hoogstens ook die digter en sy eie versugting verbind. Hierdie Psalms dui dus nog nie op 'n algemene verwagting en volledige teologie oor die lewe na die dood nie.

Slegs twee seuns is volgens die hele Ou Testament na gebed uit die dood opgewek, maar dit was slegs om tydelik weer op aarde te lewe, voordat hulle maar weer sou sterf, soos wat gewoonlik met ons mense gebeur (1 Kon.17:22 en 2 Kon.4:35). Dit is hoegenaamd nog nie wat die Nuwe Testament met lewe na die dood in die hemel of hel bedoel nie.

Die uitstaande boodskap van Jesaja is dat God 'n nuwe era gaan bring, waar sy finale oorwinning, regverdige straf en genadige seën en koningsheerskappy volkome sal aanbreek en voortduur. Die sogenaamde ewige nuwe hemel en nuwe aarde sal hiervan die teken wees.

In Daniël 12:1-2 kry ons die eerste keer die woorde "ewige lewe" in die Bybel. Anders as by die gedeeltes in Jesaja, heers by die boek Daniël baie meer eenstemmigheid onder verklaarders. Daniël 12 dui op 'n spesifieke opstanding en ewige skande of ewige lewe na die dood. Daar bestaan goeie aanduidings dat selfs in Daniël nog net sprake is van sekere individue wat sal opstaan uit die dood. In die Ou Testament sien ons nog nie die algemene opstanding met die hemel en hel soos in die Nuwe Testament nie (vgl. 13.3 en 13.7).

Laat in die Ou Testament, intertestamentêre literatuur (vgl. 12.5; 12.6) en Nuwe Testament het die teologie oor die lewe na die dood verder ontwikkel. Met die agtergrond van die Ou Testament en in die onontbeerlike lig van Jesus Christus en die Nuwe Testament, gee ‘n Ou-Testamentikus soos Deist (1991:73) die volgende treffende definisie: “'Ewige lewe' is om tot in ewigheid soos in die paradys, in harmonie met God te bly leef, selfs al het jy fisies reeds gesterf.”

## HOOFSTUK 12

## LEWE NA DIE DOOD VOLGENS DIE INTERTESTAMENTÊRE LITERATUUR

### 12.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk kyk ons veral na die sogenaamde Ou Testament Apokriewe. Dit word duidelik dat ons genuanseerd oor die eskatologiese perspektiewe in die Jodedom moet dink, aangesien dit uiteenlopende gedagtes insluit. Selfs tot en met die Nuwe-Testamentiese tyd was daar nie 'n uniforme sisteem van toekomsverwagtinge nie (vgl. Hertel 1980:171-183; Lang 1988). Tog sien ons sekere hoofgedagtes raak wat in die intertestamentêre tekste uitstaan oor die lewe na die dood (vgl. Schwarz 1981; Smith en Bloch-Smith 1988:277).

Het die Jode in die tyd tussen die Ou- en Nuwe Testament die gedagtes oor die lewe na die dood in die Ou Testament opgetel en verder daarmee geloop, of het die skrywers dit daar gelaat? Indien dit wel in hierdie geskrifte voorkom, is daar 'n noemenswaardige toename in kwantiteit en intensiteit in die boodskap? Lees ons meer van die skeiding tussen regverdiges en goddeloses, asook 'n ewige hemel en hel? (vgl. Spronk 1986; Woschitz 1986:337-342). Dit is die belangrikste vrae waarop ons in hierdie hoofstuk duidelike antwoorde soek.

Dis moeilik om die intertestamentêre tyd presies af te baken. Rofweg dui dit die tydperk aan tussen die laaste boek van die Ou Testament en die geboorte van Jesus. Die laaste boek van die Ou Testament is die boek Daniël, wat teen ongeveer 164 v.C. geskryf is (vgl. Desmond 1986:11; Gardner 1992). Oor die verloop van sake sedert Esra en Nehemia is daar in die Bybel ’n opvallende swye. Die einde van die tydperk is ook baie vaag, aangesien die sake waaroor dit in hierdie tyd gegaan het, nie by die geboorte van Jesus tot ’n einde kom nie, maar voortgaan tot minstens die val van Jerusalem in 70 n.C. (vgl. Hooker 1999). Vir ons doeleindes kan die gedeelte waaroor die Bybel stil is, met ander woorde vanaf Esra en Nehemia (ongeveer 400 v.C.) tot in die eerste jare van die Christelike tydperk, as die tussen-testamentêre tyd beskou word.

Vir Palestina was die intertestamentêre tyd onstuimig. Die Makkabeërs kon darem daarin slaag om die Seleukiede se mag te breek. Teen die jaar 128 v.C. het Hirkanus die Hasmoniese Ryk gevestig. Dit was die eerste eie Joodse staat sedert die val van Jerusalem in 586 v.C. Tog was

hier maar steeds baie intriges en bloedvergieting. Die Fariseër- en Sadduseërpartye het in hierdie tyd ontstaan. Die spanning tussen Jode en Samaritane het toegeneem. Hellenisering het toenemende druk op die Joodse volkie geplaas na 336 v.C. Darius III was die laaste Persiese koning (336–331 v.C.). Hy moes in 333 v.C. vir Aleksander die Grote vlug. Boonop het die Romeinse generaal Pompeius in 63 v.C. vir Palestina verower. (vgl. Burden:963; Vosloo en van Rensburg 1993:LLS; vgl. Von Dobbeler 1997).

In hierdie hoofstuk sien ons meer van die wedersydse beïnvloeding tussen godsdienste in die Hellenistiese tydperk. Hier was die Perse, Grieke, Romeine, Egiptenare en Jode almal van die belangrike rolspelers. "Die tekste van die bewegings wil wysheid en kennis aan hul lesers oordra. Hierdie wysheid word deur visioene geopenbaar. Die outeurs ontvang die kennis nie op aarde nie, maar wel van hemelse figure op hulle reise deur die hemel en hel" (de Villiers 1987:42-52).

Teologiese beredenering van hierdie konsepte soos hemel en hel, vind in hoofstuk 13 plaas, wat oor die Nuwe Testament handel. Nou ondersoek ons slegs of die konsepte van lewe na die dood en 'n skeiding tussen die ewige lewe en ewige straf, wel méér algemeen begin voorkom in die Joodse literatuur na die Ou Testament, in korrelasie met die toenemende kontak met Zoroastrisme en Hellenisme.

## 12.2 DIE BRONNE UIT HIERDIE TYD

Die bronne wat ons ondersoek staan bekend as die apokriewe en pseudepigrawe. Die apokaliptiese gedeeltes is besonder belangrik vir hierdie studie (vgl. Hartman 1966; Park 2000; Sysling 1996).

"As 'n mens die Apokriewe van die Ou en Nuwe Testament optel, hou jy 'n groot deel van die biblioteek van die vroegste Christene vas. As 'n mens die Bybel nog bo-op sit, hou jy die grootste deel van die biblioteek vas... 'n hele biblioteek in jou hande en dit nog die biblioteek van die vroeë Christene wat ons geloof gevorm het!" (van der Watt en Tolmie 2005:9; vgl. Sappington 1994:83-123).

Naas die Ou Testament vorm die Joodse geskrifte in die intertestamentêre tyd dus 'n belangrike deel van die agtergrond van die Nuwe Testament en daarom heg ook die Nuwe-Testamentici

groot waarde hieraan (Vorster 1997:LLS). 'n Mens kan dus 'n groot mate van duidelikheid kry oor die gelowiges se denkrigtings tussen die Ou- en Nuwe Testament via hierdie geskrifte. In hierdie hoofstuk ondersoek ons ook of daar kontinuïteit en ontwikkeling met betrekking tot die boodskap oor die lewe na die dood in hierdie tydperk voor die Nuwe Testament bestaan.

Die literatuur wat as agtergrond vir die Nuwe Testament dien, sluit Joodse geskrifte uit die tydperk ná die ballingskap in, wat nie in die kanon opgeneem is nie, asook sommige geskrifte wat ouer is as die jongste boeke wat in die Ou Testament-kanon opgeneem is. Alhoewel die daterings dus wyer as die tyd tussen die Ou- en Nuwe Testament strek, kom die grootste groep geskrifte waarna ons in hierdie hoofstuk kyk, uit die intertestamentêre tyd. "Die volgende groepe literatuur is hier ter sake: apokriewe en pseudepigrawe, Dooie-Seerolle, Joods-Hellenistiese literatuur, Joods-apokaliptiese literatuur, vertalings van die Ou Testament en rabbynse literatuur, wat sowel die Talmoediese literatuur, dit is die Misjna, Tosefta en Talmoeds, asook die Midrasjim insluit." (Vorster 1997:LLS)

Vir ons doel is die apokaliptiek en sogenaamde testamente belangrik. "’n Baie besondere vorm van dramaties-epiese Joodse literatuur is die hele corpus apokaliptiese literatuur waarin God se plan met die wêreld met behulp van mitiese figure, getalle en ander simboliek, asook astrologiese verskynsels, in beeldende taal vertel word. Die sogenoemde testamente bied ’n mengvorm van biografiese, paranetiese, apokaliptiese en ander vertelmateriaal. In aansluiting by die opvatting dat mense wat op die punt staan om te sterf oor bonatuurlike gawes beskik wat hulle in staat stel om voorspellings oor die toekoms te maak, het daar ’n aantal testamente pseudepigrafies (vgl. §1339) ontstaan, waarin daar voorspellings oor die toekoms gemaak word ten einde die lesers in te skerp oor die tyd waarin hulle leef en die wyse waarop hulle hulle behoort te gedra (van der Woude)" (Vorster §1306-7; 1397–400).

Vir meer detail oor definisies van byvoorbeeld "apokriewe boeke", indelings en onlangse navorsing oor die kanongeskiedenis, bied Vorster se paragrawe §1317 en verder 'n baie waardevolle oorsig.

Die Christene het hoofsaaklik die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuaginta, gebruik. Dit het verskil van die Joodse kanon wat op die Hebreeuse teks gebaseer was, en boeke soos Tobit, Judit, I & II Makkabeërs, I & II Esdras, Wysheid van Salomo en Wysheid van Sirag

ingesluit. Dit was dus deel van die "Ou Testament" van die Kerk tot en met die Hervorming en word vandag nog deur die Rooms-Katolieke Kerk as deel van die Bybel gebruik. (Botha 1995:LLS).

König behandel ook hierdie sake en wys op die volgende belangrike feit: "Vir omtrent 1 500 jaar het die kerk 'n ander, ruimer Ou Testament aanvaar, en die meerderheid Christene, die Katolieke ingesluit, doen dit vandag nog" (König 2002:125). In hierdie apokriewe boeke is daar treffende ooreenkomste met gedeeltes uit die Ou Testament, byvoorbeeld III Esra (dit is I Esdras in die LXX) wat ’n vry weergawe van dele van 2 Kronieke, Esra en Nehemia is.

Augistinus en Martin Luther het byvoorbeeld meer waarde aan die apokriewe geheg as wat Calvyn gedoen het, en ons kan uit die apokriewe veel leer omtrent die Joodse denke en geskiedenis in die tussen-testamentêre tydvak (Vorster §1331-2 1342; König:125 ev.).

Oor die algemeen was en is die Protestante 'n bietjie versigtiger as die Rooms-Katolieke in die beskouing van die apokriewe. "Luther het ook gesê: "Skrif alleen!" Daarmee het hy nie bedoel dat ons al die ander boeke moet ignoreer of weggooi nie. Allermins. Hy het bedoel dat ons nie vreemde leerstellings op daardie boeke moet bou nie. Vir leerstellings moet ons net die Bybel gebruik. Tog kan ons daardie boeke lees om ons te help om die Bybel beter te verstaan." (van der Watt en Tolmie 2005:9-10,11).

## 12.3 APOKALIPTIEK

Apokaliptiese geskrifte kom veral in die intertestamentêre tyd op die voorgrond.

Met “eskatologie” word bedoel die leer aangaande die eindtyd. Die term “apokaliptiek” verwys na ’n literatuursoort wat die volgende kenmerke insluit: omvangryke visioenêre openbaringe oor God se doel in die geskiedenis en die gang van die wêreld tot op die eindtyd; die uitsien na ’n Goddelike ingryping; die oorwinning oor die bose wat die nuwe (messiaanse) tydperk inlui" (vgl. Vosloo en van Rensburg 1993: LLS; Bäumlin 1988:141 ev.).

"The apocalypse as a distinctive genre arose in Israel in the postexilic period, that is, after the Babylonian Captivity of the Jews from 586 to 538 bc. An apocalypse, or revelation, contains the

disclosure of future events by means of a lengthy and detailed dream or vision report. It makes use of highly symbolic and often bizarre images, which in turn are explained and interpreted. Apocalyptic writings include Enoch, the War of the Sons of Light and the Sons of Darkness, and the Apocalypse of Moses. Until recently, most scholars argued that the development of apocalyptic literature and thought was strongly influenced by Persian religion..." (Microsoft Encarta: 2002; vgl. Collins 1974:21-43; Herfort-Koch 1992).

In hierdie apokaliptiek kry ons baie meer oor die volgende sake: verlossing na intense verdrukking, die lewe na die dood, die paradys, die duiwel en die Messias, asook God se finale oorwinning oor die kwaad, die straf oor die goddeloses en die hemelstad vir die getroues, byvoorbeeld in Henog en II Esdras (vgl. Day 1996; De Cock 1999:1-33).



In Suid-Afrika het ons ook 'n merkwaardige verhaal met 'n apokaliptiese aard (de Villiers 1987:39). Dit handel oor Nongqawuse (Nonkwasi), ‘n Xhosa meisie wat in 1857 beweer het dat sy ‘n boodskap van die voorvaders ontvang het dat hulle amper al hulle beeste moes offer ter wille van die oorwinning teenoor sir George Grey en sy volgelinge (:40; vgl. Benyon 1986:164-165; http://www. encounter.co.za 2006). Dit het egter op ‘n ramp afgestuur en ongeveer 30 000 mense het aan hongersnood gesterf, nadat hulle tevergeefs hulle vee en gesaaides vernietig het (vgl. http: // www. nsa gallery. co. za en www. artsmart. co.za 2006). Moontlik het Grey egter die meisie voorgesê (vgl. Nhlangwini op SABC TV3 Nuus: 2006). Hoe dit ook al sy, die apokaliptiese verhaal van Nonkwasi vergelyk baie goed met die apokaliptiese styl van die intertestamentêre literatuur en sekere dele in Daniël en Openbaring.

Tydens onmenslike vervolging en wanhoop verskyn dikwels 'n boodskap van regverdige, bonatuurlike en buitengewone ingrype en vergelding wat hoop tot herstel bring. God bring uiteindelik betyds verlossing.

## 12.4 UITSTAANDE BOEKE OOR DIE LEWE NA DIE DOOD

Vir ons doel word die boodskap oor die lewe na die dood volgens die belangrikste Joodse apokriewe en pseudepigrawe nou aan die orde gestel.

### 12.4.1 Die Wysheid van Salomo

Hierdie kunswerk is geskryf in ongeveer 40 v.C. - waarskynlik deur 'n Hellenistiese Jood van die Egiptiese stad Aleksandrië (van der Watt en Tolmie 2005:275). Perspektiewe oor die lewe na die dood word nou baie duideliker.

In II Makkabeërs 7 en 14 (vgl. Von Dobbeler 1997) is die vervolging wat mense tref, draaglik net omdat hulle die verwagting van die opstanding het. In die Wysheid van Salomo 3:4–5 sien ons dieselfde motief:

“Want vir die mense lyk dit of hulle gepynig word, en tog is hulle vol hoop op die onsterflikheid. Terwyl hulle in ’n geringe mate getugtig word, sal hulle groot weldade ontvang; want God stel hulle op die proef en vind dat hulle Hom werd is” Let daarop dat die term onsterflikheid gebruik word (vgl. Hornung 1993; Kaplan 1989; vgl. hoofstuk 12.6; Woschitz 1986:337-342).

Die eerste deel van die Wysheid van Salomo vertel reeds dat daar verskillende gevolge wag vir goddeloses en getroues. Die boek bemoedig die vromes deur te betoog dat die kwaad net tydelik sal voortduur.

In Hoofstuk 3 van Die Wysheid van Salomo lees ons Vers 1 ev: "Die regverdige mense se lewens is in die hand van God. Angstigheid sal hulle nie oorval nie. 2 Vir mense sonder insig lyk dit of die regverdiges dood is; ja, dit lyk of die ongeluk hulle getref het. 3 Dit lyk of hulle vertrek uit hierdie wêreld hulle einde beteken het, maar eintlik het dit vir hulle vrede beteken. 4 Hulle is wel in die oë van mense gestraf, maar hulle was vol hoop op onsterflikheid. 5 Hoewel hulle tug ervaar het, sal die goeie wat hulle daarna kry die swaarkry by verre oortref, want hulle het God se toets geslaag. God self het besluit dat hulle werd is om by Hom te wees. 6 Hy het hulle getoets soos die suiwerheid van goud in 'n oond getoets word en Hy het hulle soos 'n offer vir Hom aangeneem." Van der Watt (2005:284-285) is hier meer uitgesproke as by II Makkabeërs oor die

betekenis van die term onsterflikheid. Sy vertaling en kommentaar by hoofstuk 3 is baie treffend: "Goeie mense mag in die lewe swaarkry, maar onsterflikheid by God wag op hulle."

Die onsterflikheid van die siel is waarskynlik die oorspronklikste en invloedrykste bydrae van hierdie skrywer tot die Joodse literatuur (:285). Dit is die idee wat reeds in die Griekse filosofie by Plato bekend was. Die Joodse skrywer het egter beklemtoon dat onsterflikheid 'n gawe van God is en nie sommer maar net deel van menswees is nie (vgl. 8:13). Daarom het die mens direk na sy dood (3:1-6) eenvoudig voortgeleef. God se oordeel sou die onreg van die teenswoordige lewe regstel.

In Hoofstuk 4 lees ons: 13 "In 'n kort tydjie het hy geword soos God hom wou gehad het, en so het hy die doel bereik wat normaalweg eers na baie jare bereik word. 14 Die Here het baie van hom gehou en het hom daarom vinnig tussen die klomp bose mense uit weggeneem. 15 Die bose mense het dit gesien, maar nie verstaan nie. Hulle het glad nie besef dat God genadig en baie goed is vir sy uitverkorenes nie en dat Hy sorg vir die mense wat aan Hom behoort nie."

Agter hierdie woorde in vers 10-14 lê verskillende menings. "In die eerste paar hoofstukke van Die Wysheid van Salomo word die waarde van die fisiese lewe telkens teenoor die waarde van die geestelike lewe wat hierna volg, gestel. Agter dié gedagte lê 'n groot debat onder die Jode. Aanvanklik het die Jode gedink dat 'n mens se aardse fisiese lewe al werklike lewe was. Wanneer jy sterf, is alles verby. Daarom het hulle dit as 'n seën gesien om lank en gelukkig te leef. (Kyk hoe oud word die mense in die Ou Testament; dit was 'n teken van God se seën. Koning Hiskia dink ook nie soos Paulus dat die dood vir hom voordelig is nie, vgl. Fil.1). Hy smeek eerder dat sy lewe op aarde verleng moet word. Nou was daar 'n probleem: die goddelose het net so lank of langer geleef as goeie mense en sommige regverdige mense is vroeg dood. Waar is God se seën nou? So het die besef van 'n lewe ná die fisiese dood tot die gelowiges deurgedring. God sal regverdiges met die ewige lewe beloon. Hulle sal in die lewe ná die dood seën ontvang en die heersers wees wat die goddeloses sal veroordeel. So sal die kaarte omgekeer word. Dit wat werklik tel, is die geestelike of ewige lewe. Jy moet jouself nie so baie steur aan die aardse lewe nie; dit is verganklik en tydelik. Hierdie hele debat lê agter die eerste paar hoofstukke van Die Wysheid van Salomo, wat vir die belangrikheid van die geestelike lewe kies" (vgl.:287-309).

'n Tema wat in die Wysheid van Salomo uitstaan is dat die Here sal beloon, maar ook straf.

Hoofstuk 5:15-23 "15 Die wat reg en goed gelewe het, sal vir ewig lewe. Die Here sal hulle beloon en die Allerhoogste sal vir hulle sorg. … 19 Onoorwinlike heiligheid sal sy skild wees 20 en sy skerp woede sal sy swaard wees…" Hier word beelde gebruik vir God se stryd saam met sy skepping, teen die Bose.

Hoofstuk 6:12-19 van Die Wysheid van Salomo leer dat mens deur wysheid onverganklikheid kan kry. Ons lees byvoorbeeld in vers 13: "Want U het mag oor lewe en dood. U lei sterflike mense af na die poorte van die doderyk en bring hulle weer daarvandaan terug."

Vers 14 beskryf die doderyk as 'n gevangenis waaruit die dooie nie kan ontsnap nie. Openbaring 1:18 sê dat Jesus die sleutels van die dood en doderyk het. Dit beteken dat Hy die gevangenis kan oopsluit en ons uit die dood en doderyk kan terugbring na die lewe toe. In die Nuwe Testament sien ons dat Jesus alles kom verander het en vir ons die ware ewige lewe gebring het.

Die Wysheid van Salomo praat dus duidelik oor gehoorsame gelowiges wat van God onsterflikheid ontvang. Hulle word gered uit die tronk van die doderyk tot die ewige lewe. Die ander wat teen God in opstand kom sal deur Hom wat as soldaat voorgestel word, finaal gestraf word.

### 12.4.2 Esdras

Vir ons doel is Esdras (LXX, elders Esra) veral belangrik ten opsigte van die onderskeid tussen God se toekomstige wêreld en die huidige bose wêreld. Die opwekking uit die dood staan sentraal.

In II Esdras 2:16-36 (1996:37 ev) lees ons die volgende: "En die dooies sal Ek weer opwek uit hulle plekke en hulle uit hulle grafte bring." Dit is 'n boodskap ook aan die heidene: "34 En daarom sê ek aan julle, o julle heidene, wat hoor en verstaan, soek na julle Herder, Hy sal aan julle ewige rus gee; want Hy is naby wat aan die einde van die wêreld sal kom. 35 Wees gereed vir die beloning van die koninkryk, want die ewige lig sal vir altyd op julle skyn. 36 Vlug uit die skaduwee van hierdie wêreld, ontvang die vreugde van jou heerlikheid: ek betuig dit openlik

voor my Saligmaker." Let ook op die term Saligmaker of Verlosser in verband met die lewe na die dood. Dit kom reeds so voor by Zoroastrisme en natuurlik staan dit later ook sentraal in die Nuwe Testament, waar Jesus as die Goeie Herder en Saligmaker bekendgestel word.

In Hoofstuk 6:20 ev praat Esdras van die laaste oordeel waar boosheid uitgeroei en bedrog geblus sal word (6:27) Hoofstuk 7:7-12 ev. toon ook besondere ooreenkomste met die Bybel en Zoroastrisme met verwysings na die Wet, die smal weg en vuur.

II Esdras 7:28 en verder vertel van die koms van die Seun Jashua, asook die opwekking van die dode om geoordeel te word deur die Allerhoogste op die troon (vgl. Openb.20). God sal die goeie beloon en ongeregtigheid sal nie meer regeer nie. Dit sal die einde wees van verdorwenheid en die tyd van onsterflikheid. Dit is 'n tyd van finaliteit. Ongeloof is afgesny, maar geregtigheid sal toeneem en die waarheid sal opstaan. Dan sal geen mens hom wat verlore is, kan red nie, nog hom wat die oorwinning het, tot 'n val kan bring nie (II Esdras 7:35-45). Daar sal die min regverdiges in die ewige paradys woon by God wat regverdig is. Kwaai straf wag vir hulle wat teen hulle beterwete gesê het daar is geen God nie en die regverdiges vertrap het (II Esdras 7:53 - 8:1 en 58).

II Esdras 9 brei uit oor wie verdoem en wie gered gaan word. Vers 7 en verder leer dat hulle wat glo en reg doen gered sal word en die ander wat nie berou getoon het nie verdoem sal word. Hierdie goddeloses sal na die dood gestraf word en pyn leer ken (II Esdras 9:12,13). Die boek sluit af in Hoofstuk 16 met 'n boodskap van vermaning en hoop en verlossing aan die vromes.

Hel en paradys word pertinent genoem. In IV Esdras tref ons 'n duidelike onderskeid aan tussen die plek van rus aan die een kant, die paradys, en die hel van vuur en pyniging aan die ander kant. "Paradys" is 'n Persiese leenwoord (Louw en Nida:5) en die vuur as hel vergelyk ook met die voorstelling in Zoroastrisme (vgl. 9.4.3).

Die kontras tussen God se toekomstige wêreld wat Hy bring en die huidige bose wêreld word hier baie skerp voorgestel: "En die Allerhoogste sal op die troon van oordeel geopenbaar word… Dan sal die put van oordeel verskyn, en die plek van rus aan die ander kant. En die brandoond van die hel sal bekend gemaak word, en die paradys van vreugde daarteenoor. Dan sal die Allerhoogste vir die volkere wat uit die dode opgestaan het, sê: 'Verstaan goed wie julle verloën

het, wie julle nie gedien het nie, wie se gebooie julle verag het. Kyk na hierdie kant en na daardie kant.' Hier is vreugde en rus, daar is vuur en pyniginge" (IV Esra 7:32-38).

Esdras se grafiese inkleding van die dringende boodskap bereik sy volle apokaliptiese krag met hierdie verwysing na die twee wêrelde en die lewe na die dood, die oordeel en die hel en die paradys (vgl. Zoroastrisme). Dit is alles nuwe dinge waarvan ons omtrent niks in die Ou Testament lees nie (behalwe moontlik enkele gedagtes in min gedeeltes, byvoorbeeld in Daniël) maar wat algemeen in die intertestamentêre literatuur en die Nuwe Testament voorkom.

### 12.4.3 Makkabeërs

Een van die eerste en bekendste tekste in verband met die lewe na die dood is II Makkabeërs 7 en 14 (vgl. Von Dobbeler 1997). In die boek is die vervolging wat mense tref, draaglik nét omdat hulle die verwagting van die opstanding het!

II Makkabeërs gaan oor die ontheiliging van die tempel deur Antiogus IV Epifanes, asook die herstel van die tempeldiens nadat die Makkabeërs Jerusalem bevry het. God se rol in hulle stryd en oorwinning staan sentraal. Die Jode is egter eers wreed gemartel en het fisies en emosioneel verskriklik gely. Dit was traumaties.

Ons lees in II Makkabeërs 7:7 ev (2000:78 ev) van die verskriklike martelaarskap van 'n moeder en haar sewe seuns:

"7 So het dit gebeur dat ook sewe broers en hulle moeder gevange geneem is en deur die koning met gésel- en sweepslae gedwing is om die verbode varkvleis te eet… 3 Maar die koning het woedend geword en opdrag gegee om die ketels en panne vuurwarm te maak. 4 Toe hulle vuurwarm was, het hy van diegene wat ook namens die ander gepraat het, die tong laat uitsny en hom op die manier van die Skite sy hoofvel laat aftrek en ook sy hande en voete laat afkap. Intussen moes die ander broers en sy moeder toekyk."

"5 Hy het hom aldus volkome vermink na die vuur laat bring en lewendig in 'n pan laat braai. En terwyl die damp wyd uit die pan opgestyg het, het hulle mekaar aangespoor om saam met die moeder moedig te sterf. Hulle het gesê: 6 Die Here God sien dit, en Hy sal ons na waarheid

vertroos, soos Moses duidelik in sy gesang van getuienis voorspel het, toe hy sê : En Hy skenk vertroosting aan sy diensknegte. " (My invoeging: die eerste is doodgemartel en die tweede seun is ook gebring om so te sterf.) 9 Tog het hy met sy laaste asem nog gesê: Booswig! U beroof ons wel van die teenswoordige lewe, maar die Koning van die heelal sal ons, wat om sy wette gedood word, laat opstaan vir die opstanding tot die ewige lewe" (vgl. "teruggee" in vers 29).

Die opstanding tot die ewige lewe!  Hier spreek die seun hulle geloof uit dat die Here hulle sal laat opstaan (vgl. die slot by 12.6; Hornung 1993; Koch 1992:462-483). Die ma sal haar kinders terugkry. Hulle het onskuldig en onregverdig gely, maar getrou gebly aan God. Hy sal hulle beslis vergoed en sou weer aan hulle lewe gee.

Dit wil voorkom of van der Watt (2005:411 en 413) die betekenis van die term "ewige lewe" hier meer konserwatief verklaar, deur die woorde "teruggee" (:29) te beklemtoon. Die klem val dan op die terugkeer na die gewone aardse lewe. Hy temper die verklaring moontlik met die Ou Testament as agtergrond. Hy toon tereg aan dat 'n lang lewe volgens die Ou Testament 'n teken van seën was en indien 'n lewe kortgeknip word, was dit verskriklik. Hy bring die verklaring ook tereg in lyn met die Ou Testament wat meestal getuig van 'n aardse lewe in kontak mét God en 'n wég-wees van God in die doderyk.

Ek het begrip vir die huiwering om vanuit die Nuwe Testament gedagtes terug te projekteer en in die intertestamentêre literatuur in te lees. "Ewige lewe" het hier nog nie die volle betekenis wat ons in die Nuwe Testament kry nie (Altner, 1981; Fortman 1986; Hertel 1980:171-183).

Aan die ander kant het ons hier met geskrifte te doen wat beslis verder as die Ou Testament gaan (vgl. 11.5.2, 11.6). Ons moet toegee dat die term "ewige lewe" met betrekking tot mense nuut is en nie eie is aan die Ou Testament nie. Uit al die duisende teksverse van die Ou Testament kry ons dit slegs in een (Dan.12:2). Ons het hier in Makkabeërs en die ander intertestamentêre literatuur met méér te doen as wat in die meeste Ou Testament-tekste staan. Van der Watt (:411) gee self die volgende nuwe vertaling van II Mak.7:9 "Net voor hy sy laaste asem uitblaas, sê hy: "Jou vervloekte mens. Jy neem ons lewe in hierdie wêreld weg, maar die Koning van die wêreld sal ons weer vir ewig lewendig maak…"

Dat mense lewendig gemaak word vir ewig dui hier ook daarop dat God nie maar net mag oor hierdie lewe het nie maar ook oor die toekoms. Hy het nie net aardse beperkte mag soos 'n menslike koning oor lewe en dood nie, Hy het 'n hoër dimensie van mag, Hy kan sy mense weer lewend maak en vir ewig by Hom laat lewe.

In die Nuwe Testament kry ons selfs nóg meer as net om weer lewendig te word en terug te keer na hierdie wêreld met sy vreugdes en hartseer, om slegs onophoudelik voort te lewe (vgl. slot by 12.6; 13.3.6 asook 13.7). Die opgewondenheid, nuutheid en varsheid in bogenoemde woorde van die martelare moet egter nie gemis word nie.

Soos met ander apokriewe tref ons opvallende ooreenkomste tussen Makkabeërs en ander geskrifte, soos byvoorbeeld van die Perse met hulle geloof in Ahura-Mazda en die apokaliptiese boek Daniël (sien 9.4.2 ev; 11.5.2; vgl. Klimkeit 1978:84-85).

Saamgevat kan ons sê dat (ten minste sommige) mense waarvan die Makkabeër brief getuig, naamlik die martelare vir God, weer deur Hom lewendig gemaak sal word en sal opstaan tot die ewige lewe. Hulle sterf 'n marteldood onder vervloekte geweldenaars, maar die inhoud van hierdie gedeeltes wys duidelik op die geloof dat God hulle na die dood weer sal lewend maak en laat opstaan. "Ewige lewe" kry 'n ryker betekenis in die Nuwe Testament. Wat egter reeds hier vasstaan, saam met die opstanding uit die dood, is dat ons in die intertestamentêre tyd sien hoe die skrywers verder beweeg as die meeste gedeeltes van die Ou Testament.

### 12.4.4 Judit

Die volgende kort en kragtige teksgedeelte uit Judit 16:17 is op ons bespreking van toepassing. Die konteks is eintlik 'n lofprysing aan God.

"Vir die volke wat teen ons mense optrek, wag daar net ellende! Die Here wat enigiets kan doen, sal op hulle wraak neem wanneer Hy kom oordeel. Hy sal vuur en wurms stuur om hulle liggame te vernietig en hulle sal vir altyd van die pyn kerm!"

Die verskriklike woorde "vuur en wurms" het soos by die Nuwe Testament (vgl. verwysings hieronder) al baie bespreking uitgelok. 'n Mens kan hierdie teks in Judit volgens van der Watt en Tolmie (2005:89) op een van twee maniere verstaan:

"1. Die skrywer kon dit gebruik het om van die hel te praat. Dan is 'vuur en wurms' 'n manier om van die Here se ewige straf te praat.

2. Dit kan ook letterlik verstaan word as gewone vuur en wurms wat deur God gebruik sal word om Israel se vyand hier op aarde te straf. Dit sou byvoorbeeld gebeur op die 'dag van die Here' wanneer Hy Israel se vyande finaal sou straf."

Die makro-konteks en agtergrond van die intertestamentêre en selfs latere simboliese apokaliptiese literatuur, is 'n aanduiding dat die eerste moontlikheid dalk voorkeur moet kry. Die uitdrukking "hulle sal vir altyd van die pyn kerm!" dui in hierdie konteks ook op voortdurende straf. Die indruk word nie gegee van blote eenmalige doodstraf en klaar nie. God sal ingryp en sy mense red. Dit sal ontstellende gevolge vir sy vyande hê.

Sien ook die hantering van die vuur, wurms, die hel, annihilisme en ewige straf by hoofstuk 13 oor die Nuwe Testament (vgl: 13.2; 13.3; 13.4; 13.7). Johannes sê ook dat die straf en pyn sal voortduur (vgl. Openb. 14:11; Openb. 20:10-15). Jesus praat self ook van die onblusbare vuur en die wurm wat nooit doodgaan nie (bv. Mark. 9:43-48).

### 12.4.5 Die Apokalips van Sefanja

Daar word vermoed dat hierdie apokalips ontstaan het in Joodse kringe in Egipte, waar dit volgens die manuskrip-gegewens baie gewild was. Van die teks self bestaan daar 'n aanhaling in 'n werk van die Egiptiese kerkvader Clemens van Alexandrië en 'n kort fragment in Sahidies, 'n Koptiese dialek. Die fragment handel veral oor die onderwêreld en die straf van die dooies. (de Villiers, 1987:174) Let op die merkwaardige ooreenkomste met Daniël en Openbaring in die aanhaling hieronder. (Die voorstelling van die engele hieronder pas ook meer by die Bybel, waarin ons engele leer ken as boodskappers en soldate, eerder as figuurtjies met harpies). In hoofstuk 4:1-7 van die Apokalips van Sefanja is daar die volgende beskrywing van wat met sekere mense gebeur na die dood :

"Toe het ek saam met die Engel van die Here gegaan. Ek het voor my gekyk en 'n plek daar gesien. Duisende der duisende en miljarde der miljarde engele het daar deurgegaan. Hulle gesigte was soos luiperds, hulle tande by hulle monde was soos wilde bere s'n.

Hul oë was bloederig. Hulle hare het los gehang soos vroue s'n. In hulle hande het hulle vurige gésels gehad. Toe ek hulle sien, was ek bang. Ek het vir die engel wat saam met my geloop het, gevra: 'Watter soort is hulle?'

Hy het vir my gesê: 'Hulle is die diensknegte van die hele skepping wat na die siele van die goddeloses kom en hulle bring om in hierdie plek te bly. Hulle bring drie dae met hulle in die lug deur voordat hulle hulle bring en in hulle ewige straf werp.'"

Die ewige straf is prominent as klimaks in hierdie vreeslike toneel (vgl. 12.4.4). Die Apokalips van Sefanja bewys dat die belangstelling in die straf in die hel nie so laat eers in apokaliptiese literatuur voorgekom het soos aanvanklik gedink is nie. Dit blyk nou dat die reise waarop die straf in die hel aan die siener onthul is, reeds vóór die Christelike era in apokalipse opgeneem is. Dit kan selfs wees dat die Apokalips van Sefanja van die eerste apokalipse is waarin dit aangetref word (Himmelfarb 1983:151-158;  Bauckham 1986: 101-103).

Hier staan die kontinuïteit tussen die Joodse - en Christelike literatuur oor die lewe na die dood duidelik uit (vgl. 13.2;  13.3.4;  13.3.6;  13.4;  13.7).

### 12.4.6  Henog

Hierdie Joodse pseudepigrafiese geskrif is legendaries. In gedeeltes soos die Boek van die Kykers (I Hen.10:10; 90:33) is daar duidelik sprake van ’n verwagting van die ewige lewe.

Dit is moeilik om hierdie geskrifte te dateer, maar daar is aanduidings dat die boek van Henog tussen 200 v.C. en 164 v.C. inpas (Charles, 1913:163 ev; Combrink en Weich, 1999:7-10)

Die boek Henog gee voor dat dit ’n geskrif is van Henog 'wat met God gewandel het' of 'naby God geleef het' (Gen 5:18–24) en wat lewendig hemel toe geneem is en daar bepaalde geheime

dinge gehoor het. Hierdie dinge word nou beskrywe. Dit gaan oor die engele en hulle 'val', die heelal en gelykenisse en voorspellings oor die komende oordeel.

Die boek Henog is deur verskeie ander geskrifte in die intertestamentêre tyd gebruik. "Die invloed daarvan het ook in sommige Nuwe-Testamentiese boeke soos Judas (v 14–15) neerslag gevind" (Vosloo en van Rensburg :LLS). Die opvattings dat die slang van die tuin van Eden (Gen 3) eintlik die Satan was en dat hy die leier was van die opstandige engele wat uit die hemel verban is, vind sy oorsprong in hierdie boek. Dit het ook die Christene se verklaring oor die oorsprong van die Satan beïnvloed.

Charles (:184 ev) toon aan dat Henog die Nuwe Testament ten opsigte van die volgende vier sake beïnvloed het: (1) die Messiaanse koninkryk en die lewe na die dood (2) die Messias (sien ook Hindoeïsme) (3) die doderyk en opstanding (Dan.12) en (4) die demonologie.

Duiwels is volgens Henog geeste (hulle het eers liggame gehad, maar dit is weggevat). Hierdie duiwels is volgens Henog die kinders van die gevalle engele wat met vroue gemeenskap gehad het. Satan en sy ryk het 'n magtige teenpool begin vorm, wat teen God en sy ryk in opstand kom. Dit is tipies van wat ons vroeër by Zoroastrisme gesien het (Charles:185; asook hoofstuk 9.8.1).

Henog beskryf sommer vroeg al die wandade van die gevalle engele en goddelose mense en die oordeel en ewige straf wat daarop volg (Henog 9:1-11; 10:1-16) maar ook die seën wat God sal gee aan die regverdiges in die paradys (Henog 10:16-22). In hoofstuk 17 en 18 beskryf Henog sy reis deur die doderyk van duisternis, vuur, riviere en dieptes, asook die einde van die heelal.

Henog 22 brei meer uit oor die onderwêreld waar dooie mense na verskillende diep en gladde hol plekke gaan:

"3 …Hierdie hol plekke is geskep vir hierdie besondere doel dat die geeste van die siele van die dooies daarin moet vergader, ja, dat al die siele van die kinders van die mens hier moet vergader… 4 tot op die dag van hulle oordeel…9…'n skeiding is gemaak vir die regverdiges waarin daar 'n helder fontein water is. 10 En soortgelykes is gemaak vir die sondaars…11 Hier sal die geeste apart gehou word in hierdie groot pyn tot op die dag van oordeel en straf en kastyding vir hulle wat vir ewig vervloek is en vergelding vir hulle geeste. Daar sal Hy hulle vir

altyd bind (Ps.146:4; Pred.9:5)… 14 Toe het ek die God van Heerlikheid geseën en gesê: 'Geseënd is u, God van geregtigheid, wat oor die wêreld regeer.'" Sien ook I Henog 10:10; Henog 22:9-13; 90:18-26, 33 en 83-90, asook II Henog 8; 44:5 en 65:6. Hierdie boodskap in I en II Henog stem ooreen met wat ons in II Barug vind.

Die gedagte in Henog van 'n ewige straf in skrille kontras met die paradys, is 'n uitstaande kenmerk in die intertestamentêre Joodse literatuur (Bernstein 1993:179; Charles 1913:163-281). Sien ook meer hierbo oor die paradys en hel (12.4.3 en 12.4.4).

Henog bevat dus een van die duidelikste weergawes van die geloof oor die lewe na die dood volgens die intertestamentêre literatuur sedert 200 v.C. Volgens Henog sal daar 'n baie groot skeiding wees in die sogenaamde tussentoestand tussen die geeste van regverdiges en sondaars. Hierna sal die finale oordeel en verdere ewige seën of straf volg. Hierdie boek was besonder invloedryk op die skrywers van die Nuwe Testament en is self beïnvloed deur die Zoroastrisme te Babilonië. Henog is in 'n mindere mate ook deur die Grieke beïnvloed (Charles: 163-206).

I Henog 22 word aanvaar as die éérste teks in die Joods-Christelike tradisie wat na die hel met ewige straf verwys (vgl. Russel 1976:154; Bauckham 1990:355 ev.).

## 12.5 OPSTANDING EN OORDEEL

Gedurende die intertestamentêre tyd is opvattings oor die lewe na die dood uitgebou. Hierdie gedagtes speel ’n bepaalde rol in die Nuwe Testament. By die punte hierbo is dit telkens afsonderlik aangetoon, byvoorbeeld ten opsigte van die opstanding, ewige lewe, paradys en hel. In die volgende paragrawe ondersoek ons die geheelbeeld hiervan in die intertestamentêre tyd (vgl. Fortman, 1986; Frerichs 1991:14-22).

Dit is die vaste oortuiging van die skrywers van die apokalipse dat hierdie ou wêreld verby sal gaan (vgl. Minear 1968; Reid 1995:53-74). Die huidige bose wêreld is genadiglik tydelik en dit sal getransendeer word deur God. Hy sal bonatuurlik ingryp om te verlos en te straf. Hierdie verwagting sluit feitlik by al die apokalipse die oortuiging in dat daar 'n lewe na die dood is. Die geloof in 'n persoonlike opstanding uit die dood kom nou algemeen in die Joodse literatuur voor (vgl. Koch 1992:462-483; Riemer 1974; Rozwaski 1994).

Daar het dus 'n baie groot verskuiwing vanaf die Ou Testamentiese denke gekom. Die dood is nie meer gesien as die finale einde nie. Die dood is nie meer noodwendig gesien as die ergste straf van God wat lewens voortydig kortknip nie. Nee, die dood is nou gesien as die oorgang na God se seën of oordeel! Die Ou Testament (sien 11.2) stel God se seën hoofsaaklik as 'n lang aardse lewe voor. Hulle het geglo dat dooies verder van God af wéggaan Nou sien ons die gedagte dat die dood gelowiges níé meer skei van God nie, omdat hulle juis náder na Hom toe gaan en by Hom is! Hiermee word die aardse lewe gerelativeer (vgl. II Mak.7:5-9 en II Barug 21:22-23). Dit vorm die patroon in die intertestamentêre literatuur.

In die Nuwe Testament staan hierdie gedagte natuurlik van begin tot einde absoluut uit. Die koninkryk van die hemel en die ewige lewe is belangriker as hierdie wêreld en byvoorbeeld aardse besittings. Jesus beklemtoon gereeld ons skat in die hemel (Mat.13; Luk.18) en Johannes laat ons met sy apokalips uitsien na die troos van die lewe ná die dood by God (Openb.21:3-4; vgl. Lemmer 1996:359-376).

Tobit 13:1 en 14:4-7 verkondig dat die tempel herstel sal word en selfs die heidene God sal aanbid. Soos Barug wys Tobit op die nasionale eskatologie, maar nog nie op die individu se lewe na die dood nie. Wat die apokriewe betref kry ons eers in II Esdras 3-13 'n aanduiding dat die individu sal opstaan en lewe na die dood (Russel :79-95; 143 ev) II Makkabeërs 7 en 12 bou hierop voort en leer dat die regverdiges sal opstaan om die ewige lewe te beërwe. Makkabeërs verskil hierin van 'n ander Aleksandrynse boek, Die Wysheid van Salomo, wat onder die Griekse invloed leer dat die mens 'n onsterflike siel het (Die Wysheid van Salomo 2; 3; 5; 6 en 8; vgl. Heidler 1983).

Daar kom beslis 'n dag van oordeel volgens die apokalipse. Almal leer dat daar 'n dag van afrekening vir die goddeloses sal aanbreek wat niemand sal kan ontvlug nie. Dit sal finaal 'n einde aan die bose en ou wêreld meebring. Dit is een van die kenmerkendste motiewe in die apokaliptiek. Daar staan selfs dat God die oordeel reeds met die skepping voorberei het. In IV Esra 7:70 lees ons: "Toe die Allerhoogste die wêreld en Adam met al sy nakomelinge gemaak het, het Hy eers die oordeel voorberei en die dinge wat met die oordeel te doen het" (vgl. Griffiths 1991; Milikowsky 1988:238-249).

By sommige apokalipse geld hierdie dag van afrekening vir Israel as volk en die heidense volkere. Let in die volgende aanhaling op die baie kenmerkende gedagte van 'n skaal wat ons ook by die Egiptenare en Zoroastrisme kry in hulle leer met betrekking tot die dood en die oordeel daarna.

In IV Esra 3:30-32 lees ons: "…Ek het ver onder die volkere gereis en het gesien dat hulle oorvloedig ryk is, hoewel hulle hul nie steur aan u gebooie nie. Weeg nou in 'n weegskaal ons ongeregtighede en dié van die inwoners van die wêreld en laat blyk dan na watter kant die skaal sal sak."

Die pyn, teleurstelling en eerlike worsteling van gelowiges in die intertestamentêre tyd is aangrypend. Die boodskap van die apokalipse is egter uiteindelik dat die volke wat te ver gegaan het in hulle sonde teen Israel wel deur God wat wraakneem gestraf sal word. Die oordeel het 'n vaste deel van die eskatologiese verwagting van die sieners geword. Later het die tendens ontwikkel dat elke individu ná die dood sou moes rekenskap gee van haar of sy dade.

In die Apokalips van Sefanja 10 word die dooies "siele" genoem. Hulle sal gestraf word ooreenkomstig hulle sonde: "Ek het al die siele sien wegsink in die see.... Ek het sommige gesien wie se hande aan hulle nekke vasgebind was, met hulle hande en voete geketting. Ek het gesê: "Wie is hulle?" Die engel het vir my gesê: "Hulle is dié wat omgekoop is en aan hulle is goud en silwer gegee totdat die siele van mense verlei is". En ek het ander, bedek met vuur, gesien. Ek het gevra: "Wie is hulle?" Hy het vir my gesê: "Dit is hulle wat geld teen rente uitgeleen het. En hulle het rente op rente verdien". En ek het ook blindes sien roep. Ek het gevra: "Wie is hulle?" Hy het vir my gesê: "Dit is katkisante wat die Woord van God gehoor het, maar hulle is nie geheilig in die werk waarvan hulle gehoor het nie."

1 Henog en die Herder van Hermas is gedeeltes waarin geleer word dat die mens verantwoordelik gehou sal word vir sy sosiale ongevoeligheid en oortredinge. In ander gevalle is dit die oortreding van die wet waarvoor die mens eendag sal moet boet.

In IV Esra 7:72 word die straf van die inwoners van die wêreld beskryf: "Hulle sal gepynig word, want hoewel hulle insig gehad het, het hulle verkeerd gedoen, en hoewel hulle die gebooie

ontvang het, het hulle dit nie onderhou nie. En hoewel hulle die wet ontvang het, het hulle nie getrou gebly aan dit wat hulle ontvang het nie."

Sommige apokalipse vertel ook van 'n oordeel wat oor die bose magte sal kom. Soms is daar net een finale oordeel oor almal, oor alle mense en die bose, soms is daar egter verskillende oordele wat na mekaar plaasvind (byvoorbeeld in Die Apokalips van Weke in 1 Henog). Hoewel dit God is wat meestal die oordeel sal voltrek, kan dit ook gebeur dat die Messias die wêreld oordeel. In IV Esra 12: 32-33 is dit die Messias wat die oordeel voltrek.

Daar kom verskillende opvattings voor oor wie almal opgewek sal word. Soos hierbo gemeld, is dit in die geval van Daniël slegs sommige van die regverdiges in Israel wat tot die ewige lewe opgewek sal word, terwyl sommige van dié wat God en sy Wet verwerp het, opgewek sal word om gestraf te word. Laasgenoemde groep is veral diegene wat uitgestaan het daarin om God se volk te laat ly (vgl.11.5.2; Gardner 1992). Dieselfde gedagte kom voor in I Henog en II Barug. In die Psalms van Salomo en in I Hen. 83–90 word ook net regverdige Israeliete opgewek, terwyl ’n universele opwekking geleer word in IV Esra, die Testamente van die Twaalf Patriarge en die Sibillynse Orakels.

Volgens die intertestamentêre literatuur sal God se oordeel en skeiding lei tot die paradys of tot straf (vgl. Heinberg 1989; Hertel 1980:171-183). Die skeiding van die regverdiges en goddeloses na die dood word met verskeie plekke in verband gebring: Dikwels, soos in I Henog, is daar verskeie “hemele” waar die regverdiges ewige vrede sal geniet, maar ons lees ook van die vuur waar die goddeloses gestraf sal word. In die apokriewe is skilderagtige gedeeltes oor die fantastiese hemel, maar ook aaklige en bisarre beskrywings van die onderwêreld en die hel (vgl. Genovese 1983).

Die plek waarheen die regverdiges gaan in die lewe na die dood, word in die apokriewe gewoonlik as die paradys beskryf. Die paradys word gewoonlik as ’n tuin vol vrugtebome beskryf (vgl. II Hen.5, 8) Elke boom dra ryp vrugte en het ’n lieflike geur. Vier riviere vloei sag verby. God rus onder die boom van die lewe wat ’n onbeskryflike lekker reuk het. Die paradys word soms beskryf as 'n plek in die derde hemel (II Hen.5, 8) en in ander tekste weer as 'n plek op aarde (I Hen. 32). In die Sibillynse Orakels word ook verwag dat die paradys op aarde sal wees.

II Henog lê gereeld klem op die lekker reuk in die hemelse paradys. Waarskynlik is dit doelbewus kontrasterend met die reuk van die dood waarteen balsem en speserymengsels algemeen gebruik is… (vgl. 2 Kron. 16:14; Joh. 19:39).

Die vrugte en riviere herinner natuurlik aan Genesis se Eden, maar klink om nog 'n rede vir ons bekend… "Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. [2]Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies" (Openb. 22:1-2). In II Henog 5 en 8 lees ons dat gelowiges vir ewig by God onder die lekkerruik vrugtebome langs die rivier sal rus. Hierdie beskrywings van die hemelse paradys is idillies en bemoedigend vir gelowiges.

Die geloof in die lewe na die dood het in die Joodse literatuur veral uitgekristalliseer in die tydperk van die tweede tempel, as antwoord op die krisis waarin die Jode was na die Babiloniese ballingskap (vgl. Hooker 1999). Dit was ’n tyd waarin die Jode toenemend vervolg is. Die boek Daniël is in so ’n krisistyd geskryf toe die Jode deur vreemde invallers oorheers en van hulle vryheid beroof was. Dit was veral die verlies aan godsdienstige vryheid en die vernietiging van die tempeldiens wat die Jode in ’n geweldige krisis gedompel het. Die kort tydperk van onafhanklikheid wat gevolg het aan die einde van die Makkabese Oorlog, is gevolg deur die traumatiese inval en regeringstyd van die Romeine. Weereens het gelowiges uitdrukking gegee aan hulle geloof in die voortgaande teenwoordigheid van God te midde van hulle krisis, deur die opstanding uit die dood te verkondig. Ons vind dit duidelik  in die intertestamentêre literatuur.

Die volgende faktore word uitgelig omdat dit bygedra het tot die vorming van hierdie geloof (vgl. Hengel en Gilbert by De Villiers 1997:LLS): Ten eerste was daar die martelaarskap van regverdiges soos byvoorbeeld Daniël en sy vriende in die oond, die Makkabeërs wat aanvanklik geweier het om op die Sabbat te veg (vgl. I en II Makkabeërs) en die sewe seuns van Takso in die Testament van Moses 9 wat eerder in ’n grot sterf as om God se gebooie te oortree. Dit is tweedens gekombineer met die idee van die versoenende lyding van die kneg (Jes. 40–66) en derdens ’n eskatologiese perspektief waardeur die huidige bestel grondiglik gerelativeer is en die voorlopigheid daarvan sterk op die voorgrond geplaas is. Dieselfde kompleks van gedagtes kom

na vore in die Joodse wysheidsboek, IV Makkabeërs, waar die dood van die martelaar, sy lyding en plaasvervangende sterwe uitloop op die ewige lewe. Die parallel met Jesus is opvallend.

Openbaring, die apokalips van die Nuwe Testament, kombineer die motief van die geslagte lam met Jesus as die getroue getuie (martelaar, Openb. 1:1–3,5) asook die regverdiges in wit klere as getroue getuies. Hierna fokus Johannes op die eskatologiese hoop (Openb. 6:9–11). Daarmee is die geloof in ’n lewe na die dood op ’n besondere wyse in die Joods-Christelike tradisie uitgewerk en inhoud gegee.

Die verwagting van die lewe na die dood hang egter ten nouste saam met die verwagting van ’n oordeelsdag. ’n Grondmotief in die apokaliptiek is dat die huidige wêreld boos is en aan die einde van die tyd deur God geoordeel en vernietig sal word. Die heil wat aan Israel en gelowiges geskenk sal word, die toekomstige vrederyk, sal slegs aanbreek na die eindoordeel. Reeds in die vroegste apokalipse soos Daniël 7:9–14 en I Henog 90:18–26 kom die idee van oordeel van die goddeloses voor.

Voorstellings oor die oordeelsdag sluit die volgende in: Volgens I Henog 92–104 sal die goddeloses deur die swaard van die regverdiges geoordeel word, asook deur ewige marteling en verbranding in vuur. Die motief van die vuur is baie prominent en kom feitlik konsekwent voor in verband met die eindoordeel. Dit herinner aan die vuurpoel van gesmelte brons by die Zoroastrisme.

Seker die belangrikste motief in verband met die laaste oordeel vir die doel van hierdie studie, is dat dit die skeiding tussen regverdiges en die goddeloses bring. Al die bronne waaruit ons hierbo aangehaal het (vgl. II Hen. 65:6; 44:5) toon dit aan en die Testament van Abraham 11 bevestig dit ook. Hierin word  vertel hoedat die dooies verdeel word in die twee groepe, waarvan die regverdiges ingaan in ’n poort na die lewe en die goddeloses in ’n poort wat lei tot vernietiging.

Nie net individue en volke sal geoordeel word nie, maar ook die engele en duiwels. Dit kom veral sterk na vore in die Boek van die Kykers in I Henog waar die oordeel van die gevalle engele verwag word (I Hen. 1:12). In die meeste gevalle word mense geoordeel omdat hulle God en sy gebooie verwerp het en immoreel opgetree het.

## 12.6 OOREENKOMSTE EN INVLOED

Dit is van besondere belang om juis nou te kyk na sekere hoofstrome uit die wêreldgodsdienste wat híér in die Joodse literatuur op 'n indrukwekkende manier saamvloei. In die hoofstuk oor die Nuwe Testament ondersoek ons die groot rol wat Jesus verder in hierdie magtige rivier gespeel het.

Dit is hier by die intertestamentêre literatuur belangrik om die bevindings van die vorige hoofstukke in gedagte te hou. Sien daarom veral hoofstuk 5 oor die vroeë Hindoeïsme, hoofstuk 9 oor die Zoroastrisme van Persië, die Hellenisme in hoofstuk 10, asook hoofstuk 11 oor die Ou Testament (vgl. Herfort-Koch 1992; Hanson 1987).

In die volgende paragrawe word die belangrike teologiese ooreenkomste tussen die Joodse intertestamentêre literatuur en die Hindoeïsme, Zoroastrisme en Hellenisme saamgevat. Dit staan veral uit in boeke soos Tobit, Wysheid van Salomo, II Esdras, Makkabeërs, Barug en Henog.

In die vorige hoofstukke word ook aangetoon dat daar in die vroeë Hindoeïsme, Zoroastrisme en Hellenisme verwagtings was van verlossers en ‘n opstanding uit die dood (vgl. hoofstuk 5; 9 en 11.5.2). Verdere ooreenkomste met betrekking tot die oordeel, skeiding, hemel en hel word ook hieronder uitgelig.

Die Rig-Veda (c. 1 500 v.C.) van die Hindoeïsme vertel dat die pad na die hemel moeilik is, daar is byvoorbeeld demone wat jou verslind as jy van die regte pad afdwaal! Gelukkig is die kleurvolle Yama, volgens hulle geloof, daar om getroues op die pad by te staan (bv. Rig Veda IX.113:7). Hy is volgens die Hindoes se geloof die eerste man van alle mense op aarde wat sedert die skepping gesterf het. Hulle glo dat alhoewel hy destyds doodgegaan het, hy tog weer lewe en optree as die regter en god van die dooies. Antieke Hindoes het reeds tot hom gebid vir die voorspoed van die siele van hulle afgestorwe geliefdes, terwyl hulle geliefdes se lyke op brandstapels veras word (Masumian:5).

In die Zoroastrisme van Persië (c. 1450 v.C.) soos blyk uit die Avesta-geskrifte, is uitgebrei op die eskatologie van die Hindoeïsme in verskeie leerstellings, soos byvoorbeeld die opstanding en finale stryd met die bose (Yasht 19:89-90). Uit die profeet Zoroaster se bewaarde sperma sou

drie verlossers uit maagde gebore word, een elke duisend jaar. Die derde sou die eintlike Saoshyant (verlosser) wees. Hy sou die eindtyd inlei en die dooies opwek (Oosthuizen:232; Hinnells 1989:86; Turner:18). So sou die nuwe hemel en die nuwe aarde kom en die ewige lewe waarvan die sakrament met soma-sap 'n teken en waarborg is, eindelik aanbreek en sou mense geskei word tussen hel en hemel. Genoeg goeie werke was die voorwaarde vir toegang tot die hemel (Yasna LI; Yasna 30 :7-11; Yasna 33; 34 en 44; Hinnells 1989:86).

"Zoroaster was  the first prophet in history to teach belief in two judgments, heaven, hell, and the resurrection of the body" (Masumian 1996:16).

Die volgende inligting oor die Hellenisme spreek boekdele (dit is die woorde wat my aanvanklik geïnspireer het om hierdie navorsing te doen). "Afterlife (Greek)[XII] : In earliest eschatology all shades (souls) went to Hades, a subterranean, gloomy, dark land of the dead. A rapidly growing belief soon challenged this: select heroes were thought to inhabit a paradise (Elysion; or Makaron Nesoi, Isles of the Blest). Mysteria and later, Orphism promised a blissful afterlife close to the gods… From here the notion of post-mortem rewards and punishments after a general judgement spread into mainstream eschatology. Celestial/ astral immortality, among the stars in the sky, appeared in the 5th century BCE and grew in popularity later, with many variants" (Hinnells 1984:26; vgl. Healy 1997).

Ons sien dus dat die Grieke al ongeveer 500 jaar voor Jesus begin praat het van lewe na die dood. Vir sommige sou dit 'n paradys by die gode beteken, maar vir die ongehoorsames, stráf.

Die kloof tussen die Ou en die Nuwe Testament word dus oorbrug met die intertestamentêre literatuur. Die krisisse van verdrukking en teleurstelling in hierdie tydperk het bepaalde godsdienstige waarhede na die oppervlakte laat kom. Daardeur is die pad voorberei vir Jesus Christus (vgl. Vosloo en van Rensburg: LLS; asook 13.6.1 en 13.6.2).

Russel (:79-95; 143 ev) toon ook aan hoedat die besondere invloed van Persië op die Joodse tradisie oor die lewe na die dood, in die intertestamentêre tyd 'n hoogtepunt bereik het. Die apokaliptiek van die Hebreeuse intertestamentêre apokriewe, wat beïnvloed is deur Zoroastrisme, maak dit vir ons duidelik dat hierdie skrywers met hulle waardevolle insigte die weg voorberei het vir die Christelike boodskap oor die lewe na die dood (:12, 85-112, 146). Die boodskap word

duidelik dat daar 'n skeiding in die hiernamaals kom, waar regverdiges ewig geseën sal word en goddeloses op grond van hulle eie immoraliteit ewig gestraf gaan word (vgl. :151-162; I Henog 22:9-13).

De Villiers (1987:41-52, 116; 1997: LLS § 1577) sluit by bogenoemde aan: "Die verwagting van ’n bestaan van die mens na die dood is… nie in die sentrum van die oorgrote meerderheid van tekste in die Ou Testament nie. Dit is duidelik dat vir geslagte van Israeliete die motief heeltemal op die rand van hulle godsdienstige oortuigings gestaan het - indien dit hoegenaamd ’n rol daarin gespeel het. Dit het nie verhinder dat met verloop van tyd verskillende perspektiewe in die Jodedom ontwikkel is oor die lewe na die dood nie. Mettertyd het begrippe soos onsterflikheid, opstanding en ewige oordeel ’n belangrike rol ingeneem in die eskatologiese verwagtinge van sekere Joodse groepe. Hierdie ontwikkeling het plaasgevind met behulp van die invloed van die Hellenisme, met die verwagting van ’n lewe na die dood in die Grieks-Romeinse wêreld en meer spesifiek die Zoroastrisme van Persië veral na die ballingskap" (vgl. 9.4.2 ev.).

"Die invloed van die apokriewe boeke moet nie onderskat word nie. Die Christendom is nou min of meer 2 000 jaar oud en vir verreweg die grootste deel hiervan - tot ongeveer 1 500 / 1 600 n.C. - was die Ou-Testamentiese apokriewe deel van die Bybel. Daarna is dit deur die Protestante uit hulle Bybel uitgehaal, maar dit het nog steeds deel van die Rooms-Katolieke Bybel gebly. 'n Mens kan dieselfde van baie Nuwe-Testamentiese apokriewe sê. Alhoewel die amptelike standpunt van die kerk was dat hulle nie deel van die Bybel is nie, het sommige Christene steeds van hierdie boeke bly lees" (van der Watt en Tolmie 2005:23).

In die Nuwe Testament word dikwels gesinspeel op wat in die apokriewe staan. "Dit wys dat die Bybelskrywers die boeke geken het en ook daardeur beïnvloed is" (:14). So herken ons iets van die Wysheid van Salomo by Paulus. Vergelyk byvoorbeeld Romeine 1:20-29 met die Wysheid van Salomo 13:5, 8; 14:24,27 of Romeine 9:20-23 met die Wysheid van Salomo 12:12, 20; 15:7. Jakobus vergelyk weer goed met Sirag, byvoorbeeld Jakobus 1:19 met Sirag 5:1 of Jakobus 1:13 met Sirag 15:11-12.

Ons het hierbo ook aangetoon (12.5) dat I en II Makkabeërs ons help om die Nuwe Testament te verstaan. Daar sien ons byvoorbeeld hoekom martelaarskap vir die Jode so belangrik geword het en dat een mens in die plek van ander kon sterf (vgl. t.o.v. Jesus in 2 Kor. 5:21; Gal. 3:13).

Die intertestamentêre literatuur het dus saam met sekere aspekte uit die ander wêreldgodsdienste, die kloof tussen die Ou - en Nuwe Testament oorbrug. Om dit te erken, spreek egter beslis nie van oorvereenvoudiging en verabsolutering deurdat die Ou- en Nuwe Testament gereduseer word tot 'n belofte-en-vervulling skema nie. Alhoewel daar kontinuïteit is, bestaan daar ook diskontinuïteit vanaf die Ou Testament, deur die intertestamentêre literatuur, tot in die Nuwe Testament. Ons het byvoorbeeld aangetoon dat sjeool vervang is met konsepte soos paradys, hemel en hel, en ons sal nog aantoon dat die Nuwe Testament met begrippe soos opstanding en ewige lewe meer bedoel as voorheen.

Ten spyte van die groot waardetoevoeging van die intertestamentêre literatuur kan ons ook getuig "dat die groot oorgange in die Bybel nie tussen die twee Testamente lê nie, maar binne elke Testament" (König 2002:338). Ons sien dit byvoorbeeld in Dan.12 en in die beeldspraak van Jes.25-26; Jes.28:15 en Jes.66 (vgl. 11.5.1 en 11.5.2; Alexander 1986:41; Lang 1988). 'n Voorbeeld van 'n oorgang vanaf die intertestamentêre literatuur na die Nuwe Testament, is dat "ewige lewe" 'n ryker betekenis in die Nuwe Testament ontvang (Altner 1981; vgl. 13.2; 13.3.6 en 13.7).

Dit is egter belangrik om nie net raak te sien dat die Jode se krisisse 'n latente boodskap na die oppervlak gebring het nie, maar ook dat die invloed van Zoroastrisme en Hellenisme juis daarmee saamgeval het (sien ook 13.6.1 en 13.6.2). Dit was nie toevallig nie. Israel was vroeër ook in krisisse, maar het toe nog nie oor 'n lewe ná die dood begin skryf nie. Dit het nou eers gebeur. Ek sluit dus aan by Charles, Russel en andere wat ook tot die slotsom kom dat die apokaliptiek van die Hebreeuse intertestamentêre apokriewe beïnvloed is deur Zoroastrisme met betrekking tot die boodskap oor die lewe na die dood. Die boodskap word duidelik dat daar 'n skeiding in die hiernamaals kom, waar regverdiges ewig geseën sal word en goddeloses op grond van hulle eie immoraliteit, ewig gestraf gaan word. Op hierdie punt kan mens aflei dat dit 'n goeie invloed was, omdat ons later sien dat die Seun van God volgens die Nuwe Testament daarby aansluit.

## 12.7 GEVOLGTREKKING

Die literatuur van die intertestamentêre tyd toon dat daar destyds ’n besondere belangstelling in apokaliptiek en eskatologie was. Dit word in verband gebring met die druk wat gelowiges ervaar het as gevolg van Hellenisering, geweld en marteling tot die dood, asook politieke teleurstellings. Alhoewel hierdie geskrifte verskille toon, is die een saak wat gemeenskaplik is, die groot verwagting dat God sélf sal ingryp in hierdie tranedal en dat Hy die kwaad vir altyd sal verwyder. Hierdeur sal God dan ’n tydperk van vrede en vreugde laat aanbreek. Hierdie geskrifte vorm dus ’n belangrike skakel tussen die Ou- en Nuwe Testament.

In die intertestamentêre tyd is baie geskryf oor opstanding en die lewe na die dood, iets wat ons slegs in een of twee gedeeltes in die Ou Testament kry. In die apokriewe is fassinerende tekste oor die hemel (bv. II Esdras; I Hen.10, 90; II Henog 5 en 8) en vreemde beskrywings van die onderwêreld en die hel (bv. I Henog 22 - die eerste verwysing na die hel in die Joods-Christelike tradisie). God staan ook in hierdie literatuur uit as die Een wat alles gemaak het en onderhou. Hy is lief is vir sy mense en Hy berei vir almal wat aan Hom getrou is 'n wonderlike plek voor in die lewe hierna.

Die bevinding van hierdie ondersoek is dus dat konsepte oor die lewe na die dood, en 'n skeiding tussen hemel en hel, wél algemeen begin voorkom het in die Joodse literatuur na die Ou Testament, in korrelasie met die toenemende kontak met Zoroastrisme en Hellenisme.

In die ondersoek by die Nuwe Testament vind ons dat Jesus Christus nog verder gaan in sy boodskap. Daar kry die woorde "opstanding" en "ewige lewe" nog 'n ryker betekenis!

Tog het die idilliese voorstelling van die hemelse paradys in die intertestamentêre literatuur al baie gelowiges deur baie eeue bemoedig: Ons sal vir ewig by God onder die lekkerruik vrugtebome langs die rivier rus (vgl. II Henog 5 en 8; wat met die latere Openb. 21-22 van die Nuwe Testament ooreenkom).

# HOOFSTUK 13 LEWE NA DIE DOOD VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT

## 13.1 INLEIDING

Sholem Ash het gesê: "Jesus Christus is die mees uitstaande persoonlikheid van alle tye" (aangehaal deur McDowell:2005:388). In hierdie hoofstuk gaan ons ondersoek waarom Ash, selfs as 'n Jood, hierdie woorde met tróts gesê het. Ons vind hierin weerklank van die uitroep van die Romeinse offisier (Joh.7:46) oor Jesus: "Nog nooit het iemand gepraat soos hierdie man nie." Jesus Christus staan in die Nuwe Testament as die sentrale figuur uit. Sy woorde en werk word die beste verstaan teen die agtergrond van die Ou Testamentiese profesieë, die intertestamentêre Joodse literatuur en die denkwêreld van die antieke tyd.

Hierdie hoofstuk sluit baie nou aan by die vorige hoofstukke waar reeds duidelike ooreenkomste en belangrike verskille uitgelig is met aspekte van die godsdienste van Israel se bure, byvoorbeeld in die Hindoeïsme en die Zoroastrisme van Persië met hulle aanbidding van Ahura Mazda.

Ons fokus hier meer op dit wat uniek is in die boodskap van Matteus tot Openbaring, in vergelyking met bogenoemde agtergrond en die wêreldgodsdienste. Die volgende bly deurlopend belangrik: Jesus Christus se opstanding uit die dood en die implikasie daarvan vir die mensdom, die algemene opstanding, finale oordeel en skeiding van mense in die hemel en hel. Ons kyk dus ook of die Nuwe Testament 'n antwoord bied op die magtige probleem van die dood in die Ou Testament.

Kritiek teen die kerk en boodskap van die Nuwe Testament is algemeen. Dit strek van die feit dat ons in God glo, tot by die vraag hoe 'n God van liefde lyding kan toelaat. Kritiek teen die leer oor die lewe na die dood is ook volop, selfs die hemel loop deur en word bespot as 'n "pie in the sky when you die".

Die hel kry egter nie net bespotting nie, maar ook die felste kritiek, van binne en buite die kerk. Daarvoor het mens baie begrip, maar sommige gaan sover dat hulle krisis met die hel veroorsaak dat hulle die Christelike geloof in totaliteit verwerp. So haal Paul Helm (1993:257) in sy artikel "*Are They Few That Be Saved*?" byvoorbeeld vir Charles Darwin aan: "I can hardly see how

anyone ought to wish Christianity to be true; for if so, the plain language of the text seems to show that the men who do not believe, and this would include my Father, Brother, and almost all my best friends, will be everlastingly punished. And this is a damnable doctrine." Dit is duidelik dat die krisis wat sommige mense met die leer oor die hel het, hulle van Christus self kan vervreem. Dit gryp enige opregte Christen aan die hart wat meegevoel het met ongelowiges of elkeen wat twyfel of soek.

In die lig van Paulus se woorde in Efesiërs 4:14-15 moet ons egter versigtig wees dat bogenoemde besorgdheid ons nie in versoeking lei om die boodskap oor die hemel en hel in die Nuwe Testament te verander om ons en ander mense te pas nie: "...ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. [15]Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly..." Daarom kry die ondersoek na byvoorbeeld die annihilisme en die universalisme ook besondere aandag in hierdie hoofstuk.

Uiteindelik wil ons graag ook antwoorde op vrae soos die volgende verskaf: Is daar lewe na die dood? Sal dit ewig wees? Behels dit hemel én hel? Moet ons die tekste wat praat van goue strate en 'n poel van vuur letterlik verstaan - waarom of waarom nie? Indien nie, gaan die hel minder hél wees omdat dit maar net beeldspraak is? Die ondersoek begin by die konteks van profesie waarin Jesus sy profetiese woorde oor die lewe na die dood uitgespreek het.

## 13.2. NUWE TESTAMENTIESE PROFESIEË VAN REDDING EN STRAF

“Jy is mos ’n profeet, Christus!" (Matt. 26:68). Die woorde en werk van Jesus het sy volgelinge laat getuig dat Hy die Messias is en dat Hy as Profeet en Koning gesalf is. Sodanig het Hy ook by sy vyande bekend geword, soos blyk uit hierdie aanhaling van een van die spottende soldate wat Hom voor sy kruisiging gemartel het (Matt. 26:68; 27:37).

In die Bybel is die profetiese boodskappe in die historiese werklikheid ingeweef. Die boodskappe oor die toekoms herinner aan God se reddende genade in die verlede en daarom gee dit nog meer hoop in die hede (Malina 1995:LLS; bv. Hand 3:17–20; 1 Pet 1:10–12; Matt 1:23; 2:5,15,18,23; Openb. 1:4,8; 4:8).

Jesus staan in lyn met die Ou Testamentiese profete, maar is daar slegs kontinuïteit of ook diskontinuïteit tussen profesieë in die Ou- en Nuwe Testament? Wat is die inhoud en waarde van die Nuwe Testament se profesie oor die lewe na die dood?

In die Grieks-Romeinse wêreld van die Nuwe Testament het orakels van uiteindelike bevryding en oordeel oor die bose algemeen begin voorkom (Aune 1983:73-77, 317 ev.). Dit sluit die orakels van Palestina, Egipte en vele ander Mediterreense volke in. Dit het dikwels 'n politieke bevryding van die Griekse en Romeinse onderdrukkers behels wat gepaard sou gaan met die koms van 'n ideale koning. Aune (:317) identifiseer onder andere die volgende kriteria vir profesie: die uitspraak is toegedig aan 'n bonatuurlike wese en dit raak die toekoms.

Aune (:75-77) toon ook aan dat daar ooreenkomste tussen die profesieë van die Ou - en Nuwe Testament en die intertestamentêre literatuur bestaan (bv. die Sibillynse orakels Or.iii.350-55 en Openb. 18:4-20). Uit die voorbeelde wat Aune (:165-168) uitlig, blyk die ooreenkomste van sekere profetiese aspekte by die godsdienste van die Perse (Zoroastrisme, Ahura Mazda) die Grieke en Romeine, asook die Jode en sommige vroeë Christene.

Jesus se eskatologiese uitsprake het 'n etiese of eksistensiële, sowel as 'n temporele dimensie (Aune 1983:166). Jesus gebruik dus gereeld die eskatologiese verwagting paraneties. Met sy uitsprake wil Hy sy hoorders motiveer. Hy wil sy volgelinge oproep en aanspoor om sy wil te doen, die wil van sy Vader wat insluit woorde en dade wat spreek van geloof, hoop en liefde. Om so te leef is gepas in sy koninkryk. Jesus het hierdie koninkryk gebring en Hy is besig om dit deur sy Gees en kerk uit te brei en Hy sal dit eendag in volmaaktheid laat aanbreek met sy wederkoms. Dan sal Hy finaal seën en straf bring volgens die Nuwe Testament.

Die profetiese gedeeltes van die Nuwe Testament vergelyk goed met die profetiese, wettiese en paranetiese gedeeltes in die Ou Testament (vgl. Amos 3:12; Lev.24:19-20; Deut.28:63). Ons lees byvoorbeeld in Jeremia 31:28: "Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here." Jesus lê in sy boodskappe gewoonlik besondere klem op die toekoms en die eskatologie (Aune:169).

Die profetiese gedeeltes in die Nuwe Testamentiese staan hoofsaaklik in verband met Jesus en die koms van die koninkryk van God. Jesus word bekendgestel as die Verlosser en die Een wat gekom het om die bose te oorwin. Sy koninkryk word gevestig en uitgebou teenoor die duiwel en sy wêreldse koninkryk (vgl. Aune 1983:273-6 en Zoroastrisme 9.4.1). Die beskrywings waar Jesus duiwels uitdryf, moet in hierdie lig gesien word (vgl. Mark. 5:6-8; Luk. 4:34-41; Matt. 8:29; Luk. 8:28; en Mark.3:11).

'n Interessante waarneming vloei uit Aune (:274) se behandeling van Jesus se waarskuwing in sy profetiese rede teen valse profete met hulle orakels wat die Messias se eskatologiese koms aanwys: “As iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of: ‘Kyk, daar is Hy!’ moet julle dit nie glo nie" (Mark. 13:21-22). "Many interpreters have thought that the evangelist is referring to the kind of eschatological excitement which characterized Palestinian Judaism during the late Second Temple period." Sedert 515 v.C. was daar 'n lewendige Messiasverwagting en het Hy dus inderdaad in die volheid van die tyd gekom (Gal. 4:4; Ef. 1:10), alhoewel in 'n ander, nederige vorm en met 'n taak wat politieke bevryding of heerskappy oortref het. Alhoewel Hy toe verlossing van sonde gebring het, was die wêreld baie goed voorbereid vir sy boodskap oor die diepste behoefte van die mens om die dood te oorwin. Hulle was ontvanklik vir sy boodskap oor die lewe na die dood met 'n hemel en hel, want dit het aangesluit by wat hulle reeds in Palestina, Persië en wyer geleer en geskryf het.

Paulus bied ook heelwat profetiese gedeeltes en dit bevat die belofte van verlossing, maar ook waarskuwings van oordeel en straf, byvoorbeeld: "Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede…" (Gal. 5:21 ev; Sien ook 1 Tes. 3:4; 4:2-6 en 2 Tes. 3:6, 10 en 12). Die boodskap van hierdie profetiese gedeeltes het dus 'n paranetiese doel en is eskatologies.

Johannes sluit direk hierby aan, byvoorbeeld in Openbaring 3:8; 14:1-13; 16:15 en hoofstukke 18-21. In al hierdie gedeeltes staan die tema van verlossing-en-oordeel duidelik uit. 'n Treffende voorbeeld is Openbaring 21:5-8 (vgl. Aune:92-3 en 286-7) omdat dit die verskillende aspekte goed uitlig :

| | |
|---|---|
| Openbaring-formule: | "[5]Toe sê Hy wat op die troon sit:" |
| Belofte van verlossing: | "Kyk, Ek maak alles nuut." |
| Eed-formule: | "En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar." |
| Profesie en self-onthulling: | "[6]Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur.<br>Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde." |
| Belofte van verlossing: | "Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. [7]Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees,<br>en hy sal my seun wees." |
| Dreigement van oordeel: | [8]"Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand,<br>dit is die tweede dood." |

Nadat God homself by monde van Johannes hierbo eers as die spreker geopenbaar het, volg die verlossing-oordeelgedeelte direk waarin die elemente van dreigemente en beloftes in 'n profetiese uitspraak gekombineer is.

Die misverstand kan maklik ontstaan dat hierdie profesie van verlossing en oordeel, hemel en hel, slegs 'n eties-morele boodskap in apokaliptiese taal aan die sewe gemeentes in Openbaring is (Openb. 2-3; vgl. 20:12-13). Die teendeel is waar, want die makro-konteks van die hele Nuwe Testament steun hierdie boodskap, 'n boodskap wat bedoel is vir elke hoorder of leser. Bogenoemde gemeentes verteenwoordig die hele kerk wat ook ander met die boodskap moet bereik. Ons kry dieselfde boodskap byvoorbeeld ook by Matteus, Lukas en die Evangelie van Johannes, byvoorbeeld: "Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Jesus het gekom vir alle mense in die hele wêreld (vgl. Joh. 1:29; Joh. 3:16; Matt. 28 en Hand. 1:8).

Die profetiese gedeeltes in die Nuwe Testament raak meestal die lewe na die dood, hemel en hel, en wat 'n mens hier-en-nou daaromtrent moet doen. Profetiese gedeeltes wat suiwer verlossing aankondig tref ons by Johannes aan in Openb.14:13; 19:9 en 22:7. Suiwer oordeel-uitsprake kom die meeste voor in die Ou Testament, maar raak al hoe minder in die Nuwe Testament.

Eskatologiese Teofanie is meer uitstaande in die Nuwe Testament. Dit raak gewoonlik Jesus se koms en wederkoms en eskatologiese verlossing (Rom.11:25-26; 1 Kor.15:51-52; 1 Tes.4:16-17; Openb.16:15; 21:3-4; 21:6-8; 22:12-15). Wat die Parenetiese Verlossing-Oordeel Profesieë betref: Dit beslaan 19 van die 107 gedeeltes in die Nuwe Testament, byvoorbeeld die sewe uitsprake in Openbaring 2-3; Openbaring 13:9-10 en 22:18-20. Sterk klem word hierin gelê op die moreel-etiese en 'n oproep tot belydenis of boetedoening. Die doel van hierdie woorde is dat die Christene hulle sal weerhou van die heidense gedrag in hulle omgewing. Goeie gedrag wat geloof in, en openlike lojaliteit aan Christus insluit, sal lei tot verlossing en slegte gedrag en ongeloof tot oordeel en straf (vgl. Openb.2-3 en Openb.20:12-13).

Wat vorm en inhoud betref kom daar dus ooreenkomste voor tussen die Nuwe Testamentiese profesie en ander profesieë. Dit dui vir ons op 'n klimaat van afwagting of voorbereiding waarin Christus opgetree het en ook geleer het van die lewe na die dood.

Alhoewel bogenoemde ooreenkomste bestaan, is daar ook verskille. In die Nuwe Testament vind ons 'n ander prentjie van profetiese gedeeltes as in die Ou Testament. Behalwe die paar uitsonderings van apokaliptiese gedeeltes (bv. Dan.12) fokus profesie in die Ou Testament meer op die hier en nou, op sosiale geregtigheid en die breë samelewing en strukture. Seën en straf speel ook hier en nou in die geskiedenis af, soos byvoorbeeld goeie oeste en 'n lang lewe, of droogte en ballingskap (König 1981:16-19).

In die Nuwe Testament is die raamwerk en profetiese gedeeltes egter hoofsaaklik apokalipties. Apokaliptiek staan duidelik uit in Jesus se prediking (König:19) Die boodskap van die Nuwe Testament is dat die eindtyd van die wêreld aangebreek het, dat die Koninkryk van God gekom het en aangekondig word deur ondenkbare en bonatuurlike gebeure soos die baie genesingswonders, uitdrywing van bose geeste en Jesus se opstanding uit die dood en 'n besondere klem op die lewe na die dood.

Dit blyk duidelik in die Nuwe Testament dat die aardse lewe gerelativeer word en totaal in die skadu gestel word deur die bonatuurlike lewe. Die eintlike ware lewe is die ewige lewe by God in sy hemel. Hierdie aardse lewe is stukkend, tydelik, en in 'n groot mate oorgelaat aan die mag van die duiwel. Christus het gekom om hierdie mag te breek en vir sy volgelinge oorwinning en

'n veilige toekoms by God te gee (Matt.8 :14-17; Matt. 12:18-21; Mark.1 :23-26; Bovon 2003:254-6, 265 ev.).

Jesus se koms, profesie en werk is in lyn met sekere verwagtinge wat uitgespel word in byvoorbeeld die Hindoeïsme, Zoroastrisme, die Ou Testament en die Apokriewe van die intertestamentêre tyd. Daar bestaan byvoorbeeld duidelike ooreenkomste met Yama in die Rig Veda (c.1 500 v.C.) van die Hindoeïsme, asook Saoshyant in die Avesta-geskrifte van die Zoroastrisme (c.1 450 v.C.).

Ons sien egter vervolgens in hierdie hoofstuk dat die Nuwe Testament getuig dat Jesus verder gaan, Hy verkondig nie net hierdie dinge nie, maar bring die eindtyd met sy lewe en werk en toon dit veral met sy opstanding uit die dood (Matt. 3:2; 4:17; vgl. Bovon :33-36; 132-143; 256-265). Daarom kan Jesus sê: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul” (Luk.4:21; vgl. Petrus se preek in Hand. 2:14-36) en leef die kerk van die eerste eeu reeds in die laaste uur (1 Joh.2:18). Hierdie boodskap oor Jesus soos dit deur Matteus, Lukas, Petrus en die ander apostels verkondig is, word ook deur Paulus bevestig (vgl. Hand. 13:32-34; Gal. 4:4-5; Ef.1 :7-11 en Rom. 9:23).

Christus kom om God se boaardse, hemelse koninkryk te vestig en die oorwinning oor die bose te bring (vgl. 1 Petr. 3:19). In die Nuwe Testament gaan Jesus se prediking gepaard met wonderwerke en veral kragtige genesings en die uitdryf van duiwels. Jesus word beskryf as die Messiaskoning wat as Dienskneg van God gekom het om die mag van die bose te breek, ons siekte en lyding op Hom te neem en die verlossingswerk uit te voer. Sodoende bring en vestig Hy die hemelse koninkryk van God hier by ons op aarde (Schnackenburg 2002:83).

Hierdie ou aardse lewe is baie flou in die helder lig van die toekomstige lewe na die dood by God. Die skrywers van hierdie vroeë geskrifte wou daarmee ook heidene aantrek om in verbinding met die hemelse God te leef. Dit maak die beste begeertes van hierdie wêreld minder aantreklik en maak lyding draaglik, veral as die bonatuurlike nou en dan deurbreek (Bovon 2003:253-266).

Christus het in die volheid van die tyd gekom, nét op die regte tyd in die wêreldgeskiedenis soos God dit bestem het (Gal. 4:4; Ef. 1:10). Hy het gekom om lig en lewe uit 'n doodsbestaan te

bring. Van die begin af is dit sy profesie. "[16]Die volk wat in duisternis woon, het ’n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan.” [17]Van toe af het Jesus begin preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.” (Matt. 4:16-17; vgl. Matt. 3:2, 10:7 en Mark. 1:15). Met Hom en in Hom bring Hy die eindtyd waar God se heerskappy duidelik word.

Die Nuwe Testament getuig van die groot momente in Christus se bediening wat verder in hierdie hoofstuk behandel word. Dit gaan veral oor sy dood en opstanding (vgl. Joh. 11:25-26; Joh. 14:6; Luk. 24:34-40). Die ondertoon en boodskap van die Nuwe Testament is dus dié van blydskap oor die koms van die Koning en Verlosser Jesus Christus en sy oorwinning oor die magte van die bose (Luk. 10:17-20, 1 Joh. 2:13-14, Openb. 12:11). Die Nuwe Testamentiese profesie gaan ook oor die uiteindelike en finale oorwinning van Christus vir ons oor die bose en ewige dood (bv. Openb. 20:10 en 14-15).

## 13.3 OORDEEL EN SKEIDING AS DEEL VAN DIE EVANGELIE

### 13.3.1 God se toorn

"God se toorn is so 'n formidabele en skrikwekkende onderwerp dat 'n mens geneig is om die studie daarvan te wil oorslaan" (Water 1999:30).

Die oorwinning van Christus waarmee die bostaande gedeelte afgesluit is, het egter ook verdere implikasies volgens die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament verkondig ook die boodskap van die komende oordeel en straf. Tog val hierdie boodskap nie uit die lug nie. Alhoewel dit skokkend en verskriklik is, sien ons in die vorige hoofstukke dat die eerste hoorders van hierdie boodskap, reeds teen die tyd van Jesus met die gedagte van 'n finale oordeel en ewige straf bekend was. Johannes die Doper se waarskuwings moet ook in die lig van hierdie voorbereiding gesien word. Johannes die Doper leer duidelik dat elke boom wat nie die vrug van die bekering dra nie, uitgekap sal word en in die vuur gegooi word, die kaf en koring sal geskei word, en fisiese afstamming van byvoorbeeld Abraham, sal nie red nie (Matt. 3; Luk. 13:22-30; vgl. Schnackenburg 2002:31).

"Nader aan ons eie lyf is Jesus dikwels voorgestel as 'n onskadelike liewe-Jesus-figuur…" (Joubert 2006 Rapport 14/01). Die Nuwe Testament (bv. Luk. 12:49; 17:29; 1 Pet.1:7) leer ons egter van al die kante van Jesus, ook van sy skerp kant en sy vuur wat skei, toets en oordeel (Schnackenburg:33).

Dit is ook nie so dat Jesus net mooi en sagte woorde gepraat het oor hierdie lewe, en dan volg met kras woorde van 'n ewige hel hierna nie. Nee, ook wat hierdie lewe betref het Jesus soms verskriklike harde woorde uitgespreek. Hy het nie maar net alles en almal gelate aanvaar en geakkommodeer met sonde en al nie. Nee, Hy het sonde en ongeloof hard aangespreek. In Matteus 23:33 sê Jesus: “Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle ontkom aan die straf in die hel?" Hieronder volg nog 'n paar voorbeelde.

Toegang tot Jesus se hemelse koninkryk en die ewige lewe word gekoppel aan geloof, vergifnis, verlossing, om losgekoop te word, om aangeneem te word en liefde (uit dankbaarheid), in die plek van sonde en ongeloof (bv. Joh.3:16; Matt. 25:32, 34; Rom. 4:5; Gal. 4:4-5; Ef.1:7 en 2:8; Jak. 2:14-18). Vervolgens sien ons dat die Nuwe Testament vir Jesus Christus ook voorstel as die Koning wat toornig is oor sonde en reeds in sy aardse lewe skeiding tussen mense bring.

Jesus gebruik beeldspraak en praat hier van 'n swaard en van vuur: "[34]Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard" (Matt. 10:34-42; Luk 12:51-53; 14:26–27). Sy boodskap wat in hierdie gedeeltes uitkom is dat Hy 'n persoonlike keuse en absolute lojaliteit verlang. "[49]Ek het gekom om vuur op die aarde aan te steek, en hoe wens Ek dat dit al aan die brand is!… [51]Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring? Nee, sê Ek vir julle, eerder verdeeldheid…" (Luk. 12:49-53; Matt. 10:34–36). Hoe vreemd dit dalk aanvanklik mag klink, die konteks van Matteus 10:34-42 hierbo, is evangelisasie en die uitstuur van die apostels (Matt.10:1-5 ev) juis omdat Jesus mense uit liefde wil red.

Alhoewel die boodskap van die Nuwe Testament oor die hemel en hel ook ingebed is in die agtergrond van die Hellenisme en ander wêreldgodsdienste, staan dit nie los van aspekte van God se wese soos ons Hom reeds in die Ou Testament leer ken het nie. Die belangrike aspek wat ons in albei die Ou Testament en die boodskap in die Nuwe Testament oor die hel kry is God se

toorn (bv. Num. 16:20). Jesus stel self vroeg in die Nuwe Testament 'n goeie voorbeeld van God se toorn waar Hy die handelaars heftig met 'n sweep uit die tempel gejaag het (Joh. 2:13-17).

Wie leer ons ook van die hel? "Sommige mense sou dit dalk anders wou hê, maar die persoon wat die meeste oor die hemel en die hel gepraat het, was Jesus self" (Water:30). "Why did someone as good and loving as Christ spend so much time warning us about the fire that shall never be quenched, a place of weeping and gnashing of teeth? Why did He talk more about the fires of hell than about the joys of heaven?" (Sper 1990:1). 'n Mens kan nie anders nie as om te besef dat Jesus die werklike bestaan van 'n teenpool vir die hemel verkondig het as 'n dringende waarskuwing aan sondaars oor God se toorn en oordeel. Daarom sê Jesus dat hulle die gevaar loop om met die helse vuur en die wurm wat aanhou vreet gestraf te word (Matt. 5:22; 23:33; Mark. 9:44-48) en in die buitenste duisternis (Matt.8:12; 22:13; 25:30) en hel gegooi te word (Matt.5:29) waar liggaam en siel kan vergaan (Matt. 10:28). Tereg merk Water (:30) verder op: "God se toorn moenie met menslike woede of irritasie verwar word nie. God is volkome heilig en regverdig en het geen deel aan die bose nie. God se toorn is God se verantwoordelikheid teenoor sonde. Mense wat God se genade in Jesus verwerp, val onder God se toorn (Rom. 1:18; 2:5; Ef. 2:3; Kol. 3:6; Joh. 5:29)."

Die koms van die Seun van die mens (Matt. 9:6) lei ook sy wederkoms in (Matt 10:23, 24:44) wanneer Hy skielik sal kom om te oordeel en te skei. "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel” (Matt. 26:64 ev.). "[31] Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. [32]Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos ’n wagter die skape van die bokke skei" (Matt. 25:31 ev.).

Met oestyd kom die skeiding. Jesus sluit direk aan by die beeld wat Johannes die Doper aan die begin van Matteus gebruik het, maar brei daarop uit in Matteus 13: "[30]Laat altwee saam groei tot met die oes. In die oestyd sal ek vir dié wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring na my skuur toe." …"[37]Jesus antwoord: 'Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens. [38]Die saailand is die wêreld. Die goeie saad, dit is die mense van die koninkryk; die onkruid is die aanhangers van die bose; [39]die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld; dié wat oes, is die

engele. [40]Soos die onkruid bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit by die voleinding van die wêreld wees. [41]Die Seun van die mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree, [42]en sal hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners. [43]Dan sal die gelowiges in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son. 'Wie ore het, moet luister.'”

Johannes se weergawe van Jesus se boodskap oor die komende skeiding bevestig bogenoemde. Hy beklemtoon dat die komende ewige skeiding reeds in die geskiedenis van 2 000 jaar gelede in Christus gegrondves is: "En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg" (Joh.3:18).

Die boodskap is duidelik. Mense word in twee groepe geskei: aanhangers van die bose of van God. Aan die einde by Jesus Christus se wederkoms sal die skeiding finaal plaasvind. Die ongelowige sondaars sal gestraf word en bewustelik ly. Die gelowige verlostes sal in heerlikheid en vreugde by God wees.

Die verskil tussen die historiese agtergrond van die Ou- en Nuwe Testament word duidelik en König (:21) vat dit goed saam: "The historical situation of the Old Testament allows for time - plenty of time. Salvation - and judgment - are enacted and experienced in history… The apocalyptic setting of the New Testament is quite a different matter. Here time is extremely limited for the end is at hand. The emphasis is mostly on the conversion of the individual, on personal and congregational sanctification in readiness for the great moment : the new age that is at hand."

Die verlossing en ewige lewe het in Christus vir mense 'n werklikheid geword. In hierdie verband is die volgende veelseggend: "Jesus antwoord hom: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees” (Luk. 23:43; vgl. 1 Joh. 5:13) en "Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47]en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder’ (Luk. 24:45-47; asook Hand.2 :41 en 5:31-32; Rom.2:3-10).

Die profetiese gedeeltes van die Nuwe Testament toon belangrike ooreenkomste met die literatuur van die omgewing waarin dit tot stand gekom het. Redding en straf staan sentraal in hierdie profesie. Dit was dus aktueel en het die teikengehoor getref. Aangesien die boodskap van die Nuwe Testament is dat die eindtyd met Christus se koms en werk aangebreek het, bly die volledige boodskap vir elke geslag relevant.

Christus kom as God se Woord op die regte tyd. Hy kom met profetiese woorde en koninklike en priesterlike dade wat sy woorde bevestig en uitleef. Sy oorwinning oor die dood is aangetoon deur sy fisiese opstanding en verheerlikte liggaam. Dit hou belofte in vir ons as mense. Daar is lewe na die dood. Vir elkeen wat by Christus aansluit is daar nou reeds redding en 'n hoopvolle ewige toekoms by God in die lewe na die dood. Diegene wat Hom verwerp is reeds veroordeel en sal in die lewe na die dood ewige straf ontvang.

God is genadig en geduldig, maar genadetyd gaan volgens die Nuwe Testament verby en daar is nie 'n tweede kans na die dood nie. Jesus Christus kom weer om dan te oordeel en te skei, om te straf of te seën vir ewig (vgl. Heyns 1981:199, 411-412, 415-418). Hierdie boodskap van oordeel en skeiding staan nie los van die wese van God en die res van die Evangelie nie.

#### 13.3.2 Dringende waarskuwings

Johannes die Doper het gesê: "[10]Die byl lê klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi…"[12]Hy [ Jesus Christus ] het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand" (Matt. 3:8-12; Luk. 3:17 vgl. Matt. 7:19; Joh. 15:6 hieronder). In aansluiting hierby het ons hierbo aangetoon dat Johannes die Doper, wat die weg vir Jesus voorberei het, sy hoorders dringend gewaarsku het om tot bekering te kom. Dit is nodig omdat ons as sondaars uit onsself nie die dreigende toorn van God kan ontvlug nie (Matt. 3:7-12; Schnackenburg 2002:31).

Jesus sluit hierby aan. So lees ons dat Jesus byvoorbeeld in Matteus 23:4 ev. sê dat die skrifgeleerdes en die Fariseërs swaar en ondraaglike laste saambind en dit op die mense se skouers sit, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie. Huigelaars, skynheiliges en elkeen wat byvoorbeeld soos die Fariseërs en Sadduseërs met hulle eie byvoegings tot die

Wet, en dus hulle eie reëls, ander mense in vrees gevange hou en mislei (Matt. 23:15) word dringend gewaarsku met hierdie kras woorde van oordeel en straf. Jesus sê dat ellende vir hulle wag en dat hulle ryp is vir die hel (Matt.23:13, 15, 16 ev.).

Jesus vereis saam met goeie woorde ook goeie dade van liefde in teenstelling met sommige Joodse leiers se skynheiligheid en misbruik van die Wet (Matt. 5:13-16). Hiermee gee Schnackenburg ons wel meer begrip vir die feit dat Jesus sy medemens met sulke onmenslike kras woorde aanspreek soos byvoorbeeld skelm slange en addergeslag: "[33]Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle ontkom aan die straf in die hel?" (Matt. 23:33; Matt. 12:34; vgl. Johannes die Doper in Matt. 3:7; Luk. 3:7). "[19]Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi (Matt. 7:19). [6]As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos ’n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand" (Joh. 15:6 vgl. Luk. 3:17). 'n Mens kry begrip vir Jesus se kras teregwysings as 'n mens besef dat dit waarskuwende woorde is en dat die komende oordeel van God 'n realiteit is!

Bogenoemde is tipiese woordgebruik en beeldspraak in die Bybel: "In the Old Testament God sends down fire on godless, sacrilegious cities (Amos 1:4, 7, 10, etc.) and the fire of the divine wrath melts the house of Israel as does a refining furnace (Ezek. 22:17-22). In the New Testament, the same image is adopted for division, judgment, and testing (Luke 12:49; 17:29; 1 Cor. 3:13-15; 1 Peter 1:7; Rev. 3:18). Chaff that flies before the wind becomes a warning to Israel in Jeremiah 13:24. Both images "wind" and "fire", can be used together (e.g. Mal. 4:1) as Matthew 3:12" (Schnackenburg 2002:33).

God word hier beskryf as die Een wat magtig is, en ook as 'n boer wat sy dorsvloer deeglik skoonmaak om die kaf van die koring te skei. Dit is beeldspraak wat ontleen is aan 'n algemene gesig van destyds. Soos ’n dorsvloer skoongemaak word deur die koring met ’n skop in die lug op te gooi, sodat die wind al die kaf kan uitwaai, só suiwer Jesus sy koring en verbrand daarná al die onrein kaf (vgl. Luk. 3:17; 22:31; Pfeiffer 1975:LLS; Schnackenburg:33 en Stander 1990:LLS).

Die Messiaanse era, wat met Jesus se koms aanbreek, beteken dat mense nie onverskillig jeens God kan staan nie. "Die tyd van oordeel, maar veral die tyd van skeiding, is nou finaal hier. Die onderskeid tussen die navolgers van Jesus en die ongelowiges moet nou aan die lig kom. Dit kan

ook nie anders nie, want Jesus het immers sy Gees aan al sy kinders gegee om hulle te heilig" (Joubert 1994:LLS).

Die komende oordeel van God en skeiding tussen dié wat by God sal wees en die ander wat weg van Hom gestraf sal word (Schnackenburg 2002:2-13 en 32-33) is dus 'n realiteit wat deur die Evangelie met bekende beeldspraak beskryf word soos byvoorbeeld: die byl, wortels, vrugtebome, vrugte, gebrek aan vrugte, uitkap, in vuur gooi, koring op die dorsvloer, hooivurk of gaffel, skopgraaf, sif, skei, deeglik skoonmaak, bymekaarmaak in 'n skuur, kaf, onblusbare vuur. Jesus beskryf die komende ewige straf as "die helse vuur" (Matt. 5:22).

Brandende woorde uit Jesus se mond, soos 'n tweesnydende, vlammende swaard (Openb.1:16; 2:16; 19:15, 21). So ernstig is God oor naasteliefde. Haat en alle sonde verdien die hel. Jesus en sy apostels het dit dikwels veral teen valse leraars wat rondloop soos wolwe om die skape te mislei en dan boonop dikwels immoreel lewe en dorings in plaas van vrugte van die bekering dra. (Matt. 7:19) Hulle verdien ook volgens Hom die vuur. Na 2000 jaar is dit nog presies dieselfde, valse leer en lewe gaan gewoonlik saam (Schnackenburg:55 en 78).

Jesus wys met ander woorde ook na die ergste moontlike straf: "[11]Ek sê vir julle: Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel. [12]Maar mense vir wie die koninkryk bedoel is, sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word, waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners” (Matt. 8:11-12).

Bogenoemde woorde oor die komende oordeel van God en die ewige straf is baie harde woorde. Tog lees ons nie dat die hoorders geskok was hieroor nie, al is die ewige straf eintlik 'n vreemde gedagte in die Ou Testament. Die gehoor was dus voorbereid en het verstaan waarvan Johannes die Doper en Jesus praat. Dit maak sin teen die agtergrond van die intertestamentêre literatuur en die ontwikkeling vanuit die laat-Ou Testament en die invloedryke godsdienste van Palestina se omgewing, soos in die vorige hoofstukke aangedui .

### 13.3.3 Die laaste oordeel

Jesus praat volgens die Evangelies self oor sy laaste oordeel en gevolglike seën of straf: "[31]Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op

sy koninklike troon gaan sit. [32]Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos ’n wagter die skape van die bokke skei… [41]Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is…' [46]En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe" (bv. Matt. 25:31-46).

Ons kry hier 'n voorstelling van die Seun van die mens in heerlikheid, mag en majesteit. Die opgestane, oorwinnende Jesus Christus is in die sentrum op sy troon met al sy magtige engele om Hom (vgl. Matt. 24:9,14,31; 19:28; Openb. 4; 5:6; 20:11-15). Die oordeel en straf wat in die Nuwe Testament beskryf word, toon ooreenkomste met die intertestamentêre boek van Henog (vgl. Henog, Etiopiese-vertaling 45:3; 51:3; 55:4; 61:8; 62:2-3, 5; 69:27, 29). Henog beskryf sommer vroeg al die wandade van die gevalle engele en goddelose mense en die oordeel en ewige straf wat daarop volg (Henog 9:1-11; 10:1-16), maar ook die seën wat God sal gee aan die regverdiges in die paradys (Henog 10:16-22). In hoofstuk 17 en 18 beskryf Henog sy reis deur die doderyk van duisternis, vuur, riviere en dieptes, asook die einde van die heelal.

Die toneel van God se oordeel en die straf of seën daarna kom in sekere opsigte ooreen met die Ou Testamentiese tradisie en apokaliptiese voorstelling van die komende "Dag van die Here." Jesaja sluit af met hierdie gebeure: "…die tyd kom dat Ek al die nasies en al die taalgroepe bymekaar gaan maak. Hulle sal kom en hulle sal sien hoe magtig Ek is…Wanneer hulle uit die stad uitgaan, sal hulle die lyke sien van die mense wat hulle teen My verset het. Die wurms wat aan hulle vreet, sal nie vrek nie, en die vuur waarin hulle brand, sal nie geblus word nie; hulle sal iets afgrysliks wees vir al wat leef. (bv. Jes. 66:18, 24 ev; en ander voorbeelde in Joël 3:1-2,11; Sag. 14:2-3,12 en Henog 62:3). Die woorde "hulle sal sien hoe magtig Ek is" weerspieël die profetiese hoop dat almal God se soewereine mag sal erken (Jes. 2:2-4; Miga 4:1-3; Lieu :111). Matteus skryf verder oor Jesus se boodskap dat alle mense voor Hom sal verskyn vir oordeel en vonnis tot die hemel of die hel.

"The division of good and evil, righteous and sinners, likewise belongs to current expectations, although the Judgment is usually described as a punitive judgment upon sinners (cf. Jubilees 5:10-15; Ethiopian Enoch 1:7-9; Testament of Levi 5:4; Testament of Benjamin 10:8-9; 4 Esdras 7:33-38; Syrian Apocalypse of Baruch 54:21-22)... Granted, the image of the division of the (white) sheep from the (black or dark brown) goats does not occur elsewhere, but it does

correspond to Palestinian life: during the day all of the animals graze together, but in the evening they are separated because goats need a warmer place. What we have is symbolic speech: on the right hand is the positive or good side; white is the color of purity" (Schnackenburg:256-7).

"The royal Son of Man executes the decree of God, who from the very creation of the world has contemplated its end, and decreed the portion of the good in his Realm (v. 34) and the punishment of the wicked in the place of damnation (v. 41)" (Schnackenburg:257). God se seën en vervloeking kry ons reeds sedert die Ou Testament in ooreenstemming met die nakoming of oortreding van sy Wet van liefde vir God en die naaste (Deut. 11:26-28; 28; Jos. 8:34). "The linguistic composition betrays Matthew's signature: we read of those blessed "by my Father," of the "inheritance" of the Realm of God (Matt. 5:5; 19:29) of the Father's "determination" of people's lot (20:23). The accursed will be cast into the "eternal fire" (cf. 13:42, 50; 18:8-9; cf. Rev.12:7-9)"(:257). Dieselfde Jesus wat in die Evangelies aan die woord is en die gelykenisse vertel van toegang tot God se koninkryk, word ook voorgestel as God self, wat as Koning en Regter finaal sal kom oordeel (vgl. bv. Matt. 5; 21:5; Openb. 17:14; 19:16 ev.).

Ook die Evangelie volgens Johannes bevestig hierdie boodskap "[27]Hy het Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is. [28]Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom ’n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor [29]en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word” (Joh.5:27-29; vgl. Joh. 18:37).

Die vonnis wat uitgespreek word kom ooreen met elke individu se dade van liefde of die gebrek daaraan (vgl. Matt. 16:27). Matteus noem (in hoofstuk 25) ses dade wat slegs as illustratiewe voorbeelde verstaan moet word. "Even in Jewish texts the individual judgment of sinners stands (cf. Psalms of Solomon 2:34-38; 15:11-15; IQS 2:1-18; 3:25-4:15) alongside the older expectation of punitive judgment upon peoples and realms. The enumeration of six works of 'material help' (but they are not only 'material'!) is not intended to be exhaustive but merely illustrative. Nor is it anything new and original: there are abundant examples in Egypt (in the 'Book of the Dead') and in Judaism, although with variations, and suited to a given context (Isa. 58:4-8; Testament of Joseph 1; Slavonic Enoch 9; 42:8-9; Midrash on Psalm 118, para. 12)" (:257; vgl. Tobit 1:16-20; 2:3-8).

Al hierdie dade van liefde in Matteus 25 staan in verband met die individu se verhouding met Jesus Christus, as jy dit selfs aan die geringste gedoen het, het jy dit aan Hom gedoen. Daardeur het jy nou reeds op aarde die komende Regter ontmoet (sonder dat jy dit dalk geweet het) en Hom sodoende aan jou kant gekry. Maar sonder liefde agter 'n mens se naam sal dit nie help om op die oordeelsdag na Hom te roep vir genade nie, jou naam sal nie in sy boek staan nie (Openb.20:15). Genade en daadwerklike liefde is vir Jesus (by monde van Matteus) 'n absolute prioriteit (Matt. 5:7; 9:13; 12:7; 23:23) en dat die vroeë Christelike gemeenskap die vervulling van hierdie Wet van God is, omdat hulle dit so uitgeleef het, toon die beste die kragtige effek van Jesus se prediking (:258).

Die mense en hierdie "geringste" aan wie liefde betoon word, dui op enige persoon, die "gewone" mense ook. Jesus het met almal gemeng om hulle te bedien en Hy verwag dieselfde van ons.

Hierdie geïmpliseerde gedagte van boekhou van goed en kwaad word gesê teen die bekende Joodse agtergrond (bv. Midrash van Tannaim 15:9) en die destydse algemeen bekende en invloedryke Zoroastrisme van Persië (sien 9.4.2). Hierin is hierdie gedagte van boekhouding deur God eeue gelede reeds in detail uitgewerk.

Die hele gedeelte toon tekens van Joodse Hellenisme en die beeldspraak in die toneel van oordeel moet raakgesien word, sonder om die skerpheid van Jesus se waarskuwende boodskap te versag ten opsigte van die werklikheid van die saak waaroor dit gaan (Schnackenburg:259). Die gedeelte eindig met die kort en kragtige vers 46 oor die ewige hemel en hel (sien bespreking hierbo). Calvyn (punt 9, XXV:377) kom ook tot die gevolgtrekking: "Tog staan dit vas dat die een opstanding 'n opstanding tot die verdoemenis sal wees en die ander 'n opstanding tot die lewe (Matt. 25:32)."

God sê dat Hy van ’n mens sal rekenskap eis oor die lewe van sy medemens (Gen. 9:5; vgl. Matt. 18:6; Mark.9:42). In die lig hiervan en die gedeeltes hierbo oor God se oordeel en verdoemenis, vat dit baie moed indien iemand wil sê dat daar nie 'n hel gaan wees nie. Behalwe dat 'n mens dan met die besondere en merkwaardige opgestane Seun van God verskil, bestaan die kans om eendag verkeerd bewys te word, met ewige verskriklike gevolge; moontlik vir 'n mens self en beslis vir ander wat nie gewaarsku is en tot geloof gekom het nie. Dit is lewensbelangrik om die

Evangelie met ander te deel (vgl. Rom.1:16-17; Hand.17:30-32; Openb. 20:11-15; König 2001:331). God sê dat Hy van sy getuies rekenskap en getrouheid vra en ons word aangemoedig om God se boodskap na mense te neem met woord en dade van liefde (vgl. Jes.52:7; Eseg.3:18, 20; 33:6-8; Rom.10:15-17; Matt. 28:19; bv. Openb.2:5-7).

**13.3.4 God oordeel vanaf die hoogste troon**

Openbaring 20:11-15 is die apokaliptiese gedeelte wat seker die beste ooreenstem met die res van die Nuwe Testament se profetiese gedeeltes oor die finale oordeel en die seën of straf daarna (vgl. Matt. 25:31,32; Joh.5:22; Rom.14:10; 2Kor.5:10).

Openbaring 20 verdien spesiale aandag. Dit beskryf God op sy troon wat ná die Opgestane Jesus Christus se wederkoms, finaal as Regter sal oordeel. Elke mens wat gesterf het sal opstaan uit die dood en Hy sal elke mens afsonderlik oordeel en die mense skei tot die hemel of die hel.

Openbaring sluit by die res van die Nuwe Testament aan en verkondig dat die dood nie die einde is nie. De Smidt (1983: 203) kom tot dieselfde gevolgtrekking: "In Openbaring 20 word die dood nie as die einde van alles beskou nie. Die dood dui nie op die vernietiging van die mens en iets wat gevrees moet word nie. Die dood is vir die gelowige se siel bloot 'n oorgang van hierdie lewe na die hoogste staat van lewe, nl. om met Christus te wees. Dit is die begin van 'n nuwe lewe, naamlik 'n hemelse (vgl. kola 8-20). Die tussentoestand is reeds in 2.4 hierbo omskryf. Dit is 'n 'wag'-periode vir die gelowige tussen die dood en die finale heerlikheid in die hemel" (De Smidt 1983: 203).

"Hierdie beskouing is in skerpe kontras met die Judaïsme wat die dood in groot onsekerheid gehul het. By die Judaïsme 'death came as an unwelcomed guest, for beyond lay the uncertain realm of Hades' (McDonald 1972:214) Vir die martelaar en getroue gelowige is die dood 'n welkome gas" (De Smidt 1983: 203).

In Openb. 20:11-15 word God met die tipiese en indrukwekkende simboliek van Openbaring vir ons in drieërlei sin uitgebeeld: as absolute Verlosser, Koning en Regter. In hierdie soewereine hoedanigheid sit Hy op hierdie hoogste troon en het Hy die laaste sê (De Smidt:186). Alles sentreer rondom hierdie groot wit troon, tussen die ander trone - die finale gerig breek aan!

Dit is die troon van finale skeiding (De Smidt:168). Die 'megan' wys op God se grootheid, almag en majesteit (Greijdanus 1965:301). Die groot troon is "...a symbol of power, rule, dominion, and judgement... the seat of supreme justice and final authority" (Poellot 1962:269). Die meeste verklaarders is dit eens dat 'wit' hier dui op God se reinheid, heiligheid en regverdigheid wat al sy oordele kenmerk (Hailey 1979:400).

Met die beeldspraak in gedagte, hoef dit nie 'n probleem te wees of dit "God of God die Seun is wat op die troon sit nie, want dit dui nie op 'n teenstrydigheid nie" (De Smidt:168). Die Skrif sê duidelik "...dat én God én Christus de wereld zullen oordelen, want de Eerste is de lastgever tot en de Tweede de uitvoerder van dit gericht" (De Moor 1926:424).

God wat die tye in sy hand hou (Ps. 31:16) is ook in beheer van die voleinding. Die Opgestane Christus het reeds met sy eerste koms die duiwel se mag gebreek en kom weer om dit finaal te doen en sy koninkryk finaal te bring. Intussen is die Satan gedeeltelik gebind, hy is nog gevaarlik en rig nog skade aan (De Smidt:127), maar Christus is die oorwinnaar. Die binding van Satan is 'n teenwoordige werklikheid. Immers, Christus sal nie eers iewers in die toekoms oorwinnaar word nie, Hy is dit reeds (König 1970:355).

Die doel van die binding is die beskerming van die kerk en ook sodat die kerk onder leiding van die Heilige Gees die Evangelie aan die volkere kan verkondig sodat soveel moontlik mense verlos word en God eer, nou en vir ewig. God se groot genade lê ook daarin dat Hy aan die kerk 'n vooruitskouing gee van sy komende oordeel, sodat die kerk die verlossingsboodskap betyds en getrou aan die wêreld kan verkondig (Openb.20:2-15; Matt. 28:18; 2Kor.5:18; sien ook De Smidt:127, 168 en König 2001:331).

Openbaring praat dus die apokaliptiese taal van die Joods-Hellenisme en daar is baie ooreenkomste. 'n Belangrike verskil met byvoorbeeld die invloedryke Zoroastrisme van Persië is egter dat God die duiwel oorwin het en finaal sal kom oorwin. In die Zoroastrisme staan Angra Mainu egter as dualistiese gelyke mag op teen hulle god Ahura Mazda. Jesus Christus het die verlossing en oorwinning vir ons gebring en Hy sal dit kom voltooi. Anders as by die Zoroastrisme en ander godsdienste met die verwagting van verskeie verlossers het Christus net een maal gekom en leer die Nuwe Testament ook net van een wederkoms (De Smidt:204).

Met die duiwel en sy medepligtiges uiteindelik op hulle plek in die vuurpoel, kom oordeel God vanaf sy troon ook oor ons as mense.

Alle mense, lewendes en afgestorwe siele, sal voor die trone waarop God en die martelare sit verskyn om geoordeel te word. Alle afgestorwenes sal by een geleentheid met die wederkoms opstaan, hiervan is Christus se opstanding die waarborg (vgl. 1Kor.15; Openb.1:17 ev; Openb.20:13 en König 1980:288 en 295).

Openbaring 20:11-15 beskryf die dramatiese toneel verder. Die geskiedenis van die ganse aardse bedeling is nou voleindig. Die laaste dag het aangebreek en nou vind die finale oordeel plaas. God se raadsplan is vervul. Al die dooies staan op. Die groot skeiding onder die mense word openlik en vir ewig voltrek, volkome salig in die hoogste graad, of algeheel rampsalig in die verskriklikste mate (Greijdanus 1925:412 ).

Die gedeelte sluit af met 'n radikale skeiding (Openb. 20:15). Die goddeloses, "...all who died without saving faith in the one and only sin-atoning Savior, Jesus Christ", word in die vuurpoel gegooi (Poellot 1962:272; Fensham 1952:312; De Smidt:178). Let op die individuele aspek nl. "iemand se naam" (:15). Hulle deel dus die ewige lot van die Satan en van die dier wat hulle aanbid het (Openb. 20:6,10,14 en 15; Heyns 1981:199; Müller 1976:81).

### 13.3.5 Die verskriklike aard van die hel

Soos ons al sedert die dae van Origenes gesien het, bestaan daar kritiese vrae oor die hel. Chadwick merk op dat hierdie kritiek al feller geword het sedert die 16 de eeu: "A new world of Christian attitudes began with two Frenchmen - BAYLE AND VOLTAIRE. There began to be adjustments in Christian doctrines, and for the better" (Chadwick 2005: 235-239).

Chadwick (:235 ev) noem dat Voltaire die letterlike verklarings verwerp het, maar wel in God geglo het, soos blyk uit die kapel wat hy op sy eiendom laat bou het en waarby hy die inskripsie aangebring het: "Voltaire built this for God". Chadwick (:238) wys op 'n paar dogmatiese regstellings in daardie tyd: "Partly this was a discarding of old myths, though few noticed that they were being discarded. Examples are the myth of the Antichrist, and the nature of hell and of

Christ's descent into it... Martin Luther disliked the idea of purgatory. Hell was in the Bible, but not with crude pictures, and Luther did not lay much stress on it. What mattered was heaven; he wanted to be rid of medieval pictures of torment."

Aan die ander kant van gesonde kritiek teen die letterlike verklarings en grafiese gedetailleerde voorstellings, kry ons egter ook 'n afwatering van die boodskap oor die hel, byvoorbeeld by die Jehovah-Getuies wat deur Stoker (1995:LLS) gekritiseer word: "Is die hel ’n rusoord? Van al die menslike teorieë oor die hel is die hel as “’n rusplek vir die dode” (WTBTS, 1982:89) en “’n plek van rus en hoop” (WTBTS, 1956:87) seker een van die mees vergesogte en mees onbybelse sienings. Nêrens leer die Bybel dat die hel ’n rusoord is nie. Die Bybel leer inteendeel dat dit iets afgryslik is (vgl. 7.8.3.4). God se heilige geregtigheid vereis dat kwytskelding van die gelowiges van die ewige verdoemenis slegs kan geskied deur die verskriklike vloekdood van die Here Jesus (Gal. 3:13). Hoe sal dieselfde geregtigheid dan toelaat dat byvoorbeeld ’n onbekeerde massamoordenaar en verwoester die lewe na sy dood rustig in ’n ewige rusoord deurbring?"

Volgens Schnackenburg (:83) sluit Jesus aan by Johannes die Doper se boodskap oor die komende oordeel en Hy sê onder andere dat fisiese afstamming van die volk van God nie red nie (Matt. 3:9; Luk. 13:22-30). Genadetyd gaan verby, en sondaars gaan nie vir ewig wegkom met ongeloof en haat nie (Rom.1 ea): "The "outer darkness" (the depths of the underworld, or the space outside the well-lighted festival hall; cf. 22:13; 25:30) and the "weeping and gnashing of teeth" (used by Matthew five additional times) are images of damnation and of the reaction of the damned. Exclusion from the Reign (see 7:23) missing the way Jesus indicates (see 7:13-14) is the greatest of disasters, the heaviest of punishments."

Asof dit nie erg genoeg is nie, stop Jesus nie hier nie. Sy verwysings deur die loop van die Evangelie na die hel en die hemel word nie minder nie, maar meer en ook nog meer intens. Jesus stel die hemel en hel direk teenoor mekaar. Ons kyk na 'n paar voorbeelde:

"Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan" (Matt. 10:28). Dit is 'n baie moeilike teks, maar Schnackenburg (:100) bied die volgende sinvolle verklaring: "Unlike 6:25, where 'life' (psyche) and body are placed in tandem and have the same meaning, this utterance distinguishes between 'body', which human beings can kill, and 'soul' (psyche)

which they cannot kill. But this distinction, possible in the Judaism of the time, connotes no separation between body and soul (dualism) but only the belief that the human being bears a deeper life (see Mat. 10:39) within than the corporeal (Luke, 'Human beings can then do no more'). Through his judgment God is able to cast the entire human being into the ruin of hell (cf. Isa. 8:12-13; 4 Macc. 13:14-15)." Lukas sluit ook hierby aan in sy weergawe van die Evangelie (Luk. 12:5).

“Is jy nie bang vir God nie?" Selfs die misdadiger aan die kruis het geweet om bogenoemde respek vir God te hê, daarom hierdie teregwysing aan die ánder rower vir sy lastering: "As U die Christus is, verlos Uself en ons" (Luk. 23:40-43; Matt. 27:32; Mark. 15:22; Joh. 19:18).

Selfs die hele kosmos, die ou hemel en die ou aarde, sal nie kan voortbestaan voor God se oë nie! Dit herinner aan die heiligheid van God wat woon in ontoeganklike lig (1 Tim.6:16) en soos uitgedruk in die frases dat niemand God kan sien en bly lewe nie en "[26]Watter mens het die stem van die lewende God wat uit die vuur uit praat, gehoor soos ons en bly lewe?" (Deut.5:26 en Eks. 33:17-23).

Openbaring beskryf die hel as 'n poel van vuur. Ons lees byvoorbeeld in Openb. 20:10 en :14-15 van die vuurpoel van ewige straf en vernietiging. Die beeldspraak herinner aan die destydse bekende beeld in die Zoroastrisme en Hellenisme van 'n poel van vuur en gesmelte brons-metaal. In die Nuwe Testament is dit egter nie 'n suiwering tot herstel van almal nie, soos by die latere Zoroastrisme wel die geval was nie. Ons hanteer vervolgens die woorde in dieselfde betekenisveld as poel van vuur wat elkeen na die hel verwys.

Saam met die Griekse Gehenna behandel ons vervolgens ook die volgende paar woorde in dieselfde semantiese veld wat herinner aan die Hebreeuse Sjeool, naamlik Abussos en Hades met die latere onderafdelings van Elyseum en Tartarus.

Die Griekse woord "abussos", in Engels "abyss", dui op die onderaardse diepte of bodemlose put, 'n baie diep plek vir die dooies, die duiwel, die dier en die antichris en Abaddon, die engel van die onderwêreld (Rom. 10:7; Openb. 9:11; 11:7; 20:3; Louw en Nida:6). Abaddon staan ook in verband met verwoesting (Openb. 9:11 en 2 Petr. 2:6).

Die vroegste skriftelike verwysings na die hel kry ons in c. 1 500 v.C. by die vroeëre Hindoeïsme, waar dit onder andere ook beskryf word as so 'n bodemlose put (bv. Rig Veda VII.104:3).

Die absolute teenpole van bo en onder in die taal van die ou Nabye-Ooste, tussen God se seënende almagtige teenwoordigheid aan die een kant en die vyandige bose aan die ander kant, sien 'n mens ook raak in Jesus se Onse Vader-gebed. Dit sluit ook aan by die wêreldbeeld van destyds, met die hoogste hemel en diepste hel. So begin sy gebed heel bo by God en sluit af met die bose heel onder, op die verste punt van God verwyder (Matt. 6:9-13).

Hades is die Griekse naam in die mitologie vir die Onderwêreld, doderyk of hel, ’n donker, onderaardse gebied en ook die naam vir die heerser oor dié gebied: As koning van die Onderwêreld was Hades die skenker van die seënryke koring of rykdom. (Odendal ea, 1994:LLS). Pluto is die Romeinse naam vir Hades, die vors van die skimmeryk. Hades kom die meeste ooreen met wat die Jode met die woord sjeool bedoel het.

Later het hier 'n skeiding by Hades gekom en was die Elyseum-velde 'n paradys, 'n hemelse plek van helde, maar die heel onderste deel wat bygekom het is genoem Tartarus, die hel (Gehenna) die warm plek van kettings en marteling (2 Petr. 2:4). Die toegang tot Tartarus word volgens die hellenistiese verhale bewaak deur die driekoppige helhond Cerberus. (vgl. Labuschagne ea; 1993:LLS).

Styx is die rivier wat volgens die Griekse mitologie om Hades vloei (Odendal ea, 1994:LLS). 'n Rivier waarop dooies na die hiernamaals vaar, kom in baie wêreldgodsdienste voor, asook 'n veerboot en bootsman (in Grieks is sy naam Charon).

Die gewone doderyk vir alle dooies, regverdiges en onregverdiges (Sjeool of Hades) het dus nou 'n gedeelte bygekry, 'n plek waar die onregverdiges voortaan gaan, 'n plek van smarte waar dooies nie maar net voortbestaan nie, maar nou gestraf word (Hand. 2:31; Luk. 16:23; Luk. 12:5).

Nou meer oor Gehenna. Sommige sien 'n ontwikkeling van die woord "gehenna" uit Ou Testament-tekste soos byvoorbeeld Jesaja 66, met betrekking tot God se komende oordeel en

straf (Pfeiffer en Vos 1967:LLS). In die laat Jodedom en intertestamentêre geskrifte soos Henog 10, is hierdie idee van 'n strafplek reeds uitgewerk: "It can be seen from Jewish literature that the idea was prevalent (Enoch 10:12–14): '[Sinners] will be led to the abyss of fire in torture and in prison they will be locked up for all eternity.' Cf. also Enoch 18:11–16; 27:1–3; Judith 16:17; II Esd 7:36; Sir 7:17; Sibylline Oracles 1, 10:3; IQM 2:8; Talmud, Aboth 1:6; Assumption of Moses 10:10. Some Jewish writers thought the chosen people would be exempt and that the duration would be limited. Philo, however, taught that wicked Jews would be punished also, and that eternally (De Praem. et Poen. 921). The spiritual nature of Gehenna is further indicated by the fact that it was placed in the third heaven (Ascension of Isaiah 4:14; II Enoch 40:12; 41:2)" (Pfeiffer en Vos 1967:LLS).

Uiteindelik bevestig die Nuwe Testament hierdie gedagte. "The doctrine is most explicitly affirmed in Jesus' teaching. Jesus spoke of Gehenna as a place of future punishment. He spoke of 'being cast in Gehenna' (Gr.; see RSV marg. in Mt 5:29; 18:8–9; Mk 9:45, 47; Lk 12:5); 'the Gehenna of fire' (Mt 5:22); 'destroy both body and soul in Gehenna' (Mt 10:28); 'the condemnation of Gehenna' (Mt 23:33); 'make him a son of Gehenna,' i.e., one worthy of its punishment (Mt 23:15). It is used elsewhere in the NT only in Jas 3:6, 'the tongue is set on fire of Gehenna.' (Pfeiffer en Vos 1967:LLS). Die Nuwe Testament leer ook dat hierdie straf ewig sal wees (Mark.9:47–48; Mat 25:46; Openb.14:11). Jesus het selfs meer oor die hel as oor die hemel gepraat! Hierdeur staan die dringendheid en noodsaaklikheid van sy boodskap uit.

Gehenna (bv. in Luk.12:5; Matt. 10:28), is afgelei van die dal met die naam Hinnom buite Jerusalem waar die brandende vuilgoedhoop was. Hierdie woord wat van Hebreeus (Gehinnom, Jos. 15:8; 18:16; 2 Kon. 23:10) afgelei is en vir die hel gebruik word, dui juis op weggooi en verwerping en word in die Nuwe Testament ook saam met die woord vuur gebruik (bv. Matt. 5:22, 29-30; Matt. 18:8-14).

Die woord Gehenna word in beeldspraak gebruik vir die naam van "the place of torment of the wicked after the final judgment. The valley was the place of the idolatrous worship of Molech, the fire god ('Ahaz burnt incense in the valley of the son of Hinnom, and burnt his children in the fire,' II Chr 28:3; cf. II Chr 33:6; Jer 7:31; 32:35; Lev 18:21. For this reason it was polluted by Josiah (II Kgs 23:10) to become a place of refuse and abomination" (Pfeiffer 1975 LLS). Die

latere Jode het dus geglo die laaste oordeel sal in hierdie dal plaasvind en dat mense hier na hulle dood vir hulle sondes gestraf sal word (Louw en Nida:6).

Die Nuwe Testament sluit hierby aan. Al is die plek nie van belang nie, word die saak onderstreep met behulp van die beeldspraak van vuur op die vuilgoedhoop van verwerping van sondaars wat God se genade in Christus tot aan die einde van hulle aardse lewe verwerp het.

Die boek Openbaring gebruik meer dikwels 'n ander naam vir dieselfde Gehenna, naamlik die "poel van vuur" of "meer van vuur en swael" (Openb.19:20; 20:10, 14, 15 en 21:8; Louw en Nida:6). Dit is in lyn met die Zoroastrisme wat die hel beskryf het as 'n poel of meer van vuur en gesmelte brons-metaal (Yasna 32:7; 45:7).

Die poel van vuur word ook in Openbaring die tweede dood genoem (Openb.20:14) Pfeiffer en Vos (1967:LLS) toon tereg aan: "In further confirmation of the identity of these terms in the Revelation with Gehenna, it may be noted that unbelieving men are therein consigned (20:15; 21:8), as well as Satan himself (20:10). It is also the eternal place of condemnation (20:10b)." Dit bevestig dus die res van die Nuwe Testament wat waarsku dat ongelowige mense saam met Satan, ewig gestraf sal word.

De Smidt (:178) merk tereg op: "Vir die skrywer van Openbaring is die belangrikste dat die kwaad verdwyn het en in ewigheid nie meer skade kan doen nie. Iets wat onverenigbaar met hierdie teks is, is die sogenaamde apokatasisleer, die 'terugbring van alle dinge'. Die bose magte en mense word nie in die vuur gegooi om gereinig te word soos Origenes geleer het nie, maar hulle word volstrek geëlimineer." Dit is in lyn met Openbaring 20:9 waar die ongelowige nasies wat hulle deur die duiwel laat verlei het en daarom die Christene bedreig, met God se vuur uit die hemel verslaan word, sodat al sy kinders gered kan word.

Wat die poel van vuur betref, kom De Smidt (:206) tereg tot die volgende gevolgtrekking: "In Openbaring 20 word die hel of die tweede dood vir ons grafies voorgestel nl. as die poel van vuur. Dit is 'n plek waar die bose asook die ongelowiges hulle finale bestemming bereik (kola 28,42). In kolon 29 word die hel vir ons as 'n vreeslike plek van onophoudelike (dag en nag) en ewige pyniging beskryf. Hier kan geen twyfel oor die hel bestaan nie. Dit is 'n werklike plek en

die straf sal vir ewig wees". "Eternal punishment cannot be less than eternal, any more than eternal life can be" (McDonald 1972:123).

In Openbaring 20 word die geluk van die gelowiges (kola 8-10, 14-15, 17-20) gekontrasteer met die finale straf van diegene wat die dier en sy beeld aanbid het en wat die merk op die voorkop en op die hand ontvang het en wie se naam nie in die boek van die lewe geskrywe is nie (kola 12-13,42). Die gelowiges geniet absolute geluk en die ongelowiges ewige pyniging.

In Openbaring bevestig Johannes dus die waarskuwende boodskap oor die ewige straf vir hulle wat nie tot geloof in Christus kom nie, soos wat hy dit in sy Evangelie leer en ook deur sy mede-apostels opgeteken is, byvoorbeeld in Markus 9:43-48 oor die onblusbare vuur en die wurm wat nooit doodgaan nie (vgl. bv. Judit 16:17).

Openbaring sluit af met hoofstuk 21-22 wat goeie nuus bring vir God se kinders wat baie moes verduur en ly as gevolg van sonde, die satan en ander sondaars. Daarom kom gryp God finaal in om sy skape by die Lam bymekaar te maak onder sy ewige versorgende liefde. Daarom verwyder Hy die Satan en ongelowige, onvergewe sondaars en laat hulle vir ewig in die vuurpoel beland (Openb. 21:8; 20:10) sodat sy kinders uiteindelik ongesteurd by Hom kan wees en Hom vir ewig eer (Openb.21:1-8). Hiervoor maak God, aan die ander kant van die vuurpoel, die hemel en aarde nuut.

Ons lees in Openbaring 20:11 (volgens 'n meer letterlike vertaling van die Grieks): "Ek het ’n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie." God belowe egter ook dat Hy die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan maak en dat slegs hierdie nuwe hemel en die nuwe aarde saam met sy kinders voor sy aangesig sal kan bly bestaan (Jes.66:22; Openb.21:1-8 en Openb. 22).

### 13.3.6 Die wonderlike hemel óp aarde

Direk na hierdie verskriklike voorstelling van God wat mense in die hel kan laat vergaan wys Jesus ons ook sy ander kant: "[29]Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. [30]Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. [31]Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies" (Matt. 10:29-31).

God is liefde en Hy versorg elkeen wat op Hom vertrou, nou en vir ewig. Al wat Hy vereis is geloof en onverdeelde trou (bv. Joh. 3:36).

Jesus belowe ook die teendeel van bostaande oordeel en straf, byvoorbeeld: "[42]Wie aan een van hierdie geringstes net ’n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry. Dit verseker Ek julle” (Matt. 10:42). God moedig dus ook hier en nou liefde aan, deur die belofte en versekering van 'n ewige beloning.

Jesus het gekom en Homself aangebied as die beskikbare en enigste Weg tot God die Vader (Joh. 14:6). Dit is dus noodsaaklik dat hierdie boodskap verkondig moet word sodat ander kan hoor en ook gered word (Rom. 10:14), want daar is geen ander naam waardeur 'n mens gered kan word nie (Hand.4:12). Paulus sê eenvoudig dat as mense Jesus nie ken nie, hulle verlore (2 Kor. 4:3) en sonder God en sonder hoop is (Ef. 2:12). Genadiglik het Jesus gekom as die Hoop wat vir elke mens beskikbaar is.

Die Nuwe Testament sluit af met die pragtige visioen van 'n veilige, helder verligte stad - vir elkeen wat getrou gebly het aan ons Verlosser Jesus Christus (Openb. 19, 21-22). In Openbaring 21:23 lees ons byvoorbeeld: "Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp." In hierdie asemrowende stad is God en sy Seun dus self die helder Lig.  Hierdie lig impliseer ewige geseënde lewe want dit stel God se seënende teenwoordigheid voor, in skrille kontras met die bogenoemde helse straf in die buitenste duisternis waar slegs sy oordeel bly brand.

Dit is besonder beeldryk en die simboliek sluit die volgende in: die huwelik tussen die kerk (die bruid, elkeen wat glo in Jesus Christus) en die Lam (die opgestane Jesus Christus), en die stad as die simbool van die lewe by God (Malina 2000:78 ev.).

Hier geniet sy kinders saam met Hom die ewige bruilofsfees met die Lam (Openb.19:7), die kerk se Bruidegom. Dit is 'n fees van ontmoeting en liefde. Die letterlike vertaling van die uitdrukking in Lukas 16:22 (OAV) "die boesem (of bors) van Abraham" kan baie verwarring skep in sekere kulture. Daarom is die NAV hier beter waar dit lees: "die ereplek langs Abraham." Dit kom ooreen met hierdie feesmaal in Openbaring en albei dui dus daarop dat elke gelowige tuis sal wees soos 'n eregas (vgl. Ps.23) by die eskatologiese hemelse feesmaal! (Louw en Nida:5).

Openbaring, veral hoofstuk 21-22, sluit baie nou aan by die boodskap en beeldryke taalgebruik van gedeeltes in die Ou Testament en intertestamentêre boeke soos Henog. Johannes het dit mooi saamgevat in 'n vars sintese wat uitdrukking gee aan sy en die vroeë Christene se nuwe hoop (Mathewson 2003:236).

Die paradys en ander beeldspraak dui op die eskatologiese herstel en verlossing, op God se herskepping om alles nuut te maak, 'n nuwe tuin van Eden. Die rivier en vrugbare vrugtebome dui op God se versorging, genesing en verlossing - ook van verteenwoordigers uit al die ander nasies wat vir Christus aangeneem het. In die pragtige kleurryke nuwe stad, Jerusalem, is God teenwoordig by sy mense. Hier is sy kinders vir ewig veilig soos in 'n stad met hoë mure (vgl. Openb. 20:9; Jer. 1:15; Hebr. 12:22). In die nuwe stad word Hy by hierdie bruilofsfees geëer met lofsang en musiek soos wat Hy dit verdien (Openb. 20-22; Mathewson 2003:186, 202-206, 214 ev.).

Die Griekse woorde vir die paradys (paradeisos) en die hemel (ouranos) word afwisselend en komplimentêr in die loop van die Nuwe Testament gebruik (paradys: Luk. 23:43; Openb. 2:7 en hemel in Matt. 8:11, Matt. 18:10; Luk. 11:13 en 2 Kor. 5:1), as die wonderlike woonplek van God en die regverdiges in die lewe na die dood in 'n staat van absolute geluk (Louw en Nida: 5). Laasgenoemde (:5) bevestig ook die historiese Persiese (vgl. Zoroastrisme) herkoms van die woord "paradys", wat dui op 'n ommuurde of omheinde plek, 'n tuin of park met lieflike vrugtebome, die sogenaamde "sonverligte paradys."

Wat egter minder bekend is, is die feit dat die gedagte van so 'n paradys-woonplek verder teruggaan selfs as die Zoroastrisme. Die vroegste geskrifte hieroor aan die mens bekend kry ons reeds in c. 1 500 v.C. by die Hindoeïsme in die Rig Veda (bv. X. 14:1-2).

Die boodskap is duidelik: God wat vir die eerste mense en sy volk Israel 'n woonplek gegee het, sal vir sy nuwe volk ook 'n wonderlike woonplek voorsien! Hierdie keer sal dit 'n ewige huis wees wat nie deur mense gemaak is nie (Matt. 18:10; 2 Kor. 5:1; Luk. 11:13; Joh. 14:2; Hebr. 12:22; Louw en Nida:4).

Waaroor Johannes liries raak, is die wonderlike profesie dat God, wie se woonplek volgens die destydse wêreldbeeld, ver hoog bo in die lug is, eendag sal afkom na ons toe. Hier sal Hy dit dan vir ons ook hemel op aarde maak waar ons vir ewig by Hom kan woon! (vgl. Matt. 18:10; Luk. 11:13 en 2 Kor. 5:1; Hebr. 12:22; Openb. 21-22).

Selfs die hele visioenêre boek Openbaring word vergelyk met 'n liriese ballade (Shaffer in Bloom 1988:95 ev.). Johannes word beskryf as 'n "prophet-poet" en sy werk word aangrypend deur Shaffer beskryf en opgesom: "The Apostle John, then, who saw Jesus with his own eyes, and the Evangelist John who philosophized His teaching, merge in the apocalyptic style. Epic objectivity is transformed into the epic subjectivity of vision: intensity of perception and profundity of doctrine are one and the same. The extraordinary but typically romantic conjunction begins to emerge: primal historical fact can be known only through visionary eyes. The apocalyptic bard gives us the historical milieu and the milieu of Christian belief as the landscape of mythology" (Shaffer in Bloom 1988:115).

Alhoewel die hemel op aarde nuut sal wees, sal dit nie heeltemal vreemd wees of enige bedreiging inhou nie, dit sal ook in sekere opsigte bekend wees. Daar sal dus 'n mate van kontinuïteit van ons bekende wêreld wees. Die andersheid lê in die oue wat nuut sal wees en dit is iets waarna die Bybel ons laat uitsien soos wat 'n bruid na haar troudag uitsien (1 Tess. 4:18, 5:11; Rom. 8:19, 29; Openb. 3:36 en Openb. 22:17; vgl. König 1985:299 ev; 2001:382-383).

Die nuutheid van die nuwe aarde lê daarin dat ons as gelowiges sal lewe op die nuwe aarde wat herstel en "genees sal wees van al die seer wat ons sonde en die aanslae van die bose gebring het. Daarom is die beelde in Op 21-22 so realisties en getrou aan ons gewone lewe, maar dan ons gewone lewe vry van die druk en seer" (König 1985:296 ev; 2001:383).

Die hemel word vir ons voorgestel as 'n wonderlike nuwe lewe op die nuwe aarde. Die skeiding tussen God en sy mense, en die hemel en aarde word weggeneem. Dit is "dus nie meer hemel én aarde nie, maar hemel óp aarde" (bv. Openb. 21-22; König 1985:302).

Die Nuwe Testament gebruik ook die beeld van die nuwe stad Jerusalem vir die ewige lewe. Hierdie nuwe stad word as wonderlik en fantasties voorgestel met edelgesteentes en strate van

goud. Dit alles toon dat "God getrou bly aan sy doel met die skepping: om met mense op aarde in liefdesgemeenskap te leef sodat hulle Hom kan dien en prys" (König 2001:383).

Die lewe op die nuwe aarde sal dus nie 'n lewe van "salige niksdoen" wees nie, ons sal God onafgebroke dien, maar die moeite sal daaruit wees (vgl. bv. Openb.22:3 ev; König 1985:303).

Johannes se Openbaring bevestig sy mede-apostels se boodskap dat die Evangelie slegs twee ewige uiteindes in die lewe na die dood ken, naamlik die helse straf, weg van God af, of die wonderlik geseënde lewe by God en sy engele vir alle mense wat Christus as Verlosser bely (bv. Luk. 12:4,5,12).

Behalwe vir die unieke voorwaarde van geloof in Jesus Christus, sluit Openbaring en die Nuwe Testament ook aan by die groot wêreldgodsdienste deur die boodskap oor die hemel. Die hemel word vir ons voorgestel in verstaanbare beeldspraak, sodat ons daarmee kan identifiseer. Aangesien dit fokus op die positiewe en die heerlike, sien ons daarna uit.

Daar is tog ook belangrike verskille met die voorstellings in byvoorbeeld die Hindoeïsme en die Islam, waar dit meer gaan om vleeslike genietinge (byvoorbeeld waarvolgens mans baie vroue sal hê en lekker baie wyn kan drink) as om die eer van God wat in die Nuwe Testamentiese beeldspraak oor die hemel sentraal staan.

### 13.3.7 Die ewige hemel en die ewige hel

Sal die hemel en hel oneindig wees? Die Joods-Hellenistiese agtergrond soos hierbo en in die hoofstuk oor die intertestamentêre tyd behandel is, help om aan te dui hoe die tekste in die Nuwe Testament oor die hemel en hel verstaan moet word. Ons kry reeds in die Ou Testament die uitsonderlike gedeelte in Daniël: "[2]And many of them that sleep in the dust of the earth shall awake, some to everlasting life, and some to shame and everlasting contempt" (Dan.12:2, KJV).

Volgens die Testament van Abraham 11, 'n voorbeeld uit die intertestamentêre literatuur, sal die lot van die goddeloses ewig-voortdurende straf wees, maar die regverdiges se siele gaan direk na die dood, direk nadat hulle sterf, deur die nou poort in die paradys in.

Die Griekse woord "aion" beteken 'n nuwe tydperk (bv. Rom. 12:2) en soms ook ewig of vir altyd en die uitdrukking "tous aionas ton aionon", vir ewig en altyd. Die interessante is dat hierdie woorde op sigself nie noodwendig letterlik op ewige onophoudelikheid dui nie. Die Griekse vertaling van Genesis 49:26 gebruik byvoorbeeld die term aion vir die heuwels wat altyd daar is (NAV) en die Ou Vertaling beskryf dit as ewige heuwels (vgl. Deut. 33:15). In Deut.15:17 lees ons 'n eienaar moet ’n "els vat en dit deur sy oor steek teen die deur. Dan is hy vir altyd jou slaaf." en hier word die woord vir ewig ook in die Grieks gebruik. Filemon:15 pas ook hierby aan.

Dieselfde woord word egter gebruik om God se ewigheid mee aan te dui (Ps. 41:13; 90:2; 106:48). Dit is dus voor die hand liggend dat die konteks bepalend is vir die korrekte verstaan van 'n lang tydperk of absolute eindeloosheid. Sper (:23) toon aan dat wanneer die Nuwe Testament aion met betrekking tot hierdie wêreld gebruik, dit op tyd of tydsduur van die wêreld dui, maar wanneer dit vir God of die lewe na die dood gebruik word, dui dit op ewigheid as voortdurende bestaan. Sper baseer sy standpunt op die feit dat daar in die Griekse denke twee tydperke was, die huidige wat sal eindig, en die toekomstige eeu wat aanhoudend sal wees. Volgens hom sluit die Nuwe Testament dus direk hierby aan. Waar aion met betrekking tot God en die lewe na die dood gebruik word, dui dit vir Sper en andere dus op onophoudelike voortbestaan. Dit het dus wonderlike implikasies vir diegene wat op pad is hemel toe, maar tragiese implikasies vir hulle wat op pad is na ewige straf (vgl. Matt. 3:12; Matt. 25:46; Openb.14:11; Openb.20:10. Vir 'n verdere taalkundige verduideliking en ondersteuning vir hierdie standpunt, sien ook Crockett 1992:23-27).

Die term he "aionios zoe" (die "ewige lewe") dui by die meerderheid van Nuwe Testamentiese skrywers gewoonlik op 'n toekomstige lewe, en by Johannes talle kere ook op 'n teenwoordige werklikheid (bv. Joh.3:36; 5:24; 6:47, 17:2,3; 1 Joh. 3:15; 5:11,13; 1 Tim.1 :16 en 6:12; König 1985:22-23). Verskillende woorde word in die Nuwe Testament afwisselend gebruik vir die term "eschatos" en die verskillende fases in die lewe van Jesus Christus, wat ook die wederkoms en toekoms insluit (König 1985:23-24).

Paulus sê: "[28]Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles" (1 Kor.15:28). Hier word geen tydsbeperking aangedui nie! In die hemel (op die nuwe aarde) sal die gelowiges God

ewig, voortdurend, "onafgebroke dien" (vgl. Openb. 21-22; König 1985:303, 306). Ons kry in die Nuwe Testament 'n kras teenstelling tussen die tydelikheid van die hede en relatiwiteit van ons ou liggame en huidige aardse dinge, teenoor die ewigheid.

Die hemel op aarde sal ewig en geluksalig wees, maar die Skrif en die Dordtse Leerreëls I.15 (1982:70) stel dit duidelik dat daar 'n ewige straf ook sal wees. Die geluksaligheid én straf sal ewig duur! (König 1985:286). "Terég het Dijk gesê dat die ontkenning van die ewige straf die ontkenning van die ewige saligheid meebring" (:286-287).

Net voordat Johannes vir Jesus gedoop het, het hy die volgende van God en sy toekomstige optrede gesê: "[12]Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met ’n onblusbare vuur verbrand" (Matt. 3:12).

Later praat Jesus self van die ewige vuur van die hel: "[8]As jou hand of jou voet jou van My afvallig maak, kap hom af en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om vermink of kreupel die lewe in te gaan as om met altwee jou hande of voete in die ewige vuur gegooi te word. [9]En as jou oog jou van My afvallig maak, ruk hom uit en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan as om met altwee oë in die vuur van die hel gegooi te word" (Matt. 8:8-9). "[41]Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is'" (Matt. 25:41).

Onblusbare, ewige vuur… Wat beteken die byvoeging van hierdie byvoeglike naamwoorde? Natuurlik dui dit op 'n intensifisering. Die koring sal in God se skuur bewaar word en die kaf (vervloekte mense) sal verbrand word in die onblusbare ewige vuur (Matt. 3:12; Matt. 18:8-9; 25:41; vgl. Matt. 8:12). Die skuur sal bly staan, maar die mense daarin sal ook bly voortbestaan. Dit beteken dus dat die ewige lewe nie net op kwaliteit dui nie maar ook op kwantiteit. Die hemelse seën hou vir ewig aan vir God se kinders, hulle sal God onafgebroke dien. Daarenteen sal die vuur ook nie net bly voortbestaan nie, maar die mense daarin ook.

In die volgende gedeelte word die annihilisme spesifiek behandel en daarom is dit nou genoeg om eers net daarop te wys dat die straf van hulle wat ongelowig sterf en die genade van Jesus

verwerp het, ook vir altyd sal voortduur (vgl. saam met bogenoemde tekste ook Mark. 9:43-48; Openb. 14:11 en Openb.20:10, 15; asook König 1985:286).

Waar Johannes en sy medeskrywers in Openbaring en die Evangelies, asook in die res van die Nuwe Testament oor die ewige lewe skryf (bv. Joh. 3:15) gaan dit beslis nie maar net oor 'n kwantitatiewe voortsetting van die aardse tranedal nie, alhoewel voortdurende lewe deel is van die betekenis. Die ewige lewe na die dood by God dui ook op allesoortreffende kwaliteit, vervulling en saligheid. Dit is tog die boodskap van die nuwe stad en die nuwe hemel en die nuwe aarde. Hemel sluit dus kwantiteit en kwaliteit in (vgl. De Boer 1988; Louw en Nida:640-642; van der Watt 1986).

Dit gaan dus nie net daaroor dat 'n mens nooit weer doodgaan nie, maar eerstens om nie geestelik dood te wees nie (Openb. 2:11; 20:6, 14; 21:8) deurdat mens met God in 'n volmaakte verhouding van liefde leef. Dit was van die begin af God se doel met die skepping (vgl. 1 Kor.15:28; König 1985:303-6; 2001: 382-3). Die ewige lewe is die oneindige wáre lewe. Die wonderlike van hierdie ewige lewe is verder dat ons nou reeds iets daarvan kan beleef, ons wat glo in die Opgestane Christus (bv. Openb. 3:36). Dit is 'n lewe wat nóú reeds begin en dit sal volkome hemels wees na sy wederkoms (bv. Joh. 3:16; 1 Joh. 5:13; 1 Kor.15; Openb. 21; vgl. Louw en Nida: 662).

Die boodskap van die hemelse ewige lewe sluit dus in dat die gelowiges vir ewig by God en bymekaar sal wees. Met hierdie wonderlike hemelse boodskap, wat boonop in so 'n kunstige vorm gegiet is, sluit die hele Bybel aan die einde van Openbaring af.

### 13.3.8 Van eksegese na hermeneutiek

Is die hemel ewig, maar die hel tydelik? Is die hemel 'n realiteit, terwyl die hel net deel van die kerugma is? (Sien ook die bespreking hieronder oor inligting (informasie) en transformasie (en 13.3.8) asook oor didakties aan die een kant en "rhetorically and exhortatory" aan die ander kant; 13.4 en 13.5).

Blocher (:290 ev) maak 'n baie goeie waarneming. Hy sê dat belangrike universaliste soos Hick (sien 13.5) nou erken dat die Nuwe Testament nie universele heil verkondig nie, maar sê Blocher

verder: "...they focus on hermeneutics, and argue from the existential-kerygmatic intention of the texts against their use in a predictive doctrine."

Dit word duidelik dat dit nie meer genoeg is om net te sê dat die Nuwe Testament wel leer van 'n hemel en hel nie. Daar word ook gevra wat regtig daarmee bedoel word. Die vrae gaan dus nou dieper en ons kan dit nie ontwyk nie.

Martin Luther het gesê (soos aangehaal deur Burger ea. 1996:LLS) dat die Woord van God kom om ons te verander. Die Woord het twee kante: dit wil informeer en transformeer. Is dit ook van toepassing waar die Woord oor die hel praat? Gee die Woord ware inligting (informasie) daaroor, wat beteken dat daar werklik 'n hel sal wees, of is dit 'n boodskap slegs ter wille van transformasie?

Die konteks van die Nuwe Testament se woorde oor God se oordeel, asook sy seën of straf is inderdaad gewoonlik gefokus op eties korrekte optrede of liefde. Dit gaan telkens in wese oor die eis van naasteliefde wat spruit uit liefde en respek vir God. Johannes die Doper sê aan die begin van die Nuwe Testament reeds in Matteus 3:2 en 7-8: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom… Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug? [8]Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is."

Jesus het na Johannes die Doper gekom om die koninkryk van die hemele naby te bring en die wil van God bekend te maak. Hy het inderdaad met sy prediking en voorbeeld daarop gewys dat God opregte geloof en liefde vir Hom en die naaste vereis. In hierdie konteks lees ons sy woorde in Matteus 10:28 (vgl. Luk. 12:1-5 en Mark 9:42-48) waar Hy waarsku teen huigelary en misleiding en afvalligheid: "…vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan" en Matteus 25 in geheel, byvoorbeeld :41-42 waar Hy die eis van getrouheid en liefde vir Hom en die naaste stel: "Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: ‘Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, [42]want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie…'"

Hier moet enkele belangrike sake oorweeg word. 'n Mens moet in gedagte hou dat Johannes die Doper en Jesus met mense praat wat goed bekend is met die God van Israel wat dikwels selfs groot groepe met die dood gestraf het, maar ook met die gedagte van 'n hel, omdat hulle sedert

die kontak met Zoroastrisme in Babilonië en die Hellenisme, en deur die intertestamentêre geskrifte daaraan blootgestel is. Dit is vir hulle reeds teen daardie tyd 'n vaste geloof, 'n saak van erns en 'n verskriklike realiteit wat vir sommige in die toekoms wag.

Het 'n waarskuwing krag as dit nie 'n element van realiteit of waarheid het nie? Sal dreigende straf 'n effek hê as die hoorders nie weet dat dit 'n moontlikheid is nie? 'n Realistiese aspek is deel van elke vorm van doeltreffende dissipline. Die krag lê in die realistiese moontlikheid. Dieselfde geld in die verhouding tussen 'n regering en 'n nasie, asook God en mens (vgl. Chadwick 2005:239; Harmon:224; sien ook Hick hieronder by 13.5).

Die feit dat die doel van die waarskuwing ook is om korrekte gedrag tot gevolg te hê, maak nie die moontlikheid van die straf ongeldig of onwaar nie. Die waarskuwing van God oor oordeel en helse straf is nie slegs 'n etiese boodskap om mense met vrees te inspireer tot 'n goeie lewe nie.

Alhoewel die Nuwe Testament veral by monde van Jesus oor die hel praat is dit nie 'n leë dreigement sonder realiteit nie. Dit is eerder 'n uitdaging en motivering om in berou skuld te bely, tot bekering te kom en die regte keuse te maak, naamlik vir geloof in Christus wat tot verlossing lei. Die waarskuwing oor die hel vorm as realiteit wel deel van die leer van die Nuwe Testament.

"Karl Rahner's mighty influence has swayed academic opinion: 'What Scripture says about hell, in conformity with the eschatological character of the threat-discourses, is not to be read as an anticipatory report [Reportage] on something that will happen some time, but as unveiling the situation in which the man who is addressed truly finds himself now.'" (Rahner aangehaal deur Blocher:291) Dit klink mooi, maar is te gewaagd.

Pous Joseph Ratzinger (Benedictus XVI; :291) het dieselfde geskryf selfs nog voordat hy kardinaal was: "The dogma of hell does not wish to provide man primarily with some information from beyond, but to address him kerygmatically for his present life." Ratzinger het dit dus versigtig gestel en daarom is dit onduidelik wat hy met "primarily" bedoel. Indien dit primêre betekenis het, sluit dit tog nie verdere sekondêre betekenis uit nie.

Hierdie teoloë aanvaar dus dat die Nuwe Testament wel leer van die hel, maar dat ons dit wat daar geskryf staan nou anders moet interpreteer. Hulle verklaar die inligting (informasie) weg en behou slegs die boodskap om transformasie te bereik.

Augustinus (354-430 n.C. :291) het eeue gelede egter hierdie ou standpunt bespreek en dit is glad nie so 'n moderne standpunt as wat 'n mens dink nie. Blocher (:286-7) sê tereg dat ons nie maklik kan wegkom van die tradisionele leer oor die hel nie en dat ons baie respek moet behou vir die standpunte van die grootste doktore van die Christelike, veral die Evangeliese, geskiedenis. Hy verwys hier ook na Charles Hodge (1986:871) se waarskuwing dat enige man 'n vreeslike verantwoordelikheid aanvaar as hy homself in opposisie met die geloof van die kerk reg oor die wêreld stel. Die Skrif is vir ons die deurslaggewende norm en hiervan vorm die hel as ewige straf van onbekeerde sondaars steeds deel. Dit word bevestig deur Davidson (soos aangehaal deur Shedd 1885:118) dat die helse straf ewig sal wees - "Bad exegesis may attempt to banish it from the New Testament Scriptures, but it is still there…" Dit is sterk gestel, maar waar.

Calvyn het ook gesê: "On all invisible things and that rise higher than our powers of understanding, we can have no assurance but by the sole Word of God. So we ought to cling to that Word, and reject everything that would be added unto it" (Calvyn 1536, vertaal 1975 Institution III 25:5).

Laat ons maar versigtig bly vir sekere standpunte in die modernisme en post-modernisme. In die kommentaar op byvoorbeeld 2 Petrus 2 lees ons onder andere: "Their self-assurance was matched by their ignorance. This recalls the reference in Col 2:18. The characteristic of modern ‘liberal’ critical teachers which amazes one most is their absolute confidence in their own conclusions, based upon evidence however trivial, and involving tremendously important departures from tenets maintained for centuries by the historic church (Harrison 1962:LLS).

Tereg toon König (1985:286 ev) aan dat daar "in die Bybel nie 'n verskil is tussen realiteitskarakter en kerugmatiese karakter nie. Die nuwe aarde is nie 'n realiteit terwyl die hel uitsluitlik kerugmatiese betekenis het nie." Die hemel (of nuwe aarde) is 'n realiteit en die ewige straf van die hel is (ongelukkig) ook 'n realiteit. Laasgenoemde spreek van God se onbehae oor die feit dat die bose, die sonde en die mens, gebrokenheid in die wêreld ingebring het. Aan die

ander kant bereik Hy sy skeppingsdoel van 'n liefdevolle verhouding met ons, in die hemel op die nuwe aarde (wat een sal wees; König 1985:302).

Sommige mense verwerp God, asook die hemel en die hel. Daar is ook diegene wat die hel verwerp, maar vir God en die hemel behou in hulle oortuigings. 'n Toetsvraag aan diegene wat op grond van hulle hermeneutiek van tekste oor die hemel en hel in dieselfde Bybel, die hel verwerp is: Waarom dan nie om dieselfde redes die hemel ook verwerp nie? As die hel net outyds is, waarom steeds die gewilde hemel uit dieselfde antieke tyd verkondig? Uit alle hoeke gesien, blyk dit dus die beste en veiligste te wees (vgl. Matt. 18:6 ev) om te hou by die Skrif wat leer dat daar 'n ewige hemel én hel sal wees.

**13.3.9 Kerugma en ruimte vir 'n heilige vrees**

Jesus sê: "[5]Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees: vir Hom wat mag het om, ná die dood, in die hel te werp. Ja, Ek sê vir julle, Hóm moet julle vrees" (Luk. 12:5).

Tereg toon König (1985:286) aan dat albei die hemel en die hel realiteite is en kerugmatiese waarde het. Sien ook die bespreking hierbo oor inligting (informasie) en transformasie, asook hieronder oor didakties aan die een kant en "rhetorically and exhortatory" aan die ander kant (vgl. 13.3.7; 13.4; 13.5).

Wat motiveer mense die mééste tot liefde en geloof: hémel of hél? Laat ons maar versigtig wees om in ons moderne tyd te gou te antwoord. 'n Mens is haastig om sommer gou die vroom antwoord van liefde te gee, maar is die Nuwe Testamentiese motivering van Jesus dan totaal uitgedien? Die waarskuwings in die Nuwe Testament lyk ernstig en substansieel, byvoorbeeld: "As waarskuwing vir almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand" (Judas:7; vgl. bv. Matt. 10:28).

Hierdie is 'n heilige vrees. Von Balthasar (1988:31) dui tereg aan dat hierdie en soortgelyke opmerkings en gevolglike vrees, ten doel het om vír Christus en naasteliefde te kies (Matt. 22:37-40; 25:31-46). Daarna gaan Von Balthasar egter te ver deur te meen dat dit nie noodwendig hoef te dui op die realiteit van 'n ewige hel nie (:31). Daarmee veto hy en andere wat so redeneer Jesus se uitspraak. 'n Mens kan ook vra of ons méér liefdevol as Jesus kan wees

of moet probeer wees? Die oordeel en hel is volgens Jesus en die Nuwe Testament 'n werklike gevaar wat mense bedreig en ons moet versigtig wees om die boodskap nie te verswak nie.

'n Kliniese sielkundige sê dat elke verhaal wat hy in sy spreekkamer hoor, terugherlei kan word tot een van twee dinge: liefde of vrees. Die afgelope tyd is dit 'n algemene en gewilde stelling om nie die Evangelie te wil verkondig net sodat mense uit vrees vir die hel tot bekering kom en gered word nie. Dit het natuurlik waarde, maar dit is 'n verénging van die Bybelse manier van hantering van die saak. Al wil ons dit aanvanklik nie graag erken nie, is dit so dat ons as mense dikwels méér deur vrees, as deur liefde gemotiveer word. Dit is so verskriklik tragies, maar waar.

Ek was baie verras om onlangs presies dieselfde in 'n artikel te lees (Greyling 2005.16.3): "Ons word makliker opgewen met vrees en haat as wat ons geïnspireer word met hoop en liefde."

Hierdie saak raak kerke en gemeentes ook, soos waargeneem tydens twee uitgebreide studie-toere deur die VSA (1995 onder leiding van prof. Malan Nel) en Brittanje (2000 onder leiding van dr F. Carr). Ons het in hierdie lande ongeveer 83 gemeentes, universiteite se teologiese fakulteite en kerkleiers besoek. Gemeentes wat suksesvol is en dus lewe, dien en groei, is die gemeentes met vernuwing in vorm en styl, 'but without compromising His Message and Mission!' (vgl. Warren 1995:11). Gemeentes soos Willow Creek met 17 000 lidmate verkondig steeds die Evangelie waarvan die verlossing van God se oordeel en ewige hel deel vorm (vgl. Hybels 1995:59) met styl, liefde, woord en daad.

Ons het die teendeel in Skotland, Wallis en Engeland gesien. Dit was skokkend en hartseer om te sien dat in gemeentes waar daar eens herlewing was en waar 6 000 mense een erediens bygewoon het, nou letterlik net 4 mensies sit! Wat het hier gebeur? Van bo by St. Andrews, deur Bala tot onder by St. Ives en tot in Londen het ons oor en oor dieselfde rede gehoor: Skrifgesag en liberalisme. Die kerk is amper totaal vernietig omdat, so sê die oorblywende lidmate en leraars, hulle ontnugter is oor teoloë en predikante se effektiewe verwerping van die Skrif, in dogma en etiek, in die leer en lewe. Te veel en onsensitiewe Skrifkritiek, oor God en alles wat bonatuurlik is, die hemel en hel en uitsprake (spesifiek in daardie tyd) oor homoseksuele gedrag, het volgens hulle die kerk amper finaal gekelder (Sien ook Kol.1:16; vgl. Kol.1:5,6,23; Kol.2:4 ev.).

Na aanleiding van die vreesaanjaende uitsprake van Jesus oor die hel in Mark.9:43-48 sê Augustinus reeds in sy *Civitas Dei* (geskryf tussen 413 en 426 n.C. - vertaling1958:1) "Who would not tremble, hearing from divine lips such a repetition and so vigorous a declaration of that punishment?"

God trek dus nie mense na Hom, die smal weg en nou poort, en na sy hemel nét met 'n eensydige roeping en met wat eng onder "liefde" verstaan word nie. Daar is nie altyd tyd oor vir preke wat mooi lank genoeg is of lang gesprekke en lang gebede en jare se bewyse van liefde nie. Die genadetyd vir onbekeerdes wat nog in die donker rondtas, loop vinniger uit as wat ons wat lankal sy kinders is, soms besef. Daarom is die tyd vir berou en om die saak met die Here reg te maak, altyd vandag en nou! (Jes.1:18; Ps.95:7-8; Hebr.3:7,15; 4:7) Blocher (:290) stel dit met treffende woordspeling: "To~day before its too~late!"

Calvyn (1978 punt 12 XXV:379) wys tereg in duidelike terme op hierdie aspek van vrees wat God wil inboesem: "Die gedugte wraak van God teen die verworpenes kan op geen enkele wyse voldoende beskrywe word nie. Daarom beeld die Skrif hulle lyding vir ons uit met woorde soos duisternis, geween, knersing van die tande, onuitbluslike vuur en die wurm wat nie sterf nie (Matt. 8:12; 22:13; Mark. 9:43-48; Jes. 66:24; 30:33). Deur so te spreek wil die Heilige Gees ons met vrees en skrik vervul. Ons word daardeur gehelp om enigsins iets te verstaan van die rampsalige lot van die verlorenes. Dit is rampsalig om van elke gemeenskap met God vervreemd te word, en dan ook nog te ondervind dat sy majesteit só teen ons is dat ons nie daaraan kan ontkom nie. Sy toorn is soos 'n vuur wat alles verslind. Die apostel sê dat hulle as straf 'n ewige verderf sal ondergaan, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte (2 Tess.1:9). Hulle het geen rus nie maar voel dat hulle deur God as vyand verskeur word. Hulle sidder vir sy bliksems en word deur die krag van sy hand vermorsel. Hoe vreeslik is dit om so deur God vir ewig beleër te word! Deur hierdie waarheid wil God sy dienaars onder die kruis aanspoor om hulle te haas totdat Hy alles sal wees in almal ."

God praat deur sy Woord, Gees, skepping en sy kinders, ook met liefde wat baie dringend waarsku en deurtastend vra en soek. Ja, dit sluit egter ook 'n gesonde mate van realistiese vreesinboeseming in - selfs in ons moderne humanitêre tyd (Malherbe 1997:LLS).

God het ons met liefde geskep om die emosie van vrees te kan ervaar ter wille van ons eie oorlewing vir die tydelike en ewige lewe. Liefde wat uiteindelik alle vrees uitdryf kan dus aanvanklik eerbiedige, gesonde vrees insluit, wat positief gebruik word ter wille van oorlewing (vgl. Amos 3:4,8; 5:19; 1 Joh. 4:18; 1 Pet. 2:17; 1 Pet. 5:8 en Openb.5:5).

### 13.3.10 Gevolgtrekking

Die skeiding tussen hemel en hel behels dus nie maar net die skeiding tussen iets wat baie lekker sal wees en iets wat minder aangenaam sal wees nie. Nee, die seën sal wonderlik wees en die straf sal báie erg wees en albei sal ewig duur. Albei vorm deel van die Evangelie. Om soos die Nuwe Testament van Jesus as "die Verlosser" te praat, impliseer twee sake: verlossing en dit waarvan mens verlos word. Dit wys dus op iets positiefs (verlossing) én negatiefs (dit waarvan mens verlos word). Die hoopvolle benaming Verlosser het dus slegs waarde in verhouding met die negatiewe laasgenoemde. Sonder dat daar nood is of 'n krisis as realiteit bestaan, is 'n verlosser onnodig.

Die oordeel en skeiding tussen hemel en hel vorm dus onlosmaaklik deel van die Evangelie. Christus het gekom en word in die Skrif as die Verlosser bekendgestel. Hiervolgens ís Hyself die Goeie Nuus, omdat Hy kom red van sonde, ewige dood of hel en omdat Hy gelowiges tot die ewige geluksalige lewe verlos.

Opstand teen die leer oor die hemel en hel kom veral in twee denkrigtings na vore, naamlik die annihilisme en die universalisme. Indien slegs een van hierdie standpunte korrek blyk te wees, beteken dit dat ongelowiges uitgewis sal word of dat alle mense salig sal word en daar dus nie 'n hel gaan wees nie, ten spyte daarvan dat die Nuwe Testament die hel as ewige straf beskryf. Die annihilisme en die universalisme noodsaak dus verdere ondersoek.

## 13.4 DIE ANNIHILISME : OPHOU OM TE BESTAAN ?

Iets wat in 'n groot vuur beland brand tog gewoonlik heeltemal uit. Om aan te sluit by Jesus se beeldspraak van die verskriklike vuur, kan 'n mens vra of die straf van die hel dus nie tog sal verbygaan nie? Sal diegene wat hel toe gaan nie liewer totaal vernietig word om op te hou bestaan nie? Hiermee is die vraag oor die annihilisme aan die orde gestel. Bekende gedeeltes wat

in hierdie verband gebruik word is Matt. 18:8-9 en Matt. 25:41. Volgens die annihilisme sal ongelowiges hulle straf vinnig uitdien en klaar. Aan die ander kant kan mens vra wat die betekenis sou wees van die beeldspraak in die Nuwe Testament van 'n vuur wat vir ewig aanhou brand? (vgl. Matt. 3:12; Matt. 18:8-9; Matt. 25:41).

König (1991:229) toon aan dat die annihilismeleer oor voorwaardelike onsterflikheid daarop neerkom "dat ‘n mens deur geloof en bekering onsterflik word, maar dat ongelowiges vergaan." Hierdie beskrywing van die annihilisme word deur Müller (1976:82) bevestig. Powys en Wenham is voorstanders van die annihilismeleer.

Powys (vgl. 1997 en 1993: 95) se bydrae bestaan veral in sy skematiese uiteensettings van die verskillende teologiese standpunte oor die hel. Die hel word dus by die annihilisme slegs in 'n beperkte sin behou, as tydelike straf, maar 'n straf wat uitwis (1993:98, 100-116). Hieronder in die skema met 12 opsies, word dit duidelik dat die standpunte wissel van hel vir sommige, tot hemel vir almal. Dit is interessant dat 'n mens dus die opsie kry dat God sy plan (soos vervat in sy Woord) kan verander en álle mense red, maar nêrens kry ons die opsie dat God sy besluit kan verander en almal hel toe laat gaan soos ons verdien nie (vgl. Robinson 1950:108 en 13.5) 'n Mens kan maar net spekuleer waarom nie.

"A Taxonomy of Modem Positions on the Fate of the Unrighteous

1. Unrighteous will suffer everlasting physical punishment.
2. Unrighteous will suffer everlasting mental punishment.
3. Unrighteous will survive death but then be annihilated.
4. Unrighteous will undergo discipline and correction after death.
5. Unrighteous will be eternally separated from God.
6. Unrighteous will have continuing freedom and potential for repentance.
7. Unrighteous will be resurrected to learn their error and then suffer natural consequence - death.
8. Unrighteous will be resurrected for physical punishment, then die.
9. Unrighteous will be resurrected for mental punishment, then die.
10. Unrighteous will neither survive nor rise from death.
11. Unrighteous will survive death but not rise from death, suffering a hell of their own creation.
12. Unrighteous will be raised to eternal life"

(Powys, 1993:5)

Cox (1879:1-18; 38-143; 205 en 521-4) hanteer die annihilisme in sy werk *Salvator Mundi or Is Christ the Saviour of all Men?* Powys (:121-122) toon tereg aan hoedat hy byvoorbeeld Matt.

11:20-24 soos volg gebruik: "1. That the words of Jesus in Matthew 11:20-24 are unreasonable if they do not imply probation beyond the grave. 2. That the passages which refer to universal redemption necessarily imply post-mortem discipline and reformation. 3. That just as divine discipline is reformative in this life, it will continue to be same hereafter." Powys (:122) vat hierdie punt so saam: "It is thus clear that this challenge concerning the purpose of the fate of the unrighteous, unlike those concerning its duration and quality, involved some argumentation. Suffice to say that … the view that the divine purpose regarding the unrighteous as merely punitive had, as an inference from the Christian doctrine of God as a whole come to be largely abandoned." Dit word dan verder gebaseer op God se liefde.

Powys (1997:414) se standpunt is dat Jesus se woorde oor die hel nie didakties is nie, maar dat woorde soos gehenna volgens hom net "rhetorically and exhortatory" gebruik word (vgl. 13.3.7-8, hermeneutiek, kerugma, inligting of informasie teenoor transformasie hierbo en verdere bespreking hieronder).

Een van die voorbeelde hierbo genoem is Joh.3:36 waar ons lees: "Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.” Sonder dat Powys (:313) aantoon hoe hy daarby uitkom, sê hy dat dit nie op ewige straf nie, maar op uitwissing dui. Hy sê dat die Nuwe Testament annihilisme leer (of selfs dat daar géén lewe na die dood vir goddeloses sal wees nie). Hoe hy dit uit bogenoemde teks aflei, bly onduidelik.

Dit is nie vir voorstanders van die annihilisme moontlik om verby 'n gedeelte soos Openb. 20 te kom nie. Powys (1997:415) maak aan die einde van sy werk die volgende stelling waar hy Openbaring 20:10 behandel. Hy sê dat die figuurlik-gesproke vuurpoel nie van toepassing vir mense ook is nie - "this is not applied to human figures, with the possible exception of the 'beast' and the 'false prophet.'" Net vyf verse verder lees ons egter dat die ewige vuurpoel ook vir sommige mense is (Openb.20:15). Dit is absoluut onduidelik waarom hy so sê, want Powys het hierdie teks nie maar net per ongeluk misgekyk nie, omdat hy net op die volgende bladsy (:416) sélf daarna verwys!

Losgelaat deur God, losgemaak van die Lewensbron. Dit is wat annihiliste meen die Nuwe Testament leer. As goddeloses doodgaan, dan is hulle dus dood, hulle hou volgens die annihiliste

eenvoudig op om te bestaan: "the predominant New Testament stance… the unrighteous will cease - relinquished by the source of life, their lot will be death without end. They will not be raised at the Parousia …" (Powys 1997:416).

Die straf van die hel word soms beskryf met die uitdrukking "om te vergaan in die verderf". Hoe moet ons die Griekse woorde "apollumi" (vergaan, Matt. 10:28) en "olethros" en "olethron aionion" ("eternal destruction") verstaan? (vgl. 2 Tes.1:8-9; 1 Tim.6:9; Hebr. 11:28; 1 Kor. 5:5; Crockett:74 ev; Sper 1990:21 ev.).

Dit is woorde wat gewoonlik dui op die volgende: verderf, ondergang, verdoemenis, vernietiging, om te beëindig, uitwissing, vergaan en tot niet gaan (soos wynsakke in Luk.5:37 en kos in Joh.6:27). Dit laat aanhangers van die annihilisme beweer dat die ewige straf van byvoorbeeld Matteus 25:46 dus ook dui op ewige uitwissing, omdat Jesus nie duidelik sê ewige bewustelike straf nie (Sper 1990:21). Hulle glo God sal aan sy heiligheid laat reg geskied deur ongelowige sondaars te straf, maar dat dit uiteindelik op uitwissing sal uitloop sodat die hel ook vernietig sal word en net dit wat goed is in die heelal sal oorbly om ewig voort te bestaan.

Paulus toon nêrens aan dat hy afstand doen van sy geloof as voormalige Fariseër, in 'n voortgaande bewustelike straf van goddeloses nie. Inteendeel, hy praat asof hy steeds vashou aan sy vorige oortuiging, soos Crockett (:74-75) dit tereg uitlig: "As it is he speaks just as if he never abandoned his old view. He tells people on the Greek mainland, who no doubt were heavily influenced by ideas of the immortal soul, that the wicked will be punished with olethron aionion….eternal destruction in a hell of conscious suffering."

Louw en Nida (:232) toon tereg aan dat dit moeilik is om hierdie Griekse woorde telkens met enkele ooreenstemmende woorde te vertaal en dat die konteks hier bepalend is. Dit bly onduidelik hoe annihiliste "ewige straf" by "ewige nie-bestaan" uitbring, binne die konteks van elk van die gedeeltes in die Nuwe Testament (bv. 2 Tess. 1:8-9). Die klem val telkens op die ewige straf en hier word nie genoem dat 'n persoon sal ophou bestaan nie. Die volgende vertaling van 2 Tessalonisense 1:8-9 is in die kol: "Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. [9]Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag."

Waarop dui die woorde altyd en ewige verdoemenis anders as op voortdurende straf, wat hier inhou: om weg te wees van God af ?

Hierdie teks moet saam met soortgelyke tekste geïnterpreteer word (bv. Joh.3:36 - "die straf bly op hom" en Matt. 3:12; Matt. 18:8-9; Matt. 25:41). Voeg daarby ook as bevestiging die makro konteks van die Nuwe Testament waar ons telkens lees van die teenpool, naamlik die hemel wat ewige voortdurende bewustelike geluk beteken (vgl. König 1985:286; sien ook die bespreking hierbo van die uitdrukking tous aionas ton aionon wat beteken vir ewig en altyd by 13.3.6).

Die annihilisme hou nie water in die lig van die beeldspraak van die onblusbare ewige vuur, en die ewige verdoemenis en verbanning uit God se teenwoordigheid nie. Die volgende gedeeltes dui almal op ewige straf: Matt. 18:8-9; 25:30,41,46; Mark. 9:43 ev; Mark. 3:29; 2 Tes. 1:9; Hebr. 6:2; Judas:7 en :13; Openb. 20:10, 14-15; Openb. 14:11. In laasgenoemde staan daar: "Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie." Selfs Wenham (1993:174-181) wat 'n oortuigde voorstander van die annihilisme of voorwaardelike onsterflikheid is, erken dat hy voor Openbaring 14:11 stuit.

Crockett (:69, 75) lewer ook 'n goeie bydrae deur te wys op die woorde van Jesus, Paulus en andere in die Nuwe Testament, wat heeltemal in lyn is met die Joodse geskrifte van hulle onlangse verlede, byvoorbeeld Dan.12:2.

Hier volg 'n baie belangrike samevatting van die analise van daardie denke. I Henog 22 en I Henog 91-104 bevat skeiding in die Sjeool en helse straf vir goddeloses. Volgens Crockett (:69, 75) is die gedeeltes gerig teen die Sadduseërs wat nie in die opstanding geglo het nie en dus geleer het dat die lot van regverdiges en goddeloses hierna in Sjeool dieselfde is. Die ewige siele van die regverdiges sal vreugde beleef volgens I Henog 103.4 en 7-8. Volgens die Testament van Abraham 11 sal die lot van die goddeloses ook ewigdurende straf wees, maar die regverdiges se siele gaan na die dood deur die nou poort in die Paradys in. Die Fariseërs het wel in die opstanding geglo, - maar slegs van die regverdiges (vgl. Crockett :69, 75). Tog het hulle verwag dat die siele van die goddeloses vir ewig gestraf sal word. So het hulle standpunt die Griekse idee van onsterflikheid met die Hebreeuse dogma van opstanding gekombineer.

Die Nuwe Testament leer volgens Crockett, Russel en andere egter dat almal sal opstaan (Joh.5:29; Hand.24:15, vergelyk Dan.12:2) en al het die mens nie 'n aparte siel in die Griekse sin nie, is mense vandat hulle geskep is, bestem om ewig te lewe en na die opstanding sal sommige vir ewig hel toe gaan en ander hemel toe (Crockett:69; Russel:1976:153-162).

Volgens voorgenoemde beteken dit ook dat mense voortleef, selfs na afsterwe - maar dit is 'n onderwerp opsigself en daarom volg hier net 'n paar opmerkings. Heyns (1981:397 ev.) sê tereg dat, alhoewel ons nie die detail verstaan van die betekenis van die sogenaamde skimmebestaan (Ps. 88:11, Jes. 14:9; 26:14,19) en hoe die liggaam en siel presies deur die transformerende werklikheid van die dood geraak word nie, weet ons dat die dood die mens nie uit God se hand kan ruk nie, of gelowiges kan skei van die liefde van God nie (Rom.8:38-39). Is daar Skrifgedeeltes wat dit stel dat mens vir 'n korter of langer periode ophou bestaan na die dood voor die opstanding en daarna? (vgl. Heyns 1981:399 ev; Fil. 1:23; Hebr. 12:23-24; Openb. 20:4; Luk. 16 en 23:43). In die lig van bogenoemde wys Heyns (1981:398-399) tereg agt standpunte as onskriftuurlik van die hand, waarvan híér die volgende drie voorbeelde genoem word: 1. "Alle materialistiese voorstellinge waarvolgens die dood die uitwissing van die menslike bestaan beteken." 2. "Die siening van die sg. kondisionele onsterflikheid waarvolgens alleen die gelowiges ná die dood bly voortbestaan, maar dat die ongelowiges ophou om te bestaan." 3. "Alle voorstellinge dat die dood nie al reeds die voltrekking van die oordeel is nie - al is dit dan die voorlopige oordeel - en dat daar ná die dood nog op een of ander wyse 'n geleentheid vir bekering bestaan."

Jesus se hoorders was teen daardie tyd goed bekend met die gedagte van 'n vurige hel (Crockett:70-72, 75). Die verwysings in 4 Mak.9:9; 10:15 Jubil.36:10 ea stem ooreen met die Nuwe Testament en beteken ongetwyfeld ewige verderf en lyding in die hel van bewustelike smart. Ja, daar kom 'n Nuwe Jerusalem, maar Openbaring 22:15 ; 21:8 wys ons ook op Gehenna, die smeulende vuilgoedhoop in die duisternis buite die Nuwe Jerusalem (Crockett:76). Hy sê ook tereg (:73) dat die voorstanders van die annihilisme ons steeds 'n bevredigende verduideliking skuld vir die tekste oor die grade van straf in die hel, byvoorbeeld Lukas 12:47-48.

Crockett verwoord wat dit alles impliseer in twee treffende vrae: 1. Hoe sou die Fariseërs wat aan 'n hellenistiese onsterflike siel geglo het (Crockett:69-70; vgl. Hellenisme 10.3 ev.) Jesus se uitsprake dat God die siel in die hel kan gooi, as annihilisme verstaan het? (Luk. 12:4-5; Matt.

10:28). Helse vernietiging, verderf of verdoemenis beteken dus hier duidelik nie uitwissing en ophou bestaan nie. 2. Crockett (:69-70) vra verder of diegene wat die annihilisme voorstaan werklik oortuig is dat Jesus dit nooit kon regkry om sy boodskap in hierdie verband duidelik genoeg oor te dra nie? Ons moet sy boodskap oor die hemel en die hel ook verstaan teen die agtergrond van die Hellenisme (Crockett:69-70; vgl. Hellenisme 10.3 ev.).

In teenstelling met die annihilisme aanvaar baie Nuwe Testamentici die voor die hand liggende betekenis van Openb.14:10-11. So sê Charles (1920:15) prontuit: "…the third angel proclaims a doom of everlasting torment…" en Swete (1907:186) "…a judgment which is final and without time limits." Harmon (1993:212 ev) toon aan hoedat ander eksegete soos Ford, Glasson en William Barclay ook die leer van ewige straf as Bybels onderskryf (vgl. Cameron:211). Die woordgebruik in die tekste dui almal op voortgaande bewustelike ervaring van lyding soos byvoorbeeld ween en kners op tande.

Augustinus (354 - 430 n.C. vgl. Microsoft Encarta 2002) sê wat hy dink van die standpunt (vgl. bv. Wenham:177) na aanleiding van byvoorbeeld Matt. 25:46 se interpretasie: "to say that life eternal shall be endless, punishment eternal shall come to an end, is the height of absurdity" (Augustinus *City of God* 413-426 n.C. :21, 23). Augustinus se mening is uiters waardevol as gevolg van sy bande met Zoroastrisme: "The 4th-century theologian St Augustine was a Manichaean for nine years before his conversion to Christianity. Manichaeism is an ancient religion named after its founder, the Persian sage Mani (c. 216-c. 276)..." (Microsoft Encarta 2002).

Soos gesien in die hoofstuk (sien 9.4.2 en 9.4.3) oor die meer invloedryke en ouer Persiese Zoroastrisme waaruit bogenoemde Manicheïsme (Hinnells, 1989:88) ontwikkel het, sou die helse vuurpoel in die lewe na die dood ook dui op ewige straf (bv. Yasna 32:7; 45:7). Veel later as Zoroaster self het sy volgelinge begin leer dat daar 'n vaevuur en universele heil sal wees, maar nie 'n uitwissing deur God van sommige van sy geskape mense nie (Yasht 19:89-90 ea). Op daardie stadium was daar in die denkwêreld waarbinne Jesus gepreek het dus nie sprake van slegs tydelike straf in die ewigheid hierna nie, maar wel ewige straf. Dit is dus die agtergrond waarteen Jesus praat en wat sy gehoor geken het.

Ongelukkig laat sommige wat die annihilisme aanhang, die totale agtergrond van die apokaliptiek soos blyk uit die intertestamentêre geskrifte en wêreldgodsdienste, buite rekening by die Nuwe Testament se uitsprake oor die lewe na die dood. Verder laat hulle telkens die makro- en mikro-kontekste van hierdie individuele tekste ook totaal buite rekening. Dit is ook Crockett (:72 en 172 ev.) se besware teen die annihilisme. Hierdie tekste word juis telkens gevind binne die kontras van ewige lewe en seën, teenoor ewige straf.

'n Verdere argument teen die annihilisme, is die vraag watter afskrikmiddel uitwissing regtig sou hê? (bv. in die lig van Matt. 5:29-30; 10:28). Packer (1990:19) het 'n punt beet as hy die volgende samevatting van sy navorsing gee: "directly from Jesus, and the apostolic teaching, belief in 'everlasting conscious distress...' belonged to the Christian consensus from the first. Fathers, medievals, and moderns up to the time of the Enlightenment were unanimous about it; Protestants, Catholics and Orthodox were divided on many things, but not on this. The consensus existed ... because Bible-believers of all schools of thought found it inescapable" (Packer: 22-25 en Cameron 1993:181).

Die grootste teoloë van die kerk het geleer dat daar 'n hemel en hel gaan wees en hy of sy wat die teendeel daarvan beweer moet dit volgens Harmon en andere bewys (Harmon 1993:194, 200-201). Harmon (1993:194, 197; vgl. Crockett, 1992:135 ev) spreek homself verder uit teen die verskillende vorme van die leer van annihilisme en hy identifiseer ook twee denominasies wat eksponente hiervan is, naamlik die Jehova se Getuies en die Sewendedagadventiste.

Heyns (1981:411-412) lig die probleme wat ons met die annihilisme het met die volgende woorde uit: "In die niet sal hulle nie verdwyn nie - want dan het die genade die geregtigheid verslind - maar in die hel, in die buitenste duisternis, êrens aan die rand van die skepping, sal hulle Gods verwerping vir ewig moet dra, en sy liefde vir ewig moet ontbeer - omdat hulle Jesus Christus, Verlosser van die wêreld, in die geloof, nie wou aanvaar nie." Heyns (:199) sê ook in sy vorige hoofstuk oor die sonde, die volgende: "hierdie ewige of tweede dood (Openb.20:6)" beteken nie uitwissing nie, maar 'n "ewige straf … Hier word die dood in al sy verskriklikheid openbaar, want hier - in die hel - is die mens ewig van die gemeenskap met God uitgesluit. Dit is die toestand van ewige rampsaligheid en verderf (Openb.20:14) waarin die mens, siel en liggaam, gewerp sal word. … Die gelowige daarenteen, word uit die geestelike dood opgewek

(Rom. 6:4; Kol. 3:1, 3; Ef. 2:5) sterwe wel die tydelike dood, maar is bevry van die straf van die ewige dood (Openb. 2:11)."

Gevolgtrekking: Ons kan oor 'n paar sake met voorstanders van die annihilisme saamstem, byvoorbeeld dat hulle ook glo in die lewe na die dood en 'n skeiding in die hiernamaals tussen gelowiges en hulle wat veroordeel sal word. 'n Mens het begrip vir die annihiliste se poging om aan te dui dat die helse straf net tydelik sal wees, want al straf God dan regverdig sal dit volgens hulle net tydelik wees en dit beklemtoon God se liefde. Anders as sommige apokriewe geskrifte (vgl. hoofstuk 12 en Die Openbaring van Petrus:21-34 in Die Boekrol, Vaandel 2001:157 ev; sien 13.7) wat die ewige straf in detail, grusaam en walglik skilder, beskryf die Nuwe Testament die verskriklike hel saaklik en nugter. Aan die ander kant skilder die Nuwe Testament die hemel met beeldspraak in pragtige detail (bv. Openb.21; vgl. 13.7).

Samevattend word gewys op die tekste in die Nuwe Testament met betrekking tot die voortdurende straf: ewige straf (Matt. 25:46) ewige vuur (Matt. 18:8; Matt. 25:41) ewige sondeskuld en onvergifnis deur God (Mark. 3:29) ewige verdoemenis en verbanning van God af weg (2 Tess.1:9) die ewige oordeel (Hebr. 6:2) en "As waarskuwing vir almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand" (Judas:7). Heyns (1981:411) voeg tereg hierby ook die volgende tekste wat swaar weeg: Matt. 7:13; 25:30; Mark. 9:44; Openb. 20:6, 14 en die veelbesproke Openb.14:11, waar hy die verwerping deur God behandel (vgl. Heyns 1981:199 en 411-412; asook König 1985:286).

By die voorstanders van die annihilisme mis ons egter die erkenning van hierdie belangrike Skrifgedeeltes wat op ewige straf dui. Bostaande is nie maar net 'n paar losstaande tekste nie, dit is almal deel van die hele teologie van die Nuwe Testament wat ook selfs sterk bande het met die vroeëre en eietydse geskrifte van die Nuwe Testament in Israel en die omgewing. Die teologie van die Nuwe Testament fokus hoofsaaklik op verlossing en op Jesus as die Verlosser. Het Hy gekom om ons te verlos van 'n ophou-bestaan? Vir baie mense, byvoorbeeld vir die Boeddhiste sou dit neerkom op hemel. Nee, met sy kruisdood verlos Christus ons van oneindig meer - van oneindige straf.

Die Nuwe Testament leer dus nie annihilisme nie. "Hier kan geen twyfel oor die hel bestaan nie. Dit is 'n werklike plek en die straf sal vir ewig wees… Die gelowiges geniet absolute geluk en

die ongelowiges ewige pyniging" (De Smidt 1983:206, o.g.v. Openb.20). Uit al die tekste van die Bybel gebruik annihiliste (Powys:416) net twee moontlike tekste wat kan verwys na 'n opstanding tot oordeel van goddeloses, naamlik Joh.5:29 en Openb.20:11-15, maar hulle sien dit slegs as tydelik: 'n oordeel en straf tot uitwissing. Die ironie is dat gedeeltes soos 2 Tess.1:8-9 en Openb. 20:10-15 juis nie op 'n uitwissing dui nie, maar ooglopend dui op ewige straf van die bose en goddeloses na die opstanding: "Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid."

## 13.5 DIE UNIVERSALISME : ALLES NUUT ÉN ALMAL SALIG ?

Is daar nie hoop vir universele heil nie? Ons lees tog duidelik byvoorbeeld in Openb.21:5 (vgl. (Jes.66:22) dat God sê: “Kyk, Ek maak alles nuut.” Bedoel Johannes nie hier die letterlike herstel van alles en almal nie? Hoe ver strek die betekenis van Paulus se volgende woorde "…om deur Hom alles met Homself te versoen…"? (Kol.1:20). Dui dit nie op die sogenaamde alversoening (apokatastasis pantoon) of universele heil nie? Sal Hy nie eendag die hel vernietig sodat daar net 'n nuwe hemel en aarde vir alle mense saam met Hom kan wees nie? Hierdie vraag oor die universalisme en die hemel en hel vereis ernstige filosofiese en teologiese nadenke. (Von Balthasar 1988:11-18,114, 237; vgl. Voltaire in Turner1993:158 ev.)

Kort nadat die mens oor die hel begin skryf het, kry ons gedagtes van 'n vaevuur en uiteindelike verlossing van almal. Ons tref die universalisme reeds in die derde fase van die ontwikkeling van Zoroastrisme aan (Oosthuizen:232-233; Yasht 19:89-90 ea.). Volgens hierdie leer van Zoroastrisme eindig die wêreldgeskiedenis dramaties met 'n finale bevryding van alle sondaars uit die hel en wanneer hulle tot die ewige heerlikheid toegelaat word (Oosthuizen:232; Zaehner:139-150).

Soos in hierdie afdeling duidelik sal word, gaan die gesprek oor die hel en die universalisme, in verband met vrae en teksgedeeltes oor God se almag, vrymag en liefde. Von Balthasar (1988:35, 177-187; 225-227; vgl. ook Sper 1990:19 ea. hieronder) wys byvoorbeeld op sekere tekste oor God se liefde, wat gewoonlik vir die universalisme gebruik word. "So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, [4]wat wil hê dat alle mense gered word…" [5]Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus [6]wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het (1Tim.2:3-5). "[14]So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie” (Matt. 18:14). Ons stem nie met elke

teksverwysing ( in hierdie verband ) saam nie, maar Von Balthasar (1988:35, 177-187; 225-227) Sper en andere (1990:19) sê dat die volgende gedeeltes in die debat vir die universalisme gebruik word: 2 Petr.3:9; 1 Tim.4:10; Rom. 5; 11:26, 32; 12:32; 1 Kor. 13:7; Titus. 2:11 asook Joh. 3:16; 5:24; 6:39-40; 17:6; asook alles nuut (Matt. 19:28; Hand. 3:21; Openb. 21:5) en alles versoen (Ef. 1:10; Kol. 1:20) asook elke knie sal buig (Fil. 2:10). Die teksgedeeltes word verder in hierdie afdeling behandel.

Universalisme kom ook algemeen in die samelewing voor, byvoorbeeld in die goed bedoelde woorde van geestelike en politieke leiers wat praat van "all human beings, God's children" (Tutu 1984:1-5) en "Ons is dankbaar vir die seun wat die Afrikaners vir ons gegee het. Oom Bey [Dr. Beyers Naudé] het met sy lewe en werk vir ons geleer dat ons almal God se kinders is" (Mbeki 2006).

Hart (1993:3 ev.) lewer 'n waardevolle bydrae in die universalisme-debat. Dit lê daarin dat hy die standpunte van teoloë in twee hoofgroepe onderskei, naamlik: pluralistiese en Christelike universalisme.

By pluralistiese universalisme staan drie name uit: Troeltsch, White en veral Hick. Hierdie groep kritiseer die Nuwe Testamentiese aanspraak oor Christus se uniekheid en die feit dat sy historiese optrede normatiewe en universele heilsimplikasies vir die miljoene mense van die wye wêreld sou hê (vgl. Troeltsch 1901:1 ev; White:1991:2; 107-8).

Hick (1988:22) stel voor dat ons God in die middel plaas en alle godsdienste soos satelliete rondom hierdie God. Volgens Hick is die geloof in Jesus en die Christelike godsdiens maar net nóg een van ál hierdie gelykwaardige godsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme en Islam wat elkeen 'n pad na daardie God is. Hiermee toon hy sy uiterste relativisme ten opsigte van Jesus Christus wat ons as God en die enigste Verlosser ken en aanbid.

Hick gebruik die Nuwe Testamentiese gedagtes van die liefde en regverdigheid van God in sy pluralismestandpunt, maar voeg daarby 'n vaevuurproses met vele stappe van reiniging wat uiteindelik uitloop op almal se saligheid (Hick 1976:201; 242, 297, 332, 399 ev. 425 ev.). Hick se standpunt van relativisme, pluralisme, reïnkarnasie en universalisme kom dus neer op 'n

sinkretisme (1976:29; 399 ev.). Hart (:15) wys tereg daarop dat dit ook nie Christelik is nie, en natuurlik ook nie probeer wees nie.

Die tweede hoofgroep wat Hart onderskei is diegene wat Christelike universalisme voorstaan. Hierdie standpunt is vir meer Christene aantreklik, omdat dit gebaseer is op 'n Nuwe Testamentiese perspektief. Hier word die magtige suigkrag van die universalisme op sy sterkste gevoel. Origenes het al hieroor gedink en geskryf. Saam met Origenes en Karl Barth, staan J.A.T. Robinson in hierdie tweede groep uit. Rahner en Ratzinger pas ook hier in.

Van al die kerkvaders staan Origenes van Aleksandrië se werk uit, spesifiek oor die apokatastasis-leer in sy werk *On First Principles* 3.5.7 en 1.7.5 in c. 229 n.C. (Cameron 1993:37, 51 ev.). Die misverstand bestaan dat hy die universalisme blatant verkondig het as 'n oorvereenvoudige feit, maar eintlik wou hy deur vrae te vra, sy lesers en hoorders laat dink en self besluit.

Origenes het sy standpunt veral op 1 Kor. 15:24-28 gebaseer in die verwagting dat God uiteindelik alles en in almal sal wees (die NAV lees: "So sal God alles wees vir alles"). Volgens Origenes sal God dit deur 'n suiweringsproses wat slegs tydelike helse straf kan insluit in mense bereik (:39, 51). Volgens Origenes sal God se liefde oorwin, want sy straf sal nie vernietig nie, maar verbetering of korreksie bring (:39, 53). Daar bestaan meningsverskille oor die interpretasies van sy uitsprake oor die duiwel, demone en die hel in verband met hierdie herstel van alles en almal (:52-61; en Von Balthasar 1988:244).

Dit is baie belangrik om die keuse waarvoor Origenes sy lesers stel, raak te sien en reg te verstaan soos tereg deur Daley en Norris uitgelig word (red. Cameron 1993:61-62). Die twee opsies waaruit volgens Origenes gekies moet word is die volgende: 1. 'n tydelike hel en universele verlossing of 2. verlossing slegs vir hulle wat die Evangelie uitleef, en ewige hel of selfs uitwissing vir hulle wat dit verwerp, byvoorbeeld die duiwel.

Origenes het egter gesê dat sy apokatastasis-leer nie geskik is vir openbare prediking aan oningewydes nie, omdat alles van God nie in menslike taal gesê kan word nie en alles nie aan ons geopenbaar is nie (vgl. Von Balthasar 1988:238-239 en 242; vgl. 2 Kor. 12:4). Ten spyte van

sy versigtigheid is Origenes later as gevolg van sy universalisme deur die kerk tydens die Sinode van Konstantinopel in 553 n.C. tot 'n ketter verklaar (Cameron 1993:37).

Die tweede teoloog wat ons in hierdie groep ondersoek is Robinson. Hy sê (1950:108) dat daar nie Bybelse gronde is waarvolgens ons kan sê dat alle mense, net omdat ons mense is, dieselfde eindbestemming sal hê in die lewe na die dood nie. Die enigste bestemming volgens Robinson wat ons as mense verdien, is dat ons almal as sondaars hel toe moes gaan. Helm (1993:260, 266 ev.) wys daarop dat Robinson soos Warfield (1952:334-50) en Shedd (1888:437) soek na Christelike bewyse vir die universalisme.

Hulle fokus tereg op belangrike teksgedeeltes oor God se liefde (Joh.3:16) en die kragtige werk van die Heilige Gees wat aan enige persoon geloof in Jesus Christus kan skenk. Teksgedeeltes soos Matteus 7:14 (min wat die smal pad na die lewe kry) en Luk.13:23 (min wat gered word?) moet volgens Warfield meer gesien word as eties en nie profeties nie, 'n persoonlike waarskuwing en uitdaging (sien verdere bespreking nadat Barth behandel is, asook 13.3.7 en 13.3.8; vgl.Helm:277-8).

Anders as Warfield en Shedd, lê Robinson baie meer klem op Jesus Christus as die Verlosser, al kan mens ook nie duidelike gronde in die Skrif vir sy standpunt vind nie. Robinson leer naamlik dat alle mense uiteindelik vir Christus sál kies en verlos sál word (:99, 108, 118-119). Robinson (:102-3) motiveer ook sy standpunt van universele heil op die dogma van God, op Hom as Liefde en Here, maar voeg die verdere gewaagde motivering by: "Judgment can never be God's last word, because if it were, it would be the word that would speak his failure (:106). God is egter verhewe bo ons logika, ons evaluering en ons standaarde (vgl. Hart:32).

Barth se standpunt oor universalisme word nou ondersoek. 'n Mens het groot waardering vir die fenomenale werk van Barth wat meer as 9000 bladsye beslaan (Geiger, 1968:1). Sy volumes oor God as Skepper en die dele oor God se genadige verkiesing en versoening in Christus is uitstaande. Alles in Barth se triomfantelike teologie (vgl. KD. II, 2:294; CD. II, 2:422; Berkouwer 1954:13, 101, 362) word absoluut verweef in die persoon en werk van Jesus Christus (vgl. De Vos 1987:81). Barth fundeer die eskatologie, soos al die ander loci, in Jesus Christus (vgl. König 1970:58).

"Barth, onderskei radikaal tussen 'openbaring' en 'geloof' aan die een kant en 'religie' aan die ander kant (KD. I, 2: 304–397). Eersgenoemde het ’n goddelike oorsprong en laasgenoemde ’n menslike… In religie het ons te doen met die vergoddeliking van die mens, wat afgodediens is, en daarmee saam die vermensliking van God" (Crafford 1996:223).

Hieronder word ander outeurs se bevindings behandel wat aandui dat Barth se teologie 'n ontwikkeling in die rigting van universalisme toon. Crafford (:224) bevestig dit: "In sy latere geskrifte het Barth ’n minder kritiese houding teenoor religie ingeneem. In sy behandeling van die leerstuk van die uitverkiesing kom daar ’n sterk tendens tot universalisme na vore… (KD. II, 2). Dieselfde tendens kom na vore in Barth se antropologie… Dit lei tot Barth se stelling dat sonde ’n 'ontologiese onmoontlikheid is' en dat ’n mens nie sonder God kan wees nie (KD. III, 2). Die kruis van Christus maak dus ’n verskil aan die lot van alle mense. In sy bespreking van versoening (KD. IV) laat hy die moontlikheid oop dat kennis van God buite die Christendom verkry kan word. Die latere Barth is dus baie meer positief teenoor ander religieë."

In sy werk oor die uitverkiesing sê Barth (CD. II, 2:116, vgl. 117, 124,125): "…in and with the existence of this man, … the man Jesus of Nazareth… the eternal divine decision has as its object and content the execution of the divine covenant with man, the salvation of all men."

Die Nuwe Testament sê: "[4]So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees" (Ef. 1:4). Barth gebruik hierdie teks en sê dat Jesus Christus díé Uitverkore mens is en tegelyk ook God is wat uitkies. Hy voeg by: "'In Him' means in His Person… in the basic decision of God which He fulfils over against every man" (:117).

Barth (CD. II, 2:3,6, 13, 124,125) gebruik tekste soos Luk. 9:35, 2 Kor. 1:19-20 en Ef. 1:4 om te leer dat alle mense reeds in Christus uitverkies is. Dit lei tot vrae, byvoorbeeld of hierdie uitverkiesing soos Barth dit voorstel, ook soos in die Nuwe Testament (vgl. Ef. 1:1-7) tot saligheid lei? Indien wel, bedoel Barth dus dat alle mense uitverkies is en daarom ook salig is? (Vgl. Berkouwer, 1954:88, 92, 103, 107 ev.). Dit lyk so, die antwoord word hieronder duideliker waar Barth oor die "ewige lewe" aangehaal word (CD. II, 2:306; KD. II, 2:336).

Die Skrif leer egter duidelik, byvoorbeeld in Efesiërs dat daar 'n noue band is tussen geloof in Jesus Christus, en die wete dat mens uitverkies is. Hierdie brief (vgl. Ef. 1:1) is spesifiek aan gelowiges gerig. Barth toon nie hier (bv. CD. II, 2:116-117) dat hy aandag gee aan 'n omskrywing van die "ons" in Ef. 1:4 nie. Dit lyk of hy dit hier mis. Vers een dui juis aan dat "ons" hier, diegene wat glo in Christus beteken (De Vos 1987:112) en nie alle mense nie. Dit is dus hier onduidelik hoe hy aan die hand van Ef. 1:1-4 sê dat alle mense uitverkies is. Later (:427) draai hy dinge om en sê dat God slégs die Kerk uitkies, omdat Israel en die Kerk reeds glo. Paulus wil egter juis troos bring aan gelowiges deur daarop te wys dat ons geloof ewig geanker is in God se verkiesing wat ons geloof voorafgegaan het (Ef. 2:4-5; Ef. 2:8).

Hierna behandel Barth die verwerping ook in verband met Jesus Christus. Hy toon op grond van Fil.2:6 ev; asook Joh.1:14 aan: "Das Erwähltsein des Menschen Jesus bedeutet also: Ein Zorn ist entbrant, ein Urteil wird gesprochen, eine Strafe wird vollzogen, eine Verwerfung findet statt. Von Ewigkeit her, ist es so beschlossen" (KD. II, 2:131; vgl. 129 en Berkouwer 1954:100-101). Barth sê van Jesus: "He is the Rejected, as and because He is the Elect" (CD. II, 2:353). Barth betrek die teologiese terme "uitverkiesing" en "verwerping" dus in 'n absolute sin op Jesus Christus.

Barth sê dat alle mense uitverkies is en stel dit ook van die ander kant af (:353): "In view of His election, there is no other rejected but Himself."

Jesus sê: "min is uitverkies…" nadat Hy gesê het dat die ander "sal huil en op hulle tande kners" (Matt. 22:13-14). Hier sien ons reeds iets van die uitverkiesing én verwerping van ander mense in dieselfde gedeelte van die Nuwe Testament. Hier funksioneer die woorde en betekenisse eenvoudig anders as by Barth.

Hierna noem Barth (CD. II, 2:353) dat uitverkorenes en verwerptes nou broers is en dat Jesus Christus nie net van die uitverkorenes nie, maar ook van die verwerptes, die Here en Hoof is: "It is just for the sake of the election of all the rejected, that He stands in solitude over against them all. It is just for them that He is the rejected One (in His rejection making room for them [die verwerptes] as the elect of God) and therefore the one and only object of the divine election of grace. Thus Jesus Christ is the Lord and Head and Subject of the witness, both of 'the elect' and of the 'rejected'. ...they are brothers, …forming an inalienable and indissoluble unity."

Dit is ongewoon om van al die verwerptes as die uitverkorenes te praat. Die Nuwe Testament onderskei radikaal en deurlopend tussen gelowiges as uitverkorenes in Christus aan die een kant (vgl. Ef. 1-2) en ongelowiges aan die ander kant (vgl. Ef. 2:1-8). Slegs eersgenoemde groep word in die Nuwe Testament as God se kinders en as broers en susters beskryf (vgl. Ef. 1:5; Fil.1:1-12). Gelowiges is diegene wat Jesus as Here erken en hulle word as kerk onder Hom as Hoof verenig (vgl. Ef. 1:22-23).

Barth (CD. II, 2:306; vgl. 353 en KD. II, 2:336) verbind nou die uitverkiesing en verwerping van elke individu eksplisiet met die ewige lewe: "The man who is isolated over against God, is as such rejected by God. But to be this man can only be by the godless man's own choice. The witness of the community of God to every individual man consists in this: that this choice of the godless man is void; that he belongs eternally to Jesus Christ; that the rejection which he deserves on account of his perverse choice is borne and cancelled by Jesus Christ; and that he is appointed to eternal life with God on the basis of the righteous, divine decision… And the revelation of his rejection can only determine him to believe in Jesus Christ as the One by whom it has been borne and cancelled" (vgl. ook Heyns 1981:95, 96 se kommentaar op Barth).

Die Nuwe Testament toon egter nêrens aan dat die keuse van ongelowige goddelose mense om vir Jesus Christus te verwerp, nutteloos of leeg is nie, of dat hulle ewig aan Christus sal behoort nie.

Die Christelike aard van die oënskynlike universalisme in sy laaste sin hierbo, lê daarin dat Barth (vgl. hierbo en CD. II, 2:306, vgl. 353) sê dat elke verwerpte noodwendig in Jesus Christus sal glo: "the godless man ... belongs eternally to Jesus Christ; ... and that he is appointed to eternal life with God... And the revelation of his rejection can only determine him to believe in Jesus Christ as the One by whom it has been borne and cancelled." (Sien ook KD. II, 2:336). Dit is dus beslis nie 'n gedagte wat op universele heil, buite Christus om dui nie, maar in en deur Hom. Dit kom dus voor asof Barth se standpunte op 'n dubbele manier die verlossing van alle mense stel: Niemand sal meer verwerp word nie, en elke mens sal as uitverkorene die ewige lewe by God ontvang.

Dat Barth wel elke individu, "alle-mense-kop-vir-kop" in sy dogmatiek by die versoening en verlossing betrek, blyk ook uit sy gebruik van die term "aller" en veral die herhaalde gebruik van "keiner" in die volgende aanhaling (vgl. König 1970:282-283): "Der Selbstbeweis des gerechtfertigten Menschen, an der sich der Glaube hält, ist aber der gekreuzigte und auferstandene, als Volbringer, als Empfänger, als Offenbarer der Rechrtfertigung aller Menschen lebende Jesus Christus... Keiner, für dessen Sünde und Tot er nicht gestorben, dessen Sünde und Tot er an seinem Kreuz nicht erledigt und ausgelöscht... hatte! Keiner, dem das in seiner Auferweckung von den Toten nicht zugesprochen wäre als seine Rechtfertigung! Keiner, dessen Mann er also nicht, Keiner, der in ihm nicht gerechtfertigt wäre! Keiner, der es anders als in ihm wäre... Aber wiederum Keiner, der in ihm nicht genügend, völlig, endgültig, gerechtfertigt wäre!" (KD. IV, 1:703-704; vgl. :742; KD. IV, 3:344).

Volgens die Nuwe Testament is daar nie 'n onderskeid tussen "verlossing", "redding", "saligheid" en "ewige lewe" op grond van geloof in Christus nie (Joh. 3:16; Hand. 16:31). Dit blyk dus uit die bespreking hierbo, of hierdie terme beslis anders by Barth funksioneer.

Hierna bespreek Barth alle mense onder die temas van die regverdigmaking, heiligmaking en die werk van die Heilige Gees en sê onder andere: "It rests wholly and utterly on his justification before God, and like this it is achieved only in the one Jesus Christ, but effectively and authoritatively for all in Him and to establish themselves as the saints of God in a provisional offering of the thankfulness for which the whole world is ordained by the act of the love of God…. The sanctification of all humanity and human life has taken place in Him" (Barth CD. IV, 2,3:499, vgl. 614).

Die Nuwe Testament beskryf egter slegs diegene wat glo in Christus as vrygespreektes (Rom. 1:17) regverdig (Rom. 8:29-39) en heilig (vgl. Ef. 1:1,4; Openb. 20:6 en die groet by baie briewe volgens die Grieks en Ou Vertaling bv. Rom. 1:7; 2 Kor. 1:1; Fil. 4:22).

Barth (KD. IV, 3,1, 1959:550-551) stel hier die vraag van die eskatologie, of sommige mense verlore sal gaan of dat almal gered sal word, aan die orde. Hy sluit hierdie volume af deur net te verwys na Klaagliedere 3:22-31 (vgl. ook Berkouwer se opmerking oor Barth se standpunt, 1963:208-209): "Merkwürdiges Christentum, dessen dringendste Sorge darin zu bestehen scheint, dass Gottes Gnade nach dieser Seite allzu frei sein, das die Hölle, statt sich reichlich mit

vielen anderen Leuten zu bevolkern, vielleicht irgendeinmal als leer erweisen könnte... " en "'Apokatastasis' oder 'Allversöhnung'?.. in aller Zurückhaltung, aber auch in aller Bestimmtheit darauf zu hoffen und darum zu beten, dasz Allem, was für das Gegenteil sprechen und definitiv sprechen könnte, zum Trotz 'die Guttaten des Herrn noch nicht aus sein möchten,' dass er, entsprechend dem, dass 'sein Erbarmen jeden Morgen neu ist', 'nicht auf ewig verstoszen' werde" (Klagel. 3.22 f 31)."

Barth gebruik hierdie teks vir sy standpunt oor God se genade teenoor die hel en dat ons móét hoop en bid dat almal gered sal word (vgl. König 1970:62). Hierdie teks in Klaagliedere is pragtig, maar ons moet dit in konteks sien. Ons moenie die volgende sake wat daarin voorkom, van mekaar losmaak nie: genade én berou; die hoop én 'n verhouding met die Here; asook die redding én bekering (sien Klaagliedere van Jeremia 3:20, 24, 32, 5:21 ev.). Kan 'n mens met hierdie teksgedeelte uit die Ou Testament só ver beweeg, tot by 'n gebed en hoop vir die apokatastasis? (Vgl. De Vos 1987:86-106; Von Balthasar 1988: 44-45; 197).

Is daar duidelike aanduidings in die Skrif dat gelowiges se gebede en hoop op die "apokatastasis" moet fokus? Dit wil voorkom of ons in hierdie verband eerder op getuienis moet fokus (König 2001: 349).

Tog sê Barth (CD. II, 2:422-423) op grond van Johannes 3:16, per implikasie dat ons nie die apokatastasis as noodwendige leer kan aanvaar nie. Dit sou volgens hom die Nuwe Testament geweld aandoen. Hierop kan 'n mens egter aan Barth vra: Word die Nuwe Testament nie ook reeds geweld aangedoen deur te sê dat almal uitverkies is en dat slegs Jesus die Verwerpte is nie?

Barth begrond hier sy verwerping van die "apokatastasis pantoon" op God se ewigheid en soewereine beheer (vgl. ook Berkouwer 1954:109). Volgens Barth is die getal van uitverkorenes nog oop, want Christus leef en werk steeds verlossend in en vir die wêreld. Omdat die getal oop is kan ons dus ook nie sê dat die getal alle mense insluit nie. Barth sê ons moet tevrede wees met die inhoud van Joh. 3:16. (Die wat glo sal gered word, gelowiges sal nie verlore gaan nie en gelowiges sal die ewige lewe hê.) Barth (CD. II, 2:423) sê tereg dat die uitverkorenes nou moet getuig en die boodskap in liefde moet deel sodat die ander ook gered word. Maar dan onthou mens weer wat die inhoud van hierdie boodskap volgens Barth moet wees soos hierbo aangetoon is: Elkeen moet hoor dat hy of sy uitverkies is, diegene wat kies om dit te verwerp moet hoor dat

hulle keuse nutteloos en leeg is, omdat Jesus reeds die enigste Verworpene is en almal die ewige lewe sal kry. Barth heg wel betekenis aan "geloof" as die "scheidende Differenz" tussen kerk en wêreld (KD. IV, 1:82, 111, 124-6, 189, 266; vgl. Berkouwer 1954:109; 284-293 en König 1970:282 en 1985:240).

Barth het dinge in die teologie op 'n vars manier gesê. Sy dialektiese styl, waar hy dinge eers absoluut stel van die één kant en dan (soms jare en baie bladsye later) weer absoluut van die ánder kant, maak egter ruimte oop vir groot misverstand en baie vrae (vgl. König 1970:58, 80). Tereg sê König (:62) by Barth en die apokatastasis: "Dit is moeilik om hierdie standpunt te beoordeel."

Om die minste te sê, selfs ander kundiges naby aan Barth, soos Berkouwer (1954:109) moes op grond van Barth se stellings oor die uitverkiesing en verwerping ook die volgende erken: "Vanuit die zin wordt de afwijzing van de apokatastasis dan ook allerminst duidelijk… Maar duister blijft, waarom de apokatastasis niet besloten is in het decretum concretum der Openbaring in Christus… Men zal dan ook tot de conclusie moeten komen, dat Barths verwerping der apokatastasis niet in harmonie te brengen is met de grondstructuur van zijn verkiezingsleer" (vgl. Berkouwer 1954:103-114).

Meer besonderhede oor die konfrontasies met Barth oor universalisme, wat onder andere in Hongarye en Debreczen plaasgevind het, is in sy werk *Gottes Gnadenwahl* van 1936 beskikbaar en word deeglik deur Berkouwer (:107 ev.) behandel.

Hick (1976:259-261) kom op grond van Barth se sistematiese werk oor die uitverkiesing en verwerping (bv. KD, II, 2:417 ev.) asook sy artikels, *The Humanity of God* (1956) tot die gevolgtrekking dat Barth universalisme leer.

"Die vraag na die leer van die alversoening ('apokatastasis') is in Barth se verkiesingsleer onontwykbaar" (Vos 1986:4). "Benewens ander kritiese vrae wat oor Barth se uitverkiesingsleer gestel moet word is die vraag of Barth met hierdie voorstelling nie universalisme leer nie, seker die belangrikste… Self antwoord Barth uitdruklik op die vermoede deur te sê dat die kerk geen apokatastasis (wat sedert die dae van Origenes in sekere kringe baie populêr geword het) mag

verkondig nie. Hoe Barth dit kan ontken, is uit die struktuur van sy verkiesingsleer nie duidelik nie" (Heyns 1981:95).

Barth se antwoorde (bv. 1959 KD. IV, 3,1:550-551) dat ons slegs moet hoop en bid vir apokatastasis, is nie so volledig en duidelik soos sy ander werk nie. Barth (vgl. KD, II, 2:45) wou die vryheid van God (as die Een wat uitkies) beskerm. Hy gebruik dit as rede om die apokatastasis af te wys. Dit is egter nie die wese van die probleem nie. God is vry en magtig genoeg om almal te red as Hy so besluit, geen mens kan Hom stuit nie. Dit gaan eerder om die eintlike vraag: Wat leer die Bybel, sal almal gered word in Christus of nie? Sy antwoord (vgl. KD. IV, 3:199-200) op Berkouwer se vrae hieroor (1954:284-293) los dus ook nie die probleem op nie (vgl. König 1970:307-308).

'n Mens kan baie worstel met "Barth en die apokatastasis" hoofsaaklik omdat teologiese terme en verhoudinge hier dikwels anders funksioneer as in die Nuwe Testament (vgl. König nota 77:308). Die Nuwe Testament besing die grootheid van God se genade vir die hele wêreld (bv. Joh. 3:16; 2 Petr. 3:9) maar "dit hou veel meer reëel rekening met mense, selfs die meerderheid van die mense, wat verlore gaan. Mens ontkom nie aan hierdie indruk as mens die beelde lees waaronder die eindbestemming van die wêreld en veral die laaste oordeel beskryf word nie" (König:62-63).

Ons lees byvoorbeeld: “Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. [14]Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.” (Matt. 7:13-14) "…Gaan weg van My…" (Matt. 7:22-23); "…na die ewige vuur…" (Matt. 26:41); "…in die ewige straf…(Matt. 26:46; vgl. 2 Tes.1:7-9; Openb. 20:10,15; 21:8). Die Nuwe Testament bring mens dus diep onder die indruk van God se liefde en almag, maar ook sy regverdigheid, oordeel en ewige straf. Volgens die Nuwe Testament skenk God die ewige lewe uit genade slegs aan diegene wat glo in Christus (vgl. Joh. 3:16).

Barth se teologie fokus meer op God se vryheid, liefde, genade en versoening. Dit het groot waarde. Die balans van die Nuwe Testament help ons egter waak teen die gevaar om te leer dat almal gered sal word, of om selfs daarvoor te móét hoop en bid.

Daarom sê König (1970:63) tereg: "Die opdrag van die Bybel om vir alle mense te bid en om van alle nasies sy dissipels te maak, gaan gepaard met 'n veel reëler waarskuwing vir die ewige verderf as die indruk wat deur Barth se verwysing na die grootheid en onverwagsheid van God se genade in hierdie verband gemaak word." Omdat Barth sê ons moet hoop en bid vir die verlossing van alle mense, skep hy die indruk dat daar 'n moontlikheid bestaan dat daar nie 'n hel sal wees nie. Laat Jesus Christus hierdie moontlikheid oop volgens die Nuwe Testament? Allermins. Tereg vra König (1970:284) "of dit nie beteken dat ons tog weer voor die onbekende wil van God staan nie? Is dit 'n "God" agter Christus, 'n deus absconditus?!"

As kerk glo en bely ons egter dat God Homself baie spesiaal in Christus as sy Woord openbaar het (Joh. 1:1; Hebr. 1:2) en dat Jesus Christus die Verlosser ís. Voorstanders van "universalisme" leer dat almal salig sal word. God bied egter wel sy versoening in Christus aan die wêreld ("universalisties") volgens byvoorbeeld 2 Korintiërs 5:19, maar nét die volgende vers (2 Kor. 5:20) sê ook dat ons as mense hierdie versoening moet aanvaar!

Hans Küng staan vandag bekend as die liberale Switserse teoloog (Pullella 2006). In sy treffende werk "*Eternal Life*?" (Küng 1991:140 ev; 211 ev.) sê hy dat die hel nou slegs dien as sterk motivering tot bekering (vgl. 13.3.7 en 13.3.8). Küng wys egter ook op God se genade en dat die finale sê oor die ewige straf waarvan sommige tekste praat, by God lê. Hy leer ook dat Jesus self die finale Regter is. Hy gebruik dieselfde tekste as ander om te leer dat almal verlos sal word op grond van die omvattende genade van God. Küng leer in die lig van die opgestane Christus dat dit nie die laaste woord is as iemand nou tot die hel verdoem word nie. Hy ondersteun Moltmann (1970:84-85) se volgende woorde: "The torments of hell are no longer eternal, … the victory over hell in the hereafter, … Hell is open, … hope believes in the shattered hell…"

Vanaf die begin van hierdie afdeling is aangetoon watter Skrifgedeeltes gebruik word as gronde vir universalisme (vgl. Fil. 2:10,11; Kol. 1:20; Ef. 1:10). 'n Tipiese voorbeeld by die universalisme, is om slegs die eerste deel van 1 Tim.4:10 voor te hou: "[10]Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense…," Maar in werklikheid staan daar verder in dieselfde sin: "van almal wat glo."! Dit is telkens die geval dat bostaande konteks die geloof in Christus is, en die briewe is ook in die eerste plek aan gelowiges gerig.

Alle mense wat deur God geskep is, is volgens die Bybel nie noodwendig kinders van God nie, omdat die Skrif leer dat slegs elkeen wat in Christus glo 'n kind van God is, omdat Hy 'n mens dan as kind aanneem (bv. Joh.1:12; Gal.3:26). Nêrens in die Nuwe Testament staan daar dat alle mense vir Christus sal kies of tot geloof in Hom sal kom nie. Inteendeel word die leer oor die oordeel, waar almal in onderdanigheid voor Jesus die knie sal buig, asook die ewige straf en ewige seën, sáám gehandhaaf (vgl. 13.3.6). In presies dieselfde gedeelte wat byvoorbeeld sê dat God alles sal nuutmaak lees ons dadelik dat die goddeloses egter nog steeds ewige straf sal kry (Openb. 21:8;.Openb. 20:10 en 15) "iets wat onverenigbaar met hierdie teks is, is die sg. apokatasisleer…" (De Smidt 1983:178).

Dit is interessant dat Barth en Robinson presies die teenoorgestelde sê, maar presies dieselfde bedoel. Barth sê dat God almal sal kies en Robinson sê dat almal God sal kies. Dit staan egter nie in die Bybel nie. Laat ons dus versigtig wees hoe ons dieselfde Skrif gebruik en mekaar herinner om teksgedeeltes binne konteks te interpreteer.

Teksgedeeltes soos 2 Tessalonisense 1:9; 2 Petrus 2:3-4 en Judas:13 maak sin binne die mikro- en makro-konteks van die Nuwe Testament. Hierin praat Paulus en Petrus soos Jesus, Lukas, Johannes en die ander, ondubbelsinnig van die ewige lewe met seën of straf, byvoorbeeld: "[9]Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag (2 Tess. 1:9). Dáárom roep Paulus en ander álle mense op tot geloof en bekering! (bv. Hand. 20:21).

Wanneer Lukas ook oor die profete en Petrus se woorde in Handelinge 3:21 skryf, moet dit nie gesien word as 'n bewys van heils-universalisme nie (Oepke 1975:LLS). Dit dui volgens hom op die vervulling van die profesieë van seën wat in die Ou Testament aan die volk Israel gegee is. Net hierna, in Hand. 3:23 gee Petrus egter die volgende dringende waarskuwing: "everyone who does not heed God’s final Prophet (the Messiah) will be utterly destroyed." Waarmee Oepke verder tereg aantoon dat ons beslis nie hier met apokatastasis te doen het nie!

Gevolgtrekking: Nie pluralistiese - óf Christelike universalisme kan dus uit die Skrif bewys word nie. König (1991: 228-235) merk tereg op: "…die ewige verderf bly die kruis vir ons geloof en ons denke. Die evangelie bied ons nie ‘n sinvolle uitsig daarop nie, ons moderne menslikheidsgevoel bots radikaal daarteen, en ons aanvaar dit net in gehoorsaamheid aan die

Skrif en as ‘n uiterste konsekwensie van die sinlose sonde… Die huiwering oor die hel hoef nie deel te wees van ‘n slegte teologie nie, dit kan ‘n teken wees van ‘n goeie insig in die wese van God en die belangrikste tradisies in die evangelie. As ‘n mens dan nogtans aanvaar dat daar ‘n hel is en dat die straf in die hel ewig sal wees, is dit eenvoudig omdat hierdie leer oor ‘n ewige verderf in die laaste twee eeue voor Christus sterk in die Jodedom ontwikkel het en daarna ‘n vaste plek in die leer van Jesus en van die apostels gekry het (Ratzinger 1977:176)" (König 1991:233; sien ook Müller 1976:81-82).

"Sal dit nie eenmaal blyk, in die finale onthulling en vervulling van alle dinge, dat alle mense tog deel sal kry aan sy gerig as heil nie? Hierop moet beslis en duidelik ontkennend geantwoord word. Gods gerig as onheil is juis 'n gestalte van sy triomferende geregtigheid" (Heyns 1981:411; vgl. die opmerkings hierbo i.v.m. die konteks van geloof in Jesus Christus).

Ja, Christus het die volle prys vir almal betaal, die verlossing is beskikbaar, tog wil Hy mense red en met Homself versoen deur die verkondiging en aanvaarding van sy evangelie in geloof. Ons moet vandag steeds onderskei tussen droom en hoop, ware en valse hoop, ware en valse leer in die lig van God se openbaring. Die Nuwe Testament leer nie alversoening nie, maar waarsku dat daar naas die hemel ook 'n hel gaan wees, terwyl die Nuwe Testament ook deurgaans 'n onskeibare verbintenis tussen versoening en geloof in Jesus Christus handhaaf. Aan die kruis steek God sy hand van versoening na ons toe uit en ons as mense moet dit neem (2 Kor. 5:20).

## 13.6 JESUS CHRISTUS SE OPSTANDING AS WAARBORG

“Vir my is die verhaal dat Jesus uit die dood opgestaan het, absoluut opwindend om die minste daarvan te sê. Aan die een kant het die Romeinse owerhede Hom probeer vernietig, en aan die ander kant wou die geestelike leiers van die tyd Hom voor hulle aangesig weg hê. En wat doen Jesus? Hy staan op!" (Landman 2004.3.12).

Waarom die opstanding van Jesus van Nasaret uit die dood as die grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die mens bestempel kan word, word in hierdie hoofstuk duidelik, asook waarom Christene dit beskou as 'n waarborg vir 'n wonderlike lewe na die dood.

Die ooreenkomste met die verwagting in die Ou Testament en ander godsdienste wat in Jesus se koms en opstanding vervul is, word nou verder ondersoek. Omdat die opstanding van Jesus so 'n belangrike aspek van die Christelike geloof is, word dit hier ook as 'n punt van ooreenkoms met ander wêreldgodsdienste, binne die raamwerk van die teologie van godsdienste ondersoek.

### 13.6.1 'n Voorbereiding vir die opstanding

In hierdie opsig vind ek baie aanklank by Küng (:107) se evaluering en gevolgtrekking in verband met die koms van Christus, sy opstanding en die lewe na die dood, omdat Küng ook die betrokke wêreldgodsdienste en Joodse agtergrond se gesamentlike invloed as 'n voorbereiding vir Christus se koms en die Nuwe Testament se boodskap oor die lewe na die dood identifiseer: "The Easter faith had been already prepared in Judaism, in Persian times after the Babylonian exile." In al hierdie beeldryke apokaliptiese geskrifte is daar sekere aspekte wat slegs tydgebonde was en uitgesuiwer is. In die kanon vind ons uiteindelik kleiner verskille daarvan, maar meer belangrike ooreenkomste.

Ondersteuning vir hierdie standpunt van voorbereiding en vervulling blyk ook uit die navorsing en getuienis van Calvyn, Farquhar en andere wat nou verder behandel word.

Clemens van Alexandrië het standpunt ingeneem teen die mening van Tertullianus dat Jerusalem niks met Athene te make het nie. Volgens Tertullianus het die Christendom niks te leer van die ander godsdienste nie en hy het die Griekse filosofie as dwaasheid bestempel. "Daarteenoor het Clemens van Alexandrië Christus gesien as "logos spermatikos". Christus werk soos ’n saad ook in die ander godsdienste. Die spore van die goeie in ander godsdienste moet dus aan die werking van Christus toegeskryf word. Daar is dus ook in ander godsdienste kiemselle van die waarheid. Die wysheid van heidense filosowe moet dus ook hieraan toegeskryf word" (Crafford 1996:226).

Ons glo dat God Drie-enig deur die geskiedenis met alle mense op pad is. Deur sy Gees en algemene openbaring van die Vader se glansryke skepping en natuur het Hy vir die mens ‘n bewussyn van Homself gegee, 'n "sensus divinitatis", soos Calvyn dit gestel het (Calvyn 1978:42) asook ‘n bewussyn van ‘n toekoms na die dood saam met Hom.

Ons sien dus elemente, vonkies of saadjies van die waarheid, "semen religionis" (Calvyn 1978:40) ook by ander godsdienste raak. Tog kan ons in lyn met die Nuwe Testament bely dat die Waarheid in die besonder en baie duidelik geopenbaar word in God se pad saam met Israel, in die Skrif en deur dié Woord (Logos), Jesus Christus. (vgl. Joh. 1:1-5) Calvyn (1978:40) sê duidelik dat daar geen stukkie waarheid by ander is wat nie oorspronklik deur God aan hulle gegee is nie (vgl. Rom. 1:20-23 en Rom. 2:15).

Ek vind baie aanklank by die gedagte dat God mense voorberei en dan vervulling bring, wat onderskei moet word van 'n oorvereenvoudiging om byvoorbeeld die Ou Testament net as voorbereiding en die Nuwe Testament slegs as die vervulling daarvan te sien. Dit sluit baie goed aan by die standpunt van ‘n Trinitariese teologie wat berus op ‘n kreatiewe dialektiese spanning, wat hieronder behandel word.

Hierdie waardevolle vervulling standpunt is verdedig deur Heiler (oa:1975:4-21), die Duitse godsdienswetenskaplike, en volgens hom was daar ’n voorbereidende openbaring en ’n sogenaamde opvoedingsperiode voordat Christus gekom het. Dit het gebeur in die Ou Testament en in die nie-Christelike godsdienste. Die openbaring in Christus is die toppunt en kroon van hierdie voorbereidende openbaringe (vgl. Crafford:219). Hierdie denke is gevolg deur ’n reeks teoloë wat in die nie-Christelike godsdienste ’n "praeparatio evangelica" sien, ’n voorbereiding op die Evangelie.

Die sendeling, De Nobili, het reeds in Indië die Evangelie as vir die Hindoes ’n vyfde Veda aangebied. Die vier Vedas wat hulle geken het, was dus ’n voorbereiding vir wat hy nou aan hulle verkondig (Meiring:61 en Crafford:225).

Farquhar (1971) het in sy boek, *Christianity - The crown of Hinduism*, die standpunt ingeneem dat Hindoeïsme selfs ’n beter voorbereiding vir die Evangelie is as wat die Ou Testament was. Die Christendom is die kroon van die Hindoeïsme omdat Christus die vervulling van alle godsdienste is. Die weg van die Hindoeïsme na die Christendom moet egter deur die kruis van Christus loop.

Schlette (1964, 66) stel in sy boek, *Die Religionen als Thema der Theologie,* die standpunt dat die religieë heilsweë binne die algemene heilsgeskiedenis is. Dit is egter slegs deur die besondere

heilsgeskiedenis soos bemiddel deur die kerk dat die heil van Christus ontvang kan word (vgl. Verkuyl 1975:468).

Uit die aard van die saak is daar die nouste verband tussen die Ou en Nuwe Testament, ook ten opsigte van voorbereiding en vervulling. Uiteindelik glo die latere Jode én die Christene in die opstanding en 'n lewe na die dood. Die heel basiese grond hiervoor is albei se geloof dat God liefde is en absoluut getrou is. Hy sal ons nie verlaat of in die steek laat nie, selfs nie nadat ons gesterf het nie. Die Bybel is vol voorbeelde: God toon Homself reg van die begin af as Goeie Skepper wat betrokke bly by die mense wat Hy geskep het, die uittog uit die slawerny in Egipte en die bevryding uit die Babiloniese-ballingskap.

Hierdie troue sorg van God word in die Bybel beskryf en selfs in die Ou Testament, maar veral in die intertestamentêre literatuur en Nuwe Testament, kry ons gedeeltes wat verkondig dat dit selfs die dood sal deurbreek. Dit het ontwikkel in 'n geloof van seën of straf, ook in 'n lewe na die opstanding (vgl. Dan. 12:1-3).

Die Jode en Christene deel dus hoop oor die lewe na die dood! Een belangrike verskil is egter dat dit waarvoor sommige Jode nog wág, reeds volgens die Christene gebeur het in Jesus - Hy wat ironies genoeg, die grootste Jood van alle tye is!

Ander Jode wag nog vir die opstanding van alle mense in die toekoms, maar dit het reeds in en deur Christus begin en sal by sy wederkoms voltooi word. Sy geskiedkundige opstanding is die vervulling van die Joodse verwagting en die verwagting by ander godsdienste, byvoorbeeld die Zoroastrisme.

Jesus se opstanding is die teken, waarborg en hoop vir almal se opstanding in die toekoms. Alleen in Hom is die ewige lewe na die dood as realiteit geopenbaar. In Hom het dit aangebreek. Omdat hierdie Een wat gely en gesterf het, weer opgestaan het, het ons wat op Hom vertrou ook die verwagting om eendag op te staan uit die dood tot die ewige lewe (vgl. bv. 1 Kor. 15:20; Openb.1:5).

Alhoewel 'n mens baie waardering vir bogenoemde standpunte van voorbereiding en vervulling het, moet dit duidelik gekommunikeer word dat ons bewus moet bly van die kardinale verskille

met ander godsdienste. Ons reduseer ook nie daarmee die Ou Testament net tot voorbereiding nie, asof dit nie as sodanig op daardie tydstip ook 'n boodskap aan daardie mense gehad het nie.

### 13.6.2 'n Teologie van godsdienste

In aansluiting by die gedagte van voorbereiding en vervulling, word die saak - hoe om die uitstaande ooreenkomste tussen godsdienste te hanteer, kortliks verder behandel. Hier fokus ons ook op die werk van God as Vader, Seun en Heilige Gees, of God Drie-enig.

’n Trinitariese teologie van die godsdienste berus op ’n kreatiewe dialektiese spanning. “The various models seem to leave no room for embracing the abiding paradox of asserting both ultimate commitment to one’s own religion and genuine openness to another’s” (:232 en Bosch 1991:483).

'n Vorige modernistiese standpunt wou alles logies verklaar en alles netjies in mekaar laat pas. Crafford (1996:232) is egter reg as hy sê: “In die raadsplanne van God is daar egter baie wat nie verklaar kan word nie en wat nie wil inpas in ons logika nie. Dit kan wees dat ons albei God se universele heilswil en sy verlossingsdaad in Christus alleen moet aanvaar sonder om die misterie te probeer opklaar.” Dit lyk na 'n paradoks dat God byvoorbeeld wil hê almal moet gered word, maar dat die teendeel uit die Nuwe Testament wat ook leer dat daar 'n hel gaan wees, blyk.

Iets van hierdie dialektiese spanning vind ons by Kraemer wat sê dat daar by alle mense ’n soeke na God sowel as ’n wegvlug van God af is. “Man seeks God and at the same time flees from Him in his seeking, because his self-assertive self-centredness of will, his root-sin, always breaks through” (Kraemer 1937:112).

Hierdie tragiese teenspraak is deel van die mens se geheim. God Drie-enig is ook aan die werk in nie-Christelike godsdienste en tog bly hulle as gevolg van die sonde van Hom verwyder. Slegs in Christus kan die verwydering deurbreek word. Die dialektiese spanning bly teenwoordig. Die houding teenoor ander godsdienste is tegelyk ja en nee. In die *San Antonio-verslag* van die Wêreldraad van Kerke word hierdie paradoks gehandhaaf: “We cannot point to any other way of salvation than Jesus Christ; at the same time we cannot set limits to the saving power of God” (Crafford:232 en Bosch 1991:489). Alhoewel 'n mens begrip het vir hierdie treffende verklaring,

kan dit tot misverstand lei. Dit kan verstaan word asof dit dui op Christelike universalisme as 'n moontlikheid, wat nie deur die Bybel geleer word nie.

Die God van die Skrif is deur sy sogenaamde algemene openbaring - in die skepping, in die geskiedenis en in die menslike gewete, asook in alle godsdienste - met die mens werksaam (vgl. Heyns 1981:7 ev.). Dit beteken egter nooit dat alle godsdienste per slot van rekening op dieselfde neerkom nie. Dit kan ook nooit beteken dat elkeen op grond van eie godservaring in die eie godsdiens by dieselfde ware God uitkom, soos in New Age-geledere gemeen word nie (vgl. Lutzer en De Vries 1989:128). Die waarheidsvraag kom dus telkens noodwendig in die interreligieuse dialoog aan die orde (Verkuyl 1989:67; 1981:38–49; Du Preez 1988:76–77).

Beyerhaus (1969:87-104) wys daarop dat die mens se religieuse posisie as ’n tripolêre verhouding gesien moet word. 1. As godsdiens slegs ’n menslike ervaring is wat sielkundig verklaar kan word, is daar slegs een pool. 2. As die goddelike openbaring by die menslik religieuse bewussyn gevoeg word, het ons ’n bipolêre benadering. 3. As ons egter kyk na Skrifgedeeltes soos 1 Korintiërs 10:20 en 2 Korintiërs 6:14–17 moet daar ’n derde pool bykom (Beyerhaus 1969:87–104). Die derde pool is die pool van die magte, demone en okkulte wat ook in godsdiens ’n rol speel. In ons beoordeling van alle godsdienste moet hierdie ingewikkelde tripolêre struktuur in berekening gebring word. God se bemoeienis met die mens is verweef met menslike beperkthede en demoniese invloede.

Die oudste geskrifte wat aan die mens bekend is bevat vertellings van gode soos Inanna Ptah, Ra, Varoena, Yama en baie ander. Die bose, demone en duiwels, het egter ook reg van die begin af in die mens se eerste geskrifte, saam met gode, voorgekom. God het dus ook aan die mens ‘n bewussyn van sy vyand, die bose en sy verpersoonliking, gegee. Ons kry hulle reeds by die Hindoes in die Vedas en in Egipte lees ons byvoorbeeld van Aapep en by Persië van Angra Mainu.

God het die mens egter nie uitgelewer aan homself of aan demoniese magte nie. God se bemoeienis met die mens bereik sy hoogtepunt in die heilswerk van Christus en in die uitstorting van die Heilige Gees. Hier is ruimte vir sending en dialoog.

Dialoog aanvaar die feit dat God Drie-enig reeds in ander godsdienste (Crafford:233) aan die werk is. Verkuyl praat tereg van ’n "trinitariese teologie van godsdienste". God is as Vader en Skepper reeds in die natuur en in die geskiedenis van volke aan die werk. Christus se werk het kosmiese afmetings, maar dit mag nie verskraal word tot ’n abstraksie wat los staan van die historiese Jesus nie. Jesus, die Kurios, moet bely word as God se openbaring en God se verlossingsdaad. Daar mag nie weggeskram word van die kruis en opstanding van Christus nie. Dit moet juis bely word. Die werk van die Heilige Gees moet te midde van die godsdienste ook erkenning ontvang. Hy berei harte voor vir die verkondiging van Christus (Verkuyl 1975:478).

Daar is dus ’n grondslag vir dialoog waardeur mense van verskillende gelowe mekaar beter kan leer ken. Hulle kan ook ooreenkom om op bepaalde terreine saam te werk (Crafford:233).

Dialoog neem egter nie die noodsaak vir sending weg nie. Verkuyl stel dit duidelik dat die diepste dimensie van dialoog die missionêre kommunikasie is waar mense gekonfronteer word met die verlossende werk van Jesus Christus (Verkuyl 1975:491).

Die hart van die Evangelie is die koms van God se koninkryk deur die kruisdood en opstanding van Christus. Dit is die goeie nuus wat aan aanhangers van ander godsdienste verkondig moet word. As dit nie gedoen word nie, word hulle beroof van die volheid van vreugde en nuwe lewe in Christus deur die krag van sy Heilige Gees.

### 13.6.3 Die opstanding gee die deurslag

Die voorbeelde van profetiese gedeeltes in die Nuwe Testament oor die eindtyd, wederkoms, oordeel en die einde van die bestaande orde, sluit aan by die apokaliptiek van die Apokriewe, maar Jesus gaan nog verder. "He departs from the accepted Jewish apocalyptic expectation in that he does not merely preach a future resurrection, but himself rises from the dead." (König 1981:20). Daarom word die opstanding van Christus die inhoud van die heel eerste preke van die apostels terwyl die kruis eers later meer positiewe klem gekry het (Petrus - Hand. 2:24 ev; Paulus - Hand. 17; vgl. Dodd:5 ev.).

In die vorige hoofstukke is aangetoon dat daar in die Hindoeïsme, die Zoroastrisme en die Hellenisme ook verwagtings was van verlossers en opstanding uit die dood, soos blyk uit die volgende voorbeelde.

Die Rig-Veda (c. 1 500 v.C.) van die Hindoeïsme vertel dat die pad na die hemel moeilik is, want daar is byvoorbeeld demone wat jou verslind as jy van die regte pad afdwaal! Gelukkig is die kleurvolle Yama volgens hulle geloof daar om getroues op die pad by te staan (bv. Rig Veda IX.113:7). Hy is volgens die Hindoes se geloof die eerste man van alle mense op aarde wat sedert die skepping gesterf het en hy het die eerste voorvader geword. Hulle glo dat alhoewel hy destyds doodgegaan het, hy tog weer lewe en optree as die regter en god van die dooies. Antieke Hindoes het reeds tot hom gebid vir die voorspoed van die siele van hulle afgestorwe geliefdes, terwyl hulle geliefdes op brandstapels veras is (Masumian:5). Hier is opvallende ooreenkomste of raakpunte met Jesus, byvoorbeeld dat Hy lewe na die dood, dat Hy mens was, maar tegelyk God is, dat Hy die Eersteling is wat aanhoudend lewe na die dood, dat Hy vir ons plek voorberei en dat Hy gaan oordeel oor lewendes en dooies. Verskille sluit in dat Jesus 'n bekende historiese figuur was en dat daar getuies van sy liggaamlike opstanding uit die dood voor sy hemelvaart was (Sien verder by hoofstuk 5 oor die Hindoeïsme).

In die Zoroastrisme van Persië (c. 1 450 v.C. vgl. hoofstuk 9) soos blyk uit die Avesta-geskrifte, is uitgebrei op die eskatologie van die Hindoeïsme in verskeie leerstellings, soos byvoorbeeld die opstanding en finale stryd met die bose (Yasht 19:89-90). Uit die profeet Zoroaster se bewaarde sperma sou drie verlossers uit maagde gebore word, een elke duisend jaar. Die derde sou die eintlike Saoshyant (verlosser) wees. Hy sou die eindtyd inlei en die dooies opwek (Oosthuizen:232; Hinnells 1989:86; Turner:18). So sou die nuwe hemel en die nuwe aarde kom en die ewige lewe waarvan die sakrament met soma-sap 'n teken en waarborg is, eindelik aanbreek en sou mense geskei word tussen hel en hemel. Genoeg goeie werke was die voorwaarde vir toegang tot die hemel (Yasna LI; Yasna 30 :7-11; Yasna 33; 34 en 44; Hinnells 1989:86).

"Zoroaster was the first prophet in history to teach belief in two judgments, heaven, hell, and the resurrection of the body" (Masumian 1996:16). …En Jesus is die Eerste wat as historiese figuur werklik uit die dood kom opstaan het om nooit weer te sterf nie!.

Wanneer 'n mens terugkyk word dit dus duidelik dat Christus in werklikheid ook sekere van die verwagtinge van ander wêreldgodsdienste op sy unieke manier kom vervul het en nie net dié van die Jode nie. Die groot verskil met al die ander godsdienste is dat Jesus dit kom waar maak het in ons leefwêreld. Dit kom dus nie meer net voor in mites oor die skepping en die lewe na die dood nie, dit word dus ook nie meer net voorspel, verwag of net gehoop nie, dit is nou deel van ons geskiedenis. Jesus het dit in slegs drie jaar reggekry om die belangrike elemente van die waarheid in die magtige wêreldgodsdienste in Homself byeen te bring, veral deur een fantastiese daad, die klimaks - sy Paasfees-opstanding uit die dood!

Deur Jesus se opstanding…"God not only legitimizes Jesus and his message and sets him up against the leaders of the Jews as God's anointed; he actually inaugurates the apocalyptic end. Hence the imminence of the second coming proclaimed by the apostles after Pentecost is not simply a burst of misplaced fervour which modern man can safely ignore as an addendum, merely clinging to the fact that Christ will come again (counter to Cullmann, Küng and others). The nearness of the second coming is integral to the gospel. It is near because the Lord has risen and because the Spirit (a promise of the last days (Acts 2:17) has been poured out. The apocalyptic expectation is essentially an urgent expectation of nearby events (linking up with the fact that apocryphal apocalyptic literature was born from an utterly pessimistic situation in which all historical possibilities were exhausted). Indeed, the fact that the resurrection of the dead - the supreme apocalyptic expectation - actually commenced when Jesus rose from the grave renders the nearness of the second coming all the more obvious. One cannot preach the gospel of Jesus Christ without stressing the nearness of his return" (König 1981:20).

"Never again can the message of the Old Testament - or any facet of it - be proclaimed unmodified in pre-Christian terms.  Christ's coming was far too decisive. He fills history so that its final outcome and conclusion are already decided - in contrast with the Old Testament" (König 1981:25). Christus se eerste koms het inderdaad verreikende implikasies. Die Ou Testament en by name die profesieë, pas nie sondermeer en eenvoudig in die apokaliptiese raamwerk van die Nuwe Testament nie, want Jesus het die groot verskil kom maak.  Daarom kan 'n mens aflei dat prediking wat ná Jesus Christus se koms en opstanding slegs in Ou Testamentiese sin profeties is, selfs al is dit goed bedoel en treffend, ongelukkig onvolledig is (Barth 1959:52; vgl. König 1981:28).

Behalwe die Evangelies en Openbaring, lê die ander Nuwe Testament-skrywers ook klem op Jesus se opstanding, maar min doen dit so treffend en skerp soos Paulus in Handelinge 17 en veral in 1 Korintiërs 15. Hier bevestig hy dat ons geloof en toekomsverwagting as Christene waardeloos sou wees as Jesus nie opgestaan het nie. Maar nou hét Hy opgestaan en sal ons nie veroordeel en gestraf word nie, maar kan ons uitsien na die ewige lewe by God (Hand. 17; Rom. 5:9; Rom. 3; Rom. 6:22; Rom. 8:34-39; Rom. 16:20; 1 Kor. 15:35 ev.).

In 1 Korintiërs 15 lê Paulus 'n direkte verband tussen Jesus se opstanding en Christene se verwagting van 'n lewe na die dood met hemelse onverganklike liggame (veral vers 40-44; 46-49; 52-58). Interessant is dat die Hindoes ook reeds in c. 1 500 v.C. oor 'n nuwe hemelse opstandingsliggaam geskryf het (Rig Veda X.14:1-2, 7-8).

Selfs al word Christene soos Paulus (Hand. 17:32) deur sommige geleerdes van die dag gespot en uitgelag oor Jesus se liggaamlike opstanding as waarborg vir ons eie opstanding en hemelse liggame, moet ons soos hy getrou bly getuig, omdat dit die waarheid is en God tog sommige van die hoorders tot geloof laat kom het en dit steeds doen (sien nét die volgende vers nl. Hand.17:33).

König (1981:23) toon treffend aan dat Jesus nie net die eindtyd in die wêreldgeskiedenis gebring het nie, maar in die lig van sy opstanding uit die dood is Hyself ook die Laaste en die Einde - "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, [18]die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk (Openb.1:17)." "Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde" (Openb.22:13). Die Evangelie is duidelik, die einde is nie maar net 'n tydstip nie, dit is 'n Persoon Jesus Christus.

Die Nuwe Testament verkondig Jesus Christus as troos en hoop vir tyd en ewigheid vir al sy volgelinge. Jesus het die verwagting van die Jode en ander wêreldgodsdienste ín die geskiedenis kom vervul deurdat Hy opgestaan het uit die dood - om nooit weer te sterf nie!

### 13.6.4 Die opstanding as basis en rigting van die evangelie

Die opstanding van Jesus uit die dood is tereg volgens Schnackenburg (2002:1-2) so belangrik vir die apostel Matteus dat hy meer daarop uitbrei as Markus, wat vir hom as bron gedien het. Matteus bied vir ons begrafnis- en Paasfees-vertellinge wat ons nie in Markus kry nie - "intended to strengthen faith in Jesus' resurrection," naamlik die bewaking van die graf (Matt. 27:62-66; 28:11-15) die verskyning aan die vroue (Matt. 28:9-10). Die klimaks kom met Jesus se verskyning aan Matteus en die ander dissipels, met die opdrag daarmee saam om die Evangelie aan alle nasies te verkondig (Matt. 28:16-20).

Matteus se Evangelie is deur die eeue heen tot vandag toe die mees invloedryke (Schnackenburg 2002:11-13). Die vroeë kerkvaders het hierdie woorde aangegryp en groot dele amper verbatim aangehaal. Markus, as ouer Evangelie, kry die afgelope paar jaar 'n bietjie meer aandag, maar Matteus bly steeds die invloedrykste.

In die Nuwe Testament staan 'n paar temas uit, byvoorbeeld die verbond en die koninkryk van God. Vir Schnackenburg (2002:2) vorm Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is (Matt. 16:16-20), saam met sy kruis en opstanding en boodskap oor die toekoms, die hart van hierdie Evangelie, omdat die res alles hiermee verbind kan word. Hieruit volg Matteus se duidelike riglyne vir die kerk oor dogma en etiek (Schnackenburg:11-12), byvoorbeeld in Jesus se Bergpredikasie en duidelike opdrag tot liefde en getuienis, ten spyte van die aanvalle van die bose. Te danke aan Matteus sien die kerk homself as sout en lig (Matt. 5:13-16) en vind saam daarmee in die opstanding van Christus die dryfkrag om sy missie te volvoer (Matt. 28:16-20).

Na Jesus se opstanding, hemelvaart en die uitstorting van sy Heilige Gees sien ons aan die hand van die Nuwe Testament in geheel, dat die opstanding uit die dood en die lewe hierna nie maar net 'n klein aspek van die Goeie Nuus is nie, maar dit vorm die basis en rigting daarvan en ook van die lewe en werk van die kerk.

Lukas skryf in Handelinge 1:3 ev die volgende belangrike woorde oor Jesus: "Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat." Verder skryf Lukas (Hand. 10:40 - 41): "Maar God het Hom op die derde dag uit

die dood opgewek en Hom laat verskyn…"; "Hierdie mense is nou sy getuies by die volk" (Hand.13:31). McDowell (2005:304) het 'n uitgebreide werk die lig laat sien oor sogenaamde bewyse vir ons Christelike geloof en hierin speel die opstanding van Christus 'n baie groot rol. Hy bied ook 'n waardevolle en volledige opsomming van die ooggetuies van Jesus se opstanding aan:

**<u>DIE VERSKYNINGS VAN CHRISTUS NA SY OPSTANDING</u>**

1. Aan Maria Magdalena: Markus 16:9; Johannes 20:14
2. Aan die vroue wat terugkeer van die graf: Matteus 28:9-10
3. Aan Petrus later in die dag: Lukas 24:34; 1 Korintiërs 15:5
4. Aan die Emmausgangers: Lukas 24:13-33
5. Aan die apostels sonder Tomas: Lukas 24:36-43; Johannes 20:19-24
6. Aan die apostels met Tomas ook teenwoordig: Johannes 20:26-29
7. Aan die sewe by die See van Tiberias: Johannes 21:1 -23
8. Aan 'n menigte van meer as 500 gelowiges op 'n Galilese berg: 1 Korintiërs 15:6
9. Aan Jakobus:1 Korintiërs15:7

10 Aan die elf: Matteus 28:16-20; Markus 16:14-20; Lukas 24:33-52; Hand.1:3-12
11 Met die hemelvaart: Handelinge1:3-12
12 Aan Paulus: Handelinge 9:3-6; 1 Korintiërs 15:8
13 Aan Stefanus: Handelinge 7:55
14 Aan Paulus in die tempel: Handelinge 22:17-21; 23:11
15 Aan Johannes op Patmos: Openbaring 1:10-19

(McDowell 2005:304)

Die volgende veelseggende woorde is aangebring op die deur
by die vermeende tuingraf van Jesus Christus in Jerusalem. Dit kom uit
Lukas 24:1-7



Die leë tuingraf

"View of the Empty Garden Tomb"



(The Resurrection images.url. http://dejnarde.msll.net//resurrect.htm. 17 April 2006)

Die dissipels het gereeld as die basis vir hulle prediking en hele lewe na die opstanding verwys. Hulle was bereid om later vir Christus en sy boodskap as martelaars te sterf. Dit is 'n probleem dat ons nie lees dat Hy ook aan ander ongelowiges of sy vyande soos die Joodse Raad, Annas en Kajafas, Pilatus of Herodus verskyn het nie (vgl. Matt.26 ev; Mark.14 ev; Luk.22 ev; Joh.18 ev.). Tog is dit waardevol om te lees dat Hy aan iemand soos Tomas verskyn het en dat sy twyfel daardeur met geloof vervang is (vgl. Joh. 20:27-28; Matt. 28:17) en dat Hy sy Gees uitgestort het om mense te bereik deur die kerk se getuienis. Jesus se verskyning aan die dissipels en aan meer as 500 mense het die dissipels geïnspireer (vgl. Little:173 en 13.6.5). Paulus (1 Kor. 15:3 ev.) wat die kerk van Jesus voorheen as Joodse leier vervolg het, bevestig die oortuiging en belangrikheid van Jesus se opstanding en getuig dat Christus spesiaal aan hom verskyn het.

Johannes bevestig dit ook in sy briewe en in sy Evangelie (Joh. 20-21), asook in Openbaring. Hy sou waarskynlik nie die volgende woorde van Jesus (as God) geskryf het as hy Hom nie na sy opstanding ontmoet het nie: "Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe" (1 Joh. 1:1; vgl. 2 Petr. 1:16 ev.). "Ons het Jesus Christus, die regverdige, as

ons voorspraak by die Vader. …[25]En dít is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe. [26]Dit het ek aan julle geskrywe oor die mense wat vir julle wil mislei" (1 Joh. 2:1-26). "Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo" (1 Joh. 5:13). So bring Johannes ook dieselfde boodskap: Op grond van Jesus se opstanding is daar vir elkeen wat in Hom glo 'n wonderlike ewige lewe - nou en selfs na die dood.

Die opstanding van Jesus Christus vorm die klimaks van die Evangelie (soos byvoorbeeld beskryf in Matt. 28:1-20; Luk.24:1-12 en Joh.20:1-8 ev.). Jesus se verskynings aan sy dissipels na sy dood en opstanding (Matt. 27:53; 28; Mark.16:14; Joh.21:14; Hand.9:17) het hulle lewens dramaties verander en rigting gegee, sodat hulle, ten spyte van teenkanting, onverskrokke van Hom en sy opstanding begin getuig het (Hand. 2; 3; Hand. 4; 9; Hand. 17:30 ev. 1 Joh. 1:1-3; 2 Tim.2:8).

Die skrywers oor die opstanding bied elkeen sy eie perspektief en kleur dit in met sekere doelwitte, maar Schnackenburg (:294) wys tereg op die saak waaroor dit eintlik gaan: "the message that the Crucified One has risen…. Not the exact circumstances, but the overwhelming event that the Crucified One was raised by the power of God (Easter kerygma)" (Matt. 28:7). Vir Gundry is die klimaks van die Evangelie van Matteus ook die opstanding en die boodskap waarvan dit getuig dat Jesus God is (vgl. oa. Matt. 28:1-10) en dat Hy alle mag het (28:18-20) (Gundry:585). Dit bevestig dus alles waarvan Christus se aardse lewe getuig het.

Hierna volg die Opgestane Here se koninklike opdrag aan sy dissipels en kerk (Matt. 28:16-20). Dit is geskryf in die treffende styl van die Persiese koning Kores, die grootste wêreldheerser van destyds (Schnackenburg:297; vgl. 2 Kron. 36:23). In Kronieke lees ons: "Koning Kores van Persië maak bekend: 'Die Here, die God van die hemel…'" waarin ons sy waardering en erkenning aan die God van Israel sien. Indien die sterrekykers (of wyse manne; Matt. 2:1) inderdaad van Persië gekom het, is dit besonders dat ons iets lees van die Perse aan die begin (in die wyse manne se besoek) en ook hier reg aan die éinde van die Evangelie, by Jesus se groot sendingopdrag.

Hierdie opdrag lei die tydperk van die kerk in. Die kerk moet die boodskap van verlossing aan alle nasies verkondig sodat ander ook dissipels van Jesus word. Dit is die voortsetting van

Matteus 16:18-19 en die werk van Jesus deur sy Gees. Jesus kondig hier die bestaansdoel of missie van die kerk aan - om missionêr te wees. Die dissipels en die kerk se sending is sending. Waarom? Want dit impliseer daadwerklike liefde hier en nou vir mekaar en ander, maar ook hel of hemel vir mense vir ewig hierna, omdat die kerk die sleutels van die hemelpoorte het (Matt. 16:19; 18:18). Die kerk se reis op aarde is dus 'n sendingreis. Op hierdie reis is Jesus heelpad met ons as Emmanuel (Matt. 1:23; 28:20) totdat Hy weer kom en alles kom nuut maak (Matt. 19:28; Hand.3:21; Openb.21:5) en die lewe, selfs na die dood, volkome in heerlikheid vir elkeen wat aan Hom getrou gebly het, aanbreek.

### 13.6.5 Jesus se opstanding was 'n nuwe werklikheid

Al was daar 'n voorbereiding en verwagting, was die feit dat iemand, Jesus Christus, nou werklik uit die dood opgestaan het, 'n vreemde en nuwe verskynsel wat hier onder ons as mense gebeur het. "The completely new experience of the presence of the Risen One transcends human power of expression" (Schnackenburg :297 en Matt. 28:17; Joh. 20:18, 25; 1 Kor. 9:1 Luk. 24:52).

Ons lees in Matteus 28:17: "Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het." Dit is te verstane dat hulle getwyfel het, hier gebeur iets "ongeloofliks" - Jesus leef weer en staan hier voor hulle… Maar wat doen God as ons twyfel? Hy los ons nie in ons twyfel nie. Hy kom nader na ons. Hy ontmoet ons en kommunikeer met ons soos in vers 18: "Jesus kom toe nader en sê vir hulle" en gee hulle werk om mee besig te wees en waarmee Hy sal help deur by hulle te bly en sy kragtige Gees te stuur. So los Jesus ook nie vir Tomas in sy logiese twyfel nie. Hy ontmoet hom en gee hom wat opreg soek wat hy nodig het en lei hom uit sy twyfel uit (Joh. 20:24-29; Matt. 11:28).

Wat dit uniek en besonders maak is die feit dat Jesus déúr die dood gegaan het - sonder om ooit weer te sterf. Daarom is Jesus Christus se opstanding vir ons ook die waarborg vir ons opstanding (indien ons voor die wederkoms sou sterf) en vir 'n lewe na die dood (Hand. 2; Hand. 17; 1 Kor.15; Openb. 1:17 ev; Openb. 20:13. Vgl. De Smidt:153,170; König 1980:288 en 295). Paulus se getuienis hiervan in Handelinge 17:32-33, selfs ten spyte van bespotting van ander geleerdes, bemoedig elke gelowige, omdat God daardeur ook sommige van die hoorders tot geloof gebring het.

Dit bevestig Paulus ook in sy loflied van Romeine 8: "Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons" (Rom. 8:34; vgl.1 Kor.15).

Dit word hier en in al soortgelyke Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament baie duidelik dat Jesus Christus as die groot Antwoord gekom het vir die geweldige probleem van die dood in die Ou Testament. “Jesus se opstanding is die belangrikste element in die hele evangelie. Volgens Paulus is die hele evangelie op die spel as Hy nie opgestaan het nie (1 Kor. 15). Daar is goeie rede waarom Paulus dit juis van die opstanding sê. Die dood is die een groot onopgeloste probleem in die Ou Testament. En nie die ongelowiges nie, maar juis die gelowiges het nie kans gesien om te sterf nie. So roep koning Hiskia in sy nood tot die Here (Jes. 38). Hy kan sy dood op ’n vroeë ouderdom net nie hanteer nie. En nou kom die evangelie van die Nuwe Testament met die groot boodskap: Jesus het die dood oorwin! Vir die kerk van die Here Jesus – vir my persoonlik – is dit ’n saak van die heel grootste belang!” (König 2004.3.12).

Paulus is so seker en oortuig van Jesus se opstanding as waarborg dat hy in Kol.3:1 ev. sê dat ons reeds saam met Hom opgestaan het! Hebr. 13:20 sluit mooi hierby aan: "[20]God wat vrede gee, het ons Here Jesus wat deur die bloed van die ewige verbond die groot Herder van sy kudde is, uit die dood teruggebring."

Die opstanding as term op sigself en teologiese begrip is totaal sinneloos as dit slegs vergeestelik word. 'n Mens hoef nie baie lank daaroor na te dink om te besef dat jy dan nie van 'n opstanding kan praat nie. Jesus het dus nie maar net as 'n droomwens in die harte van die dissipels opgestaan nie. Om Jesus se liggaamlike opstanding te misken is 'n wegbeweeg van Christenskap (König 2005:292-302; vgl. König 2006.5.17).

Die Nuwe Testament gaan in 'n groot mate oor die één groot saak: Christus se dood en opstanding as hoop en waarborg vir elke mens se opstanding en lewe na die dood, saam met God en mekaar. Christus kom maak die pad oop vir elke mens: "[25]Toe sê Jesus vir haar: 'Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; [26]en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?'” (Joh. 11:25-26; vgl. Calvyn 1978:376; Küng 1991:103, 106, asook Bovon 1987:74-77 en Bovon 2003:37 ev.).

Jesus se opstanding het dus die groot verskil gemaak. Vir die dissipels sou die verwagte optrede wees om na Jesus se kruisdood net stil te bly, en uit die oog te bly, en sodra die skok en gevaar verby was, (Joh. 20:19-31) met die lewe aan te gaan soos dit was voordat Jesus op hulle pad gekom het (Joh. 21:3). Hy het hulle egter met sy herhaaldelike verskynings oortuig dat Hy opgestaan het en lewe. Daarom, in die krag van die Heilige Gees (Hand. 2), het hulle begin om hierdie fantastiese nuus onverskrokke te verkondig.

### 13.7 REALITEIT IN BEELDSPRAAK

Strate van goud en 'n poel van vuur… 'n Mens kry onmiddellik 'n aanvoeling dat die Nuwe Testament die hemel en hel met beeldspraak beskryf, maar word dit deur eksegese bevestig? Die beskrywings van die hemel en hel as die twee bestemmings in die lewe na die dood word spesifiek hier ondersoek om te sien of dit inderdaad in beeldspraak beskryf word.

Die begrip "verlossing" is 'n tema vir 'n selfstandige proefskrif, maar ons kan hier tog vra waarvan 'n mens verlos word? In kort kan ons met reg glo dat ons deur ons geloof in Christus van die ewige dood en hel gered word (bv. Joh.3:16-19). Indien Christene vir Jesus as Verlosser aanvaar op grond van sy woorde en dade, maar hulle verwerp die hel, waarom noem hulle Hom steeds Verlosser?

As daar nie 'n duiwel en hel is nie, word 'n mens nie van veel verlos nie, in elk geval nie van meer as wat ander godsdienste bied nie, en ook nie van meer as wat gewone mense jou bied en as wat tydelike oplossings jou bring nie. Dan was Jesus Christus se menswording, lyding en marteldood aan die skandelike kruishout 'n totaal buitensporig hoë en wrede prys, selfs al kon Hy dit alles as God die Seun deur sy opstanding oorwin en hanteer.

Vandag het mense steeds 'n behoefte aan verlossing en gaan daar steeds 'n versugting op na God om die hemel te laat aanbreek. Dit kom nie net voor in die teologie of kerk nie, maar selfs ook in ons popmusiek (sien 1.1). Daarom is dit goed dat ons die Goeie Nuus deel en weer let op die positiewe bydrae van die opstellers van ons Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis (Belydenisskrifte 1982:5; 32) wat bevestig dat ons van sonde, dood, die bose en die hel verlos word deur ons geloof in Christus tot die ewige lewe en hemel (HK, VA. 1; VA.32; NGB. Art.18; Art.20 en Art.21). Die hele skepping sug en smag na die volmaakte

vernuwing deur God (Rom.8:22-23) Marana ta, kom asseblief Here, kom gou! (1 Kor. 16:22). Jesus antwoord: “Ja, Ek kom gou!” (Openb. 22:20).

Om iets saaklik te noem het beperkte waarde, maar met beeldspraak lewe dit. Crockett (:54) stel dit treffend: "To assure someone that righteous living will blossom in bountiful blessings may be alliterative, but is not nearly as effective as saying that one day Christians will walk streets of gold or that God will wipe all tears from their eyes. These are images that bring comfort in the bleak moments of life."  Ons moet egter ook versigtig wees om nie die voertuig wat die waarheid dra met die boodskap self te verwar nie.

Heyns (1981:412) lys die verwysings na die hel tereg ook as beelde.

C.S. Lewis (1977:113-114) het uit sy literêre oogpunt raakgesien wat ander in die debat oor hemel en hel gemis het, naamlik dat die Nuwe Testament drie beelde gebruik om dieselfde verdoemenis of hel voor te stel naamlik: 1. Straf 2. Vernietiging, verderf, afbreking of verdoemenis, en 3. Ontbering, isolasie, uitgooi, uitsluiting of verbanning. Hierdie drie beelde dui in dieselfde rigting en dit dra dus dieselfde boodskap met bogenoemde drie fasette oor.

'n Mens kan Lewis se beginsel behou, maar dit dalk bietjie duideliker stel, naamlik dat die verwysings in die Nuwe Testament oor die hel en hemel beeldspraak is en dat die beeldspraak oor die hel in bogenoemde drie groepe ingedeel kan word.

Deur hierdie raamwerk moet ons byvoorbeeld na die betrokke tekste kyk (soos Matt. 7:23; 25:41, 46; Matt. 8:12; 13:42; 22:13; Matt. 24:51; Luk. 12:46-47 en Openb. 14) waar ons lees van die ontroue dienaar, dwase maagde, die muntstukke, bokke, die oes van koring en druiwe, en uitsprake soos dat die goddelose met houe geslaan sal word, deurgesny sal word, weggestuur of weggejaag word met die woorde 'Ek ken jou nie', buitenste duisternis, ween en kners van tande, ewige vuur en ewige straf.  Die apokaliptiese voorstellings van straf geld dus nie meer net vir die duiwel en sy medepligtiges nie, maar nou ook vir hierdie ongelowige of goddelose mense. Die Dordtse Leerreëls I.15 (1982:70) stel dit ook duidelik dat daar wel 'n ewige straf sal wees.

Die Nuwe Testament (bv. Openb. 14:14-20) sluit ook aan by beeldspraak in die Ou Testament, waar Johannes en die ander skrywers God se wonderlike seën, maar ook sy verskriklike oordeel

en hel beskryf. Die gelowiges word beskryf as koringare wat deur Jesus Christus self geoes word met 'n skerp sekel, maar dit is 'n bymekaarmaak vir die hemel en dus 'n troosboodskap vir gelowiges (Joh. 5:24; Matt. 13:30; Mark. 4:29; Joël 3:13). Openbaring 14 vertel egter ook van 'n aaklige oes, 'n druiweoes. Ongelowiges word soos druiwetrosse afgesny deur 'n engel met 'n skerp sekel en daarna vertrap (vgl. Eseg. 14:17; Nahum 1:15 en Ps. 118:10). Die Hebreeus word soms met "afsny", "afkap" of met "vernietig" vertaal (vgl. Mal.2:12 en Matt. 24:51).

In Matteus 24:36-51 kry ons 'n voorbeeld van die profesie in beeldspraak, byvoorbeeld van 'n slaaf en eienaar (vgl. Matt. 25:19-23). Die boodskap is dat Jesus se wederkoms skielik of onverwags sal wees, waarna Hy finaal skeiding sal bring tussen hulle wat getrou gebly het aan Hom en verlos sal word (:31; Matt. 10:34-39; 13:24-50) en ander wat selfversekerd en ontrou geword het en veroordeel sal word (:39; 45-51).

In die Grieks ("digotomesei" - sien ook die King James Vertaling) staan in Matt. 24:51 (vgl. Luk.12:46; Rom.11:22-24) dat die mens (slaaf) wat ontrou is "deurgesny" of "in twee gesny sal word". Dit is dus baie meer grafies en skrikwekkend as die Afrikaanse vertaling (1983) waar Jesus se woorde doodgewoon met die sobere "doodmaak" vertaal word.

Baie verskillende woorde word vir dieselfde saak van oordeel en hel gebruik en val dus almal binne dieselfde semantiese veld. Hieronder volg 'n aantal voorbeelde. Woorde wat baie gereeld voorkom en soms moeilik vertaal of verstaan word is "ewige verderf" of "ewige verdoemenis" en Elwell (1989:LLS) plaas dit aan die hand van 2 Tessalonisense 1:9 in die volgende perspektief: "The gift of God to those who believe in Jesus is eternal life; eternal destruction is the portion of those who reject the gospel. 'Destruction' does not mean annihilation, for that cannot be eternal, but refers to infinite and eternal suffering and pain. It means to be forever 'shut out from the presence of the Lord.' And to stress the tragedy of being cut off from Christ’s presence forever, Paul once again, by Semitic parallelism, adds 'and from the majesty of his power.' The language seems to come straight from Isaiah 2:10. To be forever barred from the glory of God is to endure eternal punishment (cf. Matt. 7:23; 25:41, 46). This is the worst prospect for a human being that Paul can imagine. However, there is a bright side to this separation between the righteous and the wicked at the parousia. When Christ comes he will be 'glorified in his holy people' and 'marvelled at among all those who have believed'”

Die woord vir "destruction", verdoemenis, verderf, vernietiging of afbreking het dus baie betekenismoontlikhede om alles met behulp van bogenoemde beeldspraak aan te dui wat God met die goddelose gaan doen. Dit sluit die volgende in: "afbreek, breek, knak, skei, afmaak, stukkend slaan, intrap, kap, kleinmaak, klief, kloof, vrywe, stukkend sny, afsny, deursny, stukkend kap, afkap, deurkap, verbrysel, vergruis, vermorsel, verpletter en verwoes" (De Stadler 1997; Vgl. ook Crockett:74-75; Louw en Nida:232). Dit word in die Skrif ook saam met die gedagte van oorwinning gebruik. God sal die bose en goddeloses uiteindelik finaal kom oorwin (bv. Openb. 20-22).

Al hierdie gedeeltes en beeldspraak wys op dieselfde aaklige realiteit: God se eskatologiese oordeel oor die onbekeerdes (Harmon:214; Crockett:29; 43 ev.). Dit verwys beslis na dieselfde saak. Dit is nie dat daar straf uitgedien word waarop annihilasie volg nie. Dus is afbreking, vernietiging, verderf of verdoemenis, afsny, duisternis, uitsluiting, om nie geken te word nie, angs en straf, alles verskillende vensters om dieselfde waarheid raak te sien.

In ooreenstemming met Harmon (:216-224), wat ook aanklank vind by Rahner (1975:323 - 346), kan ons vandag waak daarteen om die apokaliptiese taal oor die hemel en hel aan die een kant te véél te laat sê, maar ook waak daarteen om dit te min te laat sê! Soos Lewis moet ons gebalanseerd aan al drie groepe beelde oor die hel aandag gee, naamlik straf, vernietiging of afbreking, en uitsluiting, want saam vorm dit die volle boodskap van die Nuwe Testament oor hierdie saak.

In lyn met die Heidelbergse Kategismus (21; 44 en 75) en NGB (2, 6) asook in ooreenstemming met Harmon (:224), kan ons die leer oor die hel die beste in die lig van die kruis verstaan. Volgens die Evangelies het Jesus Christus alles - van al drie die groepe beeldspraak van helse smart, persoonlik en baie werklik beleef, want Hy is beslis gestraf, afgebreek en uitgesluit.

In die lig van bogenoemde behandeling van die hele saak vind ek nie aanklank by diegene, soos Walvoord (1992:11 ev), wat slegs 'n letterlike betekenis van die hemel en hel voorhou nie, maar wel by Crockett (1992:29, 43 ev) wat 'n metaforiese begrip voorstaan. Crockett (:44 ev) behandel verder 'n hele aantal werke waarin die volgende teoloë ook die standpunt huldig dat ons hier met beeldspraak te doen het, byvoorbeeld: Calvyn, M.J. Erickson, Carl Henry, R Youngblood, F.F.

Bruce, Billy Graham, Donald Guthrie, C.S. Lewis, L. Morris en J.I. Packer. Hieronder volg verdere motiverings en spesifieke redes vir die standpunt dat ons met beeldspraak te doen het.

Alhoewel ek ook glo dat die Skrif die laaste sê het oor ons begrip van die hemel en die hel, en dat albei met bewustelike geluk of straf, éwig sal wees, glo ek nie dat ons die gedeeltes wat figuurlik bedoel is (soos die vlamme in die verhaal van die ryk man en Lasarus in Lukas 16:19-31) letterlik van aard kan beskou nie. Die redes hou elkeen verband met konteks en simboliek.

*Eerstens* is daar genoeg redes uit die agtergrond en konteks om af te lei dat die Bybelskrywers nie bedoel dat hulle woorde letterlik verstaan moes word nie. Indien ons dit letterlik interpreteer, beland ons in verleentheid en slaggate. Neem byvoorbeeld die twee tekste direk bymekaar in Judas. Hy skryf van die hel as "swartste duisternis" (Judas:13) en van "ewige vuur" (Judas:7) wat totaal teenstrydig sou wees indien jy dit letterlik opneem, want vuur gee tog lig. Let op dat die vuur ook nie uitbrand sodat daar duisternis sal wees nie, nee hy sê dit is ewig. Ons kry dieselfde by die res van die Nuwe Testament waar buitenste duisternis (donkerte) en vuur (lig) albei as beskrywings van dieselfde hel gegee word (bv. vuur: Matt. 3:10,12; 25:41; poel van vuur: Openb. 19:20; 20:10, 14-15; 21:8; en duisternis: Matt. 8:12; Matt. 22:13; 25:30).

*Tweedens* is die Nuwe Testamentiese beskrywings van die hemel én die hel simboliese skilderye en nie 'n ouditverslag oor die lewe na die dood nie.

Die skrywers het in verhouding met God geleef en is geïnspireer deur sy Gees en die opstanding van sy Seun om die boodskap oor die hede en toekoms neer te skryf, sodat dit aanklank vind by die lesers en hoorders van die Evangelie. Hiervoor het hulle die sterkste beskikbare simbole van hulle omgewing en tyd gebruik.

Die realiteit van die aaklige hel word simbolies beskryf as 'n plek waar die goddeloses weg van God se seënende teenwoordigheid af is. Ons lees dat goddeloses in duisternis en vuur sal ly en dat hulle deur houe en wurms gepynig sal word. In die hel sal hulle vreeslik huil en op hulle tande kners. Hulle sal in onvrede en donkerte bly ronddwaal.

Dit is alles simboliese taal vir die werklikheid van die hel waar ongelowiges ook uiterste selfverwyt sal beleef en waar alle hoop en vreugde vir ewig verlore en verby is. In hierdie lig het

Billy Graham (vgl. Crockett:61) die hel in sy preke beskryf as 'n ewige verskriklike brandpyn in die harte van die verlorenes - 'n onblusbare vuur van 'n ewige soeke na God.

Aan die ander kant word die realiteit van die hemel ook met simboliese taal as byvoorbeeld 'n huis, die paradys en 'n pragtige antieke stad geskilder.

Die gedagte is dat die paradys van die skeppingsverhaal herstel sal word tot 'n ewige volmaakte paradys. "Originally Paradise, a Persian loanword, had been used of the garden in Eden, but it had come to be used of the abode of the blessed among the dead" (Lieu 1997:196; vgl. Luk.23:43). Hierdie gedagte van die herstelde paradys is byvoorbeeld deur Johannes gebruik ten opsigte van die ewige hemel (Openb. 21; 22:2).

Jesus en Paulus verwys ook na die hemel as 'n koninkryk en 'n groot woonhuis, 'n ouerhuis met genoeg blyplek vir al God se kinders (Joh. 14; 2 Kor. 5:8; vgl. Fil. 1:23 en 2 Tim. 4:18).

Volgens die Nuwe Testament (vgl. Openb. 21:9 ev.) sal die Nuwe Jerusalem versier en goed ingerig wees met al die skatte van die wêreld: strate van goud, poorte van pêrels, mure vol edelstene en skitterende riviere. Selfs die arm aardse gelowiges het nou oorvloed: vrugte, voedsel, helder wit klere, veilige en ruim woonplek en volmaakte, ewige rus en vrede. Dit is iets waarna 'n mens kan uitsien en dit kan elke gelowige selfs in die diepste lyding motiveer om aan Christus getrou te bly!

Paulus (1 Kor. 15:35-38) reageer skerp teen diegene wat die Christene teister met vrae oor detail van die hiernamaals en ons verheerlikte geestelike liggame wat na die opstanding onsterflik word. (Crockett: 60; Orr en Walther :350).

*Derdens* het 'n Bybelskrywer woorde dikwels juis simbolies gebruik om die punt van sy boodskap te beklemtoon. So kry ons spreekwoorde, spreuke, vaste uitdrukkings en vele Rabbynse hiperbole, byvoorbeeld: om 'n dissipel te wees moet jy jou pa en ma "haat" (Luk.14:26) jou sondige "oog uitpluk" (Matt. 5:29) en die "dooies die dooies laat begrawe" (Luk.9:60). Die bedoeling was nie letterlik nie, maar wel om die dringendheid van die situasie en boodskap tuis te bring. Dieselfde geld vir die boodskap oor die hemel en hel in die Nuwe Testament - dit moet simbolies verstaan word. Alhoewel die feit dat simboliese taal elders in die

Nuwe Testament gebruik word nie op sigself bewys dat die beskrywings van die hemel en hel ook simboliek bevat nie, kan 'n mens dit met reg aflei uit die konteks, in vergelyking met die ander redes wat hier genoem word.

*Vierdens* kry ons ondersteuning vir hierdie simboliese verstaan in buite-Bybelse geskrifte van destyds. Die Joodse literatuur praat ook byvoorbeeld van die "swart vuur" (2 Henog 10:2) en "vlamme erger as vuur" (1 Henog 100:9) asook 'n plek waar die goddeloses ewig brand, al word hulle liggame tegelyk deur wurms gevreet (Judit 16:17, Sirag 7:17).

By ander se waardevolle bydrae om die beskrywings van die hemel en hel as *beeldspraak* te bestempel, voeg ek graag die woord "*realisties*", om te voorkom dat die dringende waarskuwende boodskap van God se oordeel en straf afgewater word, of die hoop op die hemel verflou.

Die beskrywing waarop ek dus graag besluit is *realiteit in beeldspraak*, en dit geld vir albei die ewige hemel én ewige hel. Die boodskap kom wel via die Nuwe Testament in beeldspraak na ons, maar die hemel is nie net 'n "pie in the sky" nie en die hel is nie net 'n bangmaakstorie nie. Die boodskap oor die hel is nie "sagter" omdat dit op simboliese wyse aan ons oorgedra word nie. Die boodskap oor die hemel is ook nie 'n mite of sprokie omdat dit met fantastiese simboliek ingekleur is nie.

Crockett (:54) sê tereg dat hierdie volle Evangelie wat die hemel én die hel insluit, weer gepreek moet word, want soms gaan Hollywood die leraars hierin voor, soos met die gewilde film *Ghost*.

Die ander uiterste, om te véél te sê, moet óók vermy word, soos die walglike voorstellings van die hel in sekere Nuwe Testament-apokriewe. Sondaars word byvoorbeeld vir buite-egtelike verhoudings, aborsie, valse leer en sodomie, onderstebo of aan hulle hare gehang, hulle kry vuur in hulle monde of vurige ysters op hulle oë, sit in 'n meer van ontlasting, of word in 'n pan gebraai (*Die Openbaring van Petrus*, vers 21-34, Die Boekrol, Vaandel 1997:157 ev.). Onskriftuurlike beskrywings van die hemel en hel het mense al van die Evangelie self verdryf en getroue gelowiges mislei om die boodskap oor die lewe na die dood te ignoreer of in dwaalleringe soos die universalisme te verval (Sper 1990:29).

Dit is dus noodsaaklik om nie meer nie, maar ook nie minder as die Bybel oor die hemel en hel te sê nie. 'n Sensitiewe en akkurate hantering van hierdie Skrifgedeeltes kan deur God gebruik word om Christene te versterk en sondaars te lei tot 'n besef van hulle behoefte aan Christus en sy verlossing (Mark. 9:43-44; Joh. 3:16 ev; asook Rom. 5:8-9).

Vreugde en trane staan in skrille kontras tussen hulle wat by God sal wees en die ander wat weg van Hom sal wees. Daarom is die roeping van die kerk die verkondiging van die Evangelie in die krag van die Heilige Gees, terwyl daar nog genadetyd is (Bovon 1987:287-289).

### 13.7.1 Die aard en boodskap van die beeldspraak

Jesus Christus het voor sy hemelvaart gesê: "Dit het Ek deur beeldspraak vir julle gesê…" (Joh. 16:25). Jesus het baie gereeld gelykenisse en beeldspraak gebruik. Op 'n stadium het die dissipels by monde van Petrus nodig gehad om Jesus meer hieroor uit te vra. "Petrus sê toe vir Hom: 'Verduidelik tog vir ons die beeldspraak'" (Matt. 15:15).

Hierbo is aangetoon dat die verwysings in die Nuwe Testament oor die hemel en hel in drie groepe ingedeel kan word. In hierdie afdeling word die term "beeldspraak" nader ondersoek. "God se woord is veel meer as net woorde: ons vind sy woord ook in dinge wat gebeur, in godsdiensseremonies, in die taal en beeldspraak waarmee ons iets van God probeer sê, en veral in die persoon van Jesus Christus" (Botha, Deist, Veldsman 1995:LLS).

Christene getuig dikwels op grond van hulle verleentheid met sommige se letterlike interpretasies van Nuwe Testament-gedeeltes oor die hemel en hel nie oor God se verlossing van veroordeling nie (Crockett:44). "…the mistake is to take such pictures as physical descriptions, when in fact they are imagery symbolizing realities…" (Packer 1990:25). In die lig van bogenoemde ondersoek ons nou die waarde van 'n figuurlike interpretasie van beeldspraak en simboliek.

Onder die begrippe "beeldspraak" en "simboliek" word die volgende verstaan: "Beeldryke uitdrukking van gedagte, vergelykings, figuurlike, oordragtelike taalgebruik. Metafoor en personifikasie is vorme van beeldspraak. 'n Metafoor is 'n beknopte vergelyking, bv. '’n kameel is die skip van die woestyn.' Simboliek: s.nw. simboliek, simbool van getrouheid, simboliese

voorstelling, figuur, beeld, beeldspraak, metafoor. Figuurlik, metafories, nie letterlik nie; oneintlike…" (De Stadler, Labuschagne, Odendal 1994). "Beeldspraak" het in Afrikaans dus 'n wyer betekenis as die begrip "metafoor" wat íngesluit word deur "beeldspraak".

Alhoewel Calvyn (1949:200) en Crockett (1992:44, 54 ev.) skryf dat ons die tekste oor die hemel en hel (bv. Matt. 3:12) "metafories" moet verstaan, verkies ons in Afrikaans om die meer beskrywende woorde "beeldspraak" en "simboliek" te gebruik, omdat Afrikaans 'n fyner, meer beperkte betekenis aan die woord "metafoor" heg soos hierbo uiteengesit is. Beeldspraak sluit metafore, personifikasie en vergelyking in.

In Jakobus 3:5-6 lees ons byvoorbeeld sommer in een gedeelte dat die tong 'n vuur is (metafoor) wat uit die hel, die groot vuur, aangesteek word (verdere beeldspraak). Judas 22-23 sê "Oor dié wat in twyfel verkeer, moet julle julle ontferm. Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die klere wat deur hulle sondige luste besmet is." Uit die konteks sien ons Judas bedoel hier met die vuur as beeldspraak dat dwaalleer uiters gevaarlik is (Sper 1990:29).

Die Ou Testament bied ons ook goeie voorbeelde van beeldspraak om ons te help om die Nuwe Testament reg te verklaar: "Jesaja 65:13–25 is ’n perikoop waarin die geloofsdroom van die profeet al die karaktertrekke vertoon van ’n verhaal wat die een of ander utopie beskryf. Nie alleen kom die hiperboliese taal van metaforiek en beeldspraak hierin voor nie, maar veral word die toekoms ook in kontras tot die hede beskryf. Die wonder van die toekomstige wêreld is daarin geleë dat dit anders is as die huidige wêreld en dat dit goed maak wat nou verkeerd gaan" (Burger 1996, LLS).

"’n Baie besondere vorm van dramaties-epiese Joodse literatuur is die hele corpus apokaliptiese literatuur (vgl. §1397–400) waarin God se plan met die wêreld met behulp van mitiese figure, getalle en ander simboliek, asook astrologiese verskynsels, in beeldende taal vertel word" (Du Toit 1997:LLS).

Die milieu en atmosfeer tydens die aanbreek van die wederkoms word in die Nuwe Testament in beeldspraak beskryf (vgl. 1 Tes. 4:13-18). Die beelde verwys na ’n aankondiging van die wederkoms as ’n bevel van God, die werk van die aartsengel, en die onbeskryflike stem van

God, wat metafories voorgestel word as die trompet van God. Hierdie tipe beeldspraak kom in soortgelyke literêre vorme in die Bybel voor, byvoorbeeld in Daniël en Openbaring. Dit beskryf gewoonlik misterieuse bonatuurlike wesens wat teen die einde van die tyd met die finale stryd tussen goed en sleg gepaard gaan. Dit het te doen met daardie vorm van openbaring waar God die mens op die een of ander manier ontmoet en wat dan in menslike terme beskryf word (vgl. 2 Tess. 2:1; vgl. Botha 1995: LLS). Die Griekse woord wat vir "laat sien" in Openbaring 1:1 (NAV, 1983) gebruik word, beteken “om deur tekens te kenne te gee” (vgl. Openb.1:20; 5:6).

Die geluksaligheid in die hemel en die straf in die hel sal albei ewig wees en dit word in die Bybel vir ons met beeldspraak beskryf (vgl. bv. König 1985:299-306; 2001:382-383; Louw en Nida: 5; Mathewson 2003:186, 202-214 ev.).

Hieronder word nou 'n paar temas van die beeldspraak oor die hemel en hel behandel, en belangrike gedeeltes wat hierbo genoem is, word nou nader ondersoek.

*Landbou en vissery*: "In die lig van die landboukundige voortreflikheid en ryke verskeidenheid van hierdie streek waar Jesus so lank vertoef het, is dit verstaanbaar dat sy beeldspraak en gelykenisse so gevul is met beelde uit die landboubedryf" (Du Toit 1997:LLS).

So lees ons van die boer wat die koring laat oes en die koring en kaf vir die skuur en vuur skei (bv. Matt. 3:12; 13:28; Openb.8:3-5; Jes.47:14; Mal.4:1). Die skape en bokke word ook van mekaar geskei (Matt. 25:32-33).

Die wingerd is soms in die Bybel ook gebruik as simbool van teenspoed en van God se oordeel (Deut. 28:30; Amos 5:11; Sefanja 1:13; vgl. Stander 1990:LLS.). Druiwe word met betrekking tot die komende oordeel en hel as simbool vir ongelowiges gebruik wat almal afgesny en getrap sal word soos in 'n parskuip, totdat die sap soos bloed in oorlog vloei (Jes. 63:2-6; Joël 3:13; Openb. 14:10, 18-20; Openb. 19:11-15). "The picture is one of unparalleled catastrophe where the boastful arrogance of man is laid low by the omnipotent power of God" (Elwell 1989). God is ernstig oor sonde en ongeloof.

Beeldspraak oor vissery kom ook in die Nuwe Testament voor waar Jesus sy dissipels die opdrag gee om te getuig as vissers van mense, maar dit kom ook met betrekking tot die lewe na die dood

voor. Jesus (Matt. 13:47-50) vertel die kort gelykenis van die treknet. Die goeie vis word bymekaar gemaak en die onregverdiges word soos onbruikbare visse weggegooi.

Gesamentlik gaan daar dus van die Ou- en Nuwe Testament 'n dringende boodskap uit dat godsdienstiges moet seker maak dat hulle opreg glo en dat gelowiges getrou in geloof en liefde moet bly.

*Beeldspraak uit die boubedryf*: "Die Nuwe Testament is vol beeldspraak uit hierdie bedryf, byvoorbeeld Jesus Christus as die hoeksteen (Ef. 2:20) die apostels as die fondament (Ef. 2:20) en die kerk as gebou wat opgebou word (Kol. 2:7)" (Du Toit 1997:LLS). 'n Stad word ook in simboliek gebruik, byvoorbeeld van absolute rebellie teen God (Babilon Openb. 18:1–24) of van God se kerk en nuwe skepping (Heb. 12:22–23; Openb. 21:1–4, Jerusalem). Sodom en Gomorra word as simbool van die ewige straf gebruik (2 Pet. 2:6; Jud. 7). Die toppunt van al die geboue-simboliek is die hemelse Vaderhuis (Joh. 14:2 ev; 1 Joh. 3:14) en die pragtige hemelstad, die Nuwe Jerusalem (Openb.21:9 ev.) maar ons lees ook van die huis van die dood…(1 Joh. 3:14b vgl. die bespreking hieronder).

"[14]Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood" (1 Joh. 3:14). Hemel en hel kan onderskeidelik as 'n presidentswoning en plakkershut voorgestel word. Johannes haal in 1 Joh. 3:14 ’n uitspraak van Jesus aan: [24]"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan" (Joh. 5:24). Egte liefde is die teken in gelowiges se lewens dat iets radikaals met ons gebeur het: ons het klaar uit die dood na die lewe oorgegaan! Die Griekse woord vir oorgegaan kan beteken: verhuis of “trek uit een huis na ’n ander”. Dit dui dus op pragtige beeldspraak: die gelowige kinders van God wéét dat hulle die ewige lewe het en dit is so seker soos wanneer ’n mens uit ’n plakkershuisie na ’n president se ampswoning getrek het. Daar is geen twyfel nie, jy wéét dit. So weet elke gelowige kind van God: ek het deur die dood van Jesus en sy opstanding uit die dood, klaar en vir ewig uitgetrek uit die ewige dood en hel waarheen ek as sondaar sou gaan na die ewige hemelse Vaderhuis. Die tweede deel van 1 Johannes 3:14 stel die donker skadukant: wie nie liefhet nie, bly vasgevang in die hel wat met beeldspraak as die huis van die dood geteken word.

Bogenoemde sluit aan by Jesus se beeldspraak van die hemelse Vaderhuis met baie woonplek waar Hy vir ons elkeen as gelowiges 'n blyplek voorberei (Joh. 14).

*Beeldspraak uit die sosiale lewe*: Die bruilof van die Lam word vir ons in Openbaring 19:5–10 beskryf. Vergelyk ook die feesmaal van God in byvoorbeeld Lukas 13:29.

Openbaring 19:7 kan beskryf word as die hoogtepunt in die geskiedenis! "[7]Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak."

Die bose is oorwin en die bruilof van die Lam en sy bruid begin. Die kerk, wat as bruid voorgestel word, is alle getroue gelowiges van alle tye. Die huwelik is dikwels in die Ou Testament gebruik om die verhouding tussen God en sy volk uit te druk (vgl. Hos. 2; Eseg. 16).

*Beeldspraak van sielkundige en fisiese aard*: Waarom lees ons gereeld in die vorm van 'n vaste uitdrukking in die Bybel dat onregverdiges nou juis uiteindelik huil en op hulle tande kners? Hierdie waarskuwende gedeelte toon ooreenkomste met Zoroastrisme, waar ons ook lees dat die sondaars as straf in die diepste duisternis gegooi sal word waar hulle sal huil en op hulle tande kners (Grundmann:513 ev.).

Om nie 'n bruilof te kan bywoon nie is dalk nie lekker nie, maar waarom is dit so erg dat dit volgens Jesus lei tot trane en 'n gekners van die tande en dus as 'n voorstelling van die hel dien? Omdat veel meer ter sprake is as net om die bruilof te mis. Die konteks help ons telkens. Dit bly geweldig ontstellende woorde van Jesus. Soms lees ons dat die onregverdiges soos onbruikbare visse weggegooi word en dat God se engele, sy boodskappers en soldate, die slegte mense uiteindelik by die wederkoms in 'n vuurwarm oond sal gooi - iets wat die huil en gekners van tande in hierdie gevalle maklik verklaar (Matt. 13:42, 48, 50).

Ander kere word hulle egter net finaal in die buitenste donkerte uitgegooi en nie in 'n oond nie, en ons sien dat die buitenste duisternis al genoeg rede vir 'n gehuil en gekners van die tande is (Matt. 25:26).

In Lukas 13:28-29 lees ons "Daar sal julle huil en op julle tande kners wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete binne-in die koninkryk van God sal sien, terwyl julle self buitentoe weggejaag word." "[29]Daar sal mense uit die ooste en die weste kom, uit die noorde en die suide, en aansit by die feesmaal in die koninkryk van God." Diegene wat weg van die feesmaal van God uitgegooi is kan nog die helder verligte feesvieringe aan tafel aanskou of dit steeds in hulle geestesoog sien, wat waarskynlik simbolies daarop dui dat hulle gaan ly deurdat hulle uiteindelik nie net verlang na samesyn nie, maar ook van hongerpyne begin huil en op hulle tande kners (vgl. Matt. 8:11-12; Matt. 22:13).

'n Verdere ontstellende voorstelling is waar God die onregverdige laat doodmaak deur hom in twee te laat sny. Daarna, nadat hy dood is, lees ons dat hier ook 'n geween en 'n gekners van tande sal wees. Al sou dit net op tydelike straf dui, is dit al erg genoeg, maar die indruk word geskep dat die geween en gekners voortduur, selfs na die dood! (Matt. 24:51; Luk.12:46 soos by Matt. 13:42, 50).

Wat is gemeenskaplike faktore in hierdie gedeeltes, wat bring dus voortdurende trane en 'n gekners van die tande? Die Ou Testament help in hierdie verband. Begeertes wat nie bevredig word nie, om te sien hoe goeies hoë aansien geniet en magteloosheid laat onregverdiges huil en op hulle tande kners (Ps. 112:9). Dit gaan telkens daaroor dat die onregverdiges veroordeel en gestraf word en finaal uitgesluit word van God se seënende teenwoordigheid waar sy kinders soos by 'n feesmaal saam met Hom gelukkig is (vgl. ook Openb. 19 ev.).

Gevolgtrekking: Met betrekking tot die tekste in Nuwe Testament oor die hemel en die hel, kies ons vir 'n figuurlike verstaan daarvan, waarin daar dus ruimte is vir beeldspraak en simboliek, om die realiteit van die ewige hemel as seën vir gelowiges, en die hel as straf vir goddeloses, tuis te bring.

## 13.8 GEVOLGTREKKING

Die Nuwe Testament se boodskap oor die lewe na die dood in die ewige hemel of hel is dat die hemel en hel 'n realiteit is, al word dit met beeldspraak voorgestel. Beeldspraak word algemeen in die Bybel gebruik en daar is ook geskrifte buite die Bybel wat simboliese taal gebruik om oor die lewe na die dood te skryf.

Die hemel en hel in die Nuwe Testament word aangebied as beeldspraak vir die realiteit van die énigste twee bestemmings in die lewe na die dood. Die hemel dui op God se ewige seën en blydskap vir gelowiges en die hel dui op God se ewige straf en smarte vir ongelowiges. Albei dui op 'n plek en 'n toestand.

Om hierdie sake van die lewe na die dood, wat nou nog vir mense in die aardse lewe onsigbaar is verstaanbaar te maak, gebruik die Bybelskrywers duidelike, kleurvolle beeldspraak of simboliese taal uit die bekende omgewing van hulle tyd.

Die feit dat ons met simboliek te doen het, water nie die betekenis van die sake waaroor dit gaan af nie. Deur te sê die hemel en hel word met beeldspraak beskryf, verswak hoegenaamd nie die boodskap daarvan nie. Die taalgebruik dien juis om die realiteit en dringende waarskuwing vir óngelowiges, asook die wonderlike troos vir gelowiges, in verband met die hemel en hel in die lewe na die dood, helder en duidelik tuis te bring.

Hierdie boodskap toon verskille, maar ook belangrike ooreenkomste met ouer geskrifte van die intertestamentêre tyd en ander wêreldgodsdienste. In hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat die wêreld voorberei is op Jesus Christus se koms en prediking oor die hemel en hel. Sy opstanding uit die dood is vir ons die waarborg vir ons lewe na die dood. In die volgende hoofstuk word hierdie sake verder hanteer.

## HOOFSTUK 14 GEVOLGTREKKING

## EWIGE HEMEL EN HEL : REALITEIT IN BEELDSPRAAK

Lewe na die dood? Hemel én hel? Soms word gevra hoe die ewige lewe bekom kan word, of hoe 'n mens in die hemel kan kom (vgl. Luk. 18:18; Hand. 16:30), maar in hierdie ondersoek is gevra waar die oortuiging vandaan kom dat daar ‘n hel en ‘n hemel is. Vanaf die vroegste tye en in die verskillende godsdienste kry ons by mense twee uitstaande ooreenkomste. Beide ooreenkomste handel oor die bonatuurlike. Die een is die geloof dat daar 'n God of gode is, en die tweede is die geloof dat daar 'n vorm van lewe na die dood is. In hierdie navorsing is bevind dat die gedagte van lewe na die dood, asook die gedagte van 'n ewige skeiding in 'n hemel en hel nie oorspronklik aan die Bybel is nie. Hierdie gedagtes kom ver uit die verlede en kom in baie ander godsdienste voor. Daar is egter ook verskille tussen die Skrif en die ander godsdienste, en verder het die Bybel ook unieke bydraes.

'n Mens het groot waardering vir die ontdekking en bestudering van argeologiese vondste. Daaruit word dit helder dat daar ‘n geweldige ontwikkeling was, sedert die prehistoriese skedelrangskikkings, asook die eenvoudige kliprangskikkings van die Paleolitiese volke. Al was daar die sogenaamde "Neolitiese omwenteling", sien ons steeds ‘n duidelike ontwikkelingslyn loop deur al die eeue van die mens se religie en sy geloof aan die lewe na die dood. Soos Hultkrantz (:28) dit stel: “Daar is ‘n ononderbroke pad, wat van die eenvoudige geloof van die Paleolitiese jaggroepe, na die politeïsme van die groot antieke koninkryke gelei het.” Sedert die vroegste tye vind ons dat mense gebruiksartikels vir oorledenes in die graf geplaas het. In ons moderne tyd is die nuutste om 'n selfoon saam in die graf te hê, omdat sommige glo hulle kan daarmee dalk nog 'n laaste oproep in die hiernamaals maak (Davids 2006:33).

In hierdie navorsing is gefokus op twee voorbeelde van tradisionele godsdienste, naamlik van Afrika en Noord-Amerika, waarvan daar nie sulke vroeë geskrifte soos byvoorbeeld by die Hindoes bestaan nie, maar waar die inhoud teruggevolg kan word na prehistoriese tye (dus voor 3 000 v.C.). Voorouergeeste word hier tradisioneel geëer as ‘n ry tussengangers van die mens tot by die Opperwese. Vandag bid baie mense uit die tradisionele godsdienste van Afrika egter direk tot God. Hulle glo dat 'n mens terug “huis toe” gaan as jy sterf. Om terug te keer na ‘n mitologiese poel van die verlede, is nie heeltemal dieselfde as die Bybelse verwagting om ewig

te lewe by God en jou medegelowiges in sy Vaderhuis nie (Joh. 14:1-4). Die punt wat ‘n mens egter hier moet raaksien, is dat sommige volke wat hierdie ou religie deel, vroeg reeds begin glo het in ‘n lewe na die dood en wel in die vorm van “voorouergeeste”. Daar word ook reeds by sommige volke onderskei tussen hulle wat gelukkig sal voortleef en ander wat tydelik gestraf word. Laasgenoemde moet voortleef as swerwende ontevrede geeste wat mense op aarde kan benadeel, of hulle moet hard werk en vreeslik ly en sonder goeie kos of water oorleef. Hulle lyding hou amper vir altyd aan (vgl. 3.8; Mbiti:261 - 264). Min westerlinge is bewus hiervan. Nie alle dooies word dus "voorouers" nie, slegs diegene wat kinders het, op ‘n gepaste wyse gesterf het, en korrek begrawe is. Die geeste van die kinderlose dooies, of diegene wat deur sekere soorte siektes of ongelukke, of ver van die huis af dood is, en dié van hekse, kan swerwende, ontevrede geeste word wat die lewendes op verskillende maniere pla en skade doen.

Alhoewel stamgebonde kultiese reinigingsrites en magiese middele meer belangrik en algemeen is, speel moraliteit en etiek ook ‘n groot rol by sommige tradisionele groepe in Afrika. As ‘n mens volgens hulle goed geleef het, reis jy veilig oor na die anderkant, maar as jy sleg gedoen het, val jy deur die veerboot en moet jy jare oor die Rivier van die Dood swem sonder kos (vgl. 3.5; Mbiti:256-7; Oosthuizen :273 ev.). Senior voorouergeeste deel straf in die hiernamaals uit en God tree eers in om te help en die lyding te stop wanneer die sondaar om genade pleit (3.6-8; Mbiti :259). Ons kan dus hier reeds ‘n skeiding in die hiernamaals waarneem. Dit volg op wat ‘n mens hier en nou gedoen het. Dit is egter nog nie naastenby die helse straf waarvan ons later lees nie.

By die Indiane van Noord-Amerika tref ons kortliks die volgende oor die lewe na die dood aan: Geliefdes voer rituele soos die spookdans uit om sodoende te verseker dat die oorledene se siel veilig in die hiernamaals aankom. Die Indiane streef eerder volmaaktheid in hierdie lewe na en beskrywings van die lewe na die dood is baie vaag. Die bekendste beskrywing van die hiernamaals is die gelukkige jagveld.

Hierna is die godsdienste wat sedert 3 000 v.C. geskrifte nagelaat het, bestudeer. Die besondere waarde van die Hindoeïsme vir hierdie studie, is dat dit ons ‘n duidelike beeld gee van wat baie mense op aarde 4 000 jaar gelede reeds geglo het. Die verskil met die meeste ander religieë is dat Hindoeïsme vroeë duidelike geskrifte daargestel het. In lyn met die Hindoeïsme is die Boeddhisme wat daaruit gevloei het ook bestudeer. Dit is moeilik om te verstaan hóé Hindoes

kan praat van baie hemele en helle, maar in dieselfde asem vertel dat hulle in voortdurende hergeboortes of reïnkarnasie glo, maar net daarna weer praat van ‘n ewige verlossing vir sommige. ‘n Mens verstaan dit in 'n mate beter as jy raaksien dat hulle sekere standpunte oor die eeue verander het. Vroeër was daar een ewige hemel en een ewige hel (vgl. Rig-Veda c. 1 500 v.C.) maar later het hulle begin glo aan tydelike hemele en helle wat deel vorm van hulle latere geloof in vele hergeboortes.

Die wet van Karma bepaal outomaties jou volgende lewe. Vir sommige wat streng godsdienstige reëls gevolg het is daar moksja, 'n bevryding of verlossing uit die kringloop van hergeboortes (sansara) en illusie. Dit is egter nie dieselfde lewe na die dood by God in sy hemel soos Christene dit verstaan nie. Deur moksja kan 'n mens egter volgens hulle geloof wegsmelt in die "Absolute Realiteit" (Brahman, die Opperwese) soos ‘n druppel in die oseaan (Oosthuizen:175 ev. vgl. "nirwana" by Boeddhisme 6.3).

Die Vedas van die Hindoeïsme, veral die Rig-Veda wat ongeveer 1 500 v.C. ontstaan het, lewer getuienis van ‘n hele aantal van die mens se eerste gedagtes oor die lewe na die dood sedert die jare 4 000 tot 3 000 v.C! Vir die eerste keer tussen al die lewende godsdienste wat geskrifte nagelaat het, lees ons van die volgende: ‘n ewige lewe na die dood; gewone mense wat na die hemel gaan waar die gode woon; ‘n skeiding in die hiernamaals tussen ‘n hemel en ‘n hel; demone wat mense wil weghou uit die hemel; ‘n mens-god Yama, wat jou help om in die hemel ín te kom en 1 250 jaar later, van ‘n held Krisjna, wat eendag gaan kom en oorwinning bring. Dit is ‘n misverstand en oorsig dat daar deur al die eeue en in geen een van die geskrifte van die Hindoes êrens iets aangetref word van ‘n finale oordeel en ewige straf in ‘n hel nie. Die rede is die uitstaande klem wat die Hindoes self die afgelope 2 700 jaar, sedert die Oepanisjads (Masumian:3) op sansara of reïnkarnasie plaas. Die verrassing is dat hulle oorspronklik wel ‘n finale hemel en hel beskryf het (Rig-Veda c. 1 500 v.C.).

Hindoes glo ook sedert  250 v.C. dat Krisjna eendag weer sal kom. Hy word gesien as die agste inkarnasie (avatar) van Vishnoe, maar ook as 'n god in eie reg. Volgens die Hindoes verskyn Vishnoe in een of ander vorm om te help wanneer vernietigende chaos dreig. Hulle glo die gewilde Krisjna sal eendag weer kom as 'n vegter op ’n wit perd met ’n swaard in die hand om die bose uit te wis en die goue eeu in te lui! Ten spyte van al die belangrike verskille tussen Hindoeïsme en die Christelike geloof, is daar ook bepaalde ooreenkomste. Die voorbeeld hierbo

van Krisjna kom duidelik ooreen met die beeldryke voorstellings van die Verlosser in byvoorbeeld Openbaring 19-20. Ander ou Hindoe beskrywings van die lewe na die dood toon ook sekere ooreenkomste met die Bybel (bv. Ps. 23; Joh. 14; 1 Kor. 13 en Openb. 19-22). Die ooreenkomste tussen die geloofsoortuigings van die verskillende godsdienste in God se wêreld is merkwaardig en wonderlik!

Bogenoemde toon ooreenkomste met ander godsdienste wat uitgelig word in die hoofstukke oor die geloof van Egipte, Mesopotamië en Persië. Die voorwerpe in ou grafte in Egipte dui aan dat hulle moontlik ook nog altyd geglo het in die siel se lewe hierna. Hiërogliewe-skrif is egter eers gebruik vanaf ongeveer 3 000 v.C. en baie later as Indiese skrif ontsyfer. Die eerste besliste aanduidings kom uit die Ou Koninkryk van Egipte (sedert ongeveer 2 600 v.C.) ‘n tyd van uitsondering, aangesien hulle toe geglo het dat net koninklikes, die farao's wat as gode beskou is, die kans sou kry om na die dood te herleef (Hinnells:25). Gewone mense sou ophou bestaan, maar dit was nog nie die hel soos by die Hindoes nie. Eers eeue later (c. 1 900 v.C.) sou gewone Egiptenare ook volgens hulle geloof die moontlikheid begin kry om te herleef na die dood.

Die eerste woorde wat ons van die Land van die Dooies lees, is meer as 4 000 jaar gelede (ongeveer 2 700 v.C.) geskryf by die Tigris en Eufraatriviere in die “Vrugbare Halfmaan” wat ook die “Wieg van die Beskawing” genoem word. Ons fokuspunt in Mesopotamië is Sumer (Sumerië) later bekend as Babilonië (Irak). Hierdie gebied is van besondere belang vir die Joods-Christelike tradisie om drie redes. Die eerste is dat Abraham hiervandaan kom (c. 2 000 v.C.) en die tweede rede is dat Babilonië later die Zoroastrisme aangeneem het, wat ook vir Israel hier beïnvloed het tydens die ballingskap (vanaf 597 en 586 v.C.). Derdens het Babiloniese priesters later ook na Israel en omgewing gevlug en hier ‘n invloed uitgeoefen. ‘n Skatkamer van die antieke godsdienstige verhale is oopgesluit. Dit handel onder andere oor die “plek van dooies.” Die spykerskrif-gedeeltes oor die oppergod Anu en die moedergodin Inanna, asook die watergode van die skepping: Apsu en Tiamat, is van die vroegste skriftelike getuienis van die mens se geloof in gode, demone en geeste van dooies. Die bekendste verhaal uit Mesopotamië is die Gilgamesj- epos uit 2 700 v.C. Die tema is juis die probleem van die mens se dood en die soeke na ewige lewe. Die verhaal en ander literatuur van Babilonië en omgewing, toon die algemene opvatting aan dat slegs gode onsterflikheid kon bereik. Die Gilgamesj-epos weerspieël duidelik die geloof in die antieke Nabye-Ooste dat die mens geen hoop het op ‘n lewe hierna nie, of hoogstens soos by die Sumeriërs (Suid-Babilonië) dat sy gees sou neerdaal na die doderyk, ‘n

donker onderwêreld. Dit staan in Grieks as Hades en in Hebreeuse as Sjeool bekend. Hulle het aan die doderyk gedink as plek vol stof en somberheid. Tog was dit nodig om die afgestorwenes behoorlik te begrawe, want anders sou hulle dan beslis terugkeer om hulle naasbestaandes te kom pla.

Zoroaster staan as een van die vroegste groot profete van die wêreldreligieë bekend. Zoroaster is beskryf as vriend van God en vriend van die waarheid en sy herkoms is Persië (Iran). Wat staat en godsdiens betref, word daar 'n lyn sigbaar wat loop tussen Persië en Babilonië in die Ooste, Egipte in die Weste en Israel in die middel. Zoroaster het op die godsdiens, die staat en elke sfeer van die menslike bestaan, selfs ver buite sy eie omgewing, 'n baie groot invloed gehad. Oorheersend in Zoroaster se teologie was die eer aan god en goeie dade wat 'n mens se lewe na die dood bepaal. Daar bestaan 'n duidelike lyn tussen die geskrifte van die vroeë Hindoeïsme, die Zoroastrisme en die Bybel met betrekking tot die lewe na die dood. Zoroastrisme se verbintenis tussen die Hindoeïsme en die Bybel word duidelik uit die bestudering van die Hindoes se Rig-Veda, Zoroaster se Gathas in die Yasnas en die Bybel. Die belangrike ooreenkomste sluit die volgende in: die God van die hemel, ‘n Verlosser, 'n duiwel, engele en demone, die doop met vuur en die nagmaal, waarheid en streng etiese reëls, die eindtyd, oordeel, vuurpoel, lewe na die dood, asook die ewige hemel en hel.

Volgens die Zoroastrisme is die teenstander van god (die Wyse Here Ahura Mazdãh), “die Bose” gees Angra Mainya, die vernietiger. Hy is die magtige duiwel wat teenoor god te staan kom en die mens in sy stryd betrek (vgl. Hoofstukke 11 en 13). Zoroaster het die roeping beleef om die koninkryk van geregtigheid op aarde te vestig en te beskerm teen die bose. Dit herinner veral sterk aan Jesus se woorde.

Soos by die Hindoeïsme, tref ons by Zoroaster van die mens se heel vroegste getuienis aan dat daar in die hiernamaals 'n permanente skeiding tussen regverdiges en onregverdiges gaan wees. Die goeie sal beloon word met onsterflikheid en die bose en kwade sal ewige straf ontvang. Die mense wat aan die leuen vasgehou het sal gestraf word met ewige pyniging. Die Gathas-digter het baie oor die groot eindoordeel gepreek. Zoroaster het geglo dat die dag sal aanbreek waarop die koninkryk van geregtigheid gevestig sal word. Die groot “krisis” in terme van god se oordeel gaan aanbreek deur middel van vuur en gesmelte metaal. Dit herinner aan die Bybelse "dag van die Here" wat gereeld in die Skrif voorkom (vgl. Klaagl.2:1; Amos 5:18 ev; asook Matt.25). Die

vuurpoel herinner ook aan Skrifgedeeltes (bv. Openb.20:10-15). Die gedagte van vuur wat louter kom in ander kontekste in die Bybel voor. Die God van die Bybel is ook heilig en regverdig, Hy oordeel en vergeld waar nie liefde, waarheid, berou en geloof is nie.

Volgens die Zoroastrisme word die regverdige vir ewig beloon in die hemel, verenig met god. Die woord vir "paradys" kom oorspronklik ook van die Perse af. Die goeie gaan hierdie paradys binne, dit is die helderverligte Huis van die Lied. Hier sal alles volmaak wees, alle gedagtes, woorde en dade. Blydskap sal vir ewig wees. Opvallende parallelle kom in die Nuwe Testament voor. Zoroaster het geleer dat die liggaam weer sal opstaan en dat die lewe na die dood ‘n verlenging van die aardse lewe is. Dit beteken oorlewing van siel en liggaam. Zoroaster se volgelinge het uitgesien na ‘n opstanding van die liggaam in die eindtye. Dit is in die laat Jodedom en Christelike kerk 'n kardinale boodskap. Zoroaster beskryf 'n weg oor die Chinvat-brug as skeiding tussen hemel en hel. Hierdie weg van skeiding is so smal soos ‘n swaard. By die Zoroastrisme word bogenoemde brug van skeiding letterlik verstaan. Jesus praat ook van die smal weg of die deur wat na die lewe lei, maar ook van die pad wat na die verderf lei.

Boekhouding van goed en kwaad is díé pilaar van Zoroaster se leer. Dit bepaal absoluut of iemand hemel of hel toe gaan. Die gedagte van skeiding op grond van dade het ook reeds in Egipte voorgekom. Saam met die boekhouding tref ons hier by Zoroastrisme soos in Egipte, 'n weegskaal aan waarop die goeie en slegte dade van elke mens geweeg sal word om elkeen se ewige bestemming finaal te bepaal. Hierdie streng boekhouding van elke goeie en slegte daad wat geweeg word, en sonde wat as skuld beskryf word, skuld wat kan vermeerder of weggeneem word, herinner aan 'n hele paar Skrifgedeeltes. Die belangrike verskil met die Christelike geloof, is dat die mens se persoonlike prestasie nie so beklemtoon word (vgl. Rom.4:5) soos by die Zoroastrisme nie. Vir die Christene is Jesus die absolute Verlosser en slegs deur Hom is verlossing moontlik.

In die Gathas word herhaaldelik verwys na heilandfigure en die finale verlosser - Saoshyant, wat in die eindtyd sou kom. Dit herinner baie sterk aan verlossers by die Hindoes, aan die Ou Testament se messiasfiguur en aan Jesus Christus self, wat as Messias gekom het en ook belowe het dat Hy weer sal kom. Christene sien ook biddend uit daarna. Saoshyant en die ander twee verlossers sou volgens Zoroastrisme elkeen uit ‘n maagd gebore word. Die Nuwe Testament sê dat dit reeds met Jesus gebeur het! Zoroaster en sy volgelinge het begin glo en uitsien na die

vernuwing van die skepping, die nuwe hemel en die nuwe aarde. Saoshyant sou as derde verlosser uiteindelik hierdie nuwe tyd inlei. Hy sou die dooies opwek en die finale stryd met die bose sou daarna plaasvind. Die demoniese magte sal finaal oorwin word en hy sal die aarde en selfs die hel herstel (volgens latere Zoroastrisme) want alle kwaad sal volgens latere Zoroastrisme uitgewis word. Latere Zoroastrisme leer dat alle mense wat in die hel beland het deur die vuurpoel gereinig sal word en ook salig sal word (universalisme). Die Nuwe Testament leer nie dat daar 'n algemene reiniging of tweede kans sal wees na die dood en dat alle mense uiteindelik hemel toe sal gaan nie (vgl. Hoofstuk 13). Hemel en aarde sal volgens die Zoroastrisme verenig om letterlik dit wat die beste is in albei wêrelde, voort te bring. Alhoewel sekere verskille bestaan met die Christelike boodskap, is daar ooreenkomste met heelwat Skrifgedeeltes met betrekking tot Jesus se wederkoms, die opstanding van die dooies, die finale oordeel en finale oorwinning oor die bose, die volkome verlossing van God se kinders van die bose, verlossing van die stryd teen die bose en elke dag se probleme, asook die verlossing van alle vorme van lyding en die dood self (bv. 1 Kor.15; Openb.19-22).

‘n Baie nou verband bestaan tussen Zoroastrisme en die aanbidding van Mithra in die era van die vroeë Christelike kerk. Mithra is uniek omdat hy die een god was wat in vier verskillende godsdienste aanbid is, naamlik in die Indo-Iraanse godsdiens, die Hindoeïsme, die Zoroastrisme en in die Manicheïsme. Mithra was die god van lig en word in die godsdienstige kunswerke van daardie tyd as 'n jongman voorgestel wat 'n bul doodsteek. Bybelse ooreenkomste is uitstaande en word selfs as "eerie" of huiweringwekkend beskryf. Mithra se geboorte is beskryf as die begin van die goue eeu. Hy is vereer as god, koning en regter. Hy voer kosmiese heerskappy en lei 'n weermag, ry op 'n koets getrek deur wit perde en tree as regter op. Die Nuwe Testament leer dat as Jesus weer kom, sal dit wees as Regter, die Ruiter op die wit perd met die swaard uit sy mond, wat sy teenstanders sal doodmaak. Verdere ooreenkomste met Mithra is Jesus se sorg en hulp aan armes en weerloses en sy verteenwoordiging van alle mense, asook sy kosmiese soewereiniteit.

Volgens die Mithraïsme is lewe gespaar deur die offer wat Mithra gebring het (Hinnells 1989:85; Masumian :27; Oosthuizen:237). Die offer het die duiwel se plan om alles en almal dood te maak en die verdere skepping te voorkom, vernietig. Die gedagte dat 'n mens se lewe deur God gespaar word indien 'n offer gebring word, het egter algemeen voorgekom. Dit sluit nou aan by bekende Skrifgedeeltes (bv. Gen. 8:21; Hebr. 7:27). Uiteindelik bring Jesus die ewige lewe uit sy

eie offerdood as Paaslam (vgl. Hoofstuk 13; Luk. 22:7 - 23:49; 1 Kor. 5:7; Openb. 5). Daar bestaan baie treffende ooreenkomste met die Mithradiens in Skrifgedeeltes oor bloed, verlossing en lewe, asook die doop en nagmaal.

Mithra is aanbid as die god van lig. Hy is as lig gebore om die goeie skepping van God te red van die duiwel se vernietigingsplan. Die Bybel beskryf God as Lig en Jesus Christus as die Lig vir die wêreld. Lig gaan ook in die Bybel en by die Hindoeïsme gewoonlik gepaard met God se verskyning. Dit is besonders dat soveel ander godsdienste ook 'n verband tussen God en lig aanwys. Die teenpool of afwesigheid van God word gewoonlik met duisternis geassosieer.

Sondae en Kersfees is die godsdienstige feesdae wat wêreldwyd die meeste deur Christene gevier word. Die Sondag is voor Jesus se koms gevier as die Dag van die Son, die lig, die god Mithra, die "Sol Invictus" - die "Onoorwinlike Son"! Hierdie nuwe-lig-god Mithra se geboortedag is gevier op die 25 ste Desember met die koms van die nuwe jaar se son. Verskeie ander kultusse het ook op 25 Desember die koms van die nuwe son gevier. Mithra is dus vroeër net soos Jesus Christus gehuldig as die lig van die wêreld. Sy koms, teenwoordigheid en oorwinning oor die duisternis is dus ook weekliks en jaarliks op dieselfde dae gevier. Mithra sou eendag kom oordeel en self onsterflikheid bied of vergelding in die hiernamaals bring. Dit was die hoofsake by die Mithra-diens. Geen godsdiens was ooit so naby aan die jong Christendom nie.

Die brandendste vrae wat hierdie studie gemotiveer het, is: Waar kry ons by die mens die eerste gedagtes van god en die duiwel, 'n skeiding tussen 'n ewige hemel en hel, en hoe het hierdie gedagtes se pad na die Bybel geloop? Met die ondersoek van die Hindoeïsme en Zoroastrisme het die geweldige belangrike rol van hierdie godsdienste as deel van die antwoord op hierdie vraag begin uitstaan. Dit het ‘n bepaalde invloed op die Joods-Christelike tradisie gehad (vgl. Nigosian 1993:91, 94 - 97 en 130-131). Vroeër is die woord "invloed" in hierdie verband huiwerig gebruik, maar na jare se navorsing deur mense soos Carter (1900:84-97) Duchesne-Guillemin (1952:1-2) Zaehner (1956:19-139) Mary Boyce en John R. Hinnells, is dit nou hoofopskrifte (Hinnells 1984:127, 362-363 en 2000:1, 2, 29, 45, 65, 73; Masumian:1996:24-26; Russell 1976:17, 21, 153; Turner :19) en ons lees selfs van 'n radikale invloed (Le Roux 1998:22; ). Saam met König, Heyns, Masumian (:24), West (:479) Zaehner (:20, 139-150) en almal wat hier aangehaal is, kan ons sê: "Hierdie buite-Bybelse voorstelling… van dualisme

…het op die vroeë Christendom… ‘n groot invloed uitgeoefen" (Heyns :173). Die Jode het veral tydens die ballingskap in Babilonië, eerstehands kennisgemaak met die "omringende volke se gedagte van 'n groot stryd tussen sekere gode" (König 2001:80, 242 ev; West 1981:81). Na die ballingskap ontwikkel by Israel die gedagte verder dat "die duiwel God se groot teenstander is en die 'monisme' van die vroeëre Ou Testament word vervang met 'n 'dualisme' wat op die voorgrond tree in die Nuwe Testament” (du Toit 2000:22, 97,102; König 1991:224) al is dit ook so dat die Bybel nooit die duiwel as ongeskape en ewig as 'n gelyke mag teenoor God voorhou nie. Oosthuizen (1978:220 en 237) vat die invloed van Zoroaster soos volg saam: "Hierdie eertydse invloedryke godsdiens het in Persië ontstaan en het vandag nog wêreldwyd aanhangers, waarvan die meeste in Oos-Iran en Indië woonagtig is. Die godsdiens het ‘n merkwaardige invloed in die wêreld uitgeoefen. Dit strek wyd en syd, tot in die Judaïsme van die Babiloniese ballingskap en selfs ook die Christendom en Islam” (:220; 237 ev; vgl. Lang 1988: 12-23).

Die Zoroastrisme het deel van die Hellenisme uitgemaak. Die vroeë kerk is in hierdie konteks gebore en daarom het hierdie navorsing ook op die geloof in 'n skeiding in die hiernamaals by die Hellenisme van die Grieks-Romeinse wêreld gefokus. Die Hellenisme het ontstaan nadat die Grieke begin het met 'n doelbewuste poging om hulle kultuur oor die hele wêreld te versprei. Dit was egter baie moeilik om die Oosterse en veral die Persiese kultuur uit te wis. Gevolglik het ’n vermenging van kulture ontstaan wat ons die Hellenisme noem. Godsdienstige gewoontes en veral geloofsoortuigings oor die lewe na die dood, was deel van hierdie nuwe saamgestelde kultuur.

Volgens die Hellenisme sou alle mense se siele eers na dieselfde onderwêreld, naamlik Hades gaan, soos wat ons ook in die hele Mesopotamië en grootste deel van die Ou Testament gekry het, waar dit Sjeool genoem is. Die eerste groot stap in die ontwikkeling was dat daar 'n skeiding tussen mense in die hiernamaals gekom het - die meeste sou steeds na die gewone deel van die doderyk gaan, maar helde en later ander ingewydes wat ritueel en eties rein was, sou voortaan na die paradys gaan. Mense sou volgens latere ontwikkeling, na hulle dood geoordeel word en dan beloon of gestraf word. Hulle paaie sou skei. Volgens die Hellenisme het Hades nou ook 'n kelderverdieping bygekry, die boonste deel is Erebus genoem en die onderste deel Tartarus (vergelyk met die hel). Laasgenoemde was 'n duistere tronk van ewige straf onder in 'n onpeilbare diep afgrond. Hier was vreeslike monsters en demone wat mense verlei tot sonde en hulle dan daarvoor straf. In sekere opsigte toon dit ooreenkomste met die Bybel (vgl. 1 Tes.3:5;

1Petr.5:8; Ef. 6:11-17; Openb. 20:7 ev.). Na die oordeel kon die goeie siele vanaf Erebus na die Elisiese Velde (vergelyk met die hemel) van geluksaligheid gaan, waar hulle lekker kon perdry, rondhardloop, speel en musiekmaak tussen die blomme. Daar sou altyd brandoffers wees en die lig van die vure sou ver gesien kon word. Daar is verdere beperkte ooreenkomste met die Joods-Christelike tradisie, byvoorbeeld die vergelyking tussen Orfeus en Jesus Christus die Goeie Herder. Jesus herinner 'n mens ook aan die verhale van Herkules en ander wat "ter helle neergedaal het" of afgegaan het na die doderyk om mense daaruit te bevry tot die lewe.

Bogenoemde, en daarmee saam die strewe na die ewige lewe, het vir mense in die Grieks-Romeinse wêreld reeds belangrik geword sedert ongeveer 500 v.C. - dus voordat baie dele van die Ou- en Nuwe Testament ontstaan het. Sokrates en Plato se beskrywings van die goeie Wyse god, reïnkarnasie, hemel en hel - toon duidelike invloed van die latere Hindoeïsme en die Zoroastrisme. Dit is duidelik dat die Hindoeïsme reeds wegbeweeg het van 'n direkte ewige hemel en hel, na voorafgaande reïnkarnasies, toe die Grieke deur hulle idees begin beïnvloed is. Daar sou volgens Sokrates en Plato verskillende prosesse en bestemmings vir mense wees, wat gewissel het van 'n ewige hemel tot 'n ewige hel. Alhoewel Plato en ander Griekse filosowe ook hulle eie bydrae gelewer het, het dit in hierdie navorsing baie duidelik geword dat hierdie Oosterse invloed via die Perse deur die Hellenisme in die Grieks-Romeinse wêreld ingekom en gevestig het. Daar bestaan nou ook geen twyfel dat die Hellenisme op sy beurt die Joods-Christelike tradisie beïnvloed het nie, ten spyte van die teenkanting van sekere Joodse groepe soos die Sadduseërs, wat byvoorbeeld nie in die opstanding van die dooies geglo het nie. Al was Israel tydens die ballingskap in direkte kontak met die Zoroastrisme, wat elemente van die Hindoeïsme bevat het, vorm die Hellenisme dus 'n verdere belangrike oorgang tussen Zoroastrisme en die Joods-Christelike tradisie oor die lewe na die dood.

Daar is besonder min in die Ou Testament oor die lewe ná die dood. Dit is waarskynlik so dat Israel bewus geword het van die konsep van opstanding en lewe na die dood as gevolg van hulle kontak met die Zoroastrisme (onder andere), veral tydens die ballingskap (Vgl. 13.6.1-2). 'n Mens praat maklik die een na die mond van wie jy afhanklik is. Israel is bevry deur Kores, en al het God se volk nie al Persië se woorde begin praat nie, het hulle wel 'n paar belangrike woorde begin gebruik, soos byvoorbeeld oor die opstanding en die lewe na die dood! (Vgl. oa. "paradys" Lieu 1997:196; Louw en Nida: 5; 13.3.5 en 13.7; asook 13.6.1-2 oor God se betrokkenheid by die godsdienste van sy wêreld). Hierdie konsep kom in die Ou Testament egter hoofsaaklik in

beeldspraak voor en in latere byvoegings van 'n redaktor, byvoorbeeld in Jesaja 25:8 en 26:19. Sommige verklaarders meen dit dui in Jesaja slegs op Israel se bevryding uit ballingskap en hoe God hulle as sy verbondsvolk sal herstel en sy vyande op hulle plek sal sit. Indien dit as glosse aanvaar word en Daniël 12:2 onthou word, kan dit egter ook reeds meer beteken in lyn met Zoroastrisme. Dan kan die beeldspraak ook begin dui op individuele mense wat werklik sal opstaan uit die dood en lewe, omdat God die dood sal oorwin en alle trane afvee (Jes. 25:7,8 en Jes. 26:19; Dan. 12:1-2). Die boodskap is in elk geval duidelik: God se vermoë om te verlos en te seën is absoluut onbeperk!

Oor die algemeen lees ons in die Ou Testament dat alle mense wat sterf, gelowiges en goddeloses, afdaal na dieselfde sjeool of doderyk. Hulle hou nie op om te bestaan nie, maar dit is 'n bestaan sonder gemeenskap met God. Hier voer alle dooies saam, as onreines, 'n aaklige skimme- of skaduweebestaan ver weg van God af. God is heilig en sy woning is ook afgesonder. Volgens hulle aanvanklike drieverdieping- wêreldbeeld het God bo in sy hemel gewoon, bokant die uitspansel of hemelkoepel. Die Christelike gedagte om nader na God te gaan deur die dood was dus hoegenaamd nog nie ter sprake nie, inteendeel!

Tog begin daar lig deurbreek oor die toekoms. Die uitstaande boodskap van Jesaja is dat God 'n nuwe era gaan bring, waar sy finale oorwinning, regverdige straf en genadige seën en koningsheerskappy volkome sal aanbreek en voortduur. Die sogenaamde ewige nuwe hemel en nuwe aarde sal hiervan die teken wees. In Daniël 12:1-2 kry ons die eerste keer die woorde "ewige lewe" in die Bybel (vgl. Heaton 1964:247; sien ook 11.5.1 i.v.m. Jesaja). Anders as by die gedeeltes in Jesaja, heers by die boek Daniël baie meer eenstemmigheid onder verklaarders. Daniël 12 dui op 'n spesifieke opstanding en ewige skande of ewige lewe na die dood. Daar bestaan goeie aanduidings dat selfs in Daniël nog net sprake is van sekere individue wat sal opstaan uit die dood. In die Ou Testament sien ons nog nie die algemene opstanding met die hemel en hel soos in die Nuwe Testament nie (vgl. 13.3 en 13.7).

Die literatuur van die intertestamentêre tyd toon dat daar destyds ’n besondere belangstelling in apokaliptiek en eskatologie was. Dit word in verband gebring met die druk wat gelowiges ervaar het as gevolg van Hellenisering, geweld en marteling tot die dood, asook politieke teleurstellings. Alhoewel hierdie geskrifte verskille toon, is die een saak wat gemeenskaplik is, die groot verwagting dat God sélf sal ingryp in hierdie tranedal en dat Hy die kwaad vir altyd sal

verwyder. Hierdeur sal God dan ’n tydperk van vrede en vreugde laat aanbreek. Hierdie geskrifte vorm dus ’n belangrike skakel tussen die Ou- en Nuwe Testament. Een van die eerste en bekendste tekste in die Joods - Christelike tradisie in verband met die lewe na die dood is II Makkabeërs 7 en 14 (vgl. Von Dobbeler 1997). In die boek is die vervolging wat mense tref, draaglik nét omdat hulle die verwagting van die opstanding het! In I Henog 22 kry ons die eerste verwysing na die hel in die Joods-Christelike tradisie. Die Apokalips van Sefanja is ook een van die eerste apokalipse waarin verwys word na die ewige helse straf (Himmelfarb 1983:151-158; Bauckham 1986: 101-103). Vroeë verwysings na die hel en die ewige seën vir die getroues in die derde hemel, die paradys of die hemelstad, kry ons in die Joods Christelike tradisie byvoorbeeld in I Henog 10, 32, 90; II Henog 5 en 8; en II Esdras (vgl. Day 1996; De Cock 1999:1-33). God staan ook in hierdie literatuur uit as die Een wat alles gemaak het en onderhou. Hy is lief vir sy mense en Hy berei vir almal wat aan Hom getrou is 'n wonderlike plek voor in die lewe hierna.

Die bevinding van hierdie ondersoek is dus dat konsepte oor die lewe na die dood, en 'n skeiding tussen hemel en hel, wél algemeen begin voorkom het in die Joodse literatuur na die Ou Testament, in korrelasie met die toenemende kontak met Zoroastrisme en Hellenisme. In die ondersoek by die Nuwe Testament vind ons dat Jesus Christus nog verder gaan in sy boodskap. Daar kry die woorde "opstanding" en "ewige lewe" nog 'n ryker betekenis!

Die Nuwe Testament se boodskap oor die lewe na die dood in die ewige hemel of hel is dat die hemel en hel 'n realiteit is, al word dit met beeldspraak voorgestel. Beeldspraak word algemeen in die Bybel gebruik en daar is ook geskrifte buite die Bybel wat simboliese taal gebruik om oor die lewe na die dood te skryf. Terwyl ons vashou aan die regverdigheid, almag en liefde van God, is dit juis hierdie eienskappe van God wat vir ons moeilik versoenbaar is met die boodskap dat daar ook 'n ewige skeiding en helse straf gaan wees. Was Jesus se kruisdood vir die sonde van alle mense nie genoeg vir die eise van God se regverdigheid en liefde nie? Beteken sy almag nie dat Hy almal tog eendag tot bekering en geloof in Hom kan lei nie? Of, indien almal nie gered word nie, kan sy liefde nie ook beteken dat Hy dan ten minste die ongelowiges uitwis in plaas daarvan om hulle vir ewig te straf nie?

Alhoewel 'n mens baie begrip het vir hierdie standpunte van die universalisme of die annihilisme, gaan dié standpunte egter verder as die Skrif. Laat ons ook onthou dat troos 'n belangrikste bedoeling van die voor-Bybelse en Bybelse boodskap oor die helse straf was! Die

mense van die profeet Zoroaster (c.1 450 v.C.) wat gereeld deur moord- en plunderbendes aangeval is, is getroos met die wete dat die misdadigers nie vir altyd met moord sal wegkom nie. God sal hulle stop en in die hel straf, terwyl die regverdiges veilig en gelukkig in sy paradys sal wees. So leer God se kinders Hom ook as Verlosser en Beskermer in die praktyk en in die Bybel ken - as die God wat uiteindelik self namens die regverdiges sal wraak neem (vgl. Rom. 12:19) en dinge finaal sal regstel. Hierin kom sy versorgende liefde vir sy kinders ook na vore. Dit gaan volgens die Nuwe Testament egter oor meer, naamlik oor die eer van God en naasteliefde. Dit gaan ook daaroor dat ons as mense Hom moet eer en dank vir Christus se Verlossingswerk aan die kruis. Ons begin dit doen deur Christus en sy Verlossing bloot in geloof aan te neem.

Dit help ook om te weet dat God Homself vir ons in die tyd kom openbaar het as Vader, Seun en Heilige Gees en dat Hy op sy manier ook besig was, en steeds besig is, in die lewens van alle mense op aarde. Ook in die godsdienste van sy wêreld. God het die wêreld voorberei vir Jesus se koms op die regte tyd.

Die hemel en hel in die Nuwe Testament word aangebied as beeldspraak vir die realiteit van die énigste twee bestemmings in die lewe na die dood. Die hemel dui op God se ewige seën en blydskap vir gelowiges en die hel dui op God se ewige straf en smarte vir ongelowiges. Albei dui op 'n plek en 'n toestand. Die Skrif lei ons uiteindelik om ten spyte van ons menslikheidsgevoel en teologiese of filosofiese vrae, nie net die bestaan van die hemel te aanvaar nie, maar ook van die hel. Saam met Heyns (1981:199, 400, 411); König (1991:234; 2001:187-188; 381); Schnackenburg (2002:259) en De Smidt (1983:206) kom ons tot die gevolgtrekking, soos laasgenoemde dit in sy kommentaar oor Openbaring 20 stel: "Hier kan geen twyfel oor die hel bestaan nie. Dit is 'n werklike plek en die straf sal vir ewig wees… Die gelowiges geniet absolute geluk en die ongelowiges ewige pyniging".

Die hermeneutiek moet in lyn met die eksegese wees. Eksegete aanvaar dat dit in die Nuwe Testament staan dat daar 'n ewige hemel en 'n ewige hel sal wees, en daarom moet die boodskap ook so verstaan, aanvaar en verkondig word. König (1985:286 ev) toon tereg aan dat daar "in die Bybel nie 'n verskil tussen realiteitskarakter en kerugmatiese karakter is nie. Die nuwe aarde is nie 'n realiteit terwyl die hel uitsluitlik kerugmatiese betekenis het nie." Die hemel of nuwe aarde, is 'n realiteit en die ewige straf van die hel is ook 'n realiteit Die dringende waarskuwende boodskap wil die hoorders en lesers se harte bereik. Die Woord informeer en transformeer.

Om hierdie sake van die lewe na die dood, wat nou nog vir mense in die aardse lewe onsigbaar is, verstaanbaar te maak, gebruik die Bybelskrywers duidelike, kleurvolle beeldspraak of simboliese taal uit die bekende omgewing van hulle tyd. Deur te sê dat die hemel en die hel met beeldspraak beskryf word, verswak hoegenaamd nie die boodskap daarvan nie. Die taalgebruik dien juis om die realiteit en dringende waarskuwing vir óngelowiges, asook die wonderlike troos vir gelowiges, in verband met die hemel en die hel duidelik tuis te bring. Die Bybelse boodskap oor die lewe na die dood kan ons in drie woorde saamvat: realiteit, beeldspraak en ewig.

Hierdie boodskap toon belangrike ooreenkomste en verskille met ouer geskrifte van die intertestamentêre tyd en ander wêreldgodsdienste. In al vier die volgende groot wêreldgodsdienste kry ons die leer dat daar 'n God, 'n duiwel, 'n hemel en 'n hel is: Die Hindoeïsme, die Zoroastrisme, die Christendom en die Islam (wat soos die Christendom oa. uit die Joodse geloof gegroei het). Alhoewel die detail verskil, is daar wat die hooflyne betref groot ooreenkomste. Dit kan as 'n verdere bevestiging van hierdie werklikhede dien. Ons as Christene kan die elemente van waarheid by ander dus eerder omhels as 'n verryking. Ons kan kies om dit eerder te aanvaar as 'n verheldering van die waarheid in die opsigte waar dit ook later deur Jesus Christus geleer en selfs beliggaam is. Dit maak alles dan vir God groter, nie kleiner nie!

Die Drie-enige God het deur sy genade gesorg het dat daar deeltjies lig, saadjies van die waarheid en goedheid by die mense van ander godsdienste oorgebly het na die sogenaamde sondeval. Die kerk van Christus moet positief by bogenoemde waarhede aansluit wanneer ons ons geloof met ander deel. Sodoende word die vreugdevolle lewe na die dood vir ander ook moontlik. In hierdie navorsing het dit duidelik geword dat die wêreld voorberei is op Jesus Christus se koms en prediking oor die hemel en hel. Jesus Christus het inderdaad in die volheid van die tyd gekom - die tyd wat God daarvoor bestem het (Gal. 4:4; Ef. 1:10). Sy opstanding uit die dood is vir ons die waarborg vir ons lewe na die dood.

Te midde van die ooreenkomste met betrekking tot die lewe na die dood is daar ook belangrike verskille tussen die wêreldgodsdienste en die Bybel. Utnapisjtim, Yama en Saoshyant is byvoorbeeld nie historiese figure soos Jesus nie, maar slegs karakters in die verhale van Babilonië, Indië en Persië. Die Bybel het unieke bydraes. Dit sluit die fisiese opstanding uit die dood van die historiese Jesus Christus in. Hy het deur die dood gegaan om nooit weer te sterf

nie. Sy ontmoetings met die apostels na sy opstanding het hulle oortuig en gemotiveer om Hom onverskrokke as Verlosser te verkondig. Dit beteken dat Jesus verder gegaan het as om net te vertel van die lewe na die dood. Hy verkondig nie net hierdie dinge nie, Hy doen dit, Hy bring die eindtyd met sy lewe en werk en toon dit veral met sy eie opstanding uit die dood (Matt. 3:2; 4:17; vgl. Bovon :33-36; 132-143; 256-265). Daarom kan Jesus sê: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul" (Luk.4:21; vgl. Petrus se preek in Hand. 2:14-36). Daarom leef die kerk van die eerste eeu reeds in die laaste uur (1 Joh.2:18). Hierdie boodskap oor Jesus soos dit deur Matteus, Lukas, Petrus en die ander apostels verkondig is, word ook deur Paulus bevestig (vgl. Hand. 13:32-34; Gal. 4:4-5; Ef. 1 :7-11 en Rom. 9:23). Christus het gekom om God se boaardse, hemelse koninkryk te vestig en die oorwinning oor die bose te bring (vgl. 1 Petr. 3:19). Hy het inderdaad die mag van die bose en die dood deur die kruis en opstanding oorwin. Sy opstanding uit die dood is vir ons die waarborg vir ons eie opstanding.

Die Goeie Nuus van die Nuwe Testament, in kontras met al die wêreldgodsdienste wat hier bestudeer is, is die deurslaggewende rol wat God se genade en geloof in Christus speel, teenoor die mens se eie prestasie en die eis om genoeg goeie dade tydens jou aardse lewe te moet doen om die hemel te kan bereik (vgl. bv. die Hindoeïsme en Zoroastrisme). Toegang tot Jesus se hemelse koninkryk en die ewige lewe word gekoppel aan geloof, vergifnis, verlossing, om losgekoop te word, om aangeneem te word en liefde (uit dankbaarheid), in die plek van sonde en ongeloof (bv. Joh. 3:16; Matt. 25:32, 34; Rom. 4:5; Gal. 4:4-5; Ef. 1:7 en 2:8; Jak. 2:14-18).

Die nuwe hemel op aarde sluit aan by God se doel met die skepping en die verbond wat Hy vir ons in Christus moontlik kom maak het. As gelowiges sal ons vir ewig by God wees. "Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees" (2 Kor. 6:16 vgl. Gen. 1:27; Gen. 15-17; Rom. 5:6-11; Openb. 21; vgl. König 1985:66, 297-8, 306; 1991:14; 2001:75). Deist (1991:73) bied die volgende treffende definisie: "'Ewige lewe' is om tot in ewigheid soos in die paradys, in harmonie met God te bly leef, selfs al het jy fisies reeds gesterf." Juis in hierdie tyd waar alles so verskriklik vinnig verander, is mense ontvanklik vir Jesus Christus wat onveranderlik bly en altyd dáár is as 'n Anker, 'n helder Lig en veilige Hawe. Die krag en eenvoud van sy harde, werklike houtkruis en helder opstanding bied aan ons die waarborg vir ons eie lewe na die dood!

Jesus van Nasaret staan as historiese godsdienstige leier uit. Watter ander leier van enige aard kon ooit daarin slaag om in slegs drie jaar 'n beweging daar te stel wat so vinnig gegroei en na 2000 jaar steeds groei? Watter ander geestelike kon soveel wesenlike elemente van die waarheid in die bestaande wêreldgodsdienste byeen bring? In Hom en in sy woorde en werke ontdek mens vandag steeds sekere waarhede en hoop wat reeds eeue voor sy geboorte ook aan die vroeë Hindoeïsme, die Zoroastrisme, Egipte, Israel, asook by die Grieke en Romeine bekend was. Daarom staan Jesus Christus, as 'n helder Lig uit in die tydlyn van die geskiedenis. Geen wonder nie dat mense die wêreldgeskiedenis en kalenders indeel in 'n tyd vóór Christus en 'n tyd na Christus. Sy woorde oor die lewe na die dood is geloofwaardig. Sy hele lewe, sy profetiese woorde, verlossingswerk en opstanding is absoluut geïntegreer, wat 'n Rolmodel!

Dit word deur die Nuwe Testament duidelik dat Jesus Christus as die antwoord gekom het vir die geweldige probleem van die magtige dood in die wêreld. Hy staan nou steeds na 2 000 jaar uit as die hoop vir ons wêreld en die mens se grootste krisis, naamlik die dood. Paulus raak ook opgewonde oor Jesus se opstanding en ons ewige lewe, daarom sê hy dat ons elkeen wat in Christus glo, rééds saam met Jesus uit die dood opgewek is! (Kol. 3:1 ev.). Die idilliese voorstelling van die hemelse paradys in die intertestamentêre literatuur het al baie gelowiges deur die eeue bemoedig. Ons sal vir ewig by God onder die lekkerruik vrugtebome langs die rivier rus (vgl. II Henog 5 en 8). Treffende ooreenkomste met die vrugtebome, die rivier, die troos en die teenwoordigheid van God kry ons later in byvoorbeeld Openbaring 21-22.

Jesus Christus bring lewe, selfs ná die dood!
Christus ís die Opstanding en die Lewe!
(Joh. 11:25-26)
Marana ta!
Kom asseblief, Here, kom gou!
(1 Kor. 16:22).
“Ja, Ek kom gou!”
(Openb. 22:20)

**BIBLIOGRAFIE**


Abraham, R.B. 2000: http:// www.alpro. net/ babylonian priests migrate.htm, 02/05/2000.
Adler, J.J. 1994: *The Bible and Life After Death*, In: Jewish Bible Quarterly 22, Jerusalem.
African Window Museum, Julie 2001: *Egipte Uitstalling* met fotos by skrywer. Pretoria.
Alberts, L. 1997: *Geloof versus Wetenskap.* Vereeniging: CUM.
Alexander, T.D. 1986: *The Old Testament view of life after death*. In Themelios, 11(2) 41-46.
Alger, W.R. 1880 en 1968: *The destiny of the soul: a critical history of the doctrine of a future life*. 10th ed. New York: Greenwood Press.
Altham, R. 1991: *Job and the beatific afterlife:* Old Testament Essays; Vol. 4, Iss 3, p.316-326.
Altner, G.T. 1981: *Ewigkeit und Uberleben: Todeserfahrung und Todesbewaltigung im nachmetaphysischen Zeitalter*. Heidelberg: Quelle & Meyer.
Ambaum, J. 1991: *An Empty Hell? The Restoration of All Things? Balthasar's Concept of Hope for Salvation*. In : Communio: International Catholic Review, 18(1), 35-52
Anderson, J.N.D. 1976: *Issues of life and death*. Hodder and Stoughton.
Anderson, P. 1991*: Heaven: some Eastertide thoughts about what awaits us on the other side*, New Covenant 20:11-13
Arendzen, J.P. 2000: in *Catholic Encyclopedia: Babylonia* by www. new advent. org cathen/ 02179b. htm.
Augustinus, geskryf 413-426 nC. vertaling 1958: *Civitas Dei - The city of God.* XXI, ix 1; Garden City, New York: Image Books.
Aune, D.E.1983: *Prophecy in early Christianity and the ancient Mediterranean world*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
Aurelio, J.R. 1995: *Returning: life-after-death a Christian view.* New York: Continuum Publishing Co.
Avesta, 2002: *The complete text of the extant Avesta*, by Zoroastrian Archives http:// www.avesta. org/ avesta.html, en zoroastrian.org 13/02/2002
Aymer, A.J.D. 1986: *Paul's understanding of 'Kaine Ktisis': continuity and discontinuity in Pauline Eschatology.* University Microfilms International
Badham, P. 1976*: Christian beliefs about life after death*. London: Macmillan,
Badham, P. 1977: *Recent thinking on christian beliefs. vi. The future life*. In Expository Times, 88(7).
Bahra, R.J. 1984: *Is hell a place of beauty*? Homiletic and Pastoral Review 85:24-7.
Bailey, L.R. 1986: *Gehenna: the Topography of Hell.* In: Biblical Archaeologist, 49(3), 187-191.
Bandstra, A.J. 1997: *Daar is Engele rondom jou.* Vertaal deur H. de Vos, Goodwood: BM; Protea-Uitgewers.
Barth, K. (1942) 1959 Derde Uitgawe: *Kirchliche Dogmatik II, 2*. Zürich: Evangelischer Verlag
Barth, K. (1942) 1957 Vertaling: *Church Dogmatics II, 1 en 2*. Edenburgh: T. & T. Clark.
Barth, K. 1959: *Kirchliche Dogmatik IV, 2*. Zürich: Evangelischer Verlag
Barth, K. 1959: *Church Dogmatics. IV, 2,3.* Edenburgh: T. & T. Clark.
Bauckham, R. 1990*: Early Jewish Visions of Hell*. In : Journal of Theological Studies, 41(2), 355-385.
Bäumlin, K. 1988*: Heaven and earth will pass away: thoughts on apocalyptic*; Reformatio 37:2, 119-31, volgens Theology Digest 36:141-5.
Bavinck, J.H. 1934: *Christus en de mystiek van het Oosten.* Kampen: J.H. Kok.
Bavinck, J.H. 1949: *Ik geloof in de Heilige Geest.* Den Haag: J.N. Voorhoeve.
Baxter, M.K. 1998: *Openbaring van die Hemel*. Springs: VG Uitgewers:
Baxter, R. 1976: *Dying thoughts: the Christian's hope for the life hereafter*. Evangelical Press

Beacon, 2002: *Spenta Mainyu - A comparative journey from Zoroaster to Christianity*, by http://www. geocities. com/athenas/ atrium/ 5676, 13/02/2002
Becker, C.B. 1994: *Breaking the circle: death and the afterlife in Buddhism*. Carbondale: Southern Illinois University Press,
Becque, M. 1960: *Life after death.* London: Burns and Oates
Belydenisskrifte, 1982 *So Glo Ons…* Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Die Heidelbergse Ketegismus, Die Dordtse Leerreëls en Ekumeniese Belydenisse. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers. LLS.
Berger, K. 1997*: Ist mit dem Tod alles aus?* Stuttgart: Quell.
Berkouwer, G.C. 1954: *De Triomf der Genade in de Theologie van Karl Barth*. Kampen: Kok.
Berkouwer,G.C. 1955: *Dogmatische Studiën. De Verkiezing Gods*. Kampen: Kok.
Berkouwer,G.C. 1961 & 1963: *Dogmatische Studiën. De Wederkomst van Christus* I & II, Kampen: Kok.
Berkouwer, G.C. 1978: *Studies in Dogmatics. The Return of Christ I-II*. Grand Rapids, Eerdmans
Berkouwer, G.C. 1979: *Studies in Dogmatics. Divine Election*. Grand Rapids, Eerdmans
Bernstein, A.E. 1993: *The formation of hell: death and retribution in the ancient and early Christian worlds.* Ithaca and London, NY: Cornell University Press.
Beukes, C.J. 1997: *Eindigheid, eie opstanding en die politiek van differance.* Hervormde Teologiese Studies; Vol. 53, Iss 4, p.1075-1084
Beyerhaus, P. 1964: *The responsible church and foreign mission*. Grand Rapids: Eerdmans.
Beyerhaus, P. 1969: *The Gospel and the religions: continuity or discontinuity.* Univ. van Aberdean.
Bezuidenhout, N.M.S. 1970: *Die probleem van die onsterflikheid van die siel.* Pretoria: UP.
Bickrum, S. 1991: *Life after death: A single case study in `meaningful' psychology.* In: Nidan 3 4:5-13.
Blamires, H. 1988: *Knowing the truth about heaven and hell: our choices and where they lead us*. A Arbor, Mich: Servant Books.
Blocher, H. 1992: *Evil and the cross: Christian thought and the problem of evil.* Uit Frans vertaal 1994 D.G. Preston. Leicester: Apollos en Inter-varsity Press.
Blocher, H. 1993: In *Universalism and the doctrine of hell*: Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics, red. Cameron, N. M. de S. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Block, D.I. 1992: *Beyond the Grave: Ezekiel's Vision of Death and Afterlife*. In : Bulletin for Biblical Research, 2, 113-141.
Bloom, H. en Shaffer E.S. 1988: *The Revelation of St. John the Divine*. New York: Chelsea House Publishers.
Blouin, F. 1994: *Do I really believe that death leads to life?* Review for Religious 53:95-101
Blum, E. 1979: *Universalism* in Themelios, Vol.4, Nr.2. en sien Cameron N.M. de S:1, Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Bokhorst, M. 1946: *Godsoordeel en geregtelike tweekamp*. In: Hervormde Teologiese Studies 3 2:145-158.
Bonda, J. 1998: *The one purpose of God : an answer to the doctrine of eternal punishment*. Grand Rapids: W.B. Eerdmans.
Bonthuys, J. 2003: *Twyfel oor die mens se aap-familie*, 5 Februarie, Pretoria: Beeld.
Booth, C.E. 1976: *An exegesis of Matthew 25:31-46*. In: Foundations, 19(3), 214 – 215.
Bosch, D.J. 1979: *Heil vir die wêreld.* Pretoria: Nasionale Boekdrukkery.
Bosch, D.J. 1980: *Witness to the world. Christian mission in theological perspective*. Pretoria: Unisa.
Bosch, D.J. 1988: *The church in dialogue: From self-delusion to vulnerability. Missiology* 16:2 4

Botha, E., Deist, F., Veldsman, D. 1995 & 2001: *Kan God Spyt Kry*? Halfway House: Orion Uitgewers en LLS.
Botha, F.J. 1993: *Die Openbaring van Johannes* kommentaar. red. A.H. van Zyl, Kaapstad: Lux Verbi, LLS.
Botha, F. 1998: *Die lewe na die dood: hoe sal ons lewe? Hoe sal ons lyk?* Kaapstad: Lux Verbi.
Bovon, F. 1987: *Luke The Theologian: Thirty-three years of research.* Princeton Theological Series. Pennsylvania: Pickwick Publications.
Bovon, F. 2003: *Studies in Early Christianity.* Tübingen: J.C.B. Mohr, Paul Siebeck.
Boyce, M. 1992: *Zoroastrianism – Its Antiquity and Constant Vigour.* University of London, Mazda Publishers, Bibliotheca Persica, New York.
Brandon, S.G.F. 1967: *The Judgement of the Dead.* New York: Charles Scribners' Sons.
Brattson, D. 1994: *Hades, Hell and Purgatory in Ante-Nicene Christianity,* Churchman 108 69-79(1)
Bregman, L. 1986: *The death of everyone; Robert Lifton, Christian Theology and apocalyptic imagery*. In: Horizons, 13(2), 306-320.
Bregman, L. 1992 : *What does Paul say to us about death?* Liturgy 10:1-5.
Breig, J.P. 1983: *Beyond the pearly gates: what U.S. Catholic readers believe about the afterlife* , U.S. Catholic 48:6-14
Brink, A.D. 1988: *'n Historiese en teologiese interpretasie van die doodsproblematiek: 'n sistematies-teologiese ondersoek.* Universiteit van Port Elizabeth.
Bronner, L. 1980: *From death to life in the Bible in the light of Ugaritic texts*. In : Beth Mikra, 25(82).
Bruce G.A. 1987: *Apocalyptic eschatology and reality - an investigation of cosmic transformation*. Pretoria: UNISA.
Bruce, G.A. 1990: *From Holy Mountains to the New Earth*. In: Theologia Evangelica 23 2:27.
Bruwer, A.P. 1987: *Verwagting en vervulling met betrekking tot die hiernamaals,* Universiteit van Pretoria.
Budge, E.A. Wallis, E.A. 1960 en 1990*: The Book of the dead : the hieroglyphic transcript of the Papyrus of Ani* New York, N.Y.: Carol Pub. Group.
Budge, E.A. Wallis, E.A. 1976: *The Egyptian heaven and hell.* New York: AMS Press.
Bultman, R. 1959: *Theology of the New Testament.* London, SCM Press.
Bultmann, R.K, Turner, D. ea. 1965: *Life and death*. London: Black.
Bunyan, J. 1980: *Some gospel-truths opened. A few sighs from hell*. Oxford: Clarendon Press.
Burden, J.J. 1989: *Daniël* kommentaar. red. A.H. van Zyl, Kaapstad: Lux Verbi, LLS.
Burden, J.J. 1993: Kommentaar op die boek *Daniël*. red. W. Vosloo. Vereeniging: CUM, LLS.
Burger, A. P. 1949: *Die maatstawwe by die goddelike oordeel*. Pretoria: UP.
Burger, C. W. et. al., 1996: *Woord teen die Lig III/4 - Deugde*. Kaapstad: Lux Verbi en LLS.
Burke, L.J. 1978: *Life, Death, and Resurrection: Experiences of Sacred Wisdom*, In: Spirituality Today 30.
Buzzard, A. 1994*: Justin Martyr on Dying Souls Going to Heaven*. In: Resurrection, 97(2), 21.
Bybelgenootskap van SA 2000: *Die Bybel met Deutero-Kanonieke Boeke*. Kaapstad.
Bybelgenootskap Van Suid-Afrika, 1983: *Die Bybel Nuwe Vertaling,* Suid-Afrika, 1996: LLS.
Callinicos, C. 1969: *Beyond the grave: an orthodox theology of eschatology*. Christian Orthodox Editions.
Calvyn J, 1536 vertaling 1975: *Institution of the Christian Religion.* Atlanta: John Knox Press.
Calvyn, J. 1536, 1978: *Die Institusie van Calvyn: opnuut in Afrikaans vertaal en verkort weergegee* deur Duvenage A; Pro Rege, Goodwood: N.G. Kerkboekhandel TVL.
Calvyn, J. 1610, vertaling 1949: *Commentary on a Harmony of the Evangelists, Matthew, Mark and Luke.* Vertaal deur Pringle, W. Grand Rapids: Eerdmans.
Cameron, N. M. de S. 1993: *Universalism and the doctrine of hell* : Papers presented at the

fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Casson, L. 1982: Publikasienaam vir prof A.W. Mellon, *The Pharaohs.* New York: Tree Communications.
Cavarnos, C. 1985: *The future life according to Orthodox teaching*. Etna, Calif.: Center for Traditionalist Orthodox Studies'
Chadwick, O. 2005: *A History of Christianity*. London: Orion House.
Charles, R.H. 1913: *The Apocrypha en Pseudepigrapha of the Old Testament* (red.) 2 Volumes, Oxford.
Charles, R.H. 1914: *Religious Development between the Old and the New Testaments*. Home University Library.
Charles, R.H. 1920: *A critical exegetical commentary on the Revelation of St.John*. Edinburgh: T. & T. Clark.
Charles, R.H. 1963: *Eschatology, The doctrine of a future life in Israel, Judaism and Christianity, A Critical History*. New York: Schocken Books,
Chico, 2002: Mummies of Ancient Egypt. Afterlife, The Judgement of the Dead, Internet, http://ww. si.umich. edu/ CHICO/mummy/ Afterlife/Journey/ journey. html
Chinmoy, S. 1974: *Death and reincarnation: eternity's voyage*. Jamaica, N.Y: Agni Press
Clarkson, G.E. 1987: *Grounds for belief in life after death : with Paul Tillich's 'Symbols of eternal life'* (the Ingersoll lecture, 1962). Lewiston: E. Mellen Press.
Clements, R.E. 1982: *Isaiah 1–39*. London: Marshall, Morgan & Scott.
Cloete, G.D.; Smit, D.J. 1992: *Exegesis and proclamation: 'And I saw a new heaven and a new earth, for the first were passed away...' (Revelation 21:1-8).* Journal of Theology for Southern Africa, Iss 81, p.55-65,
Coetzee, J C. 1972: *Life (eternal life) in St. John's writings and the Qumran scrolls.* In: Neotestamentica 6 2:48-66.
Coetzee, J. 1989 : *The 'song of Hezekiah' (Isaiah 38:9-20): a doxology of judgement from the exilic period.* Old Testament Essays (New Series); Vol. 2, Iss 3, p.13-26
Cohn-Sherbok, Dan. ea. 1995*:Beyond death : theological and philosophical reflections on life after death.* Basingstoke, Hampshire : Macmillan
Cole, B. N 1988 : *The Beatific Vision: boring, confusing, or what*? Faith & Reason 14 no 2:117.
Collins, J.J. 1974 : A*pocalyptic eschatology as the transcendence of death.* In: Catholic Biblical Quarterly, 36(1), 21 - 43
Collins, J.J. 1981: *Daniel, 1-2 Maccabees*. O T Message, Wilmington : Michael Glazier, Inc.
Collins, J.J. 1984: *Daniel, with an Introduction to Apocalyptic Literature*. Grand Rapids: Eerdmans
Columbia Microsoft Concise Encyclopedia 1991: *Zoroastrianism* op Bookshelf-cd, Columbia University Press.
Colwell, J. 1993 in: *Universalism and the doctrine of hell*: Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991, red. Cameron, N.M. de S. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Combrink, J., Weich, F. (vertaal en geredigeer) 1999: *Die Boek van Henog*. Mosselbaai: Vaandel Uitgewers.
Connelly, D. 1995: *After Life. What the Bible Really Says* , Downers Grove, IL: InterVarsity.
Corcoran, C.T.A.J.D. F 1985: *Death*, Linacre Quarterly 52:13-15
Cordier A. 1996 : *König se eskatologie - met besondere verwysing na sy bydrae tot die millenniumdebat.* Pretoria: UNISA.
Cox, S. 1879: *Salvator Mundi or Is Christ the Saviour of all Men?* London: C. Kegan Paul & Co.
Crafford, D. 1996: *Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste*. red. Meiring, P. Pretoria: Kagiso Uitgewers en LLS.

Cranfield, C.E.B. 1982: *Romans* Volume I. Edinburgh: T.& T. Clark.
Cresson, B.C. 1987: *The Afterlife in Old Testament Thought*, In: Biblical Illustrator 13.
Crockett, W.V. 1992: *Four Views on Hell.* Grand Rapids: Zondervan
Cullmann, O. 1967: *Christus und die Zeit.* Zürich: Evz-Verlag
Cunningham, A. 1990: *From Strangers to Citizens: Eschatology in the Patristic Era.* In: Ex Auditu 6, 73-85.
David, A.R. 1984: *Ancient Near Eastern Religions* in Hinnells, J.R.(red.): *The Penguin Dictionary of Religions.* Suffolk: Penguin Books.
Davids, R. 2006: *Vodaworld Magazine.* Cape Town: Vodacom Interactive Africa
Davidson, H.R.E. ea. 1975: *The Journey to the other world*. N.J. Ipswich: Totowa.
Davies, J. 1999: *Death, burial, and rebirth in the religions of antiquity*. London: New York: Routledge.
Day, J. 1996: *The Development of Belief in Life after Death in Ancient Israel,* in After the Exile:essays in honour of Rex Mason (1), Mercer University Press.
Dbyans, A.Y. 1979: *Death, intermediate state, and rebirth in Tibetan Buddhism*. London: Rider
De Beer, H. 1989: *'n Ou-Testamentiese perspektief op die dood.* US.
De Beer, P. in Meiring, P et.al. 1996: *Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste*, Pretoria: Kagiso Uitgewers en LLS.
De Boer, M. 1988: *The defeat of death : apocalyptic eschatology in 1 Corinthians 15 and Romans 5*. Sheffield: JSOT Press.
De Cock, P.B. 1999 : *Some issues in apocalyptic in the exegetical literature of the last ten years.* Neotestamentica; Vol. 33, Iss 1, p.1-33.
De Gruchy, J.W. 1999 : *A new heaven and a new earth: An exposition of Isaiah 65:17-25*.: Journal of Theology for Southern Africa, Iss 105, p.65-74.
De Moor, J.C. 1926: *De Hemel Geopend.* Derde Uitgawe, Kampen: J.H.Kok.
De Satge, J. 1978 : *Christ and the human prospect : the unity of existence here and hereafter*. London: S.P.C.K.
De Smidt, J.C. 1983: *Die duisendjarige vrederyk: Analities-eksegetiese studie van Openbaring20* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
De Smidt, K. 1994 : *Revelation 20: prelude to the omega point - the new heaven and earth*.: Scriptura, Iss 49, p.75-87.
De Stadler, L.G., 1997: *Groot Tesourus van Afrikaans.* Halfweghuis: Southern Boekuitgewers. LLS
De Villiers, P.G.R. 1987: *Leviatan aan 'n Lintjie*. Pretoria: SERVA Uitgewers.
De Villiers, P.G.R. 1997: in HNT - *Die Leefwêreld van die Nuwe Testament*, du Toit, A.B red, Halfway House: Orion Uitgewers, LLS.
De Villiers, P.J.A. 1940: *Hel of doderyk*? In: Die Gereformeerde Vaandel 8 11:342-343
De Vos, B.J.G. 1987: *Die Begrippe Uitverkiesing en Verwerping by G.C. Berkouwer.* M.Div. Teologiese Fakulteit Afdeling B, Ned.Geref. Kerk. Pretoria: UP.
De Vos, B.J.G. 2006: *Waarde van geskrifte buite die Bybel*. 20 Mei, Pretoria: Beeld
De Vos, H. 1948: *Het Christelijk Geloof*. NijKerk: G. F. Callenbach N.V.-Uitgever.
Dehejia, V. 1979: *Living and dying: The enigma of death and after-life*. New Delhi: Vikas.
Deist, F. 1991: *Die Taal van Geloof.* Vereeniging: CUM.
Deist, F. 1996: *Coram Deo, in Ek wil lééf en liefhê, Here*. Kaapstad: Lux Verbi.
Deist, F. 1998: *Die Son het Vlerke, Meditasies oor God en Menswees.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
Delooz, P. 1971 : W*ho believes in the hereafter?* In:Lumen Vitae, 26(3), 369 – 390
Desmond, A.T. 1986: *The Old Testament View of Life after Death*. Leicester: Themelios 11.
Detweiler, R. 1994 : *Thanatopoiesis: Imagining Death*. In The Conrad Grebel Review, 12(2), 155-169.

Die Bybel 1983: *Nuwe Afrikaanse Vertaling* (NAV). Kaapstad: Bybelgenootskap van SA.
Dietrich, R.S. Ja-F 1991 : *Coming home* , Living Prayer 24:14-17
Dillon, R.J. 1990: *Death's Sting. The Bible & the Funeral Rite*, Church 6 13-17(2)
Disley, E. 1991: *Degrees of Glory: Protestant Doctrine and the Concept of Rewards Hereafter*. In Journal of Theological Studies, year 1991, 42 (1), 77-105
Dobson, E., Labuschagne, L. 1999*: 50 Merkwaardige gebeurtenisse wat wys na die einde: Waarom Jesus kan terugkom in die nuwe millennium.* Kaapstad: Lux Verbi
Dodd, C.H. 1956: *The apostolic preaching and its developments.* London: Hodder & Stoughton.
Dordtse Leerreëls I.15, 1982: Belydenisskrifte, in *So Glo Ons…* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers en LLS.
Doss, R.W. 1974: *The last enemy: a Christian understanding of death.* New York: Harper Row
Doyle, B. Je 1990 : *Winging it: what Catholics think about heaven* , U.S. Catholic 55:6-11
Dreyer, H.J. 1989: *Esra* en *Nehemia* kommentaar. red. A.H. van Zyl, Kaapstad: Lux Verbi, LLS.
Drummond, R. 1989: in *Godsdienste van die Wêreld.* Struik, Redakteurs: R.P.Beaver (VSA), J.Bergman (Swede), M.S.Langley (Engeland), W.Metz (Wes-Duitsland), A.Romarheim (Noorweë), A.Walls (Skotland), R.Withycombe (Australië), R.W.F. Wootton (Engeland). Brittanje: Lion Publishing en Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Du Plessis, J. 1927: *Eeuwige straf.* In: Het Zoeklicht/Die Soeklig 5 11:346
Du Preez, H.S. 1997: *Homo sapiens' resurrection.* Danhof: Kamie.
Du Preez, J. 1988: *John Calvin's contribution to a Theologia Religionum*. *Missionalia,* vol. 16:2 Augustus.
Du Rand, J.A. 1988: The imagery of the heavenly Jerusalem (Revelation 21:09-22:5), In: Neotestamentica 22 1:65-86.
Du Rand, J.A. 1993: *Openbaring.* Vosloo,W. red. Vereeniging: CUM, LLS.
Du Rand, J.A. 1994: *The transcendent God-view: Depicting structure in the theological message of the .Apocalypse of John.*: Neotestamentica; Vol. 28, Iss 2, p.557-573.
Du Rand, J. A. 1999 : *Van klipkrip tot Armageddon*. Pretoria: Aktua Pers.
Du Toit D.F. 1942: *Die begrip hemel in die Nuwe Testament: 'n dogmatiese studie*. US Stellenbosch
Du Toit, A.B. 1997: *Die Leefwêreld van die Nuwe Testament*. Halfway House: Orion Uitgewers en LLS.
Du Toit, A.B. ea. 1980: *Handleiding by die Nuwe Testament IV.* Pretoria: NGKB
Du Toit, B. 2000: *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.
Du Toit, D. Aug 31, 1990: *Die dood is 'n raaisel, maar sy angel is uit*. Kerkbode; 9 Vol. 146.
Du Toit, D. 1993: *Wanneer vind die oordeel plaas*? In: Die Kerkbode 152. 13:4.
Du Toit, D.A. 1993: in *Universalism and the doctrine of hell* : Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991, red. Cameron, red. N.M. de S, Grand Rapids: Baker Book House Carlisle: Paternoster Press
Duchesne-Guillemin, J. 1952: *The hymns of Zarathustra*. Londen: Hyperion Press.
Duchesne-Guillemin, J. 1956: *The Western Response to Zoroaster*. Connecticut: Greenwood Press.
Durand, J.J.F. 1981: *Life and death as a theological problem*. In: Journal of Theology for Southern Africa 17 36:18-26.

Eichrodt, W. 1970: *Ezekiel: A Commentary*. London: SCM Press. Old Testament Library.

Eksteen, L.C. 1997: red. *Groot Woordeboek*, Kaapstad: Pharos CD.
Elwell, W. A. red. 1989: *Evangelical Commentary on the Bible.* Grand Rapids: Baker Book House Company, LLS.
Elwell, W.A. red. 1991: *Topical Analysis of the Bible.* Grand Rapids: Baker Book House Company, LLS.

Encarta Microsoft 2002: *Encarta Reference Library CD's*. Microsoft Corporation
Encarta Microsoft 2002: *Apocrypha Apocalyptic Writings* Reference Library.
Encounter, 2006: Nongqawuse – Prophetess of Doom http://www. encounter.co.za /article/ 118. html
Engelbrecht, J.J. 1993 : *Heerlikheid van hiernamaals oorskadu alle lyding*.In: Die Hervormer 85 23:1, 3.
Erickson, Millard J. 1995*: Is Hell Forever?* In Bibliotheca Sacra, 152(607), 259-272.
Erickson, Millard J. 1995: *Is There Opportunity for Salvation after Death*? In: Bibliotheca Sacra, 152(606), 131-144
Farquhar, J.N. 1971: *Christianity - The crown of Hinduism.* New Delhi: Oriental Books.
Farsi deutch Varza, Bahram, 2002: *Zoroastrianism*, by www zoroastrianism cc
Temple of Zoroaster *An overview of his life and beliefs, with illustrations*, by http://sangha. net/ messengers/ zoroaster. htm, 13/02/2002
Farsi, D F. 2002: *Zoroastrian Faith and philosophy* by http//www. zoroaster. net/farsi1. htm, en *Wise men in Bethlehem - Persian*? by www. zarathustra. com
Fensham F. C. 1952: *Openbaring 20*. Proefskrif; Pretoria: Universiteit van Pretoria,
Fensham, F.C. 1993: *Eksodus.* red. A.H. van Zyl et.al, Kaapstad: Lux Verbi, LLS.
Fisher, R. 1999 : *The empty tomb story in Mark: Its origin and significance*. Neotestamentica; Vol. 33, Iss 1, p.59-77.
Fortman, E.J. 1986: *Everlasting life: towards a theology of the future life*. New York: Alba House.
Frerichs, W.W. 1991: *Death and Resurrection in the Old Testament*. In Word and World, 11(1), 14-22.
Frost, S.B. 1952: *Old Testament Apocalyptic : its origins and growth.* London: Epworth Pr.
Fryer, N. 1987: *The intermediate state in Paul.* Hervormde teologiese studies; Vol. 43, Iss 3, p.448-484.
Fudge, E.W. 1994: *The fire that consumes : the biblical case for conditional immortality*. Carlisle: Paternoster Press.
Gardiner, E. 1989: *Visions of heaven and hell before Dante*. New York: Italica Press.
Gardiner, E. 1993: *Medieval visions of heaven and hell : a sourcebook*. New York: Garland
Gardner, A.E. 1992: *The Way to Eternal Life in Dan 12:1e-2 or How to Reverse the Death Curse of Genesis 3.* Journal: Australian Biblical Review 40, University of Melbourne.
Gatch, M.McC. 1969: *Death; meaning and mortality in Christian thought .and culture*, New York: Seabury Press
Genovese, E.N. 1983: *Paradise and Golden Age : ancient origins of the heavenly utopia*, In: Utopian vision, The San Diego State Univ Pr.
Gerstner, J.H. 1980: *Jonathan Edwards on heaven and hell.:* Baker Book House.
Geiger, M. c.1968: *Index Volume I - Barth Church Dogmatics*. Edenburgh: T. & T. Clark.
Gibson, R. Jl 1988: *Hellfire and damnation in nineteenth-century France*. Catholic Historical Review 74:383-402
Glasson, T.F. 1982: *The last judgement - in Rev. 20 and related writings*. In: New Testament Studies, 28(4), 528 - 539
Godsey, D. 1966: *How I changed my mind…Karl Barth*. Virginia.
Goldingay, J. E. 1989: *Daniel.* Dallas: Word Books, Word Biblical Commentary.
Grayston, K. 1992: *Heaven and Hell: A Door Opened in Heaven*. In: Epworth Rev, 19(1), 19-26.
Greijdanus, S. 1925: *De Openbaring des Heren aan Johannes*. Amsterdam: H.A. van Bottenburg
Greijdanus, S. 1965: *De Openbaring des Heren aan Johannes*. Kampen: JH.Kok
Greyling, F. 2005: *Giftige geskinder vertroebel denke.* Pretoria: Beeld 16.03.2005.
Griffith, R.T.H. 1973: *The Hymns of the Rig Veda*, Vertaling met kommentaar. Delhi: Motilal Banarsidass.

Griffiths, A.B. 1981: *Death and resurrection* , Tablet London 235:386-7 Ap 18-25.
Griffiths, J.G. 1991: *The Divine Verdict. A Study of Divine Judgement in the Ancient Religions*, Studies in the History of Religions 52, Leiden New York: Brill.
Griswold, H.D. 1971: *The Religion of the Rig-Veda*. Delhi: Motilal Banarsidass.
Grundmann, W. 1981: *Das Evangelium nach Matthäus*. Berlin: Evangelische Verlagsanstalt
Guentert, K. ea. 1988: *Heaven, hell, purgatory: where do we go from here*; *Heaven: There's no place like home.* In: U.S. Catholic 53:6-15 N
Gundry, R.H. 1982: *Matthew - A Commentary*. Grand Rapids: Eerdmans.
Hailey, H. 1979: *Revelation*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
Hammer, R. 1989: *Godsdienste van die Wêreld.* Struik, Redakteurs: R.P.Beaver (VSA), J.Bergman (Swede), M.S.Langley (Engeland), W.Metz (Wes-Duitsland), A.Romarheim (Noorweë), A.Walls (Skotland), R.Withycombe (Australië), R.W.F. Wootton (Engeland). Brittanje: Lion Publishing en Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Hanekom, J.E.H. 1986: *'n Ondersoek na die troonvisioen, Openbaring 4-5*. Stellenbosch: US.
Hanson, P.D. 1987: *Old Testament apocalyptic*. Nashville: Abingdon Press.
Harmon, K.S. 1993: In *Universalism and the doctrine of hell*: Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991, red. Cameron, N. M. de S. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Harris, M.J. 1986: *The New Testament view of life after death*. In Themelios, 11(2), 47-52.
Harrison, E.F. 1962: *The Wycliffe Bible Commentary, New Testament*, Chicago: Moody Press.
Hart, T. 1993: *Universalism and the doctrine of hell*: red. Cameron, N. M. de S. Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Hartman, L. 1966 : *Prophecy interpreted : the formation of some Jewish apocalyptic texts and of the Eschatological discourse : Mark 13.* Par. Lund: Gleerup.
Harvey, J.D. 1992: *The 'With Christ' Motif in Paul's Thought*, JournEvangTheolSoc, 35: 329
Hattingh, H.P. 1999 : *Gemeenskap met God na die dood: 'n wysheidsperspektief vanuit Psalms 49 en 73*. Auckland Park: RAU.
Hattingh, H.P., ZA, 2. 1999: *'n Datering van Psalms 49 en 73.*: Old Testament Essays; Vol. 12, Iss 3, p.477-490
Healy, J.F. 1997: *Das Land ohne Wiederkehr: Die Unterwelt im antiken Ugarit und im Alten Testamen.,* vertaal J.F. Wimmer, Theologische Quartalschrift 177, Munich.
Heaton, E. W. 1964: *The book of Daniel: Introduction and commentary*. London: SCM
Heaton, E. W. 1995: *The book of Daniel: Introduction and commentary*. London: SCM.
Heidler, F. 1983: *Die biblische Lehre von der Unsterblichkeit der Seele: Sterben, Tod, ewiges Leben im Aspekt lutherischer Anthropologie*. Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
Heiler, F. 1954: *How can Christian and non-Christian religions co-operate?* S.l: Lucknow.
Heiler, F. 1959: *Die Religionen der Menschheit in Verganganbeit und Gegenwart***.** Stuttgart: Reclam.
Heiler, F. 1961: *Erscheinungsformen und Wesen der Religion* Stuttgart: Kohlhammer.
Heiler, F. 1966: *Der Lebendige Gott im Zeugnis der Religionsgeschichte***.** Reinhardt.
Heiler, F. 1970 *The Gospel of Sadhu Sundar Singh* S.l.: Lucknow.
Heinberg, R. 1989: *Memories and visions of paradise: exploring the universal myth of a lost golden age.* Los Angeles: J.P. Tarcher.
Helberg, J.L. 1993: *Jesaja 40-66* kommentaar. red. A.H. van Zyl. Kaapstad: Lux Verbi, LLS
Hellwig, M. 1978: *What are they saying about death and Christian hope*? New York: Paulist Press.
Helm P. 1993: "*Are They Few That Be Saved?*" in *Universalism and the doctrine of hell,* red. Cameron, N. M. de S. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Helm, P. 1989: *The last things: death, judgement, heaven, hell*. Carlisle. Banner of Truth

Hendriksen, W. 1959: *The Bible on the life hereafter*. Baker Book house.
Hendriksen, W. 1979: *Die Hiernamaals: Wat se die Bybel*? Verenigde Protestantse uitg.
Hennessey, L.R. 1991: *Origen of Alexandria: The Fate of the Soul and the Body after Death*. In Second Century, 8(3), 163-178.
Herfort-Koch, M. 1992: *Tod, Totenfursorge und Jenseitsvorstellungen in der Griechischen Antike : eine Bibliographie*. Munchen: Tuduv.
Hertel, B.R. 1980*: Inconsistency of beliefs in the existence of heaven and after life*. In: Review of Religious Research, 21(2), 171 – 183.
Hervormer, Feb 1, 1999: *Die einde van die wêreld: die oorsprong en ontwikkeling van die apokaliptiek*. Die Hervormer; Vol. 91, Iss 19, p.5.
Heyns, J.A. 1981: *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
Heyns, J.A. 1986: *Dogmatiek.* Teologiese Fakulteit Klaslesing, Afdeling B, Pretoria: UP.
Heyns, J.D. 2002: *Ervarings in Taiwan*. Per e-pos ontvang op 1 Aug. 2002
Hick, J. 1973: *God and the universe of faiths: essays in the philosophy of religion.* London: Basingstoke Macmillan.
Hick, J. 1976: *Death and Eternal life*. London: Collins
Hick, J. 1977: *Evil and the God of Love*. *II*. London: Collins
Hick, J. 1985: *Death and eternal life*. Reissue, Houndmills: Macmillan.
Hick, J. 1988: *The Myth of Christian Uniqueness*. Mede-redakteur: Knitter. London: Collins
Hicks, E. 1911: *The life hereafter: thoughts on the intermediate state*. Scott.
Higginbotham, F. 1997: *What happens after death*? Johannesburg: U.C.K.G. Publications.
Hillebrandt, A. 1981: *Vedic Mythology*. Delhi: Motilal Banarsidass.
Himmelfarb, M. 1993: *Ascent to Heaven in Jewish and Christian Apocalypses* New York: Oxford University Press.
Hinnells, J.R. 1984: *The Penguin Dictionary of Religions.* Suffolk: Penguin Books.
Hinnells, J.R. 1989: in *Godsdienste van die Wêreld*, red.: R.P.Beaver (VSA), J. Bergman (Swede), M.S.Langley (Engeland), W.Metz (Wes-Duitsland), A.Romarheim (Noorweë), A.Walls (Skotland), R.Withycombe (Australië), R.W.F. Wootton (Engeland). Brittanje: Lion Publishing en Kaapstad: Struik Christelike Boeke
Hinnells, J.R. 2000: *Zoroastrian and Parsi Studies*. Aldershot England: Ashgate Publishing.
Hislop, A. 2000: Verwysing in *Babylonian Paganism becomes Trinitarian Christianity*, *The Two Babylons* by http://www. montana. com/bupc/ whores/ babypag. html, 02/05/2000
Hodge, C. 1986: *Systematic Theology*. Grand Rapids: Eerdmans.
Hodgkinson, F.C. 1970: *After our pilgrimage : what the Bible says about life after death*. Valley Forge: Judson Press
Hooker, R. 1999: *The Hebrews After the Exile, 538-332 BC* in http:// www.wsu.edu: .8080/~dee/ hebrews/ afterex.htm, en zsupplu. htmzsupply. htm.
Horn, A. 2002: *Woordwyser - Temas uit Galasiërs*. Red. F. Clasen. Lynnwoodrif: Sinode van Oos-Transvaal.
Hornung, E. ea. 1993: *Auferstehung und Unsterblichkeit*. Munchen: W. Fink
Horvath, T. 1993: *Eternity and eternal life: speculative theology and science in discourse*. Waterloo, Ont.: Wilfrid Laurier University Press
Howe, L.T. 1995: *On the Resurrection and the Lordship of Jesus Christ*, AsiaJournTheol 9 318.
Hull W.E. 1961: *Future life in the synoptic gospels*. In: Review and Expositor, 58, 312-330
Hultkrantz, A. in Hinnells red. 1989: *Godsdienste van die Wêreld*, Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Human, D. 1998: *Hy sal sy Engel voor jou uitstuur*. Red. S. Joubert en J. van der Watt, Vereeniging: CUM.
Hybels, B. ea. 1995: *Becoming a Contagious Christian, Participant's Guide*. Grand Rapids: Zondervan

Iersel, B.M.F. van. 1979: *Heaven.* New York: Seabury Press.
Incredimail, 2006: *Thought 4 today! The Four Wives* < http:// www. Incredimail. Com
Islam, K.M. 1981: *The spectacle of death: including glimpses of life beyond the grave.* New Delhi: Adam Publishers
Iyer, R. red. 1983: *The Gathas of Zarathustra from the Zend-Avesta.* Concord: Grove Press.
Jensen, P.T. 1993*: Intolerable but Moral? Thinking about Hell*. In: Faith and Philosophy, 10(2), 235-241, Thomas Talbott's.
Jeremias, A. 1902: *The Babylonian conception of heaven and hell*. London: Nutt
Johnson, C.J. ea. 1991: *How different religions view death and afterlife*. Philadelphia: Charles Press.
Johnson, C.J. ea. 1986: *Encounters with eternity: religious views of death and life after death.* New York: Philosophical Library.
Johnstone, P.L. 1976: *Life, death, and hereafter*. Philadelphia: Theoscience Foundation.
Jonker W. D. 1993 en 1994. *Bevrydende Waarheid.* Wellington: Hugenote Uitgewers en LLS.
Jonker, W.D. 1983: *Die Gees van Christus. Wegwysers in die Dogmatiek.* Pretoria: NGKB
Jorgenson, J. 1986: *The Debate over the Patristic Texts on Purgatory at the Council of Ferrara Florence, 1438.* In St. Vladimir's Theological Quarterly, 30(4), 309-334
Joubert, S. 1994: *Matteus Vandag.* Halfway House, Orion Uitgewers, LLS.
Joubert, S. 2006: *'Steriele' Jesus bied min genesing vir samelewing.* Rapport SA-Sondagkoerant Saterdag 14/01/2006 14:09 per E-pos aan Rapport en op webbladsy gepubliseer.
Kaiser, O. 1977: *Tod und Leben.* Berlin Koln Mainz: Kohlhammer.
Kaiser, O. 1981: *Death and life*. Nashville: Abingdon.
Kaplan B.S. 1989: *The concept of Resurrection in Judaism and Christianity*. Pretoria: UNISA.
Karma-glin-pa, 1993: *14th cent. The Tibetan book of the dead: the great book of natural liberation through understanding in the between.* New York.
Kato, B.H. 1975: *Theological pitfalls in Africa*. Kenya: Kisumu.
Keefe, D.J. 1981: D*eath as worship*. In: Studies in Formative Spirituality, 2(2), 167–177.
Kelly, B. 1983: *Aspects of the theology of death,* Irish Theological Quarterly 50 no 2-3-4:233-8
Kelsey, M. 1997: *What is heaven like? The kingdom as seen in the Beatitudes,* 96, Hyde Park: New City Press
Kelsey, M.T. 1979: *Afterlife: the other side of dying* . New York: Paulist Press.
Kerkhofs, J. 1995: *Western Attitudes to Death and the Hereafter*. In: Louvain Studies, 20(2-3), 282-293.
Kerkinformatie, 1981: *God Met Ons… over de aard van het Schriftgezag*… Nr.113, Feb. Leusden: Gereformeerde Kerken
Kern, H.P.E. 1975: *Die hel*. Pretoria: UP.
King James Version, (KJV) 1611: *The Holy Bible*. England. LLS
King, N.J, and Whitney, B.L. Fall 1988: *Rahner and Hartshorne on death and eternal life* Horizons: Journal of the College Theology Society 15:239-61
Kirkpatrick, J.D. 1994: *Eskatologie in die boek Sefanja.:* Skrif en Kerk Vol.15, Iss 2, p.294.
Kleynhans, B. 1997: *Die eindtyd in perspektief*. Springs: VG.
Klimkeit, H. 1978: *Tod und Jenseits im Glauben der Völker,* Göttingen: Otto H. Wiesbaden.
Kline, M.G. 1976: *The first resurrection: A Reaffirmation*. In: Westminster Theological Journal, 39(1), 110 - 119
Koch, T. 1992: *"Auferstehung der Toten"*: *Uberlegungen zur Gewissheit des Glaubens angesichts des Todes* "Resurrection of the Dead": Considerations About the Certainty of Faith in the Face of Death. In Zetschrift fur Theologie und Kirche, 89(4), 462-483
König, A. 1970: *Jesus Christus Die Eschatos: Die fundering en struktuur van die eskatologie as teleologiese Christologie*. Goedgekeurde 1969 UP. Dr. Proefskrif; Potchefstroom Herald, Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A. 1971: *Een wat sterker is*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
König, A. 1980: *Jesus die Laaste: Gelowig nagedink. Deel 2.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
König, A. 1981, in *Prophetic Witness In A Bewildered World*, Missions Conference Papers, Grand Rapids, Michigan: Reformed Ecumenical Synod USA
König, A. 1982: *Hy kan weer en meer. Gelowig nagedink. Deel 3*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
König, A. 1989: *The eclipse of Christ in eschatology: toward a Christ-centered approach*. Grand Rapids, Mich. en London
König, A. 1991: *Bondgenoot en Beeld: Gelowig nagedink. Deel 4 - Oor die wese van die mens en die sonde*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
König, A. 1999: *Kom Jesus kort ná 2000*? Kaapstad: Lux Verbi
König, A. 2001: *Die helfte is my nooit oor Jesus vertel nie. 'n Nuwe kyk op die Een wat jou lewe verander*. Wellington: Lux Verbi. BM.
König, A. 2001: *Fokus op die 300 Geloofsvrae wat mense die meeste vra*. Wellington: Lux Verbi.BM en Goodwood: NBD.
König, A. 2002: *Ek glo die Bybel - ondanks al die vrae*. Wellington: Lux Verbi.BM
König, A. 2004 *Die Opstanding van Jesus Christus*. 12 Maart, Die Kerkbode
König, A. 2005: *Wat is reg? Weet iemand dalk?* Wellington: Lux Verbi.BM
König, A. 2006: *Müller moet verduidelik oor sy opstanding-boekie*. 17 Mei, Pretoria: Beeld.
Koornhof, A.M.H. 1949: *Die nuwe hemel en die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem*. In: Die Gereformeerde Vaandel 17 8:8-15.
Kotze, A.J. 1984: *Die sterwe en opstanding na die dood in die teologie van Johannes Calvyn*. Bloemfontein: UV.
Kraemer, H. 1947: *The Christian message in a non-Christian world.* London: Edinburgh House.
Kraemer, H. 1960: *Waarom nu juist het Christendom?* Nijkerk: G.F. Callenbach.
Kreeft, P.J. 1980: *Heaven, the heart's deepest longing*. 152, Harper & Row.
Kreeft, P.J. 1990*: Everything you ever wanted to know about heaven ... but never dreamed of asking*: 7, 269, Ignatius.
Kreeft, P.J. 1996: *The last things: death, judgment and hell.* National Catholic Register 72:5
Kriel, A. 1996: *Eenders dink, Eenders doen?* Kaapstad: Lux Verbi.
Krige, J. 1927: *Wat sal die einde van die goddelose wees?* In: Die Ou Paaie 1 12:296.
Krige, J. 1928: *Die dood nie die einde nie (Openb 14:13).* In: Die Ou Paaie 3 4:294
Kritzinger, J.J. ea. 1994: *On Being Witnesses*. Halfway House: Orion Publishers.
Kritzinger, J.N. 1986: *Die perspektief van die ewige lewe by sterwensbegeleiding*. Univ. Stellenbosch.
Kritzinger, M.S.B. ea. 1972: *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.
Kruger H.A.J. 1984*: Verbond en apokaliptiek in Jesaja 56 tot 66*. Stellenbosch: US.
Küng, H. 1991: *Eternal Life?* London, Worcester: Billing & Sons Ltd.
La Cock W.F. 1994: *Aspekte van beskouings oor die dood en hiernamaals in die ou Nabye-Ooste en LXX-Spreuke*. Stellenbosch: US.
La Cock W.F. 1996: *Die siening van die lewe na die dood in die Septuagint-weergawe van Spreuke*. Stellenbosch: US
Labuschagne, F.J. en Eksteen L.C. 1992 en 1993: *Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Agste hersiene en uitgebreide uitgawe*. Pretoria: J.L. van Schaik en Pharos CD.
Landman, C. 2004: *Die Opstanding van Jesus Christus.* 12 Maart, Die Kerkbode.
Lang, B. 1988: *Afterlife: Ancient Israel's Changing Vision of the World Beyond.* In: Bible Review 4, (1), Washington, DC.
Lang, B. 1994: *Leibliche Auferstehung und ewiges Leben? Das biblische Jenseits in neuer Sicht.* Bib.Kirch 49 2-10 (1)
Lategan, L.O.K. 1992*: Kritiese perspektief rondom die oomblik van dood*. In: Tydskrif vir Christelike Wetenskap 28 4:41-60

Laubscher, F.du T. 1993: *Apokaliptiese eskatologie in Sagaria 9*. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif; Vol. 34, Iss 1, p.15-26
Le Roux, J. 1979: *Die ewigheidswaarde van goeie werke. Die loon op goeie werke en die grade van heerlikheid in die hiernamaals*. Potchefstroom: PU vir C H O.
Le Roux, J. 1998: *Hy sal sy Engel voor jou uitstuur*. Red. S. Joubert en J. van der Watt, Vereeniging: CUM.
Le Roux, J.H. 1978: *The "last days" in apocalyptic perspective*. In: Neotestamentica 12 1:41-74
Lemmer, R. 1996: *Early Jewish mysticism, Jewish apocalyptic and writings of the New Testament: a triangulation.* Neotestamentica; Vol. 30, Iss 2, p.359-376.
Leon-Dufour, X. 1986: *Life and death in the New Testament: the teachings of Jesus and Paul*. San Francisco: Harper & Row.
Levine, Michael. 1993: *Swinburne's Heaven: One Hell of a Place*. In: Religious Studies, 29(4), 519-531.
Libanon-Uitgewers 1996: *Die Boeke van Esdras*, Mosselbaai.
Liebenberg, W.I.C. 1984: *Die Ou Testamentiese siening van die dood en die lewe na die dood.* Pretoria: UP.
Lieu, J. 1997: *The Gospel of Luke.* London, Peterborough: Epworth Press.
Lincoln, A.T. 1981: *Paradise now and not yet: Studies in the role of the heavenly dimension in Paul's thought with special reference to his eschatology*. New York: Cambridge University Press.
Linfield, A.M. 1994: *Sheep and Goats: Current Evangelical Thought on the Nature of Hell and the Scope of Salvation*. In Vox Evangelica, 24, 63-75.
Ling, T.O. en Cousins en Unterman, 1984: red. Hinnells, J.R. *The Penguin Dictionary of Religions.* Suffolk: Penguin Books.
Little, P.E. 1987: *Know Why You Believe*. Wheaton: Scripture Press.
LLS. 2001: Logos Library System, *Elektroniese Boeke CD*. Johannesburg.
Lockyer, H. 1968: *The Gospel of the life beyond*. Westwood, N.J.: Revell.
Loewe, M. 1982: *Chinese ideas of life and death: faith, myth and reason in the Han period* (*202 BC-AD 220)* London: Allen & Unwin
Logos, LLS. 2001: Logos Library System, *Elektroniese Boeke CD*. Johannesburg.
Lombaard, S. 2006: *Loer en Lees oor Glansmense*. 3 Mei, Pretoria: Beeld
Lombard, H.A. 1978: *The character, epoch (period), origins (motives) and methods of Jewish apocalyptic*., In: Neotestamentica 12 3:20-40
Long, T.G. 1982: *Life after Death: The Biblical View,* Bible Today 20, Collegeville, Liturgical Press.
Long, T.G. 1982: *Life after Death: The Biblical View.* In: Bible Today 20:347-53, Collegeville.
Long, V.W.M, 1987: *Hell*, Homiletic and Pastoral Review 88:55-60
Long, V.W.M, 1989: *Heaven*, Homiletic and Pastoral Review 89:56-9
Longenecker, R. N. red. 1998*: Life in the face of death: the resurrection message of the New Testament*. Grand Rapids, Mich.: W.B. Eerdmans Pub. Co.
Louw J.P. en Nida, E.A, 1988: *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains*, Volume I en II. New York: United Bible Societies.
Louw, J.M. 1941: *Die hiernamaals in die Ou Testament.* Pretoria: UP.
Lucado, M., Van Aswegen, R. 1999*: Wanneer Christus kom: die aanvang van die allerheerlikste.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
Luri, D. 2003: 'n *Persoonlike onderhoud oor Zoroastrisme.* Deur outeur met D.Luri van Iran gevoer te NG Gemeente Rooihuiskraal. Op video beskikbaar. Centurion.
Lutzer, E.W. & De Vries, J.F. 1989: *Satan's "evangelistic" strategy for this New Age.* Wheaton, Illinois: Victor Books.
Lutzer, E.W. 2000: *One minute after you die: a preview of your final destination*.Vereeniging:

Christian Art Publishers.
Luyten, N.A. 1980: *Tod, Ende oder Vollendung*? Freiburg: Alber
Mackenzie, D.A. 1930: *Myths of Babylonia and Assyria*. London: Gresham.
MacKinnon, D. ea. N 1988: *Hell: what it means not to be saved*. New Blackfriars 69:472-503
Madamana, G. 1985: *Afterlife in the OT*. Bible Bhashyam 11. Kerala: India.
Malan, J. e.a. 1997: *Patmos Briewe.* Alberton: Basuin, Trumpet Uitgewers, LLS.
Malherbe, L. 1997: *Maksimum Man* en *Maksimum Vrou, Die Lokval; As Daai Bus Jou Trap*. Wellington: Bybel-Media. LLS.
Malina, B.J. 1995: *Vensters wat die Woord laat oopgaan*, Johannesburg: Orion, LLS.
Malina, B.J. 2000: *The New Jerusalem in the Revelation of John*. Zacchaeus Studies: New Testament. Minnesota: The Liturgical Press.
Maloney, G.A. 1980: *The everlasting now: meditations on the mysteries of life and death as they touch us in our daily choices*. Notre Dame, Ind.: Ave Maria Press.
Mann, C.S. 1986: *Mark - A New Translation with Introduction and Commentary*. The Anchor Bible, New York: Bantam Doubleday Dell.
Marais, J.G. 1992: *Die Universalisme in Karl Barth se verkiesingsleer*. Stellenbosch: US.
Marais, J.J.R. 1984: *Bybelse perspektiewe op die tussentoestand.* Bloemfontein: UV.
Marais, W. 1995: *Onder Ewige Vleuels.* Pretoria: Aktuapers, LLS
Marchant, J. 1925: *Life after death: according to Christianity and spiritualism*. Cassell.
Marcus, J. Jl 1988: *The Gates of Hades and the Keys of the Kingdom.* (Matt 16: 8-19), Catholic Biblical Quarterly 50:443-55
Marget, M. F 1990 : *Life after death: the house we lived in*. Commonweal 117:114-115
Markham, I.S. 1996: *Questions People Ask 8. Life after Death.* In: Expository Times, 107(6) 164-169.
Martin, J.P. 1963: *The last judgement in protestant theology from orthodoxy to Ritschl*. Grand Rapids: Eerdmans.
Masumian, F. 1996: *Life After Death - A study of the Afterlife in World Religions*. Oxford, England: Oneworld Publications.
Mathewson, D. 2003: *A new heaven and a new earth: the meaning and function of the Old Testament in Revelation 21:1-22:5.* London; New York: Sheffield Academic Press.
Matsunaga, D. 1971: *The Buddhist concept of hell.* New York: Philosophical Library.
Mauser U.W. 1987: *Heaven in the World View of the New Testament*. Hor.BibTheol, 9 31-51(2)
Mbeki, T. Prsident RSA. 2006: *Toespraak by Dr Beyers Naudé se begrafnis* in program uitsending SABC, TV2, Do.16 Feb.2006, video in skrywer se besit is beskikbaar.
Mbiti, J.S. 1979: *Concepts of God in Africa*. London: S.P.C.K.
McDannel, C. en B. Lang. 1988: *Heaven: A History*. London: Yale University Press.
McDonald, H.D. 1972: *Living Doctrines of the New Testament.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
McDowell, J. 2005: *Bewyse oor die Christelike Geloof. Beslissende antwoorde op vrae wat die Christelike Geloof uitdaag.* Nashville: Thomas Nelson Publishers en Vereeniging: CUM.
McGee, J.V. 1968: *The empty tomb: proof of life after death.* Glendale, Calif.: Regal Books.
McGill, A.C. 1987: *Death and life: an American theology*. Philadelphia: Fortress Press.
McIntyre, F.L. 1988: *Jesus' Teaching on Hell: Gehenna and Hades in the Gospels.* In: Henceforth, 16(2), 74-84.
McKay, R.C. 1991*: Death's sting: A psychological enquiry into Christian views of dying and death.* In: Theologia Evangelica 24 3:44-56.
Meiring, P. Red. 1996: *Suid-Afrika, Land van baie Godsdienste*, Pretoria: Kagiso Uitgewers en LLS.
Meiring, P. 1982: *Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins*. (Fil.1:21) Pretoria: D.Retief Uitgewers.

Meisner M. 1981: *Martin Luther - Heiliger oder Rebell*. Hamburg: Verlag Schmidt-Römhild.
Metz, W. 1989: *Godsdienste van die Wêreld*, outeur en mede-redakteur (Wes-Duitsland). Ander redakteure: R.P.Beaver (VSA), J. Bergman (Swede), M.S.Langley (Engeland), A.Romarheim (Noorweë), A.Walls (Skotland), R.Withycombe (Australië), R.W.F. Wootton (Engeland). Brittanje: Lion Publishing en Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Meyer, C.R. 1985: *The life of the world to come*. Chicago Studies 24:115-30
Michaels, J.R. 1976: T*he first resurrection: A Response.* In: Westminster Theological Journal, 39(1), 100 – 109.
Microsoft. 1991: American Heritage Dictionary, *Zoroastrianism* op Microsoft Bookshelf CD
Microsoft 1991: Concise Columbia Encyclopedia: *Zoroastrianism* op Bookshelf-CD, Columbia: University Press.
Microsoft. 2002: *Encarta Reference Library CD's*. Microsoft Corporation
Microsoft Encarta 2002: "*Heaven*" Online Encyclopedia Reference Library. Microsoft Corporation: http:// encarta. msn. com.
Milikowsky, C. 1988*: Which Gehenna? Retribution and eschatology in the synoptic Gospels and in early Jewish texts*. New Testament Studies 34:238-249
Millard, A. 1989: *Wieg van die Beskawing*: Die Antieke Nabye Ooste, in *Godsdienste van die Wêreld.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke
Mills, L.H. 1898: *AVESTA: YASNA Sacred Liturgy and Gathas / Hymns of Zarathushtra*. Translated by Mills from the Sacred Books of the East, American Edition, en op internet.
Mills, L.H. 1908: *Avesta Eschatology compared with The Books of Daniel and Revelations being supplementary to Zarathustra, Philo the Achaemenids and Israel.* Chicago, London, Kegan Paul.
Mindling, J.A. 1991: *Hope for a Felicitous Afterlife in Psalms 16, 49, and 73*. in Laurentianum 32, Rome.
Minear, P.S. 1968: *I saw a new earth: an introduction to the visions of the Apocalypse*. Washington: Corpus Books.
Minear, P.S. 1981: *New Testament Apocalyptic*. Nashville: Abingdon.
Moltmann, J. 1970: *Umkehr zur Zukunft*, Munich: Siabenstern Taschebuch Verl.
Moltmann, J. 1998: *Is there life after death?* Milwaukee, WI: Marquette University Press.
Moorehead, J.H. 1984: *"As though nothing at all had happened": Death and afterlife in protestant thought, 1840-1925*. In Soundings, 67(4), 453-471.
Morgan, K.M. 1947: *Ideas of future life in the pagan Roman writers.* Pretoria: Unisa.
Morris, L. 1991: *Hell: The Dreadful Harvest*. In: Christianity Today, 35(6), 34-38.
Mosedale, O.S. 1994: *Heaven and Hell (7). Biblical certainties and silences.* Epworth Rev. 21, 102-108.
Mounce, R.H. 1998: *The Book of Revelation*. Grand Rapids, Mich.: W.B. Eerdmans.
Müller, J.J. 1953: *In U Lig.* Bloemfontein, SA CUM.
Müller, J.J. 1970: *Die Lewe ná die Dood*. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.
Müller, J.J. 1970: *Die lewe na die dood*. Kaapstad-Pretoria: NGK-Uitgewers.
Müller, J.J. 1976: *Grondbegrippe van die Christelike Geloof*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
Muller, J.J. 1978 & 1982: *Die lewe na die dood*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
Muller, M. 1976: *Die begrip "ewige lewe" by Paulus.* Port Elizabeth: UPE.
Murphy, M. 1994: *Rahner's theology of death and life after death: a pastoral approach*. Living Light 30:18-24
Murray, G. 1997: in *Die Leefwêreld van die Nuwe Testament*. Du Toit, A.B. red, Halfway House: Orion en LLS.
Myburgh, J.N. 1982: *Die ewige lewe by Paulus en Johannes - 'n vergelykende studie.* Pretoria: UP.
Naudé, J.A. 1986: *Apokalips, apokaliptiese eskatologie en apokaliptisisme in die latere*

*Jodendom*. In: Tydskrif vir Christelike Wetenskap 22 1:99-137. Bloemfontein: UOVS.
Ndou, R.M. 1993: *The Vhavenda concept of life hereafter, a comparison between the traditional Venda religion and the Christian tradition*. University of Venda.
Ndou, T.K. 1997: *A comparison between Johannine and Pauline eschatology*. Auckland Park: RAU.
Nevins, A.J. 1985: *What a Catholic believes about death. Life after death. Hel and Purgatory.* Our Sunday Visitor 73:8-13
Nhlangwini, A. 2006: "*The Cattle Killing*" en ander skilderye SA Kunsgallerye; http: //www. nsa gallery. co.za. en artsmart. co. za.
Nigosian, S.A. 1993: *The Zoroastrian Faith, Tradition and Modern Research*. Montreal: McGill-Queen's University Press.
Nolte, S.P. 1993: *The tongue as a fire (James 3:5-6).* Acta Patristica et Byzantina, Iss 4, p.80-84, Pretoria.
Norris, F.W. 1993: *Universalism and the Doctrine of Hell*, red Nigel M. de S. Cameron, Edinburgh Papers, Michigan: Grand Rapids Baker Bookhouse
Novak, P. 1997: *The division of consciousness: the secret afterlife of the human psyche*. Norfolk: Hampton Roads
Odendal, F.F, et. al. 1994: *Die Elektroniese Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
O'Donovan, L.J. 1979: *Living into mystery: Karl Rahner's reflections at 75*.In: America, 140(9), 177-180.
O'Hanlon, G.F. 1993*: Life after death*. In: Way 33:313-322
Olivier, A. 2003: *Supermoderne museum oor die oertyd.* 29 Maart, Pretoria: Beeld.
Oosthuizen, D.J.J. 1954: *Ek glo in die wederopstanding van die vlees.* Pretoria: UP.
Oosthuizen, G.C. 1978: *Die Godsdienste van die Wêreld*. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
Orr,W.F. en Walther, J.A. 1986: *I Corinthians*. The Anchor Bible. New York: Doubleday
Osei-Bonsu, J. 1986: *Does 2 Cor. 5.1-10 teach the reception of the resurrection body at the moment of death?* In Journal for the Study of the New Testament, 28, 81-101.
Packer, J.I. 1990: Leon Morris - lesing in Australië - *The Problem of Etemal Punishment*. Crux XXVI, Nr.3, September.
Page, A.F. 1987*: Life after death: what the Bible says*. Nashville: Abindgon Press.
Paine, L. 1972: *The Hierarchy of Hell*. New York: Hippocrene Books.
Parise, M. 1990: *Our eternal future: what happens after we die?* Liguorian 78:2-6
Park, J.S. 2000: *Conceptions of afterlife in Jewish inscriptions: with special reference to Pauline literature*. Tubingen: Mohr Siebeck.
Parker, J. 1978: *The concept of apokatastasis in Acts: a study in primitive Christian theology*. Austin, Tex: Schola Press
Parrella, F.J. 1981: *Death and afterlife*, Ministries 2:26-9.
Parrinder, E.G. 1973*: The indestructible soul: the nature of man and life after death in Indian thought.* London: Allen & Unwin.
Parrish, C.J. 1988: *The doctrine of heaven in the writings of St. John of Damascus and earlier Greek tradition.* Rhodes University.
Peréz-Remón, J. 1983: *Early Buddhism: life after death*? In: Eschatology in Christianity and other religions: 95-122
Perry, M.C. 1975: *The resurrection of man: Christian teaching on life after death*. London: Mowbrays.
Pfeiffer C.F. 1975 & 2001: *Wycliffe Bible Encyclopedia*, Chicago IL: Moody Press en LLS.
Pfeiffer, C.F. 1962 & 2001:*The Wycliffe Bible Commentary, Old Testament,* Chicago: Moody Press en LLS.
Pfeiffer, C.F. 1975: *Wycliffe Bible Encyclopedia.* Chicago, IL: Moody Press. LLS

Pfeiffer, C.F. en Vos, H.F. 1967 & 2001: *The Wycliffe Historical Geography of Bible Lands*. Chicago: The Moody Bible Institute of Chicago en LLS.
Pinker, A. 1995: *Sheol*, Jewish Bible Quarterly 23, Jerusalem.
Pippin, T. 1999: *Apocalyptic bodies: the biblical end of the world in text and image* New York: Routledge.
Pitard, W.T. 1987: *RS 34.126: Notes on the Text* (The Ugaritic funerary text) In: Maarav 4, Rolling Hills.
Pittenger, N. 1980: *After Death, Life in God*. SCM Pr.
Poellot, L. 1962: *Revelation*. St. Louis, Missouri: Concordia Publishing House.
Potgieter, J.H., 1993: *Jona* kommentaar. red. A.H. van Zyl. Kaapstad: Lux Verbi, 1989, LLS
Powys, D.J. 1993: In *Universalism and the doctrine of hell.* red. Cameron, N. de S. Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Powys, D.J. 1997: *'Hell': a hard look at a hard question: the fate of the unrighteous.* Carlisle, Cumbria Biblical and Theological Monographs. Sydney: Paternoster Press.
Prestidge, W. 1993: *Human Death*.In Resurrection, 96(2), 9-13.
Prinsloo, G. 1993: *Jesaja* kommentaar. W.Vosloo, red. Vereeniging: CUM, LLS
Pullella, P. 2006: *Vatican City, Pope Ratzinger*. India Today/ Reuters. com, 17 April.
Putter, A. 1960: *Onsterflikheid of opstanding: 'n Studie in die teologiese antropologie en eschatologie.* Pretoria: UP.
Radio Jacaranda 94.2, 2006: "*Feel*" van Robbie Williams
Radio Jacaranda 94.2, 2006: *"How far is heaven?"* van Los Lonely Boys.
Radio Jacaranda 94.2, 2006: *"Spirit in the Sky"* van Gareth Gates.
Rahner, K. 1968: *'Hoelle'* in Sacramentum mundi: an encyclopedia of theology II. London: Burns & Oates Freiburg: Herder.
Rahner, K. 1975: *Encyclopedia of theology: a concise Sacramentum mundi* - Revised Articles. London: Burns and Cates.
Ras, J.M. 1997: *Die betekenis van 'parousia' in die Matteusevangelie*.: Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, Vol. 38, Iss 4, p.362-373
Ratzinger, J. (sedert 2005 Pous Benedictus XVI) 1977: *Eschatologie - Tod und ewiges Leben. Kleine Katholische Dogmatik* Band IX. Regensburg: Verlag Friedrich Pustet.
Ratzinger, J. (sedert 2005 Pous Benedictus XVI) 1995: *Christian Universalism: On Two Collections of Papers by Hans Urs von Balthasar.* In: Communio: International Catholic Review, 22(3), 545-557
Raxworthy, N. 1991: *Some Thoughts on Hell and God's Justice*. In : Resurrection, 94(3), 5-7.
Rea, C. 1992: *Tell me there's a heaven.* http: // lyrics.rare-lyrics. com / C/ Chris-Rea.
Redditt, P. L. 1999: *Daniel*. Sheffield: Sheffield Academic Press, New Century Bible
Reid, D.R. 1995: *Luther, Muntzer and the Last Day: Eschatological Hope, Apocalyptic Expectations.* In : Mennonite Quarterly Review, 69(1), 53-74.
Reiser, M. 1990: *Das Leben nach dem Tod in der Verköndigung Jesu, Mrk 12 :18-27*, ErbAuf 66, 381-390.
Riemer, J. 1974: *Jewish reflections on death*. New York: Schocken Books.
Riemer, J. 1995: *Wrestling with the angel: Jewish insights on death and mourning*. New York: Schocken Books.
Robinson, J.A.T. 1950: *In the end God.* London: Collins.
Roerich, N. 2002: *Images of Zoroaster*, by http:// gilbreth. ecu.purdue. edu/ ~bulsara/ ZOROASTRIAN /z images. html en *Temple of Zoroaster* by http:// www. Avesta. org.
Roos, G.J.J. 1945: *Die Israelitiese voorstelling van die wereld van lewe en dood volgens Pederson*. In Woord en Waarheid 2 1:15-28.
Rozwaski, C.Z. 1994: *Jewish meditations on the meaning of death*. Northvale: Jason Aronson.

Ruffle, J. in Struik, red. Hinnells, 1989: *Godsdienste van die Wêreld*, Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Russell, D.S. 1960 & 1976: *Between The Testaments.* London: SCM & Norwich: Fletcher.
Russell, D.S. 1964: *The method and message of Jewish Apocalyptic, 200 B.C.-A.D. 100.* Philadelphia: Westminster Press London, SCM Press.
Ryrie, C.C. 1972 & 2001: *A Survey of Bible Doctrine*, Logos, Chicago: Moody Press; LLS
SABC. TV3 2006: Laataand Nuus *Grey en Nongqawuse* 16.03.2006. Johannesburg: Kunsuitstalling
SABC. 2006: The Big Question: *Is there Life After Death?* 20h00, 5 Maart 2006, TV2. Video in skrywer se besit is beskikbaar.
Sachs, J.R. D 1993: *Apocatastasis in patristic theology*, Theological Studies 54:617-640
Sanders, J.O. 1966: *What of the Unevangelized?* OMF en sien Cameron N.M. de S:1, Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Sappington, T.J. 1994: *The Factor of Function in Defining Jewish Apocalyptic Literature*. In: Journal for the Study of Pseudepigrapha, 12, 83-123.
Sawyer, J. F. A. 1984: *Isaiah I*. Edinburgh: Saint Andrew Press. The Daily Study Bible.
Sawyer, J. F. A. 1986: *Isaiah II*. Edinburgh: Saint Andrew Press. The Daily Study Bible.
Sawyer, J. F. A. 1996: *The Fifth Gospel: Isaiah in the History of Christianity*. Cambridge: Cambridge University Press.
Scheffcsyk, L. 1985: *Apocatastasis: Fascination and paradox.* In: Communio: International Catholic Review, 12 (4), 385-387.
Schep, J.A. 1964: *The nature of the resurrection-body; a study of the Biblical data.* PU.
Schlette, H.R. 1964: *Die Religionen als Thema der Theologie.* Freiburg: Herder.
Schlette, H.R. 1966: *Towards a theology of religions.* Freiburg: Herder.
Schnackenburg, R. 2002: *The Gospel of Matthew.* Grand Rapids, Michigan: W.B. Eerdmans.
Schüssler F.E. 1998: *The Book of Revelation* **-** *justice and judgment*. Minneapolis: Fortress Press.
Schwarz, H. 1981: *Beyond the gates of death: a biblical examination of evidence for life after death.* Minneapolis : Augsburg Pub. House.
Scurlock, J. 1995: *Death and the afterlife in ancient Mesopotamian thought*. In Civilizations of the ancient Near East, vol 3. New York: Charles Scribner's Sons.
Servais, J. Aut 1996: *Communion, universality and apocatastasis: hope for all?* International Catholic Review: Communio 23:448-464
Shedd, W.G.T. 1885: *The Doctrine of Endless Punishment*. Edinburgh: Banner of Truth.
Shedd, W.G.T. 1888: *Dogmatic theology I,* Edinburgh: Clark.
Sim, D.C. 1998: *Are the least included in the kingdom of heaven*? *The meaning of Matthew 2:19*. Hervormde Teologiese Studies; Vol. 54, Iss 3 / 4, p.573-587.
Sim, D.C. 1999: *Angels of eschatological punishment in the Jewish and Christian apocalyptic traditions and in the Gospel of Matthew*.: Hervormde Teologiese Studies; Vol. 55, Iss 2/3 p.693-718.
Simpson, M. 1971: *The theology of death and eternal life*. Notre Dame, Ind.: Fides,
Slattery, D.P. 1980 : *Dante's image of hope in Paradiso*. Renascence 33:24-35
Smit, D.J., Burger C.W. en Müller, B.A. 1985: *Riglyne vir eskatologiese prediking. Woord teen die Lig 6*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
Smit, N. 2005: *Die Groot Boek van Christelike Aanhalings*. Vereniging: C.U.M.
Smith, C.C. 1989: in *Godsdienste van die Wêreld*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Smith, D.J. 1974: *Die dogmatiese implikasies van die begrip hemel*. Pretoria: UP.
Smith, M.S. Bloch-Smith, E.M. 1988: *Death and Afterlife in Ugarit and Israel*. In: Journal of the American Oriental Society 108 (2), 277. New Haven.
Smith, W.M. 1968: *The Biblical doctrine of heaven.* Chicago: Moody Press.
Snyman, W.J. 1961: *Lewe, dood en onsterflikheid in die Nuwe Testament*. In: Koers 28 10:417.

Sopata, M. 1993*: Zur Theologie des Todes*. Frankfurt am Main: P. Lang.
Sourvinou-Inwood, C. 1984: in J.R. Hinnells se *Dictionary of Religions.* Suffolk: Penguin Books
Spangenberg, I.J.J. 1988: *Die Prediker se uitsprake oor en uitkyk op die dood.* (Qoheleth's Statements on and View of Death) In: Scriptura 31 27:29-37.
Spellman, W.M. 1994: *Between Death and Judgment: Conflicting Images of the Afterlife in Late Seventeenth-Century English Eulogies.* In Harvard Theological Review, 1994, 87 (1), 49-65.
Sper, D. 1990: *What Does the Bible Say About Hell?* Grand Rapids: R.B.C.
Spong, J.S. 1994: *Resurrection: myth or reality*? *A bishop's search for the origins of Christianity.* 1st ed., Calif: Harper San Francisco.
Spronk, K. 1986: *Beatific afterlife in ancient Israel and in the ancient Near East*. Kevelaer: Butzon & Bercker.
Stander H.F en Louw J.P. 1990 EN 2001: *Gebruike en Gewoontes in die Bybel*. Vereeniging: CUM Boeke en LLS.
Stander, H. 1998: *Hy sal sy Engel voor jou uitstuur*. Red. S. J. en Jan van der Watt, Vereeniging: CUM.
Stander, H.F. 1999*: Die eindtyd: wat die Bybel oor die laaste dae en die wederkoms sê.* Vanderbijlpark: Carpe Diem.
Steyn J.G.L. 1995: *Apokaliptiek by Qumran*. Stellenbosch: US.
Stoker, H.G. 1995: *Die Jehovah Getuies 'n Onchristelike Kulte?* Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies. LLS
Strange, J. 1985: *The Idea of Afterlife in Ancient Israel: Some Remarks on the Iconography in Solomon's Temple*. In: Palestine Exploration Quarterly 117, (Joshua-2 Kings), London.
Strawson, W. 1960: *The second coming of Christ and the future life*. In London Quarterly and Holborn Review, 176-181.
Strawson, W. 1965: L*ife and death: ix. The future life in contemporary theology*. In Expository Times, 77(1), 9-13.
Strobel, L. 1993: *Inside the Mind of Unchurched Harry and Mary.* Grand Rapids: Zondervan.
Struik 1989: *Godsdienste van die Wêreld.*. Redakteurs: R.P.Beaver (VSA), J.Bergman (Swede), M.S.Langley (Engeland), W.Metz (Wes-Duitsland), A.Romarheim (Noorweë), A.Walls (Skotland), R.Withycombe (Australië), R.W.F. Wootton (Engeland). Brittanje: Lion Publishing en Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Sullivan, F.A. 1981: *Eternal rest and perpetual light*, Homiletic and Pastoral Review 81:64-8.
Summers, R. 1960*: Revelation 20: An Interpretation.* In: Review and Expositor, 57, 176-183.
Summers, R. 1961: *The Johannine view of the future life*. In Review and Expositor, 58, 331-347
Swanepoel, F. 1993: *Esegiël*. Vosloo,W red. Vereeniging: CUM, LLS.
Swedenborg, E. 1909: *Heaven and its wonders, and hel : from things heard and seen*. Dent.
Swete, H.B. 1907: *The Apocalypse of St. John*. London: MacMillan
Swinburne, R.G. 1983: *A theodicy of heaven and hel*. In: The existence and nature of God: red. Freddoso, A.: 37-54
Symington, H. 2005: in Smit, N. *Die Groot Boek van Christelike Aanhalings*. Vereniging: CUM.
Sysling, H. 1996: *Tehiyyat Ha-Metim. The Resurrection of the Dead in the Palestinian Targums of the Pentateuch and Parallel Traditions in Classical Rabbinic Literature*, Texte und Studien zum Antiken Judentum 57, Tübingen: Mohr-Siebeck.
Talbott, T. 1990: *The Doctrine of Everlasting Punishment*. In: Faith and Philosophy, 7(1), 19-42.
Taylor, R. 1966: *The Eschatological meaning of life and death in the Book of wisdom, I-V.* Leuven Publ. Universitaires.
Tenney, M.C. 1963: *The Zondervan Pictorial Dictionary*, Grand Rapids.
The Big Question, 2006: *Is there Life After Death?* 20h00, 5 Maart 2006, SABC: TV2. Video in skrywer se besit is beskikbaar.

Thielicke, H. 1970: *Death and life*. Philadelphia: Fortress Press.
Thomas, J. 1989: *Heavens and more heavens*, Buddhist and Christian, Living Prayer 22:18-19.
Thomas, J. 1991: *Many mansions*, Living Prayer 24:23-24.
Tilby, A; Yule, J.D. 1989: *Vinnige Feitevinder* Deel Sewe in *Godsdienste van die Wêreld*, Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
Tormey, J.C. 1981*: Life beyond death; reflections on dying and afterlife*, 64, Liguori.
Torrance, T.F. 1993: Lesing onder redaksie van N.M.de S.Cameron - *Universalism and the doctrine of hell*: Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991. Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Toynbee, A.J. ea. 1976*: Life after death*. London: Weidenfeld and Nicolson.
Travis, S. 1980: *Christian hope and the future of man*. Leicester: Inter-Varsity Press.
Troeltsch, E. 1901: *The Absoluteness of Christianity and the history of religions*. London: S.C.M. Press.
Tromp, N.J. 1969: *Primitive conceptions of death and the nether world in the Old Testament*. Rome: Pontifical Biblical Institute.
Turner, A.K. 1993: *The History of Hell*. New York: Harcourt Brace & Company.
Tutu, D. Aartsbiskop. 1984 ev. Op SABC TV-nuus 2006 en *Nobel Lecture - Peace 1981-1990,* 11 Des.1984; Editor T. Frängsmyr, World Scientific Publishing Co. Singapore, 1997; Nobel Web http: //nobelprize. org/ peace.
UCAR. 2001: *Windows to the Universe*, *Underworld*. at http: //www.windows. ucar. edu/ at the University Corporation for Atmospheric Research (UCAR). Michigan: The Regents of the University
Vaandel Uitgewers, 1997: *Die Openbaring van Petrus, Die Boekrol*. Mosselbaai: Vaandel.
Van der Merwe, H.P. 1924: *Voortbestaan der ziel na de dood.* In: Die Soeklig 2 7:202.
Van der Watt, J. 1998: *Hy sal sy Engel voor jou uitstuur*. Vereeniging: CUM.
Van der Watt, J. en Tolmie, F. 2005: *Apokriewe Ou en Nuwe Testament*. Vereeniging: CUM.
Van der Watt, J.G. 1985: *A new look at John 5:25-9 in the light of the use of the term "eternal life" in the Gospel according to John.* In: Neotestamentica 19 2:71-86.
Van der Watt, J.G. 1986: *Ewige lewe in die Evangelie volgens Johannes.* Pretoria: UP.
Van der Watt, J.G. 1987: *Die "ewige lewe" in die Johannesevangelie. 'n Denotatiewe ondersoek.* Nederduitse Gereformeerde Teologiese tydskrif; Vol. 28, Iss 4, p.255-262.
Van der Watt, J.G. 1991: *'Eternal life' in 1 Thes. compared with the use of the term in John's gospel*. Pretoria: UP.
Van der Westhuizen, Z.H. 1937: *Ewigheid van die straf in verband met die onsterflikheid van die siel*. Stellenbosch: US.
Van Laak, W. 1990: *Allversohnung: die Lehre von der Apokatastasis: ihre Grundlegung durch Origenes und ihre Bewertung in der gegenwartigen Theologie bei Karl Barth und Hans Urs von Balthasar.* Sinzig: Sankt Meinrad Verlag fur Theologie
Van Niekerk, A. 2006: *Is die storie waar?* 'n Woord onderweg., 4 Maart, Pretoria: Beeld.
Van Niekerk, P.I. 2006: *Is Judas Onskuldig?* 11 Maart, Pretoria: Beeld.
Van Rensburg, F. J. red. 1993. *Die Bybel in Praktyk*. Vereeniging: CUM, LLS.
Van Wyk A.J. 2000: *Die betekenis en belewenis van ewige lewe volgens die eerste Johannesbrief*. Johannesburg: RAU.
Van Wyk, I.W.C. 1996: *Die prediking oor die eindoordeel*. Hervormde Teologiese Studies; Vol. 52, Iss 2 / 3, p.501-531.
Van Wyk, J. H. 1959: *Die dood en die hiernamaals.* In: Kerk en Wêreld. 2 4:79-84.
Van Zyl, A. 1979: *Bybelse Atlas* deur Y Aharoni en M Avi-Yonah, The Macmillan Bible Atlas, Durban: Butterworths.
Van Zyl, A. red. 1977: *Israel en sy Bure*. Durban: Butterworths.
Van Zyl, A.H. red. 1989: *Verklarende Bybel*. Kaapstad: Lux Verbi, LLS.

Verhoef, P.A. 1993: *Jesaja 1-39* kommentaar. A.H. van Zyl red. Kaapstad: Lux Verbi, LLS
Veritas, 2006: *Veritas News*, June. United Kingdom, Herts, Harpenden: Veritas College International.
Verkuyl, J. 1975: *Inleiding in de nieuwere zendingswetenschap.* Kampen: Kok
Verkuyl, J. 1978: *Contemporary missiology: an introduction.* Grand Rapids: Eerdmans.
Verkuyl, J. 1981: *Zijn alle godsdiensten gelijk?* Kampen: J.H. Kok.
Verkuyl, J. 1989: *De New Age Beweging*. Kampen: Kok.
Verkuyl, J. 1992: *De kern van het christelijk geloof*. Kampen: Kok
Von Balthasar, H.U. 1988: *Dare we hope: "that all men be saved" ? With A short discourse on hell*. San Francisco: Ignatius Press.
Von Dobbeler, S. 1997: *Die Bücher 1/2 Makkabäer,* Neuer Stuttgarter Kommentar Altes Testament 11; Stuttgart.
Von Schonborn, C. 1995: *From death to life: the Christian journey*. San Francisco: Ignatius Press.
Von Soden, W. 1973: *Der Mensch bescheidet sich nicht* : Uberlegungen zu Schopfungs-erzahlungen in Babylonien und Israel, In: Symbolae Biblicae et Mesopotamicae. Leiden: Brill.
Vorgrimler, H. 1993: *Geschichte der Holle*. Munchen: Wilhelm Fink.
Vorgrimler, H. ea. 1990*: Hoffnung uber den Tod hinaus: Antworten auf Fragen der Eschatologie* Zurich: Benzinger Verlag.
Vorster, W.S. 1997 & 2001: in HNT - *Die Leefwêreld van die Nuwe Testament*. Du Toit, A.B. red. Halfway House: Orion Uitgewers, LLS.
Vos, C.J.A. 1985: *Die Hiernamaals (Dogmatiek) Studiehandleiding.* Pretoria: Universiteit van Pretoria: Teologiese Fakulteit (Ned Geref Kerk)
Vos, C.J.A. 1986: *Uitverkiesing (Dogmatiek) Studiehandleiding.* Pretoria: Universiteit van Pretoria: Teologiese Fakulteit (Ned Geref Kerk)
Vosloo, W; van Rensburg F. red 1993: *Die Tussen-Testamentêre Tyd* Bybel in Praktyk Bylaag Vereeniging: CUM, LLS.
Vosloo, W. 1993: red. *Hosea* kommentaar in Bybel in Praktyk. Vereeniging: CUM, LLS
Walvoord, J. 1992: lesing in Crockett, W.V. red.: *Four Views on Hell.* Grand Rapids: Zondervan
Walls, J.L. 1992: *Hell : the logic of damnation*. University of Notre Dame Press.
Warfield, B.B. 1952: Are they few that be saved? Biblical and theological studies. London: Presbyterian and Reformed Publishing.
Warfield, B.B. 1972: *The saviour of the world*: sermons preached in the chapel of Princeton Theological Seminary & London: Mack Publishing.
Warren, R. 1995: *The Purpose Driven Church. Growth Without Compromising Your Message & Mission.* Grand Rapids: Zondervan.
Water, M. 1999: *'n Makliker Weg tot Bybelstudie*.Vereeniging: C.U.M.
Waterhouse, E. 1903: *A little book of life and death. 3rd ed*. Methuen.
Waters, Brent. 1996: *Dying and death: a resource for Christian reflection*. Cleveland, Ohio: United Church Press.
Watson, S.J. 1991: *Death and Cosmology in Ancient Egypt.* In Journal of Northwest Semitic Languages, 17, 151-171.
Watson, S.J. 1991*: Death and the nether world in ancient Egypt: an analysis of selected iconographic material*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
Watt, C.P. 1999: *The eternal purpose of God: the Second Coming of Christ*. Musgrave: Olive Tree Books.
Wegener, G.S. 1991: *In die begin was die Woord*. Kaapstad: Human & Rousseau.
Wenham, J.E. 1995: *The Glory of God's Justice and the Glory of God's Grace: Contemporary Reflections on the Doctrine of Hell in the Teaching of Jonathan Edwards*. In: Evangelical

Quarterly, 67(4), 291-308.
Wenham, J.W. 1993 se lesing *The Case for Conditional Immortality* in Cameron N. M. de S. red.: *Universalism and the doctrine of hell*: Papers presented at the fourth Edinburgh Conference in Christian Dogmatics 1991, Grand Rapids: Baker Book House Carlisle, Paternoster Press.
Wenning, R. 1997: *Bestattungen im königszeitlichen Juda*, vertaal J.F.Wimmer, Theologische Quartalschrift 177, Munich.
Wensing, M.G. 1993: *Death and destiny in the Bible.* Minnesota: Order of St Benedict.
Wessels G.F. 1977: *Die Apokaliptiek by Paulus*. Stellenbosch: US.
West, J.K. 1981: *Introduction to The Old Testament*. London: Collier Macmillan Publishers
White, V. 1991: *Atonement and Incarnation*. Cambridge: University Press
Whybray, R. N. 1975: *Isaiah 40 - 66*. New Century Bible. London: Oliphants, Morgan & Scott.
Wildberger, H. 1997: *Isaiah 13 - 27 A Continental Commentary*. Minneapolis: Fortress Press
Williams, D.T. 1992: *The windows of heaven*. Old Testament Essays; Vol. 5, Iss 3, p.402-413.
Winter, D. 1992: *What happens after death*? Cape Town: Struik Christian Books.
Winter, D.B. 1972: *Hereafter: a new look at an old question: what happens beyond death*. London: Hodder and Stoughton; Christian Book Promotion Trust.
Winter, D.B. 1981: *Hereafter: is there life beyond death?* London: Mowbray.
Wolff, H.W. 1982: *Hosea - A Critical and Historical Commentary*. Philadelphia: Fortress Press.
Wolff, H.W. 1984: *Anthropologie des Alten Testaments*. München: Kaiser.
Woschitz, K.M. 1986: *Death and Eternal Life*. In: Kerygma und Dogma, 33(3), 337-342.
Woschitz, K.M. 1986: *Death and Eternal Life*. Theologisch-praktische Quartalschrift 134.
Young, J. 1993*: The "fire" of hell: symbol and reality*. Homiletic and Pastoral Review 94:1623.
Young, J. 1995*: Do many go to hell*? Homiletic and Pastoral Review 95:48-54.
Youngblood, C.R. 1988: *The Embalming Process in Ancient Egypt.* In: Biblical Illustrator 14(2).
Zaehner, R.C. 1956: *The teachings of the Magi.* London: Sheldon Press.
Zaehner, R.C. 1961: *The dawn and twilight of Zoroastrianism*. Londen.
Zandee, J. 1960: *Death as an enemy, according to ancient Egyptian conceptions*. Leiden: Brill.
Zeelie, H. 1999: *Daar is 'n lewe na die dood.* Pretoria: Aktuapers.